

# **Kenmerke van ‘n kerkorde van betekenis vir ‘n geloofsgemeenskap in ‘n postmoderne konteks**

**Dewald Hattingh Davel**  
**Studentenommer - 80226907**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad Doctor Divinitatis aan die fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. J.M. van der Merwe

Augustus 2015

## BEDANKINGS

**Baie dankie aan die promotor en die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria wat 'n skynbaar "gek" navorsingsvoorstel 'n kans gegee het, en my ondersteun en gemotiveer het.**

**“Pas op voor de kerkjurist die uitsluitend schermt met juridische argumenten. Voor je het weet word je klem gezet. Dan wint ‘het recht’ en verliest de mens. En de gemeente. Pas op voor de kerkjurist die de theologie erbij halt. Dat maakt het alleen maar erger. Voor je het weet, word het kerkrecht met een religious sausje overgoten. Dan went zelfs ‘het recht’ niet meer, laat staan de mens, of de gemeente.”**

(Koffeman 2009:9)

**“The function of rules is to give us the false feeling that, when we have complied in a minimal way, we can turn around. Rules are a mechanism for switching off our moral capacity, not a means of activating or fulfilling it.” (Smith 1999:164)**

## OPSOMMING

Reëls, en dus kerkordes ook, se funksie het in 'n postmoderne wêreld nuwe inhoud, gestalte en betekenis gevind. Dit is 'n werklikheid waaraan geloofsgemeenskappe nie kan ontkom nie.

In 'n postmoderne wêreld het nuwe moontlikhede na vore gekom. Elke "absolute waarheid" kan anders geformuleer word. Meervoudige waarhede veronderstel meervoudige moontlikhede. Pluraliteit skep nie meer verwarring en risiko's nie, maar veronderstel rykdom. Vooruitgang, sukses en prestasie word gerelativeer. Dit word onder die metaforiese verhoudings-mikroskoop geplaas en gemeet aan die relasionele betekenis daarvan. Individue en klein-groepe ontdek 'n eie waarde en identiteit. Die ontnugtering met reëls, instellings en strukture word die energie waarmee voor begin word in die soeke na betekenis.

Postmoderniteit het, volgens Bauman, die mens, en daarmee ook die kerk, voor 'n keuse tussen etiek en moraliteit te staan laat kom. Die individu en individuele groep se verantwoordelikheid vir elke *Ander* staan helder uit. Ruimte en respek vir diversiteit daag die kerk uit. 'n Nuwe soeke na identiteit en roeping, soos gevind in verhoudinge van betekenis, is die eis van die tyd. Voorskrifte gaan nie van veel hulp wees nie. Die verstaan en vertaal van elke *Ander* se verhaal is nou belangrik.

Die konsepte wat verreken moet word in die formulering van 'n kerkorde is betekenis, integriteit, relativiteit, diversiteit, nie-liniariteit, vinnige kommunikasie, geregtigheid, identiteitsvorming, en die verwagtinge wat aan geloofsgemeenskappe gestel word.

'n Kerkorde wat van betekenis sal wees, sal die volgende kenmerke in wisselende grade vertoon: ruimte vir eksperimentering, 'n komplementêre karakter, ruimte en tyd vir egte luister, 'n gesag wat deur waarheid gedra word, 'n aanbiddingskarakter, minimum geografiese aanduidings, ruimte vir diversiteit, diensbare strukture en 'n ruimer ampsbeskouing.

Sleutelterme: betekenis, diversiteit, kerkorde, kerkreg, postmoderniteit, relativiteit, strukture, voorskrifte.

## SUMMARY

Postmodernity changed the function, content and structures of church orders. This is a reality that cannot be denied by faith communities.

New possibilities arise. Every “absolute truth” can be formulated in a different way. Multiple truths suggest multiple possibilities. Plurality does not create chaos and risks anymore, but implies richness. Success and achievement have become relative to relations and the meaning of relationships. Individuals and small groups have discovered their own worth and identity. The disgust for rules has become the energy for the venture into new meaning.

According to Bauman, the choice for humanity, including the church, is between ethics and morality. The individual’s responsibility to every Other is clear. Respect for diversity is the challenge. A new search for identity and meaning, as found in relationships is what characterises our time. Rules will not be of any help; the understanding of every Other’s story is important.

The concepts to take into consideration are meaning, integrity, relativity, diversity, communication, justice and identity.

A church order of meaning should have the following characteristics: room for experimentation, complementary straight, room for people to be heard, authority carried by truth, a liturgical character, minimum geographical limits, room for diversity, structures that serve and an open view on offices.

Key terms: church order, church polity, diversity, meaning, postmodernity, relativity, rules, structures.

## INHOUDSOPGawe

<b>BEDANKINGS .....</b>	I
<b>OPSOMMING .....</b>	III
<b>SUMMARY.....</b>	IV
<b>HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING, HIPOTESE EN WERKSWYSE .....</b>	1
1.1 <b>Probleemstelling.....</b>	1
1.2 <b>Kerkreg as wetenskap.....</b>	9
1.3 <b>Werkswyse.....</b>	11
1.4 <b>Die Kerkorde van die Ned.Geref.Kerk histories geplaas.....</b>	18
1.5 <b>Hipotese .....</b>	19
1.6 <b>Struktuur .....</b>	20
<b>HOOFSTUK 2:‘N POSTMODERNE WÊRELD.....</b>	22
2.1 <b>Terminologie.....</b>	22
2.2 <b>Kenmerke van postmoderniteit .....</b>	22
2.2.1       Die soeke na absolute waarhede word gestaak.....	22
2.2.2       Pluraliteit is ‘n gegewe .....	24
2.2.3       Postmoderniteit is die vrug van moderniteit .....	25
2.2.4       Wette en reëls word vervang met waardes .....	26
2.2.5       Die definisie van die konsep van vooruitgang verander. Diskontinuïteit word aanvaar as gegewe.....	30
2.2.6       Die groter geheel definieer nie meer die waarde van sy onderdele nie .....	32
2.2.7       Ontnugtering.....	33
2.2.8       Die onmoontlike kry nuwe lewe .....	34
2.2.9       Kommunikasie verander die wêreld .....	36

<b>HOOFSTUK 3: DIE PERSPEKTIEWE VAN ZYGMUNT BAUMAN SE BETEKENIS VIR DIE FORMULERING VAN ‘N KERKORDE.....</b>	<b>39</b>
3.1 <b>Enkele waarnemings deur ander verwoord .....</b>	<b>39</b>
3.2 <b>Bauman se verstaan van postmoderniteit .....</b>	<b>40</b>
3.3 <b>Van wildbewaarder tot tuinier (wetgewer), en toe van wetgewer tot vertaler .....</b>	<b>45</b>
3.4 <b>Oor outoriteit, mag, gesag en wette .....</b>	<b>50</b>
3.5 <b>Oor relativisme, diversiteit, absolutisme en fundamentalisme .....</b>	<b>58</b>
3.6 <b>Gemeenskap .....</b>	<b>64</b>
3.7 <b>Individuele verantwoordelikheid en moraliteit .....</b>	<b>67</b>
3.8 <b>Belydenisskrifte.....</b>	<b>70</b>
<b>HOOFSTUK 4: DIE KONTEKS WAARBINNE ‘N KERKORDE TOT VERHOUDINGE VAN BETEKENIS MOET BYDRA.....</b>	<b>72</b>
4.1 <b>Betekenisvol .....</b>	<b>72</b>
4.2 <b>Betekenis en integriteit .....</b>	<b>72</b>
4.3 <b>Betekenisvolle verhoudinge is relatiwiteit .....</b>	<b>73</b>
4.4 <b>Diversiteit en pluraliteit .....</b>	<b>76</b>
4.5 <b>Nie-liniêr .....</b>	<b>77</b>
4.6 <b>Vinnige kommunikasie .....</b>	<b>77</b>
4.7 <b>Gesag word verwerf .....</b>	<b>78</b>
4.8 <b>Geregtigheid .....</b>	<b>79</b>
4.9 <b>Vorming van identiteit .....</b>	<b>81</b>
4.10 <b>Godsbeeld.....</b>	<b>83</b>
<b>HOOFSTUK 5: KENMERKE VIR ‘N KERKORDE VAN BETEKENIS.....</b>	<b>85</b>
5.1 <b>Ruimte vir eksperimentering .....</b>	<b>87</b>

<b>5.2</b>	<b>Komplementêre karakter.....</b>	<b>90</b>
<b>5.3</b>	<b>Om te luister.....</b>	<b>93</b>
<b>5.4</b>	<b>Die balans tussen gesag en waarheid.....</b>	<b>95</b>
<b>5.5</b>	<b>Aanbiddingskarakter .....</b>	<b>98</b>
<b>5.6</b>	<b>Geografiese grense .....</b>	<b>102</b>
<b>5.7</b>	<b>Katolisiteit en konteks - inkulturasie.....</b>	<b>104</b>
<b>5.8</b>	<b>Oor strukture en mag .....</b>	<b>105</b>
<b>5.9</b>	<b>Ampte .....</b>	<b>110</b>
 <b>HOOFSTUK 6: DIE 2014 KERKORDE VAN DIE NED.GEREF.KERK SOOS</b>		
<b>GEPUBLIEER DEUR DIE NED.GEREF. KERK SINODE VAN OOS-KAAPLAND .....</b> <b>115</b>		
<b>6.1</b>	<b>Inleiding.....</b>	<b>117</b>
<b>6.2</b>	<b>Hoofstuk 1: Die belydenis, aard en orde van die Kerk.....</b>	<b>120</b>
<b>6.3</b>	<b>Hoofstuk 2: Die ampte van die Kerk.....</b>	<b>125</b>
<b>6.4</b>	<b>Hoofstuk 3: Die vergaderinge van die Kerk .....</b>	<b>152</b>
<b>6.5</b>	<b>Hoofstuk 4: Die arbeid van die Kerk.....</b>	<b>196</b>
<b>6.6</b>	<b>Hoofstuk 5: Kerklike opsig, tug en dissipline.....</b>	<b>222</b>
<b>6.7</b>	<b>Hoofstuk 6: Betrekkinge van die Kerk na buite .....</b>	<b>231</b>
 <b>HOOFSTUK 7: KONSEPTE VIR KERKORDES VAN BETEKENIS VIR VERSKILLENDÉ</b>		
<b>VERGADERINGS VAN ‘N KERK IN ‘N POSTMODERNE KONTEKS .....</b> <b>235</b>		
<b>7.1</b>	<b>‘n Kerkorde vir ‘n gemeente.....</b>	<b>236</b>
<b>7.2</b>	<b>‘n Kerkorde vir ‘n ring .....</b>	<b>246</b>
<b>7.3</b>	<b>‘n Kerkorde vir ‘n sinode.....</b>	<b>251</b>
<b>7.4</b>	<b>‘n Kerkorde vir ‘n Algemene Sinode .....</b>	<b>259</b>
 <b>HOOFSTUK 8 SAMEVATTING .....</b> <b>266</b>		

8.1	<b>Hipotese .....</b>	266
8.2	<b>Postmoderniteit .....</b>	266
8.3	<b>Zygmunt Bauman .....</b>	267
8.4	<b>Belangrike postmoderne begrippe.....</b>	268
8.5	<b>‘n Kerkorde in ‘n postmoderne tyd.....</b>	269
8.6	<b>Ned.Geref.Kerk se kerkorde.....</b>	269
8.7	<b>Konsepte vir moontlike kerkordes .....</b>	269
	<b>BIBLIOGRAFIE.....</b>	271

# HOOFTUK 1: PROBLEEMSTELLING, HIPOTESE EN WERKSWYSE

## 1.1 Probleemstelling

Daar is die afgelope twee dekades baie geskryf oor die veranderinge in denkraamwerke wat besig is om af te speel. Met die gebruik van die term “postmodernity” in die UP-Biblioteek se soekfunksie word 118 titels aangedui. Dan is terme soos “liquid”, “emerging” en “nuwe weklikhede” nie eers gebruik nie. Werke soos dié van Nelus Niemandt – Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede, 2007; Dan Kimball – The Emerging Church, 2003; Alan Jamieson – A Churchless Faith, 2002; Ben du Toit – God? Geloof in ‘n Postmoderne Tyd, 2000; Dr. Piet Muller – Tomorrow is a New Ball Game, 2002; Leonard Sweet – Carpe Manana, 2001; Eddie Gibbs & Ian Coffey – Church Next, 2001, is almal voorbeeld.

Wanneer Koffeman(2009:37-42; 2014:31-34) verwys na Dombois se drieledige onderskeid in die ontwikkeling van die kerkreg, dui hy aan dat selfs wat die kerkreg betref, verandering ‘n gegewe is. Koffeman (2009) gebruik die konsepte ekumenies en missionaal, om die huidige veranderinge te beskryf. Hy verwys, aan die hand van Dombois, na die volgende verskillende ontwikkelingsfases in die ontwikkeling van kerkreg:

Die eerste fase beskryf hy as die eerste duisend jaar wat die karakter van epiklese - 'n biddende afhanklikheid van die leiding van die Heilige Gees vertoon. Dit is gedra deur die biskopamp, die dogma en die liturgie. Die kerk is gestruktureer en het gefunksioneer as 'n eenheid in die Heilige Gees.

Die tweede fase beskryf hy as die tydvak waarin 'n baie sterk transcendentale karakter ontwikkel het. In die vroeë middeleeue ontstaan 'n krisis met die integriteit van die kerk, wat vra na 'n theologiese begronding van kerklike strukture en gesag. Die behoefte aan 'n ekklesiologie wat as basis moes dien vir kerkordes, wat op hulle beurt weer voorsiening moes maak vir die ruimtes vir God se voortgesette handelinge, dien as dryfveer vir die formulering van kerkordes. Kerkreg word toenemend gefundeer op ekklesiologiese beginsels as gevolg van die legitimiteits- en identiteitskrisis van die tyd.

Die bieg kry 'n sentrale plek, asook die onderskeid tussen leke en die clero's. Die kerk word ge"clericaliseer". Hierargie ontwikkel sterker en word gelegitimeer. Die transiente word gestructureer. Dit kry veral gestalte in die leer van die onfeilbaarheid van die Pous en die uitverkiesingsleer by Calvijn. Dit lei tot geslotte sisteme waarin die eie bestaansreg verdedig word. Die fase is nou egter verby. Dit is in dié fase wat die Dordtse Kerkorde, wat die basis van die Ned.Geref.Kerk se kerkregtelike ontwikkeling vorm, geformuleer is. Die navorser kom later hierop terug.

Die derde fase dra die karakter van ekumenisiteit. Die groot merker hier is die Tweede Vatikaanse Concilie waar die vervloeking van ander, wat ander teologiese standpunte handhaaf as die Rooms-Katolieke Kerk, nie meer 'n rol speel nie. "Daarmee is die massieve indentificatie van una sancta en die Rooms-Katolieke Kerk van Mystici Corporis definitief verlaten." (Koffeman 2009:37-42)

In die lutherse lyn is die merker die teologie van Bultman: " . . dit vormt het duidelijke signaal van de onhoudbaarheid van woordverkondiging als het trancendentale principe van het kerkrecht." (Koffeman 2009:40)

In die calvinistiese lyn is die merker die teologie van Karl Barth wat met sy versoeningsleer die klem plaas op die herstel van alle dinge. (apokatastasis pantoon) (Koffeman 2009:42) Plomp (1989:40) meen dat Barth se bydrae huis was om nie 'n ontwerp vir 'n algemeen geldende kerkorde te formuleer nie. Hy meen dat Barth geoordeel het dat elke kerk haar eie kerkorde moet formuleer wat aan enkele voorwaardes voldoen. Plomp (1989:40) verwys dan na die vier elemente wat eie aan enige kerkorde behoort te wees: diensbaarheid – geen plek vir heerskappy, liturgies – inkleding van eredienste en gebruik van sakramente , lewend – nooit afgehandel nie en eksemplaries – dien as getuienis vir alle ander verhoudinge. Die vraag wat die navorser vra is die vraag na die voorwaardes in 'n postmoderne konteks.

Die navorser is van mening dat die fase van ekumenisiteit aan die afspeel is binne 'n konteks van postmoderniteit. Die twee, ekumenisiteit en postmoderniteit is in wisselwerking met mekaar. Die een voed die ander. In die era van moderniteit het oortuigings en identiteit duidelike vakkies gehad in die vorm van denominasies. Op grond van die verskille het die denominasies hulle van mekaar afgeskei. Bakker

(1989:17) is van mening dat die soeke na ekumeniese vorme van kerkreg in die tweede helfte van die twintigste eeu begin vorm aanneem het. Hy meen dat dit nie gaan oor maniere om bilaterale of multilaterale betrekkinge tussen denominasies te orden nie, maar oor die soeke na gemeenskaplike grondstrukture wat sal kan dien as basis en uitgangspunt vir 'n ekumeniese kerkgemeenskap, waarin die huidige belydenisbegronde teenstellings ondervang kan word. Met postmoderniteit word die verskille gerelativeer ter wille van verhoudinge. Die verskille, soos later sal blyk, word nie meer beskou as onkruid nie, maar dalk eerder as kruie wat bydra tot die rykdom van smake. Hoe meer die blootstelling aan die verskille, hoe groter die aanvaarding daarvan. Hoe groter die aanvaarding, hoe meer die soeke na die betekenis van die verskille. Dit is die proses wat in die res van dié studie beskryf word.

Die fase waarin ons ons nou bevind, word deur die meerderheid van skrywers, onder andere Bauman, Sweet en Stark, beskryf as 'n oorgangsfasie wat postmodernisme of postmoderniteit genoem word. Waar die proses heen op pad is, is glad nie duidelik nie. Wat wel duidelik is, is dat 'n baie groter mate van relativiteit deel van die mens se denkkraamwerk geword het.

Individue is besig om in toenemende mate hulle keuses, verbintenisse en gedrag te heroorweeg in terme van die waarde wat dit vir hulle inhoud. Deel van die berekening is ook die koste wat dit van hulle vra. Die vraag wat skynbaar onderliggend is, is: "Is wat ek kies of doen die moeite werd?" Relativiteit het die werkwoord van ons tyd geword.

Apart from aesthetics, the areas most affected by the postmodern challenge are those philosophical discourses which are concerned with the issues of truth, certainty and relativism, and those which deal with the principles of societal organization. . . . The tasks of legitimizing and legislating suddenly appear wide apart, once the reasons to assume the legislating power of legitimation have been progressively eroded (Bauman 1987:140).

Dié mening sal in hoofstuk 2 toegelig word. Op die terrein van die kerkorde is die vraag oor elke artikel, reglement en interpretasie daarvan: "Is dit van betekenis vir my/ons in my/ons konteks?"

Relativiteit moenie in dié konteks verstaan word as ongeërgdheid nie, maar as relatief-tot. Die veronderstelling van en verwysing na relasies word bedoel met die gebruik van die term. Die vermoede is dat ons op pad is na 'n tyd wat in 'n groter mate gekenmerk gaan word deur "verhoudinge van waarde". Individue is toenemend besig om die

verhoudinge waarin hulle staan, of oorweeg om aan te knoop, te weeg in terme van die waarde wat sodanige verhoudinge ontsluit of mag ontsluit. Lojaliteit het nie meer 'n vanselfsprekende aanspraak nie, en beloftes geld toenemend net in die spesifieke konteks/verhouding waarbinne dit gemaak is. Wanneer betekenis nie meer ontsluit word nie, verval die lojaliteit en beloftes, asook die relasie, en word na nuwe verhoudings gesoek. Stark en Bainbridge (1996) beskryf die proses duidelik in hulle werk: *A Theory of Religion*. Reëls, voorskrifte en strukture skuif af na 'n vlak van laer waarde. Dit is juis relativiteit wat ekumene moontlik maak.

Die oorgangsfase waarin die kerk haar nou bevind, en die fase waarheen die kerk op pad is, se impak op sosiale strukture en verhoudinge is sodanig dat die reëls waarvolgens die orde bestuur word nie meer diensbaar is nie. Hoofstukke 3 en 4 sal dié mening toelig. Die nuwe balans tussen groepsgebondenheid en groepsidentiteit aan die een kant, en individuele vryheid en identiteit aan die ander kant, vereis nuwe reëls. Selfs groepe kies om "losser" van hulle "moeder-liggaam" te funksioneer. 'n Goeie voorbeeld is die talle Ned.Geref. gemeentes wat nie meer as Ned.Geref. gemeentes bekend staan nie, maar ander name soos "Gemeenskapskerk", gekies het. Randburg Gemeenskapskerk en Verwoerdburg se "Kerk sonder Grense" is voorbeeld. Gemeentes is ook besig om assosiasies los van die amptelike kerkstrukture te soek en te vorm. Hier is die funksionering van die Morelettapark-Assosiasie 'n voorbeeld. Gemeentes wat dieselfde spiritualiteit deel, veral rondom die doop, die verstaan van die werking van die Heilige Gees en die persoon van die Satan woon byeenkomste op 'n gereelde basis by die mega-gemeente by en bied satelliet-geleenthede onder die beskerming van die mega-gemeente in hulle eie ruimtes aan. 'n Ondersteuningsnetwerk word ook vir leraars in stand gehou.

Groepsidentiteit, belydenisskrifte en funksionele besluite deur die "moeder-liggaam" word toenemend as opsioneel beskou. Die onlangse gebeure met betrekking tot die salarisonderhandelinge tussen werkers en mynmaatskappye, waar werkers nie meer die gesag van hulle eie vakbond erken om namens hulle te onderhandel nie, is 'n goeie voorbeeld uit die arbeidswêreld. Skale vir indiensneming van predikante het reeds van karakter verander, van "voorskif" na "riglyn". Die term "riglyn" word baie spesiek in die korrespondensie van die Algemene Sinode aan gemeentes met betrekking tot vergoeding gebruik. Advertensies in die Kerkbode vir poste vermeld bykans sonder uitsondering dat vergoeding "onderhandel word aan die hand van sinodale riglyne".

Sinodale besluite moet toenemend geïnterpreteer word, omdat elke lidmaat en kerkvergadering die reg uitoefen om self sodanige besluite te interpreteer, aan die hand van hulle eie konteks en moontlike implikasies. Aktuarisse van sinodes se werk bestaan hoofsaaklik uit die interpretasie van besluite. Voorbeeld is wyd uiteenlopend, van doopvierung tot met die samestelling van kerkrade. So het die Ned.Geref. gemeente Aliwal-Noord dit reggekry om vir 'n aantal jare met "n kortbroek-kerkraad en 'n langbroek kerkraad" te funksioneer. So is ook in dieselfde ring die vergunning aan ouderlinge om eredienste te lei, misbruik om die pos van 'n "pastorale prediker" te skep waarin 'n ouderling in 'n buurgemeente as leraar opgetree het tydens 'n vakature. Dit is ook nie vreemd om nog katkisante in hulle belydenisjaar te vind wat nie nagmaal gebruik nie. Die 'gesag' van kerklike besluite is onder druk of word nie erken nie. Die besluite word ook al hoe minder by wyse van gravamens of beswaarskrifte uitgedaag, dit word net geïgnoreer. Enkele uitsonderings was beswaarskrifte met betrekking tot die besluite rakende die bediening aan okkulte-gekweldes wat by die Algemene Sinode van 2012 in Germiston geneem is.

Appelle op grond van tegniese skuiwergate in die kerkorde het toegeneem. Nog lidmate nog kerklike vergaderings huiwer enigsins om hulle te beroep op siviele regsprosesse. Voorbeeld is die ringsaak oor doopvierung in die Ring van Queenstown, waartydens 'n arbeidsreg-advokaat elke handeling van die ringskommissie uitgedaag het, die Gaum-saak in die Wes-Kaap en die gay-orrelis se saak in Pretoria. Die kerklike regsproses het nie meer die laaste woord te spreek nie. Kerkordes help nie meer met die vraag na regverdigheid nie, maar word meer en meer gebruik as tegniese dokumente wat net vra of die reëls korrek uitgevoer is.

Die navorsers verwys na 'n paar praktiese voorbeelde:

- Die vereistes wat die huidige kerkorde aan die Ned.Geref.Kerk stel om veranderinge aan haar belydenisgrondslag aan te bring, maak verandering byna onmoontlik en skep die potensiaal vir partyskappe, verdeling en skeuring. Die kerkorde kies vir 'n demokratiese proses waarin lidmate moet kies tussen twee moontlikhede, ja en nee. Noodwendig gaan lidmate mekaar as opponente beskou. Daarby word meerderhede van twee derdes op elke vlak van kerkregering vereis, en in die geval van streeksinodes moet alle sinodes instem. Dit beteken dat een sinode met 'n minderheid van 30% enige verandering aan

die belydenisgrondslag van die kerk kan veto. Daarby word die belydenisskrifte en kerkordes as magsinstrumente gebruik, eerder as die verwoording van die geloofsverhouding tussen God en sy kerk. Die 2015 besluite van die Wes-Kaap Sinode van die Ned.Geref.Kerk met betrekking tot die wysiging van die Ned.Geref.Kerk se belydenisgrondslag (Art.1 van die kerkorde) spreek duidelik.

.....Die Sinode is en bly bewus van die uiteenlopende standpunte onder lidmate, predikante, en kerkvergaderings oor die Belydenis van Belhar, en wil op welke manier moontlik ruimte probeer skep vir 'n diversiteit van standpunte en ervarings.....

..... Die Sinode erken die NG Kerk se onvermoë om die saak tans tot bevrediging van almal te hanteer, maar sou te midde van al die kompleksiteite en in biddende afhanklikheid van die Here – haar enigste Hoof – 'n prinsipiële en teologiese posisie wou inneem.....

.....Dit is die Sinode se oortuiging dat Artikel 1 nie meer, volgens die voorskrifte van Artikel 44, suksesvol kerkregtelik gewysig kan word nie, en dat daar dus 'n verdere reis met Artikel 1 en die Belydenis van Belhar vir die NG Kerk voorlê ná afloop van die Algemene Sinode se sinodesitting later vanjaar....

In die lig hiervan versoek hierdie Sinode die Algemene Sinode ....

....om 'n proses in plek te stel wat dit vir sinodes moontlik sal maak om belydenisskrifte, soos die Belydenis van Belhar, wat nie in stryd met die Skrif en bestaande belydenisse en belydenisskrifte is nie, deel van die belydenisgrondslag te maak.....

.... om Reglement 24 te herskryf....

.....om Artikel 44.1 en 44.2 te herskryf .....

Die Sinode besluit om die voorgestelde Reglement 4 punt 3.1 op so 'n manier te wysig dat dit vir predikante, lidmate en kerkvergaderings wat die Belydenis van Belhar as belydenisskrif wil onderskryf, moontlik sal wees

....

.... Die Sinode versoek die moderature van die NG Kerk en VG Kerk om 'n protokol te ontwerp waarby samewerkende ringe groter uitdrukking aan hulle eenheid kan gee ....

.... Die Sinode versoek die Algemene Sinode om 'n tussenorde daar te stel wat die proses van die kerkhereniging kan bevorder .....

Op die tydstip toe dié proefskrif gefinaliseer is, was die amptelike handelinge van die 2015 Wes-Kaap Sinode nog nie beskikbaar nie. Die versoek is by die opstel van 'n konsep kerkorde in hoofstuk 7 reeds verreken. Die versoek bevestig inderdaad die navorsing se gevolgtrekkings.

- Die voorwaardes vir die bediening van die sakramente maak die gebruik van sakramente vir 'n toenemende aantal gemeentes onmoontlik en finansieel onbekostigbaar. Die probleem manifesteer homself in plattelandse en agtergeblewe gemeenskappe wat hulle blootgestel laat aan opportunistiese uitbuiting. VGK-gemeentes in die Noordoos-Kaap sonder 'n leraar en sonder inkomste, as gevolg van sosio-ekonomiese faktore, moet eers R2000.00+ bymekaarmaak en die konsulent daarvan verseker, voordat die sakramente in sodanige gemeentes bedien word.
- Die feit dat ons huidige regstelsel die kerk definieer as 'n "societas" met die eise wat dit aan die kerk stel, skep ook probleme. Een van die implikasies is dat die kerk prakties as 'n demokrasie funksioneer en nie meer as 'n teokrasie nie. Koffeman (2009:16) wys daarop dat 'n kerkorde nie maar net die bestaan van 'n vereniging van vromes kan reguleer nie - as 'n societas. 'n Kerkorde kan ook nie as 'n instrument funksioneer wat maar net dit wat was, in stand hou nie. Dit beskou Koffeman as "kerkjuridisch confessionalisme". Die proses wat die Ned.Geref.Kerk tans volg om haar belydenisgrondslag aan te pas, getuig van die demokratiese karakter daarvan. Geloofsonderskeidende prosesse dra skynbaar geen legitimiteit nie. Die tekskeuses vir geloofsonderskeidende prosesse is die eerste saak wat bevraagteken word. Coertzen (1991:176) verwys ook na Pienaar (1984(2):4) en dui aan dat die burgerlike reg die kerk verkeerdelik as 'n vrywillige vereniging sien waarvolgens die kerkorde as 'n kontrak tussen die vereniging en haar lede gesien word. Die unieke aard van die kerk en haar reg, asook die praktiese gebruik en toepassing van die kerkorde dui egter daarop dat die kerkorde nie maar net die resultaat van kontrakterende partye se gesamentlike begeertes en arbeid is nie.
- Strauss (2010) maak dit ook duidelik dat die demokratisering van die kerk uitsonderlike uitdagings aan kerklike ordereëls stel.

Van twee kante word die opvatting oor die eie terrein van verskillende kerkvergaderings tans onder druk geplaas. Die sterkste een is waarskynlik die moderne demokratiese een wat meen dat geen groot kerklike besluit sonder die meerderheidstem van die 'kerkvolk' (uit alle gemeentes van die kerkverband) geneem kan word nie. Die antwoord hierop is die Woord en Gees van God: dat Hy mense of ampsdraers in vergadering roep om Woordgebonde en nie mensgesentreerde besluite te neem nie omdat dit

die Woord van Christus is en die kerk 'n christokrasie en nie 'n demokrasie is nie.(Straus 2010:11)

Dit is die navorser se mening dat die sug na demokratisering 'n natuurlike reaksie was teen die modernisme se pogings om alle lewensterreine van 'bo' af te orden, en met mag en voorskrif in stand te hou. Modernisme is deur sy eie onvermoë om sy projek foutloos en onkruikbaar deur te sien, ingehaal. Dié reaksie beïnvloed ook die kerk.

- Die hantering van predikantsposte het uit en uit 'n arbeidsregtelike saak geword. Die kerk kan gewoon nie meer arbeidsgeskille sonder die ingrype van siviele regsgedinge besleg nie. Kerkrade eis hulle regte as 'werkgewers' op, leraars beroep hulle op die arbeidsreg. Sake soos roeping, identiteit, waardes, belydenis-formulerings word moeilik deur die huidige stel reëls gedien. Voorbeeld hiervan het die afgelope twee jaar twee keer in die Ring van Burgersdorp voorgekom.
- Die vereistes vir lidmaatskap, die instandhouding daarvan en die procedures vir opseggung in 'n tyd waarin individue net eenvoudig "hulle goed vat en loop" is nie uitvoerbaar nie. Kerkrade se legitimiteit kom toenemend onder druk omdat 'bewyse van lidmaatskap' nie belangrik geag word nie.
- Die spoed waarteen kerkordes verander word, skep ook probleme. Om kerklike vergaderings te sinkroniseer, sodat uitvoering aan besluite volgens gebruiklike werkswyses gegee kan word, is onbekostigbaar. In plaas daarvan dat strukture bemagtig word, word hulle verlam. Hulle bly 'wag' vir die wettige uitgawe van die kerkorde. So kon die veranderings wat in 2013 deur die Algemene Sinode aangebring is, eers op die Augustus 2014 vergadering van die dagbestuur van die Sinodale Kommissie van die Oos-Kaap Sinode goedgekeur en in September 2014 elektronies gepubliseer word. Ook kon die proses eers afloop nadat absoluut seker gemaak is dat al die procedures, soos voorgeskryf, nagekom is.

Noodwendig sal 'n geloofsgemeenskap dus haar ordereëls moet herformuleer. Postmoderniteit vra 'n keuse vir bepaalde vorms van reëls en die toepassing daarvan. Strauss (2010:17) argumenteer oortuigend dat 'n kerkorde, selfs die tradisie van die Dordtse Kerkorde nie die eietydse karakter van 'n kerkorde mag inperk nie. Die

standpunt word ook deur Bouwman(1985a:324) en Smit(1984:90) ondersteun. Tog wil Strauss(2010:28) hierdie standpunt weer omkeer as hy, nie so oortuigend nie, argumenteer dat, wat hy, 'n modernistiese en postmodernistiese gees van individualisme noem, besig is om deur die kerk en samelewing in Suid-Afrika te trek. Hy meen dan dat die humanistiese individualisme wat klem lê op die individu se aangebore regte en redelikheid en/of unieke waarheid, sy eie storie, die norm word vir hoe teenoor kerk en ampsgesag gereageer word. Na die navorser se mening werk Strauss met 'n oorverenvoudigde definisie van postmoderniteit, wat ook sekerlik nie klakkeloos gelyk gestel kan word aan humanisme nie. Coertzen(1991:136-140) verwys na die standpunte van Bucer, Calvijn en Barth om aan te dui dat geen kerkorde op finale en tydlose gesag kan aanspraak maak nie, maar voortdurend getoets moet word aan die diensbaarheid aan die kerk en gevolelik gereeld hersien behoort te word. Die navorser skaar hom graag by hierdie standpunt.

Tereg meen Koffeman(2014:2) dat die afwesigheid van reëls maklik tot magsmisbruik en arbitrière handeling kan lei. Die navorser meen nie om reëls as sodanig as onnodig te verklaar nie, maar wel die noodsaak aan diensbaarheid in 'n bepaalde konteks en tydvak te beredeneer. Die navorser wil ook saam met Koffeman(2014:1) erken dat die meeste kerke in die protestantse tradisie kerkordes het om gemeentes en hulle funksionering te dien. Dit is juis die diensbaarheid van 'n kerkorde wat die kerkorde se gebruik en interpretasie behoort te bepaal.

**Die probleemstelling: Die huidige formulering van kerkordes, spesifieker dié van die Ned.Geref.Kerk, is nie diensbaar aan geloofsgemeenskappe wat in 'n postmoderne konteks funksioneer nie.**

**Die navorsingsvraag: Aan watter kenmerke sal 'n kerkorde moet voldoen om diensbaar (funksioneel) te wees vir geloofsgemeenskappe in 'n postmoderne konteks?.**

## 1.2 Kerkreg as wetenskap

Dat dié studie 'n volwaardige plek in die beoefening van wetenskap, en dan spesifieker, theologiese wetenskap het, is vir die navorser belangrik. Na die mening van die navorser val die studie volledig binne die definisie van kerkreg as wetenskap soos deur Koffeman(2014) geformuleer.

Church polity as a theological discipline is: the systematic analysis, evaluation and development of the sum total of established rules as legal system that governs structures and legal relations within churches, as well as their mutual relations and their relations to the respective states, from the perspective of ecclesiology (Koffeman 2014:3).

.... It aims at the critical analyses, systematic study and practical development of positive church polity (i.e. church polity as it is in force, and usually written down in, for instance, a church order, as a dynamic entity) from an ecclesiastical perspective. .... Church polity as a theological discipline should first of all be seen as a critical assessment of existing church polity in the framework of systematic and inter-cultural theology (Koffeman 2014:23).

Coertzen(1991:152) haal Voetius aan om sy mening dat kerkreg 'n wetenskap is te fundeer. Voetius beskryf volgens Coertzen kerkreg as die 'scientia sacra regendi ecclesiam visibilem' - die heilige wetenskap vir die regering van die sigbare kerk. Coertzen verwys ook na FL Rutgers, die 'grootmeester van gereformeerde kerkreg gedurende die negentiende eeu' - wie se biograaf geskryf het: "Ook de kerkrecht was hem in den vollen zin des woords een wetenschap. Geen aaneenschakeling van reglementen en wetsbepalingen, die op kerkelijk gebied moet gelden; maar de architectoniek van het gereformeerd beginsel voor den opbouw van het instituut der kerk" (Rullmann, 1918:125).

Coertzen definieer dan kerkreg as wetenskap as die wetenskap wat hom met die bestaanswyse en inrigting of orde van die kerk van Christus besig hou. Die wetenskap word beoefen aan die hand van drie vrae: Eerstens:Watter grondbeginsels vir die inrigting van die kerk behoort volgens die Woord van God te geld? Tweedens: Die vraag na die geskiedenis van kerkregtelike ontwikkelinge. Derdens: Die theologiese bestudering en verantwoording van 'n bepaalde kerk se heersende kerkorde. Dié formulering ontleen Coertzen aan Heyns en Jonker(1974:286-288). Saam met Smit(1987:17) wys Coertzen(1991:156) ook daarop dat kerkreg nie 'n laboratorium-wetenskap is nie, maar, om diensbaar te wees, afspeel op die speelveld van kerkwees, dit wil sê, te midde van die konteks en denkraamwerke van die kerk binne 'n bepaalde tydvak. Die beoefening van kerkreg moet 'n bruikbare basis bied vir die kerklike praktyk. Daarom meen die navorser sou die impak van postmoderniteit die praktiese implikasies van 'n kerkorde toets, en behoort na die implikasies gevra te word.

Selfs al sou iemand meen dat 'n kerkorde net maar 'n stel praktiese reëls is, sonder relevansie, is dit steeds 'n akademiese dissipline omdat so 'n standpunt uitgaan van 'n

seker ekklesiologiese voorveronderstelling, wat ook wetenskaplik begrond word (Koffeman 2014:13). Bakker (1989:13) wys daarop dat selfs waar belydenisskrifte nie die inrigting van kerklike strukture bepaal nie, daar wel prinsipiële uitgangspunte en besluite is wat bepalend inwerk. Hy gebruik die metafoor van ‘n plant se wortels wat altyd bepalend is vir die aard en omvang van die plant se voorkoms – “het kerkrecht wortelt in de ecclesiology”. Elke kerkorde is gebaseer op keuses wat gemaak word ten opsigte van bediening en lidmate se posisie, die verhouding tussen leke en ampte, die verhouding tussen gesag en die Heilige Gees, kerkstrukture en hulle onderlinge verhoudinge, ens.

Koffeman (2014:23) meen dat kerkreg, op grond van haar verbintenis met ekklesiologie geplaas moet word binne die groter dissipline van sistematiese teologie. ‘n Teologiese konsep van wat ons meer die kerk behoort te wees, behoort die basis van kerkreg te wees. Dingemans (1989:207) beskryf die verhouding tussen kerkreg en ekklesiologie soos volg: “een kerkorde is een rechtregels vertaalde ecclesiology”. Dit is egter belangrik om te onthou dat ons teologiese denkraamwerke altyd kontekstueel gekleur is. Ons ontvang die Woord en ons tradisie binne ‘n bepaalde kulturele konteks. Daarom meen Koffeman dat baie geleer kan word indien ‘n interkulturele benadering in die navorsing gebruik sou word en verwys in dié verband na Kuester(2014). Dit ondersteun die navorsing se hipoteese dat postmoderniteit ‘n nuwe konteks gee waarbinne Woord en tradisie ontvang word en waarbinne die kerk moet diensbaar wees. Dit beteken dus dat dié ontwikkeling na nuwe kerkordes vra wat die kerk posisioneer om haar roeping in die nuwe wêreld diensbaar na te kom.

### 1.3 Werkswyse

Die studie sal ‘n kwalitatiewe benadering volg. Die werkswyse behels die soek na relevante literatuur en die integrering van die insigte daarin vervat, vir gebruik, op ‘n eerste vlak, in die Ned.Geref.Kerk. Dit wil voorkom asof niemand nog ‘n verband probeer lê het tussen die impak van postmoderniteit en die formulering van kerkordes nie. Daar is wel reeds baie geskryf in die velde van missiologie en praktiese teologie. Werke in die velde van missiologie en ekklesiologie was die inleidende leeswerk wat in ‘n groot mate die gang van hierdie studie gerig het.

Dat dit die geval was, is nie vreemd nie. Coertzen (1991:49,50) dui aan dat in die geval van kerkreg, die metodologiese vertrekpunte of bakens medebepalend is vir die

struktuur wat 'n kerk in dié tyd aanneem, asook vir die wyse waarop die kerk in die praktyk van elke dag geregeer word. So was dit in die tyd van moderniteit, en sal dit ook wees in 'n postmoderne tyd. Coertzen wys daarop dat wie sy vertrekpunt byvoorbeeld neem in die veronderstelling dat die kerk bloot 'n menslike vereniging is waarvan die struktuur deur sosiologies-organisatoriese behoeftes bepaal word, noodwendig tot 'n ander gevolgtrekking sal kom as iemand wat sy vertrekpunt neem in die kerk as 'n instelling wat haar oorsprong in die uitverkiesing van God het, 'n instelling waarvan Jesus Christus die enigste en bepalende Hoof deur Woord en Gees is. Die navorser poog om verder aan te dui dat ook 'n moderne uitgangspunt, waar byvoorbeeld met sekerhede gewerk word, en 'n postmoderne uitgangspunt waar byvoorbeeld met 'n gebrek aan sekerhede gewerk word, tot verskillende uitkomste sal lei.

Coertzen (1991:50) verwys ook na Avery Dulles om die noodsaak vir besinning te onderskryf. Dulles meen dat die kerkregtelike denke in die kerk vir ongeveer 340 jaar deur die siening van die kerk as 'n sosiologiese of juridiese instelling beheers is (1600-1940). Sedert 1940 onderskei hy vier vinnig opeenvolgende fases: kerk as mistieke liggaam, kerk as volk van God, kerk as sakrament, kerk as dienskneg. Omdat die verwisseling van vertrekpunte telkens verwarring meebring, is besinning noodsaaklik volgens Coertzen en Dulles. Vanuit 'n moderne uitgangspunt, is vinnige verandering gelyk aan verwarring. Vanuit 'n postmoderne uitgangspunt is vinnige veranderinge noodwendig. Dit is huis die verskil in uitgangspunte wat die navorser met dié studie poog om te ondersoek. Dit tydsanduiding van Dulles stem ook grootliks ooreen met die oorgang van moderniteit na postmoderniteit, rondom die middel van die twintigste eeu.

Soos Wolf sê (Coertzen 1991:51-56), sou die regsfilosofiese en natuurregtelike uitgangspunte afgewys kon word as nie-teologies. Wolf wil volgens Coertzen werk met Bybelse duidinge wat grensduidend, grondliggend en voorbeeldig funksioneer. Hy voeg ook hierby die objektiewe geloofsbelidens van die kerk. Hierdie benamings is almal terminologie uit die tydvak van moderniteit. Dombois meen egter volgens Coertzen dat dit huis die ekumeniese karakter van die kerkreg as wetenskap te na kom. Dombois onderskei dan 'n paar metodes wat dialekties met mekaar in wisselwerking behoort te wees: regsdogmaties, regshistories, regssosiologies en regsteologies. Dombois gebruik 'n eksistensiële vertrekpunt. Hy neem soos Barth sy uitgangspunt in die erediens, waar God Hom met sy kerk kontrakteer, daar waar God se aanspraak en gelowiges se belydenis saamval. Dit is alreeds terminologie wat meer tuis is in die tydvak van

postmoderniteit, soos later aangedui sal word. Wanneer Koffeman (2014:72-75) na Barth (1958:676-726) verwys, beklemtoon hy die belang van kerkreg om altyd gereed te wees om op veranderende omstandighede te reageer. Dit is huis die leerstukke van die versoening in en opstanding van Christus wat vier kriteria aan 'n kerkorde stel: diensbaar, liturgies, lewend en voorbeeldig.

Kerkreg en ekklesiologie is wedersyds afhanklik van mekaar. Leo J Koffeman (2009:20-21) gebruik die metafoor van 'n transformator om dié wisselwerking te illustreer. Self sou die navorser die beeld van die verhouding tussen 'n ontwerpskets van 'n argitek en die tegniese sketse vir die kontrakteur, wou gebruik. Die twee pas by mekaar aan. Daar is altyd 'n wisseling tussen ideaal, droom en teorie, aan die een kant, en die realiteit van die praktyk, ervaring, frustrasie en sukses aan die ander kant. Koffeman (2009:10) meen verder dat die theologiese onderbou van betrokkenes 'n beduidende impak het op die betrokkenes se evaluasie van en gebruik van kerkordes. Koffeman verwys na Dingemans met betrekking tot die kerkorde se rol as ekklesiologiese vormgewer en maak die volgende opmerking: "Kerkordes maken keuzes - en moeten die maken - met betrekking tot fundamentele ecclesiologische vragen. Het in een bepaalde kerk vigerende kerkrecht weerspiegelt dus een theologische positie." (2009:12) Alhoewel Coertzen (1991:125) die afleiding maak dat Dingemans (1987:79-121) van mening is dat 'n kerkorde 'n sosiologies-organisatoriese noodwendigheid is, neem dit nie die belangrikheid van sosiologie in 'n dialektiese wisselwerking met die Woord van God weg nie. Wanneer Dingemans (1989:209) oor dié verhouding skryf, argumenteer hy dat die vraag na die aard van die gemeente bepalend sal wees. Hy vra: Wil ons 'n duidelik omskreve afgebakende en geslote kerk met duidelike grense hê? Of wil ons 'n oop dinamiese kerk wat as 'n beweging rondom Jesus beweeg hê? As die kerk haarself as 'n beweging sou sien, redeneer Dingemans, sal die kerk sonder vaste lidmaatskap, bydraes en konstitusies funksioneer. Verder vra Dingemans (1989:214) of die kerk haarself christologies of pneumatologies definieer. Dit sal ook in die formulering van 'n kerkorde gestalte kry.

Dit spreek ook boekdele dat die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch so pas 'n nuwe sentrum vir navorsing met betrekking tot die praktiese implikasies en uitkomste van teoretiese werk geskep het – Eenheid vir innovasie en transformasie vir kerk en die samelewing. So is ook die Universiteit van Radboud in

Nederland besig met 'n navorsingsprojek oor die praktiese implikasies van teoretiese navorsing vir gemeentes en kerkverband.

Dit is teen dié agtergrond dat die werke van Zygmunt Bauman (Legislators and Interpreters -1987; Intimations of Postmodernity – 1992; Life in Fragments – 1995; Liquid Modernity – 2000; The Individualized Society – 2001; Identity – 2004; Living on Borrowed Time – 2010; This is not a Diary - 2012) in my eie navorsing rigtinggewend was, en ook die godsdienssteorie van Stark en Bainbridge (A Theory of Religion - 1996). Na my mening skets hulle die groot ontwerpplanne van 'n argitek, en sou 'n kerkorde een van die tegniese sketse van die 'orde-kontrakteurs' wees. Koffeman (2014:23) wys op die noodsaak van 'n interdissiplinêre benadering. Sosiale wetenskappe speel 'n rol. Dit is die gronde vir die navorser se gebruik van sosioloë se insette.

Daarby poog die navorser ook om 'n soortgelyke deduktiewe proses te volg as wat Stark en Bainbridge (1996) in hulle werk volg. Die kenmerke wat aan die einde van die studie uitkristalliseer, moet presies dit wees wat die term veronderstel, naamlik uitkristalliseer. Die skrywers verwys na Braithwaite en Nagel om die keuse van hulle metodiek te onderskryf en formuleer hulle motivering soos volg:

Deductive theories meet these criteria in a particularly powerful and elegant way. . . They consist of a small set of basic principles to which, it is thought, some group of complex phenomena can be reduced. That is, the theorist attempts to locate a relatively small set of rules about how some relevant portion of reality operates. Logical permutations of these rules (or axioms) give rise to a number of derivations (or propositions). At least some of these propositions will have empirical implications. They will predict or prohibit certain relationships among empirical indicators of the concepts contained in the theory (Stark & Bainbridge 1996:13).

Dit is een van die deduktiewe teorieë se sterk punte, dat die gevolgtrekkings empiries getoets kan word, en indien bevind word dat dit nie geldig is nie, die proses in "trurat" nagegaan kan word om die foutiewe aannames te identifiseer.

The tautological character of deductive theories at the abstract level is their chief virtue. In this manner very general and abstract statements become subject to empirical tests. . . . . Finally, the logical structure of deductive theories offers not merely predictions, but explanations (referring to Homans 1967). For example, a number of well-known 'middle-range' generalizations or assertions about religious phenomena are found to derive from our modest set of axioms. Unless or until they are so derived, they are theoretical orphans. While they stand alone without intellectual parentage, we are unable to explain why they ought to be true or how such statements derive from a simple set of axioms about human beings

and how they interact, then these middle-range generalizations are not simply asserted, but explained. . . . To sum up: a deductive theory is an attempt to state the elementary principles that account for some phenomenon. If these are the correct principles, then we can deduce what can and cannot happen, and see why (Stark & Bainbridge 1996:14,15).

Die navorser het ook doelbewus besluit om nie die weg wat Nauta in 1971 reeds aangedui het, soos deur Koffeman (2009:10) aangehaal in sy hantering van ontwikkelinge in die protestantse kerkreg in Duitsland, te volg nie. "Het word hoog tijd, dat wij ons zetten tot een ernstige bestudering van die grondlagen van het kerkrecht." Dat grondig na die funksionering van kerkordes gekyk moet word, is waar. Daarom die studie. Die gekose werkswyse wil egter nie die pad wat kerkordes in hulle ontwikkeling gevolg het, opneem en logies verder ontwikkel nie. Dit sou 'n modernistiese werkswyse wees, wat geldig is. Daar word egter eerder gekies, postmodernisties, vir 'n werkswyse waarin die konteks waarin kerkordes tot diens moet wees, duidelik verreken word. Om dié rede kies die navorser ook om nie te werk met die bestaande definisies en modelle van kerkstrukturering nie. Die navorser kies om nie die modelle te beskryf en te beoordeel nie. Dit sou 'n kontinue werkswyse wees, en nie tipies postmodern nie, soos later aangetoon sal word.

Koffeman (2009:13,14) haal Bronkhorst, Nauta en Coertzen aan om aan te dui dat kerkreg 'n proses is waarin gehoorsaam na die Bybel geluister word. Dit is belangrik om ook te verstaan dat om na die Bybel te luister, beteken om te hoor hoe die Bybel met postmoderne mense in hulle konteks praat. Dit is nodig vir die kerkreg om dit vir gemeentes en gelowiges moontlik te maak om durend te luister. Wanneer Koffeman die klem plaas op die durende karakter van die luisterproses, waarsku hy ook dat die kerkorde nie mag eindig in 'n grootheid wat selfs groter kan word as Christus, die Hoof van die kerk nie. Koffeman (2014:26,27) haal Coertzen (2004:145) aan en beklemtoon dat die proses om die verhouding tussen goddelike reg en die kerkorde te vind 'n durende proses is, waartydens vasgehou word aan die heerskappy van Christus as Hoof van die kerk. Dit is juis hierdie durende karakter van die luisterproses wat die navorser se werkswyse bepaal. Die vraag is na die wyse waarop die kerkreg luister na die konteks waarbinne kerkordes funksioneer, en dit vir die kerk moontlik maak om ten opsigte van die konteks, die Bybel te hoor praat. Koffeman (2014:26,27) meen dat die "ordelik" van 1 Kor.14:40 'n pragmatiese aanslag impliseer, waarin gesoek word na harmonie tussen konteks en die normatiewe raamwerk wat dit transendeer. Koffeman

haal ook vir Long (2001:30) aan in dié verband: “ Scripture and tradition have to be applied in conjunction with reason and experience to respond to ongoing needs.”

Strauss (2010:29) bevestig die beredenering as hy na Cilliers (2003:290,291) verwys, wat na ‘n ‘grondige studie oor Skrif en kerkorde’ en ‘n ‘verantwoordelike eksegetiese proses’ konkludeer dat die ‘Bybel ‘n veelkantigheid vertoon as dit ... by die besondere bedieninge van die kerk kom. Hoewel die bedieninge op sekere konstantes berus, beteken dit nie dat dit in alle tye en omstandighede dieselfde moet wees nie’. Coertzen (1991:127-129), met verwysing na Nauta, dui ook oortuigend aan dat die Skrif nie vir ons kant en klaar kerkordes bied nie. Hoe die kerk ook al te werk gaan, die produk mag nie in stryd wees met die regsbeginsels van die Skrif nie. Deur net teksverwysings te gebruik gaan ‘n kerkorde nie die praktiese ordereëlings kan tref waartoe ‘n kerkorde geroep is nie. So ‘n siening sal ook tot gevolg hê dat tekste oorlaai word met betekenis wat dit nie het nie. Daarom praat Wolf van “duidinge”.

Hierby voeg Koffeman(2009:15) ook die opmerking dat bepaalde Bybeltekste nie so belangrik is as die wesentlike vraag “waartoe bestaat de gemeente eigenlijk?” nie. Die antwoord op die vraag dra die primêre gewig in die formulering van kerkordes. Kerkordes moet in hulle formuleringe die gemeente en kerkverband in staat te stel om getrou te wees aan hulle roeping met betrekking tot ‘n postmoderne wêreld.

Patrick Keifert se voorlopige opmerkings (die navorsingsresultate moet nog gepubliseer word) tydens ‘n werksessie van die Ned.Geref.Kerk se taakspan vir missionale transformasie op 27 en 28 Januarie 2016 is hier van belang. Hy onderskei ses kenmerke van gemeentes wat missionale transformasie suksesvol deurloop het, met mekaar deel: 1. ‘n Duidelike bewussyn van die rede vir transformasie, 2. Skepping van ruimte vir verandering (ook kerkordelik), 3. Prosesse gekenmerk deur dissipline van geloofsonderskeiding, 4. Wye toepassing en gebruik van die metode bekend as “Woon in die Woord”, 5. Bereidheid om op reis te gaan met medegelowiges, hulle konteks en die Here, sonder om seker te wees van die bestemming, 6. ‘n Duidelike roepingsbewussyn.

Die navorsing het ook na die werk van enkele filosowe gekyk. Dit is egter belangrik om te meld dat hierdie nie ‘n sosiologiese of filosofiese studie is nie. Die filosofie en sosiologie het bygedra tot ‘n verstaan van die konteks waarbinne die kerk, en veral haar ordes van betekenis moet wees. In die beskrywing van postmoderniteit is die werk van

die filosowe, Derrida (2002) en Foucault (Rabinow & Rose, 1994) verreken. In hoofstuk 2 word stellings wat verwys na die uitgediende lewenstyl van die Westerse wêreld en gesiglose burokrasieë, aangehaal en gekontekstualiseer. Dieselfde word gedoen met verwysings na die ontkenning van absolute waarhede, die vae onderskeid tussen reg en verkeerd, waar en vals, goed en sleg, en die feit dat niemand meer die gesag het om waarheid te definieer en op ander af te dwing nie.

In die proses van die navorsing het die navorser tot die oortuiging gekom dat die outeurs na wie verwys word, meer as net objekte is, wat in 'n rasionele sisteem aangewend word. Daarby het hy ook onder die indruk gekom van die krag wat in die taal van die oorspronklike teks verskuil lê. Wanneer oor luister of geregtigheid geskryf word, gaan dit oor meer as 'n rasionele konsep. Emosie en passie is in die teks verskuil. Dikwels is baie woorde nodig om 'n enkele konsep of waarheid, met die emosie wat daarmee gepaard gaan, te verteenwoordig.

What distinguishes languages from all other signs and enables it to play a decisive role in representation is, therefore, not so much that it is individual or collective, natural or arbitrary, but that it analyses representation according to a necessarily successive order: the sounds, in fact, can be articulated only one by one; language cannot represent thought, instantly, in its totality; it is bound to arrange it, part by part, in linear order. (Foucault 2002:90)

In talle gevalle het die navorser vertaalde tekste gelees, en was sy interpretasie van die teks reeds twee stappe verwyder van die oorspronklike. Daarom het die navorser dikwels eerder vir langer as korter aanhalings gekies. Met die langer aanhalings poog die navorser om groter respekte aan die outeur en oorspronklike teks te betoon. Op 'n postmoderne manier sou die navorser ook wou argumenteer dat die lengte van aanhalings nie noodwendig as 'n geldige maatstaf aangewend kan word nie.

**Die navorsingsvraag, effe anders geformuleer, is dus: "Watter vorme van reëls gaan geloofsgemeenskappe in die huidige postmoderne konteks die beste dien en hulle help om gemeenskappe van betekenis te wees?"**

## 1.4 Die Kerkorde van die Ned.Geref.Kerk histories geplaas

Coertzen (1991:214-223) meen dat die wetenskaplike motivering van die landsheerkerkregering die impetus was vir die ontwikkeling van die gereformeerde kerkreg-wetenskap. Hierop het drie opeenvolgende sisteme van kerkregering in Duitsland ontwikkel: die episkopaalse, territoriale en kollegiale kerkregeringsvorms. Die belangrikste verteenwoordiger van die episkopaalse vorm was was Benedict Carpzov (1595-1666) met sy werk – *Jurisprudentia Ecclesiastica Seu Consistorialis*.

Die bestaan van die kerk as vereniging in terme van die territoriale kerkregeringsvorm, sou die impetus tot die kollegiale kerkregeringsvorm wees. Die kollegiale kerkregeringsvorm het vanuit die natuurreg uiteindelik van die kerk 'n blote genootskap of vereniging van enersvoelende of enersdenkende individue gemaak. Die kernelement van die kollegiale stelsel was dat ampte en gesag aan die organisasie ontleen word.

Die kollegialisme het ook na Nederland en Suid-Afrika deurgewerk. In Nederland het dit gestalte gevind in die Algemene Reglement van 1816 en in Suid-Afrika in die kerkorde van De Mist in 1804 en die kerkwet van 1858 in die ZAR. Tot vandag toe gebeur dit dat 'n kerkorde soos dié van die Ned.Geref.Kerk wat gereformeerd wil wees, dikwels in 'n kollegialistiese sin verstaan en hanteer word, wanneer die kerk as 'n blote vereniging van lede beskou word en die besluitnemingsproses as een waar die demokratiese meerderheid deurslaggewend is. Volgens Coertzen (1991:70) het die Sinode van 1962 wel Nauta se standpunte voorgestaan, terwyl die standpunte van Bouwman en Jansen egter in die theologiese klasse gedoseer is. Dit het huis die kollegialistiese interpretasies van die Ned.Geref.Kerk se kerkorde ondersteun. 'n Duidelike resente voorbeeld is die wyse waarop die besluitnemingsproses met betrekking tot die opneem van die Belydenis van Belhar as 'n belydenisskrif hanteer is. Reglement 24 en artikel 44 van die kerkorde van die Ned.Geref.Kerk gee hieraan uitdrukking. Die voorkeur van lidmate is, by wyse van 'n demokratiese proses, verhef bo die geloofsonderskeidende proses wat soek na die wil van God en die profetiese begeleiding van lidmate in gehoorsaamheid aan dié wil van God. Die heersende identiteit, soos verskans deur die kerkorde het haarself laat geld teenoor die identiteit wat rekening hou met die wil en koninkryk van God en die roeping van gelowiges in die soeke na en formulering van hulle godegewe identiteit.

Wanneer Coertzen die ontwikkelingsgang van kerkordes in die negentiende eeu beskryf, is dit duidelik dat dit grondig deur die negentiende-eeuse positivisme gekleur was. Dieselfde geld vir die ontwikkeling van die presbiteriaal-sinodale stelsel onder leiding van Calvijn en Buccer. Die rigtinggewende kerkorde in dié geval sou die kerkorde van Dordt word.

Strauss (2010:7,8) verwys na Vorster(1960:13) en meld dat by die aanvanklike vorming of grondlegging van die Ned.Geref.Kerk se huidige kerkorde in 1962 doelbewus gepoog is om 'n eietydse weergawe van die Dordtse Kerkorde(DKO) daar te stel. Die NGK-KO van 1962 het georiënteer op die kerkorde van 1959 van die Gereformeerde Kerke in Nederland (GKN) wat as 'n eietydse aangepaste weergawe van die DKO beskou is.

Kerkhistories bou hierdie oriëntering op 'n gekwalifiseerde affiliateit vir die DKO by die NG Kerk, wat reeds by die eerste sinode, die sinode van 1824, sigbaar was. Naas sy reglement van 1824 het hierdie vergadering die Kaapse goewerneur versoek om ook die DKO te publiseer as 'een fundamenteel stuk van alle de Regulatiën onzer kerk waaraan elk onzer gehouden is' (by Vorster 1960:13). In 1937 besluit die sinode van die NG Kerk in die Oranje-Vrystaat om naas sy gereeld hersiene Wette en Bepalinge ook 'n 'Konsep van die Kerkorde van Dordrecht' ter 'informasie' van die NG Kerk te publiseer (NG Kerk in die OVS 1937:191). Twintig jaar later volg die Kaapse Sinode van die NG Kerk in sy bepalings die hoofstukindeling van die DKO wat volgens 'n leidinggewende ooggetuie, JD Vorster, die weg baan vir die NGK-KO 1962 om dieselfde te doen (1960:13)"(Strauss 2010:8).

Die navorser se gevolgtrekking is dat die kerkorde van die Ned.Geref.Kerk klaarblyklik 'n produk van moderniteit is, geformuleer op die kruin van die moderne tydperk van die mens se geskiedenis.

## 1.5 Hipotese

Kerkordes kan ingrypend vereenvoudig word om so hulle betekenis vir geloofsgemeenskappe te verhoog. Voorskrifte en vereistes kan tot die minimum beperk word. Kerkordes kan hoogstens merkers aandui, waarbinne verhoudings van waarde ontwikkel om funksioneel te kan wees. Hierby sou aanduidings van die identiteit wat 'n bepaalde 'netwerk' identifiseer geformuleer kan word.

Kerkreg kan 'n eie, kritiese en kreatiewe rol speel, 'n onmisbare rol, in veranderingstrategie. Kerkreg kan die implikasies van verandering voorsien en in haar

prosesreëls daarvoor voorsiening maak. Die gevaar is dat ons instink ons laat laer trek en ons die kerkorde dan gebruik om skanse te bou om ons vir ewig teen die aanslae te beskerm. Martin Buber het al sterk gewaarsku teen die ontwikkeling van, vestiging van, sentralifisering en kodifisering van denominasies wat in belang van godsdiens onderneem word, as lewensgevaarlik vir die hart van godsdiens. (Niemandt: 2007, 41)

Koffeman(2014:75) bevestig bogenoemde beredenering:

A legislator that intends to use legislation as an instrument of change in society, might easily over-estimate the actual effect of rules, in a sort of 'legal instrumentalism'. The more complicated legislation is, the larger the risk that those concerned seek and find ways to circumvent the law. Laws that are meant to express high ethical standards, run the risk of having a symbolic character rather than being effective. If the main purpose of the legislator is to guarantee the rights of citizens, both in relation to the executive and in mutual relations, in ever more detail, it might lead to an increasing culture of 'claiming' or to a certain inflation of human rights, and so on.

Strauss (2010:4) formuleer soos volg:

Omdat die kerk op die op- en uitbou van die Christelike geloof gebonde aan die Woord toegespits is ... is 'n formalisering van die kerkorde met te veel gedetailleerde bepalings of voorskrifte deformerend. 'n Gereformeerde kerkorde moet aan die hand van vaste uitgangspunte bevrydend werk en net die 'ordelike' kanale vir die uitle van 'n Woordgehoorsame kerklike lewe verskaf. Te veel tyd- en plekgebonden detail in die vorm van reëlings of bepalings (Rutgers 1971:44) strem die geloof wat Woordgebonden deur kerkordebepalings as blote kanale tot wasdom moet kom (Smit 1984:99; NG Kerk 1964:2). Die begrip 'kanale' toon ook dat die kerkorde vloe aan die Woordgebonden kerklike lewe wil gee en daarom in sigself nie juridies-dwingend is nie (Smit 1984:86). Dit verklaar die gebruik in gereformeerde kerke dat die kerkorde-bepalings soms gesuspender kan word as kerklike geloofsbelang dit noodsaak. Om dit eenvoudig te stel: die kerkorde as uitzloeisel van die dienende kerkreg is daar ter wille van 'n gesonde kerklike lewe en nie andersom nie.

Die kerkorde sal moet ruimte maak vir prototipes. Die koesterung van effektiewe prototipes is waarskynlik die kosbaarste vaardigheid wat enige organisasie kan hoop om te hê volgens Michael Schrage (Niemandt: 2007, 51).

## 1.6 Struktuur

In hoofstuk 2 word met die definisies en kenmerke van postmoderniteit gehandel. Dit is belangrik om die ontwikkelingsgang vanuit moderniteit te erken. Postmoderniteit staan

nie teenoor moderniteit nie, maar is die gevolg daarvan. Daar word gepoog om die ter sake filosofiese lyne aan te dui en enkele verhelderinge van die definisies wat gebruik word te gee. Daar word gepoog om die konteks waarbinne 'n kerkorde funksioneel, van waarde, moet wees te beskryf.

In hoofstuk 3 word die ter sake sosiologiese perspektiewe soos deur Zygmunt Baumann geformuleer, weergegee. Sy gebruik van die metafoor van 'n wildernisgebied as oorsprong vir, en bestemming van samelewingsverskynsels, word uitgelig. Die soek na 'n natuurlike balans in verhoudinge en strukture, in plaas van sosiale en maatskaplike ingenieurswese word as die rigtinggewende koers aangedui.

In hoofstuk 4 word gepoog om die "transparante" soos in elk van die vorige twee hoofstukke geteken oor mekaar te plaas, ten einde die belangrike areas te ontdek waarmee kerkordes deeglik rekening sal moet hou. In hierdie hoofstuk word ook 'n klompie stellings geformuleer, wat die navorser meen, die areas beskryf. In hoofstuk 5 word die gevolgtrekkings in hoofstuk 4 omvorm in 'kenmerke' wat kerkordes sou kon vertoon ten einde van betekenis te wees. In hoofstuk 6 word gepoog om die 'kenmerke' van hoofstuk 5 toe te pas op die kerkorde van die Ned.Geref.Kerk. In hoofstuk 7 word 'n konsep vir kerkordes geformuleer. Hoofstuk 8 dien as opsomming.

## HOOFSTUK 2:‘N POSTMODERNE WÊRELD

### 2.1 Terminologie

Bauman gebruik die term “postmoderniteit” om die konteks waarbinne die veranderinge in die wêreld afspeel te tipeer. Vir Bauman dui die begrip “postmodernisme” op die versameling van werke, kuns- en intellektuele produkte wat eie is aan die tydvak na moderniteit. "It was this process, or rather the conditions under which it was taking place, that has been called here postmodernity (as distinct from postmodernism, which refers to the collection of works of art or intellectual products. . .)." (Bauman 1987:118).

Die navorser kies ook doelbewus vir die terme “postmoderniteit” en “postmoderne wêreld” om die negatiewe beoordeling van die tydvak, wat eie is aan die Afrikaanse gebruik van die uitgang –isme, soos in “postmodernisme”, te vermy. Die negatiewe definisie waarmee die begrip “postmodernisme” werk is reeds duidelik daarin dat die term aanvanklik gebruik is om die bevraagtekening van en opstand teen funksionalisme in argitektuur te tipeer.

The concept of postmodernism was coined first; introduced as a designation of the rebellion against functionalist, scientifically grounded, rational architecture, it was soon taken over and extended to assimilate the profound changes of direction visible all over the territory of Western art. It proclaimed the end of the exploration of the ultimate truth of the human world or human experience, (Bauman 1987:118).

### 2.2 Kenmerke van postmoderniteit

Die kenmerke word nie in enige orde van voorkeur of belangrikheid beskryf nie – so ‘n ordening sou eie wees aan ‘n moderne werkswyse.

#### 2.2.1 Die soek na absolute waarhede word gestaak

Die aanhaling van Bauman op die vorige bladsy het die kenmerk reeds beskryf: "It proclaimed the end of the exploration of the ultimate truth of the human world or human experience," (Bauman 1987:118). Bauman voeg by:

The postmodern period is distinguished by abandoning the search itself, having convinced itself of its futility. Instead, it tries to reconcile itself to a life under conditions of permanent and incurable uncertainty; a life in the presence of an unlimited quantity of compromising forms of life, unable to prove their claims to be

grounded in anything more solid and binding than their own historically shaped conventions. (Bauman 1987:120) "

Dit word al duideliker dat die wêreld waarin ons leef nie meer net enkele waarhede as waarhede erken nie. Individue en groepe eis toenemend hulle reg op om self te besluit wat vir hulle waarheid is, en in watter mate. Die konsep van spesialiste wat oor meerdere kennis beskik, en met rasionele vaardigheid vir ander verduidelik waar die waarheid lê, is nie meer deel van die postmoderne mens se denkraamwerk en lewenswyse nie. Die aanspraak op waarheid word toenemend getemper deur die reg tot bevraagtekening. Waarheid word bepaal deur die konteks waarbinne met die beginsels gewerk word.

Foucault het in dié verband die belangrikheid van gesprekvoering beklemtoon. Diskoers word die voorwaarde vir die vind van relatiewe waarheid. Dreyfus & Rabinow verwoord dit so:

For Foucault at the time of *The archeology of Knowledge* there seem to be only two alternatives: either a seriousness that puts such a premium on objective truth that discourse itself becomes unimportant, or, paradoxically, in the name of the importance of discourse, a position that stands outside all serious significance. And if these are the only alternatives, Foucault, . . . . must choose to stand outside, . . . . Dreyfus & Rabinow (1982: 85)

Dreyfus & Rabinow wys ook op Foucault se argument dat om met objektiewe waarheid te werk dit juis vir die draer van die waarheid onmoontlik maak om aan die diskloers oor moraliteit deel te neem.

The archeologist who is necessarily immersed in the everyday practices of his age, and is both inside and outside the serious discourse of his age, cannot produce a moral theory. He may in fact share the convictions of his age, both those implicit in the everyday practices and those of the serious scientist, but as archeologist he has become the detached observer of all serious speech act. The double twist of bracketing both the truth and the meaning of all serious statements that has enabled him to avoid the illusions of the serious speakers also prevents him from offering any account of which social issues should be taken seriously and what might be done about them. Archeology as the disinterested study of mute monuments can never enter the debates which rage around the monuments it studies."(Dreyfus & Rabinow 1982:95)

Volgens Niemandt (2007:22) sou ons ons wêreld as post-objektief kon beskryf. Waarheid word kollektief en kontekstueel gevind.

## 2.2.2 Pluraliteit is 'n gegewe

Saam met die relativering van absolute waarhede (waarhede word in relasies gevind), volg dit noodwendig dat daar 'n toename in betekenis-gewende agente gaan wees. Verskillende vorme van waarheid, verskillende vorme van gesag en verskillende strukture van verband, moet ontstaan, om die vakuum van die verlies aan enkele waarhede te vul. As daar dan vir die oortuiging van die postmoderne mens nie meer EEN objektiewe waarheid is nie, beteken dit nie dat daar geen waarheid is nie, maar weldat daar 'n veelvoud van waarhede kan wees. Die soeke na waarheid word nie gestaak nie. Dit beteken dat daar 'n veelvoud van bronne en agente van waarheid na vore tree. Bauman beskryf dit so:

Postmodernity is marked by a view of the human world as irreducibly and irrevocably pluralistic, split into a multitude of sovereign units and sites of authority, with no horizontal or vertical order, either in actuality or in potency. To put it in a different way, the postmodern world-view entails the dissipation of objectivity. The element most conspicuously absent is a reference to the supracommunal, extraterritorial grounds of truth and meaning. Instead, the postmodern perspective reveals the world as composed of an indefinite number of meaning-generating agencies, all relatively self-sustained and autonomous, all subject to their own respective logics and armed with their own facilities of truth-validation (Bauman 1992:35).

Pluraliteit het eintlik die bron van hoop vir 'n vasgeloopte wêreld geword. Die veelvoude van waarhede en strukture bied soveel meer geleenthede. Wanneer daar nie meer Een objektiewe waarheid is wat 'n sisteem in stand hou nie, maar vervang is met 'n veelvoud van waarhede, beteken dit, dat wanneer een waarheid se integriteit in duie stort, die hele sisteem nie in duie stort nie. Net een van die boustene val weg. Die moontlikheid van 'n veelvoud van waarhede beteken dat daar ook die moontlikheid van 'n veelvoud van plaasvervangers vir die vervalle waarheid is. So bly hoop en geloof nie in die slag nie, dit verander wel, word as't ware geregenereer.

. . . modern pluralism not only represents a multiplicity of ways of perceiving and comprehending the world but also a multiplicity of plausibility structures that make those perceptions credible in the first place. Put another way, fragmentation not only occurs among worldviews, but in the social structures that support those worldviews. The number and variety of cultural systems mean that the social conditions supporting any particular belief system are necessarily weaker. Belief is certainly possible, but it is necessarily different. The confidence borne from beliefs that are taken for granted typically gives way to belief plagued by ambivalence and uncertainty. The uncertainty is not a matter of insufficient will or deficient commitment but a natural social psychological reaction to weakened plausibility structures (Hunter J.D. 2010: 202-203).

### 2.2.3 Postmoderniteit is die vrug van moderniteit

Moderniteit se bedoeling was volgens Bauman om alle vorme van onsekerheid te orden. Die bedoeling was om alle vorme van toeval, die onvoorsiene, en chaos tuis te bring in 'n sisteem van orde, bestuur en voorspelbaarheid. Moderniteit het gepoog om die onvoorspelbare mak te maak, om uitkomste te verseker.

The kind of society that, retrospectively, came to be called modern, emerged out of the discovery that human order is vulnerable, contingent and devoid of reliable foundations. That discovery was shocking. The response to the shock was a dream and an effort to make order solid, obligatory and reliably founded. This response problematized contingency as an enemy and order as a task. It devalued and demonized the 'raw' human condition. It prompted an incessant drive to eliminate the haphazard and annihilate the spontaneous. As matter of fact, it was the sought-after order that in advance construed everything for which it had no room or time as contingent and hence lacking foundation. The dream of order and the practice of ordering constitute the world (Bauman 1992:xi).

Die ontwikkeling van postmoderniteit is in 'n groot mate deur twee vervlegde faktore gedra. 'n Nuwe vorm van staatsmag het ontstaan wat oor die mag en bronne beskik het om die gemeenskap op 'n veel sterker totalitaire wyse te bestuur. Die samelewing was ook ryp vir so 'n magsgreep. Dié ingesteldheid is gevoed deur 'n openbare diskouers wat na so 'n model gevra het.

It was in that era (Enlightenment) that the power/knowledge syndrome, a most conspicuous attribute of modernity, had been set. The syndrome was a joint product of two novel developments which took place at the beginning of the modern times: the emergence of a new type of state power with resources and will necessary to shape and administer the social system according to a preconceived model of order; and the establishment of a relatively autonomous, self-managing discourse able to generate such a model complete with the practices its implementation required. . . . . The combination of those two developments created the kind of experience which was articulated in the particular world-view and associated intellectual strategies to be given the name of 'modernity' (Bauman 1987:2).

Die woorde en konsepte wat deel van die debat was, was foutloosheid, orde, patronen, beheer, voorspelbaarheid, korrekte kennis en vaardighede. Bauman se beskrywing van moderniteit in die volgende aanhaling spreek boekdele:

The typically modern view of the world is one of essentially orderly totality; the presence of a pattern of uneven distribution of probabilities allows a sort of explanation of the events which - if correct - is simultaneously a tool of prediction and (if required resources are available) of control. Control ('mastery over nature', 'planning', or 'designing' of society) is well-nigh synonymously associated with ordering action, understood as the manipulation of probabilities (rendering some events more likely, others less likely) Effectivity of control and correctness of

knowledge are tightly related (the second explains the first, the first corroborates the second)....(Bauman 1987:3).

Dit was egter juis dié onhaalbaarheid van die ideaal wat 'n reaksie van relatiwiteit, diversiteit en pluraliteit tot gevolg gehad het. "The subsequent divorce between the state and intellectual discourse, together with the inner transformations of both spheres, has led to an experience articulated today in a world-view and associated strategies often referred to under the name of 'postmodernity'" (Bauman 1987:2).

Wanneer die voorvoegsel "post" gebruik word, word die postmoderne lewenswyse nie gesien as die teenpool van moderniteit nie. Die paradigma kan ook nie getipeer word as 'n vyand van ons bestaan of as inherent boos nie. Dit is die noodwendige gevolg van die denkprosesse en oortuigings wat so eie aan moderniteit was. Die suksesse en mislukkings van 'n vorige tydvak is die faktore wat 'n ander lewenswyse informeer.

I suggest, in other words, that the phenomena described collectively as 'postmodernity' are not symptoms of systemic deficiency or disease; neither are they a temporary aberration with a life-span limited by the time required to rebuild the structures of cultural authority. I suggest instead that postmodernity . . . . . is an aspect of a fully-fledged, viable social system which has come to replace the 'classical' modern, capitalist society and thus needs to be theorized according to its own logic" (Bauman 1992:52).

Postmoderniteit is ook nie die laaste vorm van bestaan wat die mens se deel sal wees nie. Postmoderniteit is 'n oorgangsfase. Eie aan postmoderniteit is die konsep van verandering.

#### **2.2.4 Wette en reëls word vervang met waardes**

Dit sal foutief wees om te meen dat die relatiwiteit wat kenmerkend van die postmoderne wêreld is, gelyk is aan relativisme. Daar word wel nie meer na enkele waarhede gesoek nie, maar na 'n veelvoud van waarhede, relatief tot die konteks. Wanneer individue en groepe vra na die redes vir skynbare disfunksionele waarhede, en dan ander kies, is dit omdat daar bepaalde waardes ter sprake is. Elke keuse word begrond deur 'n waardeoordeel wat deur die individu of groep gemaak word.

What makes a strategy which refuses to renounce its modern commitments a 'postmodern' one, is the bluntness with which its premises are recognized as assumptions; in a truly 'postmodern' vein, such a strategy refers to values rather than laws; to assumptions instead of foundations; to purposes, and not to groundings. And it is determined to do without the comfort it once derived from the

belief that 'history was on its side', and that the inevitability of its ultimate success had been guaranteed beforehand by inexorable laws of nature . . . . (Bauman 1992:108).

Die mening dat postmoderniteit in sy wese die kiem van ondergang dra, lê in die moderne uitgangspunt wat meen dat die samelewing met reëls en wette omvorm kan word tot 'n utopie. Dit is juis die uitgangspunt, dat wette en reëls die ideale gemeenskap kan skep, wat deur postmoderniteit uitgedaag word. Dreyfus & Rabinow duï ook oortuigend aan, met verwysing na Nietzsche en Foucault hoe wette en reëls disfunksioneel kan wees.

The rules and obligations that emerge from these rituals are inscribed in civil law, in moral codes, in the universal laws of humanity that claim to temper and prevent the violence that would supposedly exist without their civilizing constraints. But . . . .these noble expressions are the very means by which domination advances. History is not the progress of universal reason. It is the play of rituals of power, humanity advancing from one domination to another. "Rules are empty in themselves, violent and unfinalized; they are impersonal and can be bent to any purpose." (p.151, Nietzsche, Genealogy, History. 1971 D.F.Bouchard, ed., Michel Foucault: Language, Counter-Memory, Practice: Selected Essays and Interviews. New York: Cornell University press, 1977.) Particular groups seize them and impose a particular interpretation on them (Dreyfus & Rabinow 1982:110).

Dit het vir die postmoderne mens, teleurgestel deur die mislukking van die modernistiese ideaal, duidelik geword dat die sekerhede en waarhede wat 'n waarborg vir vooruitgang moes wees, wel voete van klei het. Vir die postmoderne mens kan geen waarheid of sekerheid aanspraak maak op 'n vorm van hoër gesag of status nie. Amper met verwondering is ontdek dat daar 'n veelvoud van weergawes van die waarheid is. Bauman vra:

How can one argue the case for or against a form of life, for or against a version of truth, when one feels that one's argument cannot anymore legislate, that there are powers behind the plural forms of life and plural versions of truth which would not be made inferior, and hence would not surrender to the argument of their inferiority? Suddenly, the two-centuries-old philosophical voyage to certainty and universal criteria of perfection and good life seems to be a wasted effort. This does not necessarily mean that we do not like the terrains to which it has brought us, on the contrary, it is the refusal of others to admire them and to follow us there which makes us worry and prompts us to look for a new, stronger tune for the praise we still wish to sing (Bauman 1987:141).

In die moderne wêreld het ons met die mag van besluite gefunksioneer. Nou het besluite hierdie mag verloor. Niemandt (2007:21) noem dit 'n wêreld van post-beheer. Ons wêreld is gemaklik met minder beheer ter wille van verhoudinge.

Hierdie proses – die skuif weg van wette na waardes – word soms sekularisasie genoem. Oor sekularisasie is daar in kerklike kringe ‘n redelik negatiewe beoordeling. Die negatiwiteit is egter nie noodwendig nodig nie. Linda Woodhead formuleer dit soos volg: ". . . It is still possible to hold religious beliefs even though they have ceased to be taken-for-granted certainties - but it is impossible to hold them in the same way. People continue to be religious . . . . . , but are religious in new ways - even when the new ways present themselves as a return to the old ways" (Woodhead 2001: 2).

Peter Berger wat homself baie sterk uitlaat oor postmodernisme (let wel nie postmoderniteit nie) meen ook nie dat ons hier met die einde van godsdiens te doen het nie. Oor postmodernisme is Woodhead se weergawe van Berger se mening die volgende: "Berger's harshest comments are reserved for 'postmodernism', which he charges with a relativistic, solipsistic constructivism that amounts to 'a recipe for the self-liquidation of science and, beyond that and far more dangerously, a politics of fanaticism' (Woodhead 2001: 5)." Berger meen dat godsdiens steeds suksesvol funksioneer en selfs groei:

My point is that the assumption that we live in a secularized world is false. The world today, with some exceptions . . . . . , is as furiously religious as it ever was, and in some places more so than ever. . . . . ( Berger 1999: 2).

Wat meer is, die kerk het ontdek dat daar ook ‘n veelvoud van maniere is waarmee die gemeenskap bedien kan word. Sekere instellings verdwyn wel, maar nie sonder dat ander ontstaan nie. Godsdiestige ywer vind nuwe energie en bedien die gemeenskap selfs met wat na kleiner getalle of instellings sou lyk.

Also, secularization on the societal level is not necessarily linked to secularization on the level of individual consciousness. Certain religious institutions have lost power and influence in many societies, but both old and new religious beliefs and practices have nevertheless continued in the lives of individuals, sometimes taking new institutional forms and sometimes leading to great explosions of religious fervor. Conversely, religious identified institutions can play social or political roles even when very few people believe or practice the religion that the institution represents . . ( Berger 1999: 2).

Postmoderniteit het selfs veelvuldige moontlikhede van reaksie op sekularisasie gegenereer. Kerklike instellings oorleef nie net nie, maar groei waar na alternatiewe

antwoorde op sekularisasie gesoek word. Alternatiewe vorme van belydenis open weer insigte vir die postmoderne mens op die Evangelie.

Interestingly, secularization theory has also been falsified by the results of adaptation strategies by religious institutions. . . . . What has in fact occurred is that, by and large, religious communities have survived and even flourished to the degree that they have not tried to adapt themselves to the alleged requirements of a secularized world. To put it simply, experiments with secularized religion have generally failed; religious movements with beliefs and practices dripping with reactionary supernaturalism . . . . .have widely succeeded. . . . . counter-secularization is at least as important a phenomenon in the contemporary world as secularization ( Berger 1999: 6).

Die ontwikkeling en groei van alternatiewe instellings is eintlik verstommend – modernisties onvoorspelbaar. Postmoderniteit verklaar die fenomeen. Individue wat deur die een perfekte sisteem ingesluk of uitgespoeg is, kry 'n ander plek van waarde wat hulle identiteit en roeping bevestig. David Martin verwoord in sy hoofstuk: The Evangelical Upsurge, dit soos volg:

What we have initially as a consequence of the Evangelical upsurge is the creation of an autonomous social space within which people may participate in the creation of a different kind of sub-society. In this sub-society, those who count for little or nothing in the wider world find themselves addressed as persons able to display initiative and to be of consequence. Divine validation loosens their tongues, and they engage in a free communication with one another within the constraints of vigorous pastoral authority. Moreover, as these enclaves multiply, religious monopoly breaks down pluralism develops, mediation gives way to direct access, and a competitive religious economy is established (Berger 2001: 41).

Kerke en geloofsgemeenskappe het op dié manier 'n nuwe rede vir hulle bestaan gevind – diensbaarheid. Die ontdekking het vir kerklike instellings 'n plek van waarde in 'n postmoderne wêreld gegee. Grace Davie skryf in sy hoofstuk - Europe the Exception so:

On the eve of the millennium, then, many Europeans remain grateful to rather than resentful of their churches, recognizing that the churches perform a number of tasks on behalf of the population as a whole. Churches are asked, for instance, to articulate the sacred at times in the life-cycle of individual and families, and at times of national crisis or celebration. A refusal to carry out these tasks would violate both individual and collective expectations. (Berger 2001:82)

Sekularisasie is nie die groot vyand van die kerk nie. Inteendeel, sekularisasie het 'n veelvoud van toepaslikhede vir die kerk en haar instellings geopen. Bepaalde vorme

van godsdienstigheid verval wel, maar dit is nie noodwendig 'n verlies nie. Stark & Bainbridge skryf soos volg oor sekularisasie:

Secularization is not merely a feature of the contemporary cultural scene, but a permanent process in every religious tradition. The result, however, is not the extinction of religion, but the weakening of some particular religious organizations. The counterbalancing processes of revival and innovation keep religion, in general, alive (1987:117).

Die ruimte vir vloeibaarheid en eksperimentering het die lewensasem van geloof en godsdienst geword.

The decline of power in low-tension churches, the ease of denominational switching, and the continuing human desire for unavailable rewards means that one striking consequence of secularization is a flowering of religion, not its demise. Secularization produces an era of religious revival and experimentation (Verwys na Bell 1971, 1980 Religion in the sixties, Social Research 38:447 - 497 en The Winding Passage, Cambridge:Abt (1987:304).

Dat sekularisasie ander vrae aan geloof en godsdienst begin vra het, as waarvoor die kerk antwoorde gereed gehad het, is so. Wat egter belangrik is, is die feit dat die vrae steeds aan die kerk gevra word.

Secularization, as we have noted, does not remove the need for compensators. Some specific compensators may be rendered obsolete, but progress also may produce new problems - whether new threats that must be faced or new opportunities that will draw forth human desire. . . . . Some market for magic is constant, and the overall reduction is somewhat offset by shifts in the particular needs. Further, as religion retreats further and further from specific compensators, there is more rapid decline in traditional satisfaction of needs for magic that outpaces the decline in need itself. Thus, secularization stimulates the growth of cults - cults of many kinds, both merely magical and fully religious (1987:309).

Onsekerheid en ongemak is die brandstof vir godsdienst!

## **2.2.5 Die definisie van die konsep van vooruitgang verander.**

### **Diskontinuïteit word aanvaar as gegewe**

Moderniteit het met die oortuiging gewerk dat die mens met sy rede alle probleme kan oplos, en met logika 'n beter toekoms kan skep. Misterie kan verklaar word, is gemeen. Rampe en nood sou met kreatiewe denke, as skeppingsvermoë, voorkom kon word. Die mens en sy vermoë kan verbeter word op 'n pad van vooruitgang waaraan daar nie einde sou wees nie.

Together, educated and uneducated Europeans constituted a race which has already situated itself on the side of history that other races were- at best- only

struggling to reach. Rather than deriving its own self-confidence from its belief in progress, the educated elite forged the idea of progress from the untarnished experience of its own superiority. Rather than drawing its missionary, proselytizing zeal from an uncritical belief in the infinite perfectibility of man, the educated elite coined the idea of the pliability of human nature, its capacity for being moulded and improved by society, out of the experience of its own role in the disciplining, training, educating, healing, punishing and reforming aimed at categories other than itself(Bauman 1987:110).

Elke prestasie het egter ook sy skadukant gehad. Kernkrag word 'n kernbom. Sosiale ingenieurswese kon nie werkloosheid voorkom nie. Kennis het 'n instrument geword waarmee ook gediskrimineer is, geword. Moderniteit het ook sy mislukkings en uitwasse opgelewer. Vooruitgang as motief vir moderniteit het teleurgestel. Bauman laat hom baie sterk hieroor uit:

What the theory of postmodernity must discard in the first place is the assumption of an 'organismic', equilibrated social totality it purports to model in Parsons-like style: the vision of a 'principally co-ordinated' and enclosed totality (a) with a degree of cohesiveness, (b) equilibrated or marked by an overwhelming tendency to equilibration, (c) unified by an internally coherent value syndrome and a core authority able to promote and enforce it and (d) defining its elements in terms of the function they perform in that process of equilibration or the reproduction of the equilibrated state. . . .

The theory of postmodernity must be free of the metaphor of progress that informed all competing theories of modern society. With the totality dissipated into a series of randomly emerging, shifting and evanescent islands of order, its temporal record cannot be linearly represented. Perpetual local transformations do not add up so as to prompt in effect an increased homogeneity, rationality or organic systemness of the whole(Bauman 1992:189).

Buitendag (2002a:293 en 2003a:1068) bevestig die kenmerk as hy skryf "nie-liniariteit is die taal van postmodernisme". Die logiese volgende stap is nie noodwendig vooruitgang nie. Die kosbaarste ontdekking kan die bron van die grootste gruwel word.

In 'n postmoderne wêrld word gebeure in terme van die bepaalde konteks geïnterpreteer, as sinvol of nie. Daar word net eenvoudig nie meer aanvaar dat die een saak noodwendig tot die volgende aanleiding gee nie. Dreyfus & Rabinow verwys na Foucault in dié verband:

Foucault assures us, the alternative to hermeneutics is not structuralism. The relations among differences described by the archeologist are not ahistorical conditions of possibility which set up the space of all possible transformations. Rather they are presumably rules which determine only the conditions of existence, that is, the regularities of the transformations which actually occur. In this way Foucault would hope to have a theory of change which avoids the

classical dilemma of either finally finding ahistorical rules to explain all change or leaving change completely unintelligible(Dreyfus & Rabinow 1982:74,75).

Foucault se “sistemiese orde” is skynbaar ‘n deeglike beskrywing van die gebrek aan orde. Tog hou hy vol dat die vervlegde verhoudings wat deur hom beskryf word, tog sistematies geformuleer kan word. Die voorwaarde is dat die “reëls” of sistematiese beskrywings, nie die ervarings van elke dag se praktyk mag ignoreer of uitsluit nie. Foucault huiver tussen die twee uiterste pole van wanorde en diskontinuïteit aan die een kant en vaste reëls wat sistematies verandering bestuur om orde en logika te herstel, aan die ander kant. Hy vind nie een van die uiterstes bevredigend nie. Sy oplossing is om die feitelikheid van diskontinuïteit deeglik te beskryf as ‘n sisteem van verandering. Foucault wil tendense ondersoek en beskryf sonder om hom op humanistiese teleologie of strukturalistiese metareëls te beroep. Vir hom is diskontinuïteit meer as net willekeurige veranderings. Op dié punt is Foucault duideliker oor die uitdagings wat moderniteit op die tafel geplaas het, as oor alternatiewe benaderings.

Die argument ondersteun die navorser se keuse om nie die definisies van bestaande strukture te kontinueer nie. Die navorser poog om vanuit diskontinuïteit as gegewe na alternatiewe weë te soek in die formulering van kerkordes van betekenis.

### **2.2.6 Die groter geheel definieer nie meer die waarde van sy onderdele nie**

Dit was vir baie dekades vanselfsprekend dat die individu onderskik was aan die groep. Die belang van die groep het die belang van die individu bepaal. Op ‘n manier sou ‘n mens kon argumenteer dat dit die kernrede vir die Tweede Wêreldoorlog was. Die konsep van ‘n superras het beide burgers en ander rasse ingebind. Kapitalisme en kommunisme het dieselfde konsep gebruik om burgers in gelid te hou. Nou het die individu en die onderdele van die geheel hulle eie bestaansreg, waarde en sinvolheid ontdek.

.... the theory of postmodernity would do well if it dispose of concepts like system in its orthodox, organic sense, suggestive of a sovereign totality logically prior to its parts, a totality bestowing meaning on its parts, a totality whose welfare or perpetuation all smaller units serve; in short, a totality assumed to define, and be practically capable of defining, the meanings of individual actions and agencies that compose it. A sociology geared to the conditions of postmodernity ought to replace the category of society with that of sociality; a

category that tries to convey the processual modality of social reality . . . (Bauman 1992:190).

Daar het nie net 'n deurslaggewende afstand tussen die groter geheel en sy onderdele ontstaan nie. Daar het ook toenemende kompetisie tussen die onderdele begin ontwikkel, binne die groter geheel.

Under the postmodern condition, habitat is a complex system. . . . First, they are unpredictable; second, they are not controlled by statistically significant factors. . . . the habitat is populated by a great number of agencies, most of them single purpose, some of them small, some big, but none large enough to subsume or otherwise determine the behaviour of the others.

Autonomy means that agents are only partly, if at all, constrained in their pursuit of whatever they have institutionalized as their purpose. To a large extent, they are free to pursue the purpose to the best of their mastery over resources and managerial capacity. They are free (and tend) to view the rest of the habitat shared with other agents as a collection of opportunities and 'problems' to be resolved or removed. . . . . . . . . the availability of resources is the only reason for action they need and thus the sufficient guarantee of the action's reasonability. The possible impact on other agents' opportunities is not automatically re-forged into the limitation of the agent's own output.

The identity of the agent is neither given nor authoritatively confirmed. It has to be construed, yet no design for the construction can be taken as prescribed or foolproof" (Bauman 1992:191-193).

'n Gemeente se bestaansreg word nie gegrond in haar denominasionele struktuur nie, maar in die ontdekking en uitlewing van haar roeping. Haar roeping informeer haar verstaan van haar identiteit en bestaansreg. Niemandt (2007: 21) tipeer die tydvak as 'n tyd wat post-meganies en post-organisasie is. Die aarde en samelewing is lewende organismes, gedryf deur verhoudinge.

## 2.2.7      **Ontnugtering**

Ontnugtering oor verydelde drome en wantroue in gesagsagente is deel van 'n postmoderne wêreld. Dit kan nie anders nie. Die menslike rede en sosiale strukture het toe nie die resultate gelewer waarop moderniteit geroem het nie. Inteendeel, oorloë, hongersnood, onreg neem toe, nie af nie. Skeptisme het deel van die vessel van postmoderniteit geword. Woorde, soos in beloftes, voorspellings, waarborgs en verbintenisse het hulle betekenis verloor. 'n Woord is nie meer goed genoeg nie. Vertroue word nie meer op woorde gebou nie. Hunter verwys na Steiner George (1989 Real Presences, University of Chicago Press, Chicago, bl.89-90), en kom dan tot die slotsom:

What is less obvious is the implicit trust that underlies the language of our civilization. 'There would be no history as we know it', Steiner contended, 'no religion, metaphysics, politics or aesthetics as we have lived them, without an initial act of trust . . . This instauration of trust . . . is that between word and world. . . . His point is that our civilization is based on the confidence or presumption that such a correspondence exists; that the world an our being in it are articulable; 'that the raw material of existentiality has its analogue in the structure of narrative.' 'Truth' as Steiner put it, ' in so far as it was deemed accessible to the limited means of moral supposition, was answerability to the meaning of the world.' The modern world, by its very nature, questions if not negates the trust that connects human discourse and the 'reality' of the world. In its mildest expressions, it questions the adequacy of language to make the world intelligible. In its more aggressive expressions, however, it fosters a doubt that what is said has anything to do with what exists 'out there.' Indeed, it is an aggressive form of dissolution that we see most prominently and pervasively today in both intellectual discourse and popular culture.

The problem is this: when the objectified and shared meaning of words is undermined, when we no longer have confidence that words signify what we thought they signified, then it is impossible to impute any meaning to words one desires. And if words can mean anything, then they have no intrinsic meaning or at least no possibility of a common meaning. They only mean what they say they mean. There are no fixed points of reference. . . . . In a culture in which the covenant between signified and signifier, word and world is broken, words are emptied of meaning. The forces of dissolution, then, lead us to a place of absence, a place where we can never be confident of what is real, what is true, what is good; a place where we are always left wondering if nothing in particular is real or true or good. Indeed, in the social world, the only thing that is irrefutable, the only thing left to connect words to the world, are will and power - that is, a will to power rooted in desires and judgments that have no justification but are their own measure of moral worth and significance. Steiner is not alone in seeing this rupture between word and world as a genuine revolution in the history of the human spirit(Hunter J.D. 2010:205-206).

Geen woord, besluit, reël of belydenis word op sigself waar of goed geag nie. Elkeen word telkens teen die toepaslike konteks geëvalueer en 'n relatiewe waarde van betekenis daaraan toegeken. Die woorde "ek is lief vir jou" het verskillende betekenisse vir die slagoffer van seksuele misbruik, vir die smoorverliefde, vir die toegewyde lidmaat en vir die homoseksuele paartjie wat uit kerklike ampte geweer word.

## 2.2.8 Die onmoontlike kry nuwe lewe

As al die absolute waarhede dan nie so seker is nie, en al die reëls en wette nie die finale uitkomste bepaal nie, dan is daar skielik weer nuwe hoop. Ontnugtering en

onsekerheid maak die deur oop vir alternatiewe. As daar net een uiteinde was, die voorspelde, wat nie realiseer nie, dan sou daar geen hoop wees nie. Dan is die uiteinde 'n doodloopstraat. Dit is die moontlikheid van alternatiewe wat die mens weer voor laat begin. Op dié punt is die versoeningsleer en regverdiging in Christus, soos deur Barth verstaan, die bron van hoop en energie vir voor begin. Hiermee help Derrida ons. Caputo & Scanlon som Derrida se standpunt so op:

On this telling, the new Enlightenment would constitute a second childhood which is given over to dreaming of the impossible, arising from a deep desire for what, given the constraints and conditions imposed by modernity, is precisely not possible, which for that reason is precisely what we most deeply desire.

But everything interesting for Derrida is impossible, not simply, logically or absolutely, impossible, but what he calls the impossible. . . . . For the impossible is indeed an 'aporia' - which means 'no way to go' - but in deconstruction aporias are made to be broken, not to drive us off the road. They are broken not by a bit of academic cleverness and theoretical adroitness but by a dream, a desire, and a deed. 'Go where you cannot go!' To the aporia of the impossible, where the way of knowledge has been blocked, there corresponds the imperative of doing the truth, *facere veritatem*, which is what deconstruction is all about. To put it all in a very condensed formulation, in deconstruction, the very conditions under which something is impossible, is declared impossible by what calls itself 'the light of reason' or 'philosophy', are likewise and especially the conditions of its possibility. Being impossible is what ignites our passion . . .

All of which is a way of saying that deconstruction is structured like a religion. Like a prayer and tear for the coming of the wholly other (*tout autre*), for something impossible, like a messianic prayer in a messianic religion, viens, like a vast and sweeping amen, viens, oui, oui. Like a faith in the coming of something we cannot quite make out, a blind faith where knowledge fails and faith is what we have to go on. . . . . Deconstruction thus turns out to be not the final nail in the coffin of the old God, but rather the affirmation of the religious, not the leveling but the repetition of the religious, and this while Derrida can 'quite rightly pass for an atheist'. To be sure, in deconstruction the repetition of religion is developed without reference to religion as institutional dogma, without getting involved in some article of faith, without theologems, while proposing a non-dogmatic doublet of dogma . . . a thinking that repeats the possibility of religion without religion. Deconstruction is structured like a religion without religion, which is its way of being enlightened about Enlightenment, of passing through the critique of religion set forth in modernity. Deconstruction delimits the dogmatism, authoritarianism, fundamentalism, and violence of what Derrida calls the concrete messianisms, the religions of the Book, in order to make its way to a new Enlightenment, which undertakes the repetition of the structure of the religious, the structure of hope and hospitality, of a messianic faith in the coming of a justice to come, which is the stuff on which deconstruction dreams. Deconstruction is structured like a religion (which makes it suspect to secularists) without religion ( which makes it suspect to the faithful of the religions of the Book, the religion with religion). It is a religion, let

us say, within the limits of what the old Enlightenment declared off limits (Caputo & Scanlon 1999:3,4).

Richard Kearney skryf in dieselfde werk van Caputo & Scanlon "Deconstruction is the desire for the impossible as possible, that is, beyond all our intentional horizons of possibility"(Caputo & Scanlon 1999:124).

Die gevolgtrekking is dan, dat as die reëls, voorskrifte en voorspellings nie noodwendig waar is nie, die onmoontlike nie noodwendig onmoontlik nie, die verbode nie noodwendig verbode nie, en die voorspelde en gestruktureerde uitkoms nie noodwendig die uitkoms nie, en die gevolge nie noodwendig die gevolge nie, dan kan daar alternatiewe wees en dus hoop.

Wat verder belangrik is, is die feit dat die moontlikheid van die onmoontlike 'n onbeperkte aantal vorme kan aanneem.

The typically postmodern view of the world is, in principle, one of an unlimited number of models of order, each one generated by a relatively autonomous set of practices. Order does not precede practices and hence cannot serve as an outside measure of their validity. Each of the many models of order makes sense solely in terms of the practices which validate it. In each case, validation brings in criteria which are developed within a particular tradition; they are upheld by the habits and beliefs of a 'community of meanings' and admit of no other tests of legitimacy... . There are no criteria for evaluating local practices which are situated outside traditions, outside 'localities'. Systems of knowledge may only be evaluated from 'inside' their respective traditions. Systems of knowledge may only be evaluated from 'inside' their respective traditions. If, from the modern point of view, relativism of knowledge was a problem to be struggled against and eventually overcome in theory and in practice, from the postmodern point of view relativity of knowledge (that is, its 'embeddedness' in its own communally supported tradition) is a lasting feature of the world (Bauman 1987:4).

Dié aanhaling verduidelik die onvermoë van teologiese tradisies en kerkverband om splintergroepe aan te spreek deur reëls van buite die groep. Die navorser meen ook dat dit deel van die dilemma is om gemeentes en lidmate te motiveer om die Belydenis van Belhar te onderskryf.

## 2.2.9 Kommunikasie verander die wêreld

Hunter (2008) verwoord die implikasie van elektroniese kommunikasie absoluut helder: Elektroniese media het die konsepte van tyd en afstand ingrypend gerelativeer. Dit het

die gemeenskap se bewussyn, of die afwesigheid van bewussyn, van rampe en roeping bepaal.

These electronic media have transformed the nature of consciousness and culture as well. . . . .these media transform time and space by radically 'compressing them', transforming the objective qualities of space and time by accelerating or eliding spatial and temporal distances (Hunter 2010: 208).

Ernstige etiese en morele sake word in nuusberigte vermeng met die alledaagse asof dit alles dieselfde waarde dra. So kry die alledaagse dikwels die gewig van iets wat oor lewe en dood gaan, en die werklike lewe en dood sake kry die karakter van net nog 'n alledaagse gebeurtenis.

. . . .electronic media . . . compartmentalize the world and place its parts together in incoherent ways, as when a news report on famine in Africa is followed by an advertisement offering pharmaceutical help for erectile dysfunction, which is then followed by the latest results of the NCAA basketball tournament in Charlotte, North Carolina; the stock market news from New York, London, Frankfurt, and Tokyo; a murder trial in Los Angeles; and so on.

. . . .entertainment becomes the primary format for representing experience. Though the appeals are different, the pressures are every bit as great for the evening news as for prime-time drama, and for televised worship services as for sporting events. Here too, distinctions in content are mashed together and flattened out . . . . (Hunter 2010: 209).

Die betekenis en waarde van intimiteit verander:

. . . .these media in their various ways create an illusion of intimacy with actors, politicians, talk show hosts, sport celebrities, and strangers with whom we do business because we share the same conversational space. The information shared is, by its nature, both extremely public but deeply private as well (Hunter 2010: 208).

Die bewussyn van die werklikheid verander. Beeld, simulasie, verteenwoordiging en illusie word vermeng. Daar is 'n onderliggende onsekerheid oor wat dan die werlikheid sou wees.

Altogether these media foster a reality that exists primarily if not only within the surfaces of sensory awareness and understanding. This is a world constituted by image, representation, simulation, and illusion. This is, of course, a highly engineered reality that distances us from our natural surroundings and the immediacy of primary relationships. It is a simulated reality that, in many ways, supersedes lived reality. Indeed, as it is often noted, there is a radical uncertainty about the reality presented by and experienced through these media for the difference between image and presence, simulated and lived, represented and embodied, doesn't disappear but it does significantly dissolve (Hunter 2010: 208-209)."

Dat ons wêreld individueel, in diskontinuitéit, nie-liniêr, en in afsonderlike eenhede funksioneer is 'n gegewe.

Opgesom:

In 'n postmoderne wêreld het nuwe moontlikhede na vore gekom. Elke "absolute waarheid" kan anders geformuleer word. Meervoudige waarhede veronderstel meervoudige moontlikhede. Pluraliteit skep nie meer verwarring en risiko's nie, maar veronderstel rykdom. Vooruitgang, sukses, prestasie word gerelativeer (word onder die metaforiese verhoudings-mikroskoop geplaas) en gemeet aan die relasionele betekenis daarvan. Individue en klein-groepe ontdek 'n eie waarde en identiteit. Die ontnugtering met reëls, instellings en strukture word die energie waarmee voor begin word in die soeke na betekenis.

Omdat Zygmunt Bauman in die navorsing na vore gekom het as een van die belangrikste skrywers oor postmoderniteit word daar in die volgende hoofstuk spesifiek aan sy werk aandag gegee. "If you are new to the hotly raging debate about modernity and postmodernity, start by reading Zygmunt Bauman. He is one of the most interesting and influential commentators on these aspects of our human condition." (Smith 1999:3)

". . . Bauman is often also imagined as the leading sociological representative of postmodernism." (Beiharz 2000:vii) Citlali Rovirosa-Madrazo (Bauman 2010:9) noem Bauman ". . . one of the sharpest knives . . . ". Hy meen ook dat morele verantwoordelikheid Bauman se enkele motivering vir al sy skryfwerk is (Bauman 2010:11).

## HOOFTUK 3: DIE PERSPEKTIEWE VAN ZYGMUNT BAUMAN SE BETEKENIS VIR DIE FORMULERING VAN 'N KERKORDE

### 3.1 Enkele waarnemings deur ander verwoord

Dennis Smith (1999:26–32) beskryf die invloed van ander skrywers op Bauman. Tot en met die 1980's is Bauman beïnvloed deur Karl Marx, Antonio Gramsci en Jurgen Habermas. By Marx het hy die belangrikheid van beheer, as instrument waarmee ons wêreld verstaan kan word, oorgeneem. By Gramsci het hy die oortuiging oorgeneem dat die krag van kapitalisme toegeskryf kan word aan die feit dat kapitalisme se beheermaatreëls en idees die hele gemeenskap geïnfiltreer het. Met Habermas het hy die oortuiging dat kulturele wetenskappe soos sosiologie, hermeneuties van aard is, gedeel. Die verstaan van die betekenis (waardes, doelwitte, nuanses en wêreldbekouings) wat verskillende lewensvorme soos klasse, nasies en etniese groepe onderlê, is belangrik. Dit het ook die toetssteen vir waarheid geword.

Teen die middel van die 1990's is bogenoemde drie vervang deur Michel Foucault, Theodor Adorno en Emmanuel Levinas. By Foucault het hy aansluiting gevind by die konsep van dissipline. Van Adorno het hy die belangrikheid daarvan om jou eie ervarings van ballingskap intellektueel betekenisvol te maak oorgeneem. Hy het die rol van 'n vreemdeling gebruik om die mistastings van ideologieë wat ander troos, uit te daag. Sy vyand was die Verligting, wat "vreemdes" en alles wat "vreemd" is, gevrees het. In navolging van Levinas was dit Bauman se uitdaging om moraliteit die "absolute nuwe begin" te maak, om etiek voor ontologie te plaas. Die antwoord lê dan vir hom daarin dat die mens sal leer om "vir-die-Ander" te wees, om verantwoordelikheid teenoor ander te hê, selfs voordat jy self bestaan.

Keith Tester (Bauman & Tester 2001:12) "Bauman argues . . . that morality is about commitment to the other over time."

Benedetto Vecchi (Bauman & Vecchi 2004:3) "We have here an intellectual who considers the principle of responsibility to be the first act of any involvement in public life."

De Groot (2006) meen dat Bauman skepties is oor die moontlikhede van postmoderniteit. Dit is egter nie die navorser se konklusie nie. Inteendeel, die navorser

meen dat Bauman op 'n besonderse manier die pad van moontlikhede aandui. De Groot (2006: 97,98) meen dat Bauman se analise van postmoderniteit eintlik net twee moontlikhede vir die kerk as instituut oop laat: óf 'n instituut vir enersdenkendes, óf 'n instituut wat oppervlakkig, esteties en kortstondig funksioneer. Die navorser meen dat dit 'n eensydige interpretasie is, en soos aangedui sal word, deur Bauman beredeneer en afgewys word. De Groot (2006:98) erken egter wel dat Bauman instellings bepleit wat deur moraliteit, deelname en onderlinge sorg gekenmerk word.

### 3.2 Bauman se verstaan van postmoderniteit

Bauman beklemtoon dat die postmoderne wêreld totaal anders, soms teenstrydig anders, as die wêreld van moderniteit funksioneer. Dit het alles te doen met die manier waarop ons onsself beleef en verstaan. Dit het dus ten diepste te doen met identiteit. Kerklik gesproke het dit te doen met die manier waarop die kerk haar roeping verstaan en haar identiteit definieer. Hier kom die Missio Dei-debat ter sprake. Die verwysing na dié debat, wat sy oorsprong by David Bosch het, en op 'n manier by die 2014 Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk in besluite vasgelê is, is om vanuit 'n suiwer theologiese beredenering Bauman se klem op die soeke na identiteit in plaas van oorlewing of instandhouding, te onderskryf. Nelus Niemandt (2007:41) verwys na Martin Buber se waarskuwing dat sentralisasie en kodifikasie wat in belang van godsdiens onderneem word, lewensgevaarlik is vir die hart van godsdiens. Strukture en kerkordes is deel van dié kodifikasie. Niemandt illustreer dan duidelik hoe die reformatoriese kerke met hulle modernistiese klem op belydenisskrifte, hulle eintlike gespreksgenote (ongelowiges) laat vaar het, om oor minder belangrike sake met medegelowiges in twis te gaan. Verwysend na Thomas Bandy onderstreep hy die punt dat dit vir postmoderne mense wat in 'n heidense wêreld leef irrelevant geraak het wat die betekenis van denominasionele grense van Christelike kerke sou wees. Guder bevestig dat kerklike vormgewing in wisselwerking met die konteks waarbinne die kerk opereer sal moet geskied.

When we consider the structures of the missional church, our task is to apply the theological understandings rooted in the Missio Dei to the church's structures. The gospel shapes a people who believe, witness, practice, hope, and decide in concrete forms, specific to the culture in which that people are God's sent community. The process of missional organization is always to be carried out in a realistic interaction with the distinct cultural context within which the people of God respond to God's sending. Organizational formation is as much a form of translated witness as is the translation of the Bible . . (Guder 1998:222)

So 'n konteks het nie net met taal en etnisiteit te doen nie, maar ook met denkkraamwerke, in die huidige situasie – postmoderniteit.

Bauman werk indringend met identiteit as konsep. Dit wil, volgens Bauman, selfs voorkom of die soeke na identiteit in die postmoderne wêreld belangriker geword het as die soeke na waarheid.

The postmodernist debate is about the self-consciousness of Western society, and the grounds (or the absence of grounds) for such consciousness. The concept of postmodernism . . . . . proclaimed the end of the exploration of the ultimate truth of the human world or human experience (Bauman 1987:118).

The postmodern period is distinguished by abandoning the search itself, having convinced itself of its futility. Instead, it tries to reconcile itself to a life under conditions of permanent and incurable uncertainty; a life in the presence of an unlimited quantity of compromising forms of life, unable to prove their claims to be grounded in anything more solid and binding than their own historically shaped conventions (Bauman 1987:120).

Soos later in die hoofstuk sal blyk het die identiteit nie meer te doen met sekerhede uit die verlede nie, maar met die onsekerhede van nou en die toekoms. Ons identiteit word nie meer gedefinieer deur ooreenkoms nie, maar deur verskille, en die manier waarop daar betekenisvol met die verskille in verhoudings geleef word.

. . . . . Communitarians in turn seek to short-circuit claims to identity by referring to where allegedly we have come from, rather than where we might be going to. Communitarianism is tribal in its logic, for it reproduces the prescriptive patterns of tradition, where we must assume that my identity is deeply bound by race, place and tradition. Communitarians want to rebuild the roots that different modernities have torn up; but we have to live, today, with dislocation and mobility. We are not bound to each other by similarity, but by difference, and in contingency (Beilharz 2000:124-125).

Met die gebruik van die terme "moderniteit" en "postmoderniteit" plaas Bauman die klem op die proses wat afspeel, die manier waarop die proses die klimaat en inhoud van denke beïnvloed, en gevvolglik ook op die keuses wat gemaak word en die aksies wat daaruit voortspruit. Baumann se gebruik van die term "moderniteit" bedoel ook om 'n negatiewe waardeoordeel te vermy. In sy beredenering stel hy nie moderniteit en postmoderniteit teenoor mekaar as goed of sleg, beter of slechter, nie. Postmoderniteit is 'n gegewe wat waargeneem en geanalyseer word, met die doel om dit beter te verstaan, nie om dit te korrigeer nie. Met die beter verstaan van postmoderniteit word dit ook duidelik dat verhoudinge die geheim is vir die funksionering van samelewing-

strukture, belangriker as strukture en instellings self en belangriker as besluite en wette.

Daarby is moderniteit nie afgesluit van postmoderniteit nie; postmoderniteit word steeds in terme van moderniteit gedefinieer – na die mate waarin dit met mekaar vervleg is, en van mekaar verskil. Die een veronderstel die ander, speel in op mekaar. Bauman gebruik die term “postmoderniteit” ook in ‘n sin voorlopig, tipies eie aan postmoderniteit. Die term “liquid modernity” word selfs gebruik om die andersheid van postmoderniteit mee te definieer. Dit lig die vloeibaarheid uit, teenoor sekerheid. Dit bly egter ‘n uitvloeisel van moderniteit.

Een kernelement van postmoderniteit is onsekerheid – daar is nie absolute waarhede nie. Waarheid gebeur in ‘n bepaalde konteks/habitat, teen die agtergrond van ‘n bepaalde verhaal/tradisie. Elke individu en gemeenskap se konteks en verhaal verskil – gevvolglik ook elkeen se ervaring of gebrek aan ervaring van sekerheid. Daarom sal antwoorde op dieselfde vrae telkens anders klink. Absolute en algemeen geldende waarhede bestaan nie. Sekerhede en uitkomste kan ook nie gewaarborg word nie. Die onvoorsiene is ‘n werklikheid. Teen dié agtergrond moet Bauman se metafoor van “vertaler” verstaan word wat onder punt 2 verder bespreek word.

What makes a strategy which refuses to renounce its modern commitments a 'postmodern' one, is the bluntness with which its premises are recognized as assumptions; in a truly 'postmodern' vein, such a strategy refers to values rather than laws; to assumptions instead of foundations; to purposes, and not to groundings. And it is determined to do without the comfort it once derived from the belief that 'history was on its side', and that the inevitability of its ultimate success had been guaranteed beforehand by inexorable laws of nature . . . (Bauman 1992:108)

‘n Volgende kernelement is diversiteit, teenoor uniformiteit. Verskillende voms van lewe en uitdrukking het legitimiteit. Elkeen IS, en MAG daarom ook. Elke lewensvorm bestaan en het bestaansreg – dit is. Die verskillende levensvorme is ook nie afwykings, onvanpas, barbaars of onbehoorlik nie. Die terme: gepeupel(people), onbeskaaf, gekultiveer, barbaars, opgevoed, onbeskof, is terme eie aan moderniteit.

Postmodernity is marked by a view of the human world as irreducibly and irrevocably pluralistic, split into a multitude of sovereign units and sites of authority, with no horizontal or vertical order, either in actuality or in potency. To put it in a

different way, the postmodern world-view entails the dissipation of objectivity. The element most conspicuously absent is a reference to the supracommunal, extraterritorial grounds of truth and meaning. Instead, the postmodern perspective reveals the world as composed of an indefinite number of meaning-generating agencies, all relatively self-sustained and autonomous, all subject to their own respective logics and armed with their own facilities of truth-validation. (Bauman 1992:35)

Beilharz dui duidelik aan hoe Bauman aantoon dat die konsep van pluraliteit die beskerming teen barbaarsheid is.

Pluralism is the best preventative medicine against morally normal people engaging in morally abnormal actions. The voice of individual moral conscience is best heard in the tumult of political and social discord. . . . For Bauman insists that if there is one central theme following from the Milgram experiments, it is that cruelty correlates with certain patterns of social interaction much more than it does with personality features or other individual idiosyncrasies of the perpetrators: 'Cruelty is social in its origin much more than it is characterological' (Beilharz 2000:100).

Nou hieraan verbind is die konsep van relativiteit, nie van relatiewe ongeërgdheid nie, maar van 'in verhouding tot' die onseker diversiteit. Alles en almal staan relatief tot mekaar. Dit is nie 'n verhouding wat vasgevang is in 'n vaste voorgeskrewe sisteem nie, maar een wat vloeibaar met die getye van konteks, tradisie en betekenis tussen hoog- en laagwater wissel. Riviermondinge kan so heeltemal toespoel dat hulle eers jare later, indien ooit, weer funksioneer. Relasies verdiep en vervlak, vorm, ontbind, stagneer, herleef. Identiteit en betekenis word in terme van verhoudinge gedefinieer, in terme van 'behoort aan', 'is deel van'. Postmoderniteit is dus iets wat baie ernstig opgeneem moet word – dit is nie net 'n verbygaande modegier nie.

I suggest, in other words, that the phenomena described collectively as 'postmodernity' are not symptoms of systemic deficiency or disease; neither are they a temporary aberration with a life-span limited by the time required to rebuild the structures of cultural authority. I suggest instead that postmodernity . . . . is an aspect of a fully-fledged, viable social system which has come to replace the 'classical' modern, capitalist society and thus needs to be theorized according to its own logic (Bauman 1992: 52).

Beilharz (2000:16) verwys na Bauman se standpunt dat die modernistiese, industrialistiese meganisme van sosiale reproduksie en en sy denkraamwerk aan die uitloop is. Beilharz (2000:55) meen, met verwysing na Bauman, dat in 'n postmoderne

wêreld ons eerder met komplekse as met meganiese sisteme te doen het. Die omgewing is onvoorspelbaar en word nie deur statisties beduidende faktore beheer nie.

. . . . the theory of postmodernity would do well if it disposed of concepts like system in its orthodox, organismic sense, suggestive of a sovereign totality logically prior to its parts, a totality bestowing meaning on its parts, a totality whose welfare or perpetuation all smaller units serve; in short, a totality assumed to define, and be practically capable of defining, the meanings of individual actions and agencies that compose it. A sociology geared to the conditions of postmodernity ought to replace the category of society with that of sociality; a category that tries to convey the processual modality of social reality . . . (Bauman 1992:190).

Die klem op ‘orde’ wat so eie aan moderniteit was, het verskuif. Orde lyk nou anders, dra ‘n ander waarde, word anders beskryf, gedefinieer. Om “chaos” te akkommodeer kan vandag deel van ‘n sinvolle en ordelike proses wees. Die skep van ruimte vir die onvoorsiene is ook ‘n ordelike weg om te gaan:

Bauman (1987:3) beskryf moderniteit as ‘n wêreld wat grootliks deur ordelikheid gekenmerk is. Moontlikhede kon voorspel en bestuur word. Beheer (onder meer die beheersing van die natuur, beplanning en ontwerp) was van die funksionele tegnieke. Effektiwiteit van beheer en korrektheid van kennis was ten nouste verweef.

Culture rests upon the substitution of artificial order for natural order. Yet order itself is also highly variable in practice. Order is a graded notion: the level of order is measured by the degree of predictability. The prospect of eliminating disorder remains illusory. Ordering works against an incertitude which itself is indissoluble (Beilharz 2000:71).

Modernity presumes an image of the world as an ordered totality, open to the prospect of explanation, prediction and control. Control itself is bound into the idea and practice of social engineering, planning and mastery over nature. Effectivity of control and correctness of knowledge are tightly related. The typically postmodern worldview, in contrast, generates a plurality of models of order. Truth claims are connected to communities of meaning rather than higher or necessarily external goals. Localism and relativism rule, as they implicitly did before the modern. . . . .(Beilharz 2000:76)

‘n Kerkorde veronderstel die skep van orde. As die veronderstelling en bedoeling, een vorm van orde is, moet ons nie verbaas wees oor die misnoëë waarmee kerkordes bejeën word nie.

Bauman (1987:4) dui aan dat die tipiese postmoderne beskouing van die wêreld beteken dat die wêreld oor ‘n onbeperkte aantal modelle vir orde beskik, wat weer elkeen sy eie stel werkswyses het. Elke model van orde kan alleen verstaan word in

terme van sy eie praktyke. In elke geval word die geldigheid van 'n model van orde bepaal deur die tradisies, gewoontes en geloofsoortuigings van die bepaalde gemeenskap van betekenis waarbinne dit funksioneer. Dit onderwerp hom nie aan enige eksterne bron van legitimiteit nie. Daar is nie kriteria waarvolgens dit van buite beoordeel kan word nie. Selfs die sisteem van kennis waarmee besluite geneem word is relatief tot die gemeenskap van betekenis. Daarom sal dit nie tot betekenis bydra om verskillende modelle se geskiedenis te beskryf en dan 'n keuse tussen bestaande modelle te maak nie. Die ontwikkeling van alternatiewe modelle soos bepaal deur die tersaaklike verhoudinge in 'n bepaalde konteks sal van veel meer betekenis wees.

Bauman lê klem op die rol wat gemeenskappe van betekenis speel. Betekenis is eintlik die enigste bron van energie vir 'n gemeenskap. Hier het ons na my mening te doen met een van die kernoorsake van die skynbare doodloopstraat waarin die debat oor die Belydenis van Belhar hom telkens vasloop. Hoe graag ons sou wou hê dat dit anders moes wees, deel die Ned.Geref.Kerk, VGK, NGKA en RCA deel nie in dié stadium '*community of meaning*' met mekaar nie. Die gebrek aan gemeenskaplikheid wat betekenis dra verklaar ook die verskynsel dat geloofsgroepe en geloofstradisies dit skynbaar onmoontlik vind om aangespreek te word deur reëls of verantwoordelikhede of lojaliteit wat van buite na hulle toe kom.

### **3.3 Van wildbewaarder tot tuinier (wetgewer), en toe van wetgewer tot vertaler**

Bauman gebruik twee metafore om die verandering van ons wêreld mee te illustreer. Guibentif (2007:178) meen dat Bauman juis metafore gebruik om die data en interpretasies van spesialiste, wat vir leke moeilik verstaanbaar is, duideliker te maak. Hy hoop om die verbande tussen sosiologiese refleksie en openbare debat so te stimuleer. Bauman beskryf die voor-moderne wêreld as 'n wêreld wat gekenmerk was deur natuurlike wyses van bestaan – soos in 'n wildernisgebied. Daar is bestaande konvensies en 'n vorm van balans wat hulleself in stand hou. Die konvensies en oorlewingsmeganismes is deur tradisies (ou vrouens, spreuke en wysheidsfigure) oorgedra.

'Wild cultures' says Ernest Gellner, 'reproduce themselves from generation to generation without conscious design, supervision, surveillance or special nutrition.

'Cultivated' or 'garden' cultures, on the contrary, can only be sustained by literary and specialized personnel. To reproduce, they need design and supervision, without them, garden cultures would be overwhelmed by wilderness. There is a sense of precarious artificiality in every garden; it needs the constant attention of the gardener, as a moment of neglect or mere absent-mindedness would return it to the state from which it had emerged (and which it had to destroy, evict or put under control to emerge). However well established, the garden design can never be relied upon to reproduce itself, and never can it be relied upon to reproduce itself by its own resources. The weeds - the uninvited, unplanned, self-controlled plants - are there to underline the fragility of the imposed order; they alert the gardener to the never-ending demand for supervision and surveillance.

The emergence of modernity was such a process of transformation of wild cultures into garden cultures. Or, rather, a process in the course of which the construction of garden cultures re-evaluated the past, and those areas that stretched behind the newly erected fences, and the obstacles encountered by the gardener inside his own cultivated plot, became the 'wilderness'. (Bauman 1987:51).

Vyf jaar later sou Bauman homself nog selfs sterker uitlaat oor die 'kultuur ideaal' van moderniteit.

The intellectual ideology of culture was launched as a militant, uncompromising and self-confident manifesto of universally binding principles of social organization and individual conduct. It expressed not only the exuberant administrative vigor of the time, but also a resounding certainty as to the direction of anticipated social change. Indeed, forms of life conceived as obstacles to change and thus condemned to destruction had been relativized; the form of life that was called to replace them was seen, however, as universal, inscribed in the essence and the destination of the human species as a whole (Bauman 1992:11).

Die vraag is dan of die noodsaak aan 'n kerkorde nie dalk 'n aanduiding is van die kunsmatigheid van die huidige sisteem nie, eerder as 'n aanduiding van die aanvaarde inherente boosheid daarvan. Het ons die reëls nodig omdat gelowiges en gemeentes inherent boos is, of omdat ons 'n kunsmatige sisteem wil probeer in stand hou?

Bauman haal Anthony Delves aan en verwys na die tradisionele sokkerwedstryde wat in die strate van Derby gespeel is in die vroeë 1800's. Die gemeenskap in sy geheel was betrek. Elkeen was 'n deelnemer! Maar die gedagte aan 'n spel waar daar net deelnemers was, is vergelyk met heidense rituele! Daar moet reëls wees! (Bauman 1987:65) Natuurlik was daar reëls, maar nie van buite af voorgeskryf, met die idee dat die deelnemers nie in staat is om hulle eie spel te organiseer nie. Allerminds kon die aantal deelnemers beperk word, dit was juis die algemeen aanvaarde gegewe dat enige een en almal kon deelneem. Daarby is opponente nie as vyande of indringers gesien nie.

En die debat oor kerkmusiek . . . .

The eviction of popular orchestras from churches and their replacement with hired organists was another episode in the same cultural crusade . . . . Vic Gammon's research leaves little doubt . . . . The Church-sponsored press did not mince words in alerting enlightened parishioners . . . . The Parish Choir, 1846 - 51 . . . . 'Nothing can be more certainly fatal to the good cause, than placing the management of the music in crude and vulgar hands.' The Church of England Quarterly Review noted with satisfaction that 'the days are happily numbered in which a fiddle and a bassoon were looked upon as the appropriate accompaniments to a church choir . . . (Bauman 1987:66)

Die probleem was nie die instrumente nie, maar die beoordeling en klassifisering van mense as van minder of meerdere waarde.

Tydens die Verligting, sê Bauman, is die wildernis omvorm tot 'n tuin. Met die klem op die mens se vermoë om met sy rede en absolute waarhede sy wêreld te vervorm tot die utopie wat hy bedink het, het die mens begin tuin maak. Die uitgangspunte was sistematiese ordening, uniformiteit, voorspelbaarheid en absolute waarheid waarmee alle gebeure bestuur is, gras gesny, akkers gevorm, onkruid verwyder en beter genetiese materiaal geskep is. (Cultivated/kultuur!) In die proses is alle vorme van lewe wat nie in die program gepas het nie, uitgewis, of hervorm indien moontlik. Die 'gepeupel' is verklaar tot die terrein van dié wat beter weet, se arbeid. Alle vorme wat eie was aan die wildtuin is uit die sisteem geweer, ook die rol van ou vrouens en wysheidsfigure (tradiese), is vervang met onderwys.

The typically modern view of the world is one of essentially orderly totality; the presence of a pattern of uneven distribution of probabilities allows a sort of explanation of the events which - if correct - is simultaneously a tool of prediction and (if required resources are available) of control. Control ('mastery over nature', 'planning', or 'designing' of society) is wellnigh synonymous with ordering action, understood as the manipulation of probabilities (rendering some events more likely, others less likely). Effectivity of control and correctness of knowledge are tightly related (the second explains the first, the first corroborates the second). . . . (Bauman 1987:3)

Smith (1999:119) wys daarop dat ons in reaksie op postmoderniteit mag meen dat ons weer gemeenskappe kan skep wat waardesisteme wat vooraf goedgekeur is sal nastreef. Saam met Bauman meen hy dat gemeenskappe nie doelbewus "gefabriseer" kan word nie. Gemeenskappe gebeur.

As Robert Pawlik perceptively and clearly expressed it (in *Kronos* 2(2010), p.44), 'Ecclesia is formed through messianic suspension of all extant dividing lines. A

messianic event is a breakthrough and upturn so radical that it results in "de-activation" of legal orders heretofore in operation - religious as much as political . . . . From this moment on (in the "messianic era"), human relationship is no longer regulated by law and by associated hierarchies and power relations, but by love of one's neighbour (Bauman 2012:74).

Wanneer lede van gemeenskappe selfbewus raak oor hulle bronre van mag, is dit 'n seker teken van hulle agteruitgang. Gemaakte gemeenskappe dwing graag hulle reëls op randfigure en agter-osse af. "When the visible church is primarily concerned with its image, its growth, its success, and its security, then it is ripe for conversion . . ." (Guder 1998:229)

"The typically modern strategy of intellectual work is one best characterized by the metaphor of the 'legislator' role." (Bauman 1987:4)

To summarize, the structures of modernity express the interests of a legislating elite of bureaucrats and intellectuals, which has employed its 'gardening' skills to 'cultivate' a population that behaves as if it is under constant surveillance. . . . . Modernity also expresses the human desire to impose order and meaning upon nature and society, to conquer all potential sources of uncertainty and to achieve security even at the cost of freedom (Smith 1999:141).

Die probleem met 'n tuin is dat hy homself nie in stand kan hou nie. 'n Tuin moet voortdurend gevorm word. Daarby het die mens begin besef dat absolute waarheid, sekerheid, uniformiteit, voorspelbaarheid en uiteindelik 'n utopie toe nie haalbaar is nie. Of dit nou in die vorm van Westerse kapitalisme of kommunisme is, dit werk nie meer nie, kon eintlik nooit werk nie. Dit was 'n drog-idee van die mens se hubris. Wette maak, werk nie! Waarom sou ons dan steeds probeer om met reëls, ook kerklik, dit wat stukkend is reg te maak, of wat kan breek, te voorkom?

Toenemend is daar 'n soeke na die natuurlike wat verloor is. In postmoderniteit vind die soeke uiting in die privatisering en individualisering van lewensvorme. Elkeen soek na sy/haar eie tradisie, waarheid en antwoord op die gebrokenheid. Daar word gesoek na gemeenskap – maar op eie terme. Wat nou nodig is, is nie meer tuiniers/wetgewers nie, maar vertalers wat outentiek individue en individuele groepe se verhale kan vertaal/interpretier sodat dit deur ander gehoor en gerespekteer kan word. Dit is die tweede metafoor wat Bauman gebruik.

The typically postmodern strategy of intellectual work is one best characterized by the metaphor of the 'interpreter' role. It consists of translating statements, made

within one communally based tradition, so that they can be understood within the system of knowledge based on another tradition. Instead of being orientated towards selecting the best social order, the strategy is aimed at facilitating communication between autonomous (sovereign) participants. It is concerned with preventing the distortion of meaning in the process of communication. For this purpose, it promotes the need to penetrate deeply the alien system of knowledge from which the translation is to be made . . . . . , and the need to maintain the delicate balance between the two conversing traditions necessary for the message to be undistorted (regarding the meaning invested by the sender) and understood (by the recipient). It is vitally important to note that the postmodern strategy does not imply the elimination of the modern one; on the contrary, it cannot be conceived without the continuation of the latter. While the postmodern strategy entails the abandonment of the universalistic ambitions of the intellectuals' own tradition, it does not abandon the universalistic ambitions of the intellectuals towards their own tradition; here, they retain their meta-professional authority, legislating about the procedural rule which allows them to arbitrate controversies of opinion and make statements intended as binding. The novel difficulty, however, is how to draw the boundaries of such community as may serve as the territory for legislative practices (Bauman 1987:15).

The interpreter approaches what is familiar to the author as though it is foreign or unknown . . . . It seeks out resonances and dissonances between inside and outside, older and more recent. The interpreter is therefore a messenger, only the message is not self-evident; for contemporary hermeneutics the interpreter is the receiver, and not only the agent of transmission. The hermeneutic circle is the process of constructing understanding which holds up culture, makes it possible. Hermeneutics opens up as it develops historically, from text to culture, for to understand is also to value (Beilharz 2000:67).

In contrast, again, and though Bauman does not summon up this precise word here, the typically postmodern strategy of intellectual work is hermeneutic. The postmodern intellectual is a translator, not an arbiter. He or she translates statements, made within one communally based tradition, so that they can be understood within the system of knowledge based on another tradition. Interpreters do not decide on behalf of others; they seek rather, to facilitate communication between different autonomous participants (Beilharz 2000:76).

Smith (1999:26) skryf oor Bauman dat hy in die 1990's weggedraai het van bloudrukke en metodologieë. Hy het self 'n vertaler geword, 'n sensitiewe buitestander wat gesoek het na betekenisse wat nog vir ander verskuil kon wees. Bauman verwys na Gadamer se 'Truth and Method', om die noodsaak aan die rol van die "interpreter" te staaf. (1987:144)

The idea of interpretation assumes the meaning-constituting authority to reside elsewhere - in the author, or in the text; the role of the interpreter boils down to reading out the meaning. The good interpreter is one who reads the meaning properly - and there is a need (or so one may hope) for someone to vouch for the

rules which guided the reading of the meaning and thus made the interpretation valid or authoritative; somebody who would sieve good interpretations from bad ones. But the strategy of interpretation does differ from all strategies of legislation in one fundamental way: it does abandon overtly, or put aside as irrelevant to the task at hand, the assumption of the universality of truth, judgement or taste; it refuses to differentiate between communities which produce meanings; it accepts those communities' ownership rights, and the ownership rights as the only foundation the communally grounded meanings may need (Bauman 1987:197).

As daar dan reëls moet wees, dan hoogstens reëls wat ruimte skep vir verhoudinge van betekenis. Bauman verwys ook na Derrida en wys op die belangrikheid daarvan om te verstaan dat die interpretasie ook nooit afgehandel is nie, maar oneindig. Dit is die rede vir die belangrikheid van verhoudinge, waarbinne die interpretasie kan voortgaan.

The central message of Derrida is that interpretation is but an extension of the text, that it 'grows into' the text from which it wants to set itself apart, and thus the text expands while being interpreted which precludes the possibility of the text ever being exhausted in interpretation. Derrida's philosophy of deconstruction asserts the inescapability of multiple meaning and the endlessness of the interpretive process (Bauman 1992:132).

### **3.4 Oor outoriteit, mag, gesag en wette**

Hoekom het wette 'n wesentlike deel van die samelewing geword? Die tuin moes gekultiveer word! Die oorspronklike ontwerp – die wildernis, moes herontwerp word. 'n Nuwe tuin is aan die hand van die menslike rede uitgelê. Al die agente van wysheid uit die ou wêreld is nietig verklaar. Die nuwe tuinwerkers - fabriekswerkers en soldate, moes die regte handelinge uitvoer. Almal moes die meesterplan ken en nakom. Almal moes hulle rolle na die letter van die ontwerp uitvoer. Niemand kon dit egter uit hulself doen nie en niemand kon ook daarmee vertrou word nie. Die burger/gepeupel was onkundig na die oordeel van die meesters van die rede. Daarom is daar wette gemaak. Beilharz (2000:78) wys daarop dat die drang om reëls te formuleer sy oorsprong het in die moderniteit wat van "wildbewaarders" "tuiniers" gemaak het. Die spesialiste het gemeen om die redders van die "ongewastes" te wees.

The task consisted, in other words, in a change of educating elites. . . . Priests, vieilles Femmes and ancient proverbs were selected as representations of the forces of darkness. Priests, of course, stood for the spiritual hierarchy of the Church . . . . An alternative intellectual elite to be disempowered and displaced. .

. . . The old wives stood for localized, communally based authority . . . Ancient proverbs represented the forces of tradition . . ."

"The participants of the debate on l'instruction publique saw education as a metaphor for society as such."

"It is indeed striking how relatively little attention the debate paid to the content of the postulated education, . . . . By far the most frequent and most carefully elaborated theme of the debate was that proposing rules for the daily behaviour of the pupils . . . Ought to be assured. The method most widely considered was . . . surveillance. . . . teachers were seen, first and foremost, as experts in supervision and the enforcement of discipline. . . . austere discipline was to be . . . a total absence of situations for which no rules existed, . . . (Bauman 1987:71,72).

The purpose of education is to teach obedience. Instinct and willingness to conform, to follow command, to do what the public interest, as defined by the superiors, demands to be done, was the skill most needed by the citizens of a planned, designed, thoroughly and completely rationalized society (Bauman 1987: 73).

Die hele sisteem was daarop gerig om gehoorsaamheid te kweek. Gehoorsaamheid was die deug, selfs al sou individualiteit en diversiteit opgeoffer moes word. Ten alle koste moes die burger geleer word om in gelid te leef. Eksterne ouoriteit het gedrag en keuses met mag en gesag voorgeskryf en bepaal. Die kurrikulum van die lewe en die onderwysstelsel het ten diepste gehandel oor dissipline. Dit was die verwaandheid waarmee reëls gemaak en afgedwing is. Bauman (1987:110) laat hom baie sterk uit oor die hubris waarmee Europeërs kategorieë van mense, anders as hulleself, gedissiplineer, onderrig, opgevoed, genees, gestraf en hervorm het.

Outoriteit, mag en gesag het buite die individu, ekstern en 'supracommunal', gesetel in die instellings wat daarvoor deur die kundiges ontwerp is.

The idea of rational government constituted a true novelty. It was concerned not merely with a substitution of a better policy for an inferior one, good laws for bad. It entailed a wholly new concept of government, its scope and responsibilities. The government was now seen as the force that - knowingly or by default - shapes the external framework of human life; the idea that society is 'man-made' represented the unprecedented ambition of the modern state to actually make the society; and an unheard-of mobilization of resources that rendered such making a viable proposition. The concept of state laws was also new; the idea of their postulated 'rationality' represented a new intention to use legislation for moulding social reality according to the precepts of reason. All in all, rational government meant the newly perceived malleability of social life, its need to be shaped, its amenability to being remade according to designs embodied in the action of external agencies - power be in tantamount to the effectiveness of such action (Bauman 1992:10).

The authority involved the right to command the rules the social world was to obey; and it was legitimized in terms of a better judgment, a superior knowledge guaranteed by the proper method of its production (Bauman 1992:11).

Wette impliseer egter meestal magsaanwending en konflik of kompetisie. As wen en selfsug die spel besoedel, is wette nodig. As goeie verhoudinge nie gerespekteer word nie, is daar 'n soeke na 'n regsreël wat uitbuiting bestuur. Wette veronderstel die oortreder. Wette veronderstel 'n bedreiging. Wette word nie gemaak vir dié wat self oor 'n inherente waardigheid beskik nie. Wette word geskryf met die verbreker van verhoudinge in gedagte. Wette maak voorsiening vir die moontlikheid dat die harmonie van die verhouding verbreek kan word. Goeie orde/verhoudinge dra egter 'n geheimenis in hulself, 'n identiteit wat reëls en voorskrifte oorbodig maak.

Hoe groter die spanning tussen die utopie en die bedreiging skynbaar sou wees, hoe meer rigied word die wet en die toepassing daarvan. Wette kan nie anders as met mag afgedwing word nie.

. . . laws, are as good as the authority that backs them: . . . And authority is as good as the coercive forces at its disposal. The coercive capacity of such forces depends in turn on their exclusivity: on the degree to which their command is condensed and genuinely free from rivals (Bauman 1992:68).

Wanneer Beilharz (2000:96,99) in dié verband na Bauman verwys dui hy die donker kant van wette duidelik aan. Hy wys daarop hoe moderniteit vir ons die instrumente gegee het wat dit vir ons moontlik gemaak het om minder humanitêr te handel. Hy dui aan hoe fascisme nie die resultaat van chaos of kranksinnigheid is nie, maar uitgevoer word met foutlose, presiese wet en orde. Hy wys op die gemoderniseerde afstand wat deur effektiewe organisasie geskep word, en wat dit vir die agent moontlik maak om lyding te veroorsaak, en steeds vrede met homself te hê. Dit is gemeganiseerde afstand en anonimititeit wat die moontlikheid van wredeheid open vir hulle wat nooit iemand sal benadeel wat hy in die oë kyk nie.

Volgens Bauman (1995:34) het moderniteit gemeen dat reëls tussen orde en chaos staan, tussen humaniteit en dierlikheid, tussen bewoonbaar en onbewoonbaar, tussen betekenis en sinloosheid. Wette was nodig vir elkeen en vir alles wat gedoen kan word. Etiek was 'n noodwendige deel van die gejaag na wette. Mense moes gedwing word om hulle plig na te kom, en geleer word dat dit goed is. Dié gedrag kon ook net verseker

word deur toegepaste wette. Moderniteit het die eeu van etiek geword. (Bauman 1995:34)

There is a hole in the heart of modernity. It is called ethics. Moderns fill this hole with order, with rules and regulations. Ethics was a chance given to moderns, who have been unable largely to take on the challenge, for they are still traditionalists at heart, creatures of habit, for whom the prospect of autonomy is simply too much; easier to just follow the rules. By this process morality or conventionalism is substituted for ethics, or care of the self and others; and in turn moralism or hectoring replaces morality, or else morality gives way to law: we let the magistrates and black letter law books tell us how to live. . . . . The legislators, in short, expected the worst of the masses, presuming that their natural intelligence would always play into vice or self-interest (Beilharz 2000:123).

Wette is heel moontlik ook die een konsep wat die ontmensliking van die mens gestimuleer het, hoe edel ook al bedoel. Wette, meer as die gereformeerde leer self, verklaar dat die mens tot niks goeds in staat is nie, sonder die kapasiteit vir etiese oordeel en vermoë. Wette werk met pionne, nie met mense met besondere vermoëns, emosies, verhale en insigte nie. "In a rule-governed encounter, the actor is not confronted with another person, . . . . . the true relationship is between the actor and the rule, while the other person, the cause or the target of action, is but a pawn . . ." (Bauman 1995:55).

In dié verband verwys Bauman (2012:55) ook na Stalin, Hitler en Palestina met die opmerking: "The most awesome, most gory and blood-curdling atrocities in history have been committed in the name of the most elevated, noble and for that reason most commendable and alluring aims." Hy verwys ook na Michelangelo wat oor sy beeldhouwerk gesê dat die proses eenvoudig is: kap alles wat oortollig is af en gooï dit weg. "We are trying to do what Michelangelo did, following his method whatever the material in which we are carving our designs. Sometimes it is marble. Sometimes it is human flesh" (Bauman 2012:56). The highest price has been paid by members of social categories that the elite has defined as 'unwanted', 'diseased' or 'dangerous'. . . . . As for members of the 'normal' majority, . . . . . their lives are spent following rules made by others (Smith 1999:142).

Jiri Priban onderskryf Bauman se beskrywing: "... My deep conviction is that his recent reflections both on the impact of the current societal 'fluidification' and the corresponding emergence of the category of 'human waste' give a very accurate account of our time . . ." (Guibentif 2007:174)

The effort by modernity's legislators to impose perfect order on society by tidying it into neat garden plots has failed. There has always been a large and lively residue that does not want to go where it is put or does not have an obvious place. It is difficult to disguise the arbitrary character of modernity's classifications (Smith 1999:144).

Moderniteit se uitgangspunt was dat die mens deur kultuurprosesse afgerig en vervorm kan word om die ideale uitkomste te bereik en te reproduuseer. Die lewe het 'n fabriek geword, 'n produksielyn. Dit was die taak van wette, reëls en procedures om uitkomste te verseker. In 'n postmoderne wêreld het mens en gemeenskappe weer hulle eie inherente waarde en die betekenis van bestaan begin soek en selfs ook ontdek. Mens en gemeenskap eis nou in hulle gelokaliseerde verskeidenheid die reg op om net hulself te wees en sou hulle wou, ook te reproduuseer. Dit geskied ook toenemend met respek vir die ander se verskeidenheid in aard, behoefté en verhaal, en met interpretatiewe wisselwerking tussen die identiteite.

What we cannot do, for Bauman, is to translate this interpretation directly into legislation. We do not have the ethical right to decide for others, if this means trying to help others avoid their own mistakes. It is as though for Bauman this should be the primary universal right, the right of all peoples to make their own mistakes. . . . . All we can tell others is the hardest thing, that they have to decide themselves. The ultimate register of decision, then, is ethical rather than aesthetic . . . (Beilharz 2000:81).

Aan die einde van moderniteit is die mens ingesluk, deur diktatoriale stelsels. Die staat het burokraties en met mag gefunksioneer en waardes met tegnieke vervang. In die kapitalistiese stelsel is waardes vervang met monetêre waardes. Ons wêreld het inderdaad 'n uitgelewerde gemeenskap geword. (Bauman 1987:124) Die gesag, en of ouoriteit, wat individue in gelid gehou het, het egter nou vervaag. Die sin daarin om die tuin in stand te hou het verdof. Al die dissipline het nie waarborgé teen die gebrokenheid en onvoorsiene meegebring nie. "Whatever remains of the strategies of legislative reason turns out to be counterproductive: it defies its purpose." (Bauman 1992:139)

For guidance, we have no indubitable and universally agreed codes and rules. Choices are indeed choices, and that means that each is to some extent arbitrary and that uncertainty as to its propriety is likely to linger long after the choices are made. We understand now that uncertainty is not a temporary nuisance, which can be chased away through learning the rules, or surrendering to expert advice, or just do what others do - but a permanent condition of life; we may say more - it is the very soil in which the moral self takes root and grows (Bauman 1995:287).

Die vraag aan enige formulering van 'n kerkorde sal dus wees: Hoekom die reël, en hoekom die formulering? Lidmate en kerkrade vra die vraag. Die redes wat aangevoer word is egter toenemend onaanvaarbaar of bloot afwesig. In baie gevalle weet ons self nie eers meer waarom 'n bepaalde besluit geneem is nie. 'n Volgende vraag is of die diversiteit en die interpretatiewe wisselwerking tussen identiteite, lewensvorme en gemeenskappe van betekenis gerespekteer word. Word die verskeidenheid in ag geneem? Hanteer die kerkorde lidmate en gemeentes as pionne of as identiteite met 'n eie besonderse verhaal? Ons moet vra na die rede waarom die kerk steeds probeer om met behulp van reëls gemeenskappe te vorm. Is die gemeenskap so vormbaar? Beskik die kerk oor die gesaginstrumente om die "vorming" af te dwing? Om in 'n postmoderne wêreld kerkverband of kerkeenheid met kerkordelike prosesse en belydenisformuleringe te skep gaan nie gebeur nie. Reëls is 'n instrument van moderniteit – dalk sal veel eerder gevra moet word na ontentisiteit, egtheid, integriteit. Soos wat later sal blyk, word dit nie deur reëls gedra nie maar deur verhoudinge waarin verhale gedeel en oorgedra word.

Oor wette sal anders gedink moet word:

What makes a strategy which refuses to renounce its modern commitments a 'postmodern' one, is the bluntness with which its premises are recognized as assumptions; in a truly 'postmodern' vein, such a strategy refers to values rather than laws; to assumptions instead of foundations; to purposes, and not to groundings. And it is determined to do without the comfort it once derived from the belief that 'history was on its side', and that the inevitability of its ultimate success had been guaranteed beforehand by inexorable laws of nature . . . . (Bauman 1992:108).

Guibentiff (2007:188–190) stel dit ook dat wette nie die enigste instrument tot ons beskikking is nie. Hy meen dat Bauman se beskrywing van die vloeibaarheid wat eie aan postmoderniteit is, ook die situasie met betrekking tot die reg beskryf. Wette is toenemend onderworpe aan verandering en skrapping en word as van geen belang geag.

Wat belangrik is om te verstaan is dat instellings se gesag ook nie meer in die instelling setel nie, maar in die individu wat aan instellings of persone gesag toeken en dit daarom erken. Die tendens is duidelik. Enkelinge, meestal kerklike spesialiste, lees en werk met sinodale besluite en kerkorde-artikels. Lidmate en kerkrade is ambivalent oor

die gesag van kerklike vergaderinge. Die gesag van sodanige besluite word so afgewater, dat dit nie eers meer belangrik geag word om afgevaardigdes na vergaderings te stuur nie. Die menings van leiers en assosiasies ten opsigte waarvan gemeentes en lidmate ervarings van betekenis ervaar, troef telkens sinodale besluite en kerordelike bepalings.

Daarby het die terrein van die kerkorde die belang van spesialiste geword. Bauman (1987:8–20) dui baie duidelik aan, aan die hand van Paul Radin se - Primitive Religion, hoe die *intellectuals* deur die ontwikkeling en bestuur van kennis patentreg (my term) opneem op die besit en interpretasie van kennis en daarmee vir hulleself gesagsposisies reserveer.

Tools and products enable each other, and, once started, reinforce each other's authority and supply reciprocal justification. The result is that both acquire a degree of independence from the social demand which they invoke as their validity test. 'Formulations' enjoy an untarnished reputation because they have been authored by the 'formulators' who followed a life which, from their lack of ability and will, ordinary people will not follow. The formulators, on the other hand, retain the esteem they once acquired through putting out a regular supply of highly reputable formulations. The formulators and formulations now need only each other to substantiate their claim to high status (Bauman 1987:14).

So formuleer ons 'n kerkorde wat net deur spesialiste geïnterpreteer en toegepas kan word. Ons formuleer gevare wat net deur hoër insig bestuur kan word. In die eerste gemeentes en vroeë kerk is die orde deur tradisies en die oorvertel van geloofsverhale gedra. 'n Intense bewustheid van hulle identiteit het eerste gelowiges se keuses bepaal. Met die loop van tyd, en veral sedert die kerk onder Augustinus staatskerk geword het, het die tendens begin skuif. Die Verligting het die proses verhaas en aan kerkordes die plek gegee wat hulle tans beklee. In Suid-Afrika het 'n Europese dokument, die Kerkorde van Dordt, die dokument geword wat van buite vir ons gegee is. 'n Mens sou kon wonder oor hoe 'n kerkorde sou lyk wat uit ons eie Afrika-bodem ontstaan het.

Bauman (1987:19-20) dui vier elemente aan wat die bestaan van die meerderwaardige "mag van kennis" karakteriseer, elemente wat na sy mening eie is aan onregmatige reëls. Sou dié elemente in 'n kerkorde aanduibaar wees, hang daar 'n vraagteken oor die kerkorde.

\*'n Groep wat skynbaar nie die vermoë het om hulle lewensgang selfstandig te bestuur nie.

\*Wanneer die onvermoë afhanklikheid word en mag gee aan dié wat domineer.

\*Wanneer ondergeskiktes nie die kennis het nie, en die dominante (wyse, leermeester, spesialis) oor die kennis beskik.

\*Wanneer die omvang van die gebrek aan kennis die omvang van die graad van verskil in status bepaal.

Die toegang tot kennis en vaardighede is egter in die tyd van postmoderniteit uit die hande van die spesialis geneem. Elke individu kan nou sy/haar eie kennis en insig, en daarmee sy/haar eie onafhanklikheid van die spesialis "google". So kan 'n pasiënt deeglike navorsing oor bipolêre depressie doen, en as dit blyk dat die psigiater nie op standaard is nie, na 'n ander psigiater gaan, en die "beter" voorskrif kry.

Die kerk sal moet besef dat haar reëls toenemend getoets en vergelyk sal word. As die reëls nie sin maak, en nie bydra tot die belewenis van verhoudinge van betekenis nie, sal die reëls eenvoudig hulle gesag verloor, en daarmee die kerk haar geloofwaardigheid. Die kerk moet besef dat die vermoë om wette te maak, nie beteken dat die reg om wette te maak, erken word nie. Die verskil tussen outoriteit en gesag is ter sprake. Geen kerklike vergadering kan meer vanselfsprekend op respek vir haar wette aanspraak maak nie. "The tasks of legitimizing and legislating suddenly appear wide apart, once the reasons to assume the legislating power of legitimation have been progressively eroded." (Bauman 1987:140)

Kerklike vergaderings sal ook nie Bybelse tekste as grond vir die kerkorde kan aanvoer nie. Die Skrif rig wel duidelik verhoudinge, en waar die verhoudinge van betekenis ontstaan en gerespekteer word, ontstaan weer 'n Bybelse wildernisgebied waar die wisselwerking in die verhoudinge sy eie orde dra. Reëls sal altyd geformuleer word, verhoudinge veronderstel ooreenkoms, maar dan word die reëls deur dié wat in die verhouding is, geformuleer.

. .let us turn to Richard J. Bernstein, a most perceptive analyst of the postmodern philosophical scene. A careful reading of his 'Philosophical Profiles' reveals a twofold destination: between communities (traditions, forms of life) intellectuals are called upon to perform the function of interpreters; inside their own community, they are still to play the role of legislators of sorts - their role now consisting of adjudicating or arbitrating in cases of controversy (Obviously, controversies

between and inside communities are ascribed different philosophical statutes.) Inside the community, philosophers have the right, and the duty, to spell out the rules which decide who are the rational discussants and who are not; their role is to assess the justification and objectivity of views, and to supply the criteria for criticism which will be binding because of those criteria. Inside the community, philosophers may and should assure the survival of certainty, the dominion of reason - though this time by the strength of their own work alone (Bauman 1987:145).

### 3.5 Oor relativisme, diversiteit, absolutisme en fundamentalisme

In 'n wêreld waar diversiteit sy regmatige plek inneem, dit is immers 'n skeppingsgegewe, kom vorme van absolutisme en fundamentalisme onder druk. Daar is nie net een absolute waarheid wat net in sy uiterste vorm waar is nie. Oor 'n spektrum van kontekste en stories, lyk waarheid en antwoorde op vrae telkens effe anders. Die spanning, relativisme/absolutisme, is op mekaar aangewese, definieer mekaar. Relativisme is net 'n bietjie minder absolutisme, en absolutisme is 'n bietjie minder relativisme.

There is no denying that both relativism and absolutism coexist as well-pronounced tendencies in contemporary discourse, the second being forced by the strides made by the first into obliquely confirming its presuppositions . . . . . If the two hardened versions of the old controversy are indeed interdependent, it seems that the active role in their dialectic entanglement belongs to the view that all further search for supra-communal grounds of truth, judgement or taste is futile (Bauman 1987:128).

Juis omdat die grade van relatiwiteit en fundamentalisme gedurig wissel na gelang van die konteks, die aard en omvang van die tersaaklike verhoudinge van betekenis, en wat veral van toepassing is op sosiale strukture, word reëls toenemend onbruikbaar.

Apart from aesthetics, the areas most affected by the postmodern challenge are those philosophical discourses which are concerned with the issues of truth, certainty and relativism, and those which deal with the principles of societal organization. . . . The tasks of legitimizing and legislating suddenly appear wide apart, once the reasons to assume the legislating power of legitimation have been progressively eroded (Bauman 1987:140).

Relativiteit was egter een van die 'onkruid' wat met alle mag en mening uit die 'tuin' geweer moes word. "It had been the decisive feature of modernity so understood that it relativized its . . . adversaries and thereby constituted relativity itself as an adversary; as

a spoke in the wheel of progress, a demon to be exorcised, a sickness to be cured." Bauman 1992:12)

Diversiteit was die ander pes. Enige vorm van andersheid is gesien as 'n misvorm om uitgewis te word, terwyl relativiteit huis die verhouding tussen die verskillende elemente van diversiteit is.

The different - the idiosyncratic and the insouciant - have been dishonourably discharged from the army of order and progress. . . . The degradation was unequivocal, complete and irrevocable. There was really no good reason to tolerate the Other who, by definition, rebelled against the truth. As Spinoza justly pointed out - if I know the truth and you are ignorant, to make you change your thoughts and ways is my moral duty; refraining from doing so would be cruel and selfish. Modernity was not merely the Western Man's thrust for power; it was also his mission, proof of moral righteousness and cause of pride. From the point of view of reason-founded human order, tolerance is incongruous and immoral (Bauman 1992: xiv).

To create order means neither to cultivate nor to extirpate the differences. It means licensing them. And it means a licensing authority. . . . Order can be only an all-inclusive category (Bauman 1992:xvi).

On the whole, the inferiority of other forms of life, and the range of those of their aspects to which the judgment of inferiority was applied, were a function of the judging power's ambitions - their scope and administrative skills to back them (Bauman 1992:8).

Die uitdaging vir enige kerkorde in 'n postmoderne konteks gaan wees om plek vir diversiteit te gee en ruimte vir die ontstaan van verskillende verhoudinge van betekenis tussen die entiteite.

Empirically evident relativity of knowledge, dependence of truth judgment, and taste on overt or tacit assumptions embedded in communally based traditions was a vexing problem for the legislatively oriented cultural discourse; a difficulty to be resolved theoretically and removed practically. For the 'interpretive' strategy, relativity is not just a transitory state, but an apodictically given existential condition of knowledge. Something not to be frowned upon and objected to, but to be drawn conclusions from and adjusted to (Bauman 1992:21-22).

Postmoderniteit het 'n grond-verskuiwing teweeg gebring – 'die heining om die blomtuin' is verwyder. Nou moet daar deeglik met diversiteit as die verskynsel van verskillende legitieme lewensvorme gereken word. Die 'tarentale' loop saam met die 'skouhoenders' op die werf.

It was in that brief interlude, and among those who could savour the sweet fruits of the sudden collapse of power-assisted certainties, that diversity was not merely accepted as the human fate, but lovingly embraced and hailed as the sign and condition of true humanity. Openness, readiness to refrain from condemnation of the other and to argue with, rather than to fight the antagonist, cognitive and cathectic modesty, settling for the credible instead of chasing the absolute - were all conspicuous marks of the humanist culture . . . . . (Bauman 1992:xiii).

Daar kan gevra word na indringer plante. Bauman sou die metafoor awys. Elke indringerplant het sy bedoelde plek gehad, voordat die tuiniers van die wildernisgebied 'n afgebakende blomtuin gemaak het. Die metafoor wil juis weer aan die die inderger sy regmatige plek toeken. Daarby sou 'n metafoor waarin die inderger as sonde of vyand beskou word, ook nie geldig wees nie. Die Evangelie handel met sonde tog heel anders, by wyse van 'n plaasvervangende offer, vergifnis en versoening, wat alles intense verhoudinge van betekenis veronderstel. Dié wat anders dink en doen as ek/ons, is nie vyande of opponente nie. Sou ek werklik kan oordeel oor die motiewe van 'n ander se geloof en geloofshandeling sonder om in 'n egte verhouding met die hulp van 'n vertaler sy/haar storie te ontdek?

Peter Berger haal John Paul II aan in die verband:

Given the fact of inequality, how can men and women build and sustain a free society in which the radical equality of all before the law is a constituting political-philosophical principle? Only, John Paul II argues, by recognizing that our fundamental equality as citizens rests on our fundamental equality before the moral law, a set of moral norms that is hard-wired into human beings as an essential constituent of our humanity. . . . . Only, John Paul argues, by fostering a robust public moral culture that recognizes the universality of certain basic norms of decency, which in turn reflect essential truths about the nature of the human person(Berger 2001:30).

Derrida se antwoord, volgens Kearney, op die argument dat noodgedwonge reëls geskep moet word om die gevaar van die monster te bestuur is:

What I mean is that when we control a border, when we try to discriminate, when we try to find criteria to discriminate between the enemy and the friend, or between the monster and the god, then the indispensable act of knowing, discriminating, adjusting the politics, is indispensable, no doubt, but it is a way of limiting hospitality. We have to be aware that, to the extent that we are looking for criteria, for conditions, for passports, borders and so on, we are limiting hospitality, hospitality as such, if there is such a thing. I'm not sure there is pure hospitality. But if we want to understand what hospitality means, we have to think of unconditional hospitality, that is, openness to whomever, to any newcomer. . . . So I need what Kant would call the regulating idea of pure hospitality, if only to control the distance between in-hospitality, less hospitality, and more hospitality.

This could also lead us beyond Kant's own concept of hospitality as a regulating idea (Caputo & Scanlon 1999:132-133).

Dit is hier waar die vraag na moraliteit na vore kom. Bauman (2012:72) meen dat dit belangrik is dat die konsepte van respek en gesag in die ruimte van onderlinge verhoudinge oorgedra moet word van die terrein van die rede (rasionaliteit, reëls, voorskrifte, berekening van voordele en nadele en moontlikhede) na die terrein van moraliteit (die prioriteit van die mens in nood).

Wanneer Beilharz (2000:102-103) in dié verband na Bauman verwys, wys hy op die risiko dat die goeie, wetsgehoorsame burger, in sy gehoorsaamheid, altyd gereed sal wees om sy plig na te kom in diens van die staat. Die uitdaging wat die Joodse vervolging in Duitsland voor ons plaas, is die moontlikheid dat moraliteit gestalte kry in die vorm van opstand, selfs teen sosiale solidariteit en konsensus in. Bauman argumenteer dat moraliteit ontstaan vanuit die saam wees met ander, nie vanuit voorskrifte of strukture nie. Bauman, in navolging van Levinas argumenteer dat verantwoordelikheid is verantwoordelikheid teenoor die een langs my, nie teenoor my stand, nasie of professionele groep nie. "Bauman suggests that the postmodern maxim to replace that of moderns or Enlightenment is 'liberty, diversity, tolerance' rather than 'liberty, equality, fraternity'; and progress may even be possible if tolerance is reforged as solidarity" (Beilharz 2000:111).

Volgens Beilharz (2000:124) meen Bauman dat postmoderniteit in sy wese positief is. Dit is nie dat enige iets toelaatbaar is nie, maar vra van ons om die situasie van die Ander formeel te verreken.

... Bauman writes about the hell that a totally normal and seemingly kind human being, fine neighbour and family man creates for the Other by refusing to grant him his individuality, mystery, dignity and sensitive language (Bauman & Donskis 2013:8).

Evil is not confined to war or totalitarian ideologies. Today it more frequently reveals itself in failing to react to someone else's suffering, in refusing to understand others, in insensitivity and in eyes turned away from a silent ethical gaze (Bauman & Donskis 2013:9).

The destruction of a stranger's life without the slightest doubt that you are doing your duty and being a moral person - this is the new form of evil, the invisible shape of wickedness in liquid modernity, . . . . Not doubting for a moment that people are nothing but statistical units (Bauman & Donskis 2013:10).

Daar moet ook gevra word of daar dan nog plek is om dit wat vir 'n individu of groep kosbaar is te bevorder. Daar is wel, as die oorvertel van my eie verhaal, met die aanspraak dat dié wat van my verskil, dit respekteer, ook getuig van respek vir die verskille wat eie is aan ander. Indien die een eiesoortigheid die verhouding met ander eiesoortigheid omhels as deel van die gegewe, dra dit by tot die volle kleurspektrum van ons bestaan as mens.

How can one argue the case for or against a form of life, for or against a version of truth, when one feels that one's argument cannot anymore legislate, that there are powers behind the plural forms of life and plural versions of truth which would not be made inferior, and hence would not surrender to the argument of their inferiority? Suddenly, the two-centuries-old philosophical voyage to certainty and universal criteria of perfection and good life seems to be a wasted effort. This does not necessarily mean that we do not like the terrains to which it has brought us, on the contrary, it is the refusal of others to admire them and to follow us there which makes us worry and prompts us to look for a new, stronger tune for the praise we still wish to sing (Bauman 1987:141).

Now that we know that the massive conversion of the world to our standards is not on, we can better concentrate on the task at hand. And the task at hand is to keep the unique values of Western civilization alive, if only as the content and the pragmatics of philosophical discourse; to continue a cultural tradition out of conviction of its intrinsic worth, all the more zealously for the realization that it is indeed a 'local' tradition and in all probability would at best remain so. Insiders as we are, we need not wax humble or cynical as we admit the 'locality' of tradition we guard; it is not just a 'local' tradition, it is 'our local' tradition, and we would go on praising its virtues even if the rest of the world refuses to join in the accolade (Bauman 1992:21).

Moderniteit het huis die moontlikheid van die ontwikkeling en koesterung van diversiteit verhoed.

In modernity "the different - the idiosyncratic and the insouciant - have been dishonourably discharged from the army of order and progress. . . . The degradation was unequivocal, complete and irrevocable. There was really no good reason to tolerate the Other who, by definition, rebelled against the truth. As Spinoza justly pointed out - if I know the truth and you are ignorant, to make you change your thoughts and ways is my moral duty; refraining from doing so would be cruel and selfish. Modernity was not merely the Western Man's thrust for power; it was also his mission, proof of moral righteousness and cause of pride. From the point of view of reason-founded human order, tolerance is incongruous and immoral (Bauman 1992:xiv).

Moderniteit het gepoog om orde te skep deur diversiteit te nihileer.

In modernity "to create order" means neither to cultivate nor to extirpate the differences. It means licensing them. And it means a licensing authority. . . . Order can be only an all-inclusive category (Bauman 1992:xvi).

Empirically evident relativity of knowledge, dependence of truth judgment, and taste on overt or tacit assumptions embedded in communally based traditions was a vexing problem for the legislatively oriented cultural discourse; a difficulty to be resolved theoretically and removed practically. For the 'interpretive' strategy, relativity is not just a transitory state, but an apodictically given existential condition of knowledge. Something not to be frowned upon and objected to, but to be drawn conclusions from and adjusted to (Bauman 1992:21,22).

Verdraagsaamheid is 'n belangrike waarde in die postmoderne leefwêreld. Die vraag is of kerkordes daartoe bydra om lewensruimtes vir diversiteit te skep. Om diversiteit uit te skuif as 'uitsonderings' is nie verdraagsaamheid nie. Die Evangelie maak baie van die innooi van die vreemdeling. Ook in dié geval moet baie versigtig gewerk word met die metafoor van inheemse en uitheemse plante. Wat aanvanklik vreemd is mag later blyk 'n kernbestanddeel vir oorlewing te word. Die vreemdeling kan die lewensredder vir die een op die punt van uitsterf word.

We are bound to live with contingency . . . . If we want this future to be a long one, tolerance must be secured in the only form in which it may put a brake on tribal hostilities: in the form of solidarity. . . . . that is, what is needed is not just refraining from converting ambitions, but a practical recognition of the relevance and validity of the other's difference, . . . not . . . . 'you are wrong and I am right; I agree that not everybody can be like me, not for the time being at any rate, not at once; the fact that I bear with your otherness does not exonerate your error, it only proves my generosity'. . . . . Tolerance reaches its full potential only when it offers more than the acceptance of diversity and coexistence; when it calls for the emphatic admission of the equivalence of knowledge-producing discourses; . . . . (Bauman 1992:xxi).

Natuurlik vereis bogenoemde 'n herbesoek aan wat en wanneer waarheid, waarheid is.

When it happens to be in a self-reflective, philosophical cast, the postmodern mind would point out, against its critics, that despite appearances to the contrary it is not a 'destructive destruction', but a constructive one, in which it has been engaged all along. Its job has been a sort of site-clearing operation. While renouncing what merely passes for the truth, dismantling its past, present and future putative, ossified versions, it uncovers the truth in its pristine form which modern pretensions had maimed and distorted beyond recognition. More than that: the demolition uncovers the truth of the truth, truth as residing in the being itself and not in the violent acts performed upon it; truth that has been belied under the domination of legislative reason (Bauman 1992:ix).

All in all, postmodernity can be seen as restoring to the world what modernity, presumptuously, had taken away; as a re-enchantment of the world that modernity tried hard to disenchant. It is the modern artifice that has been dismantled; the modern conceit of meaning-legislating reason that has been exposed, condemned

and put to shame. It is that artifice and that reason, the reason of the artifice, that stands accused in the court of postmodernity. The war against mystery and magic was for modernity the war of liberation leading to the declaration of reason's independence. It was the declaration of hostilities that made the unprocessed, pristine world into the enemy. . . . . At stake in the war was the right to initiative and the authorship of action, the right to pronounce on meanings, to construe narratives. . . . . the world had to be de-spiritualized, de-animated: denied the capacity of the subject (Bauman 1992:x).

Eers wanneer die aanspraak op absolute waarhede gelaat word, kan daar weer pastoraal met die gemeenskap meegeleef word. Die reëls van die kerk verklap dikwels die kerk se heimlike koppeling met absolutisme en fundamentalisme.

### 3.6 Gemeenskap

Wat deur sosioloë oor gemeenskappe geskryf word, moet ernstig deur die kerk oorweeg word. Die 'chemie' van gemeenskappe speel vanselfsprekend 'n belangrike rol in die vorming en instandhouding van geloofsgemeenskappe en gemeentes. Die funksionering van gemeenskappe het dié belangrike faktor in die verstaan van postmoderniteit geword.

'Community' is indeed the central concept of the self-consciously postmodern philosophy and social science. It has come to replace reason and universal truth, and the one method leading to both (Bauman 1987:145).

The erosion of the universal ascendancy of the setting within which the Western intellectual tradition developed and took shape exposed the previously invisible link between the pragmatic validity of such tradition and the commonality of the 'form of life' or the 'community of meanings'. The question is, however, how large is the community? Whom does it entail? Where should its boundaries be drawn? (Bauman 1987:146)

Dit is belangrik dat die kerk sal leer om 'gemeenskappe van betekenis' te wees. Dit kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Die gemeente sal die definiërende grense wees van die 'gemeenskap van betekenis'. As dit in die gereformeerde tradisie 'n onderskeidende element van kerkwees was, word die beginsel al hoe belangriker vir die bestaan van die kerk in 'n postmoderne wêreld. Die kerk sal in die vorm van gemeentes haar bestaan vind. Ringe en sinodes sal verbande tussen gemeentes wees en dus vra vir ordereëls wat interpreteer. Ringe en sinodes sal gemeentes hoogstens help om in verband te tree met ander gemeentes in verhoudinge wat vir gemeentes

werklik van betekenis sal wees. Kerkrade en plaaslike leiers sal die rol van reëlmakers, net vir die bepaalde gemeente, kan en moet vul. Maar nie een gemeente sal 'n ander se duplikaat kan wees, of onveranderd kan bly voortbestaan nie.

. . Let us turn to Richard J. Bernstein, a most perceptive analyst of the postmodern philosophical scene. A careful reading of his 'Philosophical Profiles' reveals a twofold destination: between communities (traditions, forms of life) intellectuals are called upon to perform the function of interpreters; inside their own community, they are still to play the role of legislators of sorts - there role now consisting of adjudicating or arbitrating in cases of controversy. Obviously, controversies between and inside communities are ascribed different philosophical statutes). Inside the community, philosophers have the right, and the duty, to spell out the rules which decide who are the rational discussants and who are not; their role is to assess the justification and objectivity of views, and to supply the criteria for criticism which will be binding because of those criteria. Inside the community, philosophers may and should assure the survival of certainty, the dominion of reason - though this time by the strength of their own work alone (Bauman 1987:145).

Michel Maffesoli has recently suggested a highly suggestive concept of neo-tribalism to describe the world like ours: a world that contains, as its conspicuous feature, the obsessive search for community. Ours, Maffesoli suggests, is a tribal world, one that admits to tribal truths and tribal decisions about right and wrong or beauty and ugliness. Yet this is also a neo-tribal world, a world different in most vital aspects from the original tribal antiquity. . . . . The neo-tribes - the tribes of the contemporary world, are on the contrary formed - as concepts rather than integrated social bodies - by the multitude of individual acts of self-identification. Such agencies as might from time to time emerge to hold the faithful together have limited executive power and little control over co-option or banishment. More often than not, 'tribes' are oblivious of their following, and the following itself is cryptic and fickle. It dissipates as fast as it appears. 'Membership' is relatively easily revocable, and it is divorced from long-term obligations; this is a kind of 'membership' that does not require an admission procedure or authoritative rulings, and that can be dissolved without permission or warning. Neo-tribes 'exist' solely by individual decision to sport the symbolic tags of tribal allegiance (Bauman 1992:136-137).

Bogenoemde plaas onder meer die irrelevansie van bewyse van lidmaatskap op die tafel. Lidmaatskap wat verwerf, opgeskort of bedank kan word, en wat dien as 'n toom om lidmate in gelid te hou is postmodernisties gesien onsinnig. Dit werk nie. Bewyse van lidmaatskap gaan ook geen verskil maak aan die skep van verhoudinge van betekenis nie.

Die broosheid en vloeibaarheid van gemeenskappe van betekenis sal ook deeglik verreken moet word. Geen gemeenskap sal vanselfsprekend bestaan nie. Vir solank lede hulself bedink as lede van 'n gemeenskap sal hulle dit wees. Sodra hulle eie vrese en voorkeure vir hulle 'n beter gemeenskap, een van meer betekenis, selfs in hulle gedagtes, laat vorm aanneem, is hulle nie meer deel van die vorige gemeenskap nie.

Communities are imagined: belief in their presence is their only brick and mortar, and imputation of importance their only source of authority. An imagined community acquires the right to approve or disapprove in the consequence of the decision of the approval-seeking individual to invest it with the arbitrating power and to agree to be bound by the arbitration. . . . . By itself, an imagined community would have no resources to enforce its arbitration in the case of the grant of authority being withdrawn; it would not even have the institutionalized agency capable of reaching the decision in the case under arbitration. . . . . What it lacks in stability and institutionalized continuity, it more than compensates with the overwhelming affective commitment of its self-appointed 'members'. In the absence of institutional support, the commitment tends to be fickle and short-lived. At the moments of condensation, however, it may reach literally breathtaking intensity. . . . . To exist is to be enacted; I am seen, therefore I exist - . . . Having no other . . . . anchors except the affections of their 'members', imagined communities exist solely through their manifestations; through occasional spectacular outbursts of togetherness . . . ." (Bauman 1992:xix).

The right of an imagined community to arbitrate is established (though for a time only; and always merely until further notice) in proportion to the amount and intensity of public attention forced to focus in its presence; . . ." (Bauman 1992:xx).

Bogenoemde het dan ook belangrike implikasies vir die soeke na strukturele kerkeenheid in die familie van Ned.Geref.Kerke. Die soeke na strukturele eenheid is 'n modernistiese drif. Strukture, as dit enigsins ontstaan, is die gevolg van die bestaan van verhoudinge van betekenis. Waar die verhoudinge van betekenis nie bestaan nie, is die soeke na strukturele eenheid sinloos. In die proses word selfs die verhoudinge van betekenis wat in die wisselwerking van gelowiges en gemeentes gegroeい het, ook opgeoffer.

Under these circumstances, the foremost paradox of the frantic search for communal grounds of consensus is that it results in more dissipation and fragmentation, more heterogeneity. To drive to synthesis is the major factor in producing endless bifurcations. Each attempt at convergence and synthesis leads to new splits and divisions. What purported to be the formula for agreement to end all disagreement - proves to be, the moment it has been formulated, an occasion for more disagreement and new need of negotiations. All efforts to solidify lose life-world structures prompt more fragility and fissiparousness. (Bauman 1992:138-139).

Gemeentes sal ook ervaar dat hulle grense deur ander gemeentes oorskry of minstens getoets word.

the habitat is populated by a great number of agencies, most of them single purpose, some of them small, some big, but none large enough to subsume or otherwise determine the behaviour of the others.

Autonomy means that agents are only partly, if at all, constrained in their pursuit of whatever they have institutionalized as their purpose. To a large extent, they are free to pursue the purpose to the best of their mastery over resources and managerial capacity. They are free (and tend) to view the rest of the habitat shared with other agents as a collection of opportunities and 'problems' to be resolved or removed. . . . . (Bauman 1992:192).

. . . the availability of resources is the only reason for action they need and thus the sufficient guarantee of the action's reasonability. The possible impact on other agents' opportunities is not automatically reforged into the limitation of the agent's own output. The identity of the agent is neither given nor authoritatively confirmed. It has to be construed, yet no design for the construction can be taken as prescribed or foolproof (Bauman 1992:193).

Dit beteken dat daar nie resepte is vir gemeenteweес is nie, en dus ook nie voorskrifte nie. Wat wel belangrik is, is die soeke, durende soeke na verhoudinge van betekenis, binne die gemeente en met die gemeenskap. Gemeenskappe en dus gemeentes bestaan altyd in verhouding met ander. Die aard van die verhoudinge word egter nie gestruktureer nie, maar word bepaal deur die aktiwiteite van die gemeentes. Ruimtelike grense, verdeling en gesag word al moeiliker om te reglementeer.

The concept of community as it appears in the postmodern discourse derives its essential meaning from the co-presence of other communities, all seen as agencies. The space in which the process of meaning-generation and truth-validation are now set is not just confined in comparison with the setting distinctive of the modern world-view . . . . The new communal spaces are grounded in their activities only, and so expose the absence of synchronization between the truth-and-meaning oriented action and other dimensions of social existence. Hence the endemic difficulties which the communal settings face in the course of their self-constitution. . . . . while the maintenance of spatial limits and divisions of authority projects itself as the most formidable among the practical issues (Bauman 1992:36).

### 3.7 Individuele verantwoordelikheid en moraliteit

As daar 'n saak is waarvoor moderniteit verwyt kan word, dan is dit die nihilering van persoonlike moraliteit.

Modernity was, among other things, a gigantic exercise in abolishing individual responsibility . . . . The ethical paradox of the postmodern condition is that it restores to agents the fullness of moral choice and responsibility while simultaneously depriving them of the comfort of the universal guidance that modern self-confidence once promised . . . . Moral responsibility comes together with the loneliness of moral choice (Bauman 1992:xxii).

Having reduced the vague, notoriously underdefined responsibility to a finite list of duties or obligations, it spares the actor a lot of anxious groping in the dark, and helps to avoid the gnawing feeling that the account can never be closed, . . . . The agony of choice is largely gone, . . . . The substitution of rule-following for the intense, yet never fully successful, listening to infuriatingly taciturn moral impulses results in the almost unimaginable feat of not just absolving the actor from the personal responsibility for the wrongs done, but freeing the actor from the very possibility of having sinned (Bauman 1995:4).

Dat postmoderniteit by moderne mense aangs wek, is verklaarbaar. Die onvermoë om met sekerheid te kan kies, sonder die sanksie van eksterne gesag, laat die mens skynbaar weerloos. Bauman (1995:2) beskryf die uitdaging soos volg. Om self te moet kies en niemand anders vir my keuse of die gevolge verantwoordelik te kan hou nie, is om dit sag te stel, ongemaklik. As die keuse verder net maar tussen goed en sleg was, sonder die komplikasie van die impak daarvan op die Ander, sou dit dalk makliker wees. Om vir die Ander verantwoordelik te wees, vra energie. Elke keuse is swanger aan 'n menigte uitkomste. Ambivalensie is inherent aan elke keuse. Daar moet gekies word, sonder waarborgs. Dit was vir die moderne mens vanselfsprekend en makliker om net maar 'n stel reëls te gehoorsaam. Dié lewenswyse het sekuriteit verleen en verantwoordelikheid na hoër instansies verplaas. Individuele verantwoordelikheid is wesentlik eie aan postmoderniteit. Dit is een van die korreksies ten opsigte van moderniteit. In die moderne wêreld is persoonlike verantwoordelikheid vervang met eksterne gesagsvorme.

Sou dit beteken dat 'n postmoderne wêreld per definisie immoreel is?

Legislators cannot imagine an orderly world without legislation; the ethical legislator or preacher cannot imagine a moral world without a legislated ethics. In their terms, they are right. Little wonder that it takes such an enormous effort to envisage the vocabulary in which to conceive of, articulate and discuss the moral issues of the post-ethical, post-legislative human condition; even less wonder that such an effort meets with vehement intellectual resistance.

And yet it is solely because of the modern promotion of 'no morality without ethical law' principle that the world without ethics seems to be necessarily self-evidently a world without morality. But try to shake off the mental sediments of that promotion, delete the identity mark forced between morality and the ethically

legislated morality - and it may well occur to you that with the demise of effective ethical legislation morality does not vanish, but, on the contrary, comes into its own. It may well be that the power-assisted ethical law, . . . . was a stiff cage that prevented those standards from stretching to their true size and passing the ultimate test of both ethics and morality - that of guiding and sustaining inter-human togetherness. . . . It may well be that with attention and authority no more diverted to the concerns with ethical legislation, men and women will be free - and obliged - to face point-blank the reality of their own moral autonomy - and that means also of their own non-get-riddable, inalienable moral responsibility (Bauman 1995:36-37).

When acting without command and without asking for one, the self accomplishes what Levinas characterized as the 'breaking through its forum' - breaking through any socially drawn form, shedding any socially sewn dress, facing the other as a face, not mask, and facing one's own bare face in the process (Bauman 1995:59).

Postmoderniteit se bedoeling is nie om waarheid of moraliteit te saboteer nie; intendeel, postmoderniteit poog om die oorspronklike te restoureer.

When it happens to be in a self-reflective, philosophical cast, the postmodern mind would point out, against its critics, that despite appearances to the contrary it is not a 'destructive destruction', but a constructive one, in which it has been engaged all along. (Bauman 1992:ix).

All in all, postmodernity can be seen as restoring to the world what modernity, presumptuously, had taken away; as a re-enchantment of the world that modernity tried hard to dis-enchant. (Bauman 1992:x).

Mag die kerk verstaan dat sy nie haar lidmate help met egte moraliteit deur die keuses tussen reg en verkeerd namens hulle te maak nie. Die kerk sou maklik die pad van fundamentalisme kon loop, om die ongemak van ons onseker wêreld te ondervang. Bauman meen juis dat die soeke na maklike sekerhede een van die vanselfsprekende weë is wat gevolg kan word. Dit bly egter 'n mistasting na sy mening.

Hence the neo-tribal and fundamentalist sentiments which inescapably accompany the current privatization of ambivalence. Their allure is the promise to put paid to the agony of individual choice by abolishing the choice itself; to heal the pain of individual uncertainty and hesitation by finishing off the cacophony of voices which makes one unsure of the wisdom of one's decisions (Bauman 2001:70).

Volgens Skapska (Priban 2007:116) is vorme van vastigheid wel moontlik. Dit is die gevolg van bewegings van moraliteit, impulse gestimuleer deur ongewone omstandighede. Sulke impulse kan ook rigtinggewend wees in die debat met betrekking tot reëls, kerkordes en strukture.

### 3.8 Belydenisskrifte

Die rol van belydenisskrifte as instrumente van gewetensdwang en voorskrif, soos dit deur gesagsliggende gebruik is, is ook uitgespeel. Gelowiges sal steeds aan ortodokse waarhede vashou. Postmoderne mense soek na die misterie van die lewe. Hulle soek juis daarna in 'n verskeidenheid van verhoudinge van betekenis, met medegelowiges, gemeentes, denominasies en 'n stukkende wêreld. In dié verhoudinge ontdek hulle die waarhede wat vir hulle antwoorde word op hulle eksistensiële vrae. As belydenisskrifte só die troos en hoop bring waarna daar in die postmoderne wêreld van onsekerheid gesoek word, sal individue die gesag daaraan verleen wat in ooreenstemming is met die "betekenis" wat die dokumente inhoud. Alleen langs dié weg sal enige belydenisskrif 'n staanplek kry in die belydenisskat van gelowiges. So 'n verbintenis aan 'n belydenisskrif sal ook hegter wees as dié met enige ander belydenisskrif wat maar oorgelewer is. Om te dink dat 'n kerklike liggaam se besluite oor belydenisskrifte aan belydenisskrifte gesag gaan verleen en lidmate se instemming en onderwerping sal beteken, is dwaas. Inteendeel, die weerstand teen voorskrif, gaan die betekenis van belydenisskrifte saboteer! Hierdie standpunt het ook niks met fundamentalisme, liberalisme, Skrifgesag, lojaliteit of dwaalleer te doen nie. Dit is die realiteit van die postmoderne wêreld, waarin die waarhede vervat in die belydenisskrifte, gedeel moet word, en nie die belydenisskrif nie!

There are no criteria for evaluating local practices which are situated outside traditions, outside 'localities'. Systems of knowledge may only be evaluated from 'inside' their respective traditions. If, from the modern point of view, relativism of knowledge was a problem to be struggled against and eventually overcome in theory and in practice, from the postmodern point of view relativity of knowledge (that is, its 'embeddedness' in its own communally supported tradition) is a lasting feature of the world (Bauman 1987:4).

Belydenisskrifte kan hoogstens my eie "relatiewe" oortuigings verwoord. In my gesprek met die "Ander" (Bauman se term) deel ek my oortuigings, vanuit my eie tradisie, as 'n oefening in "interpretasie" (weer Bauman) om die gesprek met die "Ander" te fasiliteer, en die raamwerk te wees waardeur die "Ander" my kan verstaan, na my kan luister, en 'n "relasie" kan ontstaan, waarin wedersydse respek en legitimiteit gestalte kry. So word belydenisskrifte die formulering en uitdrukking of "foto" van my eie identiteit, van wie ek

is. Belydenisskrifte gee nie meer uitdrukking aan universele waarhede nie. Belydenisskrifte formuleer die waarhede waarmee hulle wat met mekaar in verhouding tree hulle gedeelde identiteit verwoord en op grond waarvan hulle hulle verhouding struktureer.

**Opgesom:**

Postmoderniteit het volgens Bauman die mens, en daarmee ook die kerk, voor 'n keuse tussen etiek en moraliteit te staan laat kom. Die individu en individuele groep se verantwoordelikheid vir elke Ander staan helder uit. Ruimte en respek vir diversiteit daag die kerk uit. 'n Nuwe soeke na identiteit en roeping, soos gevind in verhoudinge van betekenis, is die eis van die tyd. Voorskrifte gaan nie van veel hulp wees nie. Die verstaan en vertaal van elke Ander se verhaal is nou belangrik.

In die volgende hoofstuk word gepoog om hierdie implikasies helderder te vertaal.

## HOOFTUK 4: DIE KONTEKS WAARBINNE ‘N KERKORDE TOT VERHOUDINGE VAN BETEKENIS MOET BYDRA

### 4.1 Betekenisvol

Die opskep van die hoofstuk verwys na die konsep – betekenisvol. Die postmoderne mens se vraag na die sinvolheid van enige reël, voorskep of tradisie is na die betekenis daarvan. Die vraag, hoekom?, klink telkens op. Die vraag na wie die reël gemaak het word nie eers meer gevra nie. As reëls help om verhoudinge te laat werk, en dit baie duidelik is vir dié wat aan die reël onderwerp is, sal die reël nagekom word. As reëls die individu of organisasie help om hulle doelwit te realiseer sal dit nagekom word. As reëls die funksionering van gemeentes, kerkrade, ringe en sinodes frustreer sal daar na uitweë gesoek word. Selfs die teologiese beginsels wat bepaalde reëls onderlê, sal negeer word ten gunste van betekenisvolheid. Die idealisme van die moderne tydvak het nou plek gemaak vir die soek na betekenis. Wat gister bygedra het tot verhoudinge van betekenis, is nie noodwendig vandag geldig nie. Die oomblik bepaal wat van betekenis is. Langtermynvoordele en “compensaters” na die definisie van Stark & Bainbridge, word toenemend van minder waarde as die oombliklike geag. Koffeman (2014:76) verwys na artikels van die PKN-kerkorde wat spesifiek ruimte laat vir diskresie in die oorweging van aspekte wat eie is aan ‘n bepaalde situasie. Hy meen dat dit die kernverskil is tussen kerklike dissiplines en kriminele reg.

### 4.2 Betekenis en integriteit

Betekenis en integriteit is baie nou verbind. Onder “betekenis” verstaan die navorser die individu of groep se ervaring dat ‘n bepaalde opoffering of reël bydra tot die belewenis van sinvolheid. Die vraag wat hier voorop staan is die vraag na die erkenning van menswaardigheid. In hoofstuk 2, punt 1.2.4 word die kenmerke van postmoderniteit beskryf. Lidmate, kerkrade, ringe en sinodes sal toenemend eis dat elkeen se eie reg tot bestaan, voorkeure en eie werkwyses erken en gelegitimeer word.

Dreyer (2014:8) dui oortuigend aan dat ‘n kerk met integriteit, mense insluit. Tog het gereformeerde kerke toenemend die etiket van eksklusiewe geloofsgemeenskappe gekry. Dreyer verwys na Calvijn se standpunt dat die kerk nie moet probeer om tussen

egte en valse gelowiges te onderskei nie, tussen dié wat ingesluit of uitgesluit moet word nie. Die kerk bestaan uit sondaars, sonder sondaars is daar nie 'n kerk nie.

Betekenis sal ook baie moeilik gereglementeer word. Daar sal telkens gevra moet word of die ervaring met die toepassing van reëls sinvol is, wanneer die bepaalde reëls ter sprake is. Bepaalde voorgeskrewe werkswyses, soos dit tans in reglemente geformuleer is, waarborg nie die ervaring van sinvolheid of betekenis nie. Die teendeel is eerder waar. Reglemente word meer kere ervaar as koue, gevoelloose, selfs liefdelose, instrumente.

Bauman (1992) het die belangrikheid van die soeke na integriteit in verhoudinge en strukture duidelik beredeneer. Die konsep is in hoofstuk 3, punt 7 beskryf. Die toepassing van reëls sal net gerespekteer word, as dit saamval met die ervaring van integriteit. Waar die integriteit van die gesagsverteenwoordiger onder verdenking is, is die integriteit en dus die geldigheid van die reël en ook die kerkorde in geheel, onder verdenking.

Hunter duï aan dat die geloofwaardige teenwoordigheid van die kerk in die wêreld die enigste werkswyse gaan wees:

The antidote to 'seizing power' in a new way is a better understanding of faithful presence. The cultural matrix (he described) is not just a visual demonstration of Christianity's lack of influence in the larger culture. It is also, and far more significantly, a visual demonstration of its absence (of people, institutions, and other resources) from key areas of culture; an abandonment of the call to faithful presence - irrespective of influence (Hunter 2010:95).

Hunter (2010:102) wys ook daarop dat die toename in die soeke na wette om gemeenskappe te reguleer omgekeerd verband hou met die afname in die ervaring van betekenis of waarde: ". . . .the amount of law that exists in any society is always inversely related to the coherence and stability of its common culture: law increases as cultural consensus decreases" (Hunter 2010:102)

#### **4.3 Betekenisvolle verhoudinge is relativiteit**

Die derde faktor waarmee rekening gehou moet word, volg uit die vorige. Betekenisvolle verhoudinge troef telkens konsepte soos gesag, orde of voorskrif. Bauman (1987) het die beginsel helder beredeneer. Sy argumente is in hoofstuk 3, veral onder punt 5, beskryf. Individue, gemeentes, ringe en sinodes sal hulself net aan strukture gebind

ag, vir solank die onderlinge verhoudinge die karakter van betekenis dra. Verbande wat beleef word as versmorend sal selfs sonder formele kennisgewing net geïgnoreer word. Ervarings van geloofsgroei sal lidmate en strukture telkens na mekaar laat terugkeer, verbande in stand hou.

In hoofstuk 1 het die navorser al sy verstaan van die term uiteengesit. Relatiwiteit het wesentlik niks met ongeërgdheid te doen nie. Relatiwiteit het te doen met die individu se verhouding of relasie tot die konteks. Die keuse om reëls na te kom of nie, is relatief tot die ervaring van die individu en lede van groepe met betrekking tot die betekeniswaarde van die bepaalde reëls. Absoluutheid is per definisie verdag. Dié punt is in hoofstuk 2, punt 1.2.1, paragrawe 1 en 2 beskryf. Objektiewe waarhede is volgens Foucault (Dreyfus & Rabinow 1982:95) nie meer van waarde nie.

Hier is Bauman van belang: "Community' is indeed the central concept of the self-consciously postmodern philosophy and social science. It has come to replace reason and universal truth, and the one method leading to both"(Bauman 1987:145).

Gemeenskappe van betekenis is wat nou belangrik is! Die gemeente sal die grense wees van gemeenskappe van betekenis. Ringe en sinodes sal verbande tussen die gemeenskappe wees en dus vra vir ordereëls wat "interpreteer". Kerkrade en plaaslike leiers sal die rol van reëlmakers vervul, net vir die bepaalde gemeente. Ook Bakker (1989:14) beklemtoon die belang van verhoudinge. Hy meen dat kerklike reëls se betekenis huis daarin lê dat dit die "uitwendige verhoudinge binnen de kerken en die van de kerk tot andere kerken en tot de staat te regelen, ten einde het de kerk mogelijk te maken haar roeping na behoren te volbreng".

Die godsdienssteorie van Stark & Bainbridge bevestig die belangrikheid van die verhoudinge. Omdat individue nie noodwendig die tyd of kennis het om die verklarings van die kerk, geformuleer in belydenisskrifte, besluite, kerkordes en artikels self te toets nie, verlaat lidmate hulle op dié met wie hulle in verhoudinge van betekenis is.

Many of these explanations are potentially testable, but the individual does not have the time or wealth to check them out for himself. This means that any individual must rely upon evaluations of explanations, which are reported to him by other persons. Or, more formally: P63 The value an individual places on an explanation is often set by the values placed on it by others and communicated to him through exchanges (Stark & Bainbridge 1987:90).

Hoe hechter die aard van die verhouding is, hoe meer betekeniswaarde 'n verhouding inhoud, hoe meer energie word gebruik om die verhouding instand te hou.

P117 When a person is attached to an exchange partner, the person is willing to expend some costs to maintain the relationship with the partner.

P118 When a person has invested in an exchange, the person will tend to maintain the exchange relationship until the potential reward is achieved, or until the continuing cost of the relationship markedly exceeds the cost the person is willing to pay for the reward (Stark & Bainbridge1987:130).

Wanneer lidmate beleef dat hulle belegging in bepaalde verhoudinge van betekenis is, sal hulle die energie wat vir die instandhouding van die verhouding nodig is, daarin bly investeer. Dit beteken dan dat daar minder reserwe-energie beskikbaar sal wees om in ander verhoudinge te investeer.

P119 When a person is involved in a set of exchanges, the person will have fewer resources to invest in alternative exchanges."

"P120 When a person believes in a particular explanation, the person is unlikely to invest in competing explanations in which the person does not believe (Stark & Bainbridge1987:130).

Goeie verhoudinge is nie meer net maar 'n goeie bemarkingstegniek nie, maar het alles te doen met die ruimte waarbinne die oordrag en instandhouding van geloofswaarhede plaasvind.

Van Wyk (2013:146) verwys na Wolf wat vanuit die Triniteit die belang van verhoudinge van betekenis belig:

Sy ideaal is om die analogie tussen die trinitariese struktuur en die ekklesiologiese struktuur so te beskryf dat die verskeidenheid van gawes, bedieninge en aktiwiteite van alle christene sal korreleer met die "divine multiplicity: just as the one deity exists as Father, Son and Spirit, so also do these different divine persons distribute different gifts to all christians." In hierdie verband wys hy terug na Paulus se beeld van die kerk as die liggaam van Christus. "This simmetrical reciprocity of the relation of the trinitarian persons finds its correspondence in the image of the church in which all members serve one another with their specific gifts of the spirit in imitation of the Lord and through the power of the Father. Like the divine persons they all stand in relation of mutual giving and receiving(Van Wyk 2013:146).

Die argument is: Die teologie van die Drie-eenheid help ons om los te kom van binariteit (binêre denke - polariteit) en liniariteit (alles volg een op die ander). Binêre denke sal steeds werk met die "balans" tussen individualiteit en gemeenskap – in plaas van 'n integrering van die dignitas van die individu/groep met die dignitas van die groter

groepe/gemeenskap. Wat belangrik is is die verstaan van die een in terme van die ander. Dit vra vir vertalers. (Bauman se term)

So word die postmoderne mens se soeke na verhoudinge van waarde, beantwoord.

Triniteit word gekonstitueer deur 'n relasie van perfekte wederkerige liefde. Ekklesiologie is die spieëlbeeld hiervan dat die lede van die kerk die voorreg het om in so 'n perfekte simmetriese liefde te kan bestaan: 'internal to one another as persons and mutually give everything to one another' (Wolf 1998:220) Hierdie voorreg veronderstel ook dat lede die reg het om perfekte wederkerige liefde te ontvang. Die moontlikheid bestaan egter dat dit nie sal gebeur nie. Wolf stel dit soos volg: 'In order to protect the persons from abuse, not only for their own sake (the equivalent of an individualistic understanding of human rights) but also because of their communion with others and with God, one must ascribe inalienable rights to those not (yet) living in perfect love. People in the church can have the rights because they are persons as centers of action; but they must have these rights if they are to live in correspondence to the divine persons; because they are living on this side of God's new creation. The rights of all the members of the church, as office holders as well as all other christians, are grounded in the correspondence of sojourneying church to the Trinity (Van Wyk 2013:147).

Jacques Ellul het 'n verdere belangrike perspektief op die rol en plek van relativiteit geplaas met sy verstaan van dialektiek as 'n metode vir eerlike omgang met die konteks. Ellul het met die beginsel van "konfrontasie" gewerk. Hy was daarvan oortuig dat die Bybel God se vrae aan die mens en sy konteks verwoord. In voetspoor van Barth was dit sy oortuiging dat die "vreemde nuwe wêreld in die Bybel" met die vooroordele en godsdienstigheid van die mens in botsing is.(Neville 2008:170) Vir Ellul is dialektiek die gesprek tussen dit wat naby, eie, is en dit wat vêr, krities, teenoor is. (Neville 2008:175)

#### 4.4 Diversiteit en pluraliteit

Dit is vir die oortuiging van die postmoderne mens vanselfsprekend dat daar nou 'n veelheid van geldige en geldende waarhede bestaan. Net so is 'n veelheid van identiteite 'n gegewe wat nie weggewens of weggewerk kan word nie. Dié saak is in hoofstuk 2, punt 1.2.2 en in hoofstuk 3, punt 4, beskryf. Volgens Bauman (1992:35) sal gemeenskapsinstellings die konsep deeglik moet verreken.

Dit is juis die veelheid van moontlikhede, wat vir 'n vasgeloopte moderne wêreld 'n bron van hoop geword het. Hunter (2010:202-203) maak die punt. Selfs Derrida volgens Caputo & Scanlon (1999:3-4) het gewys op die potensiaal wat in pluraliteit opgesluit lê.

#### 4.5 Nie-liniêr

Die wêreld waarin kerkordes van betekenis moet wees, is nie 'n wêreld waarin die een saak logies volgens 'n vorige geïnterpreteer en hanteer kan word nie. Regsperedente sal nie noodwendig geld nie. Elke konteks word geag totaal en al outonom te wees, met sy eie aanspraak op reg en betekenis. Wat vir gemeente A goed was is nie noodwendig vir gemeente B goed nie. Dié kenmerk is in hoofstuk 2, punt 1.2.5 beskryf.

Volgens Dreyfus & Rabinow (1982:74-75) het Foucault reeds daarop gewys dat selfs wanorde 'n vorm van orde kan wees. Ook Bauman (1987:3) het die punt beredeneer.

Wanneer Koffeman 'n sterk saak uitmaak vir outentisiteit, die egte verbinding aan Woord en sakramant soos gedra deur tradisie en amp, is dit nie 'n ontkenning van die nie-liniêre aard van ons tyd nie. "Een gemeente die haar kracht louter zoekt on een modieuze manier van doen, met voorbijgaan aan haar specifieke verworteling in een traditie, schiet fundamenteel te kort. . . . . Als gestalte van de una sancta staat de kerk in een geschiedenis. Tot die geschiedenis dient zij zich hoe dan ook te verhouden." (Koffeman 2009; 207)

Koffeman en Bauman sou dit met mekaar eens wees dat in 'n nie-liniêre tyd, die oorvertel van die verhale deur ou vrouens telkens in 'n nuwe konteks 'n nuwe toepassing en uitkoms vind. In die proses kies die kerk waaraan sy haar wil verbind in die geskiedenis en waarvan sy haar wil losmaak. Die vraag sal bly - in watter mate is die geskiedenis normatief vir die pad vorentoe?

#### 4.6 Vinnige kommunikasie

Die omvang en implikasies van resente kommunikasie-middels is in hoofstuk 2, punt 1.2.9 beskryf. Dat die kommunikasie-vermoë besig is om die werkswyse van kerklike strukture ernstig te impakteer hoef nie beredeneer te word nie. Een van die belangrikste implikasies is dat die regsmening van een spesialis, binne minute, gekontroleer kan word by 'n ander spesialis. Die opeis van spoedige reaksie plaas ook die soeke na wysheid onder druk.

#### 4.7 Gesag word verwerf

Dié fenomeen is aan die hand van Bauman (1987:140) in hoofstuk 3 beskryf. Gesag van een liggaam oor 'n ander is nie meer vanselfsprekend nie. Selfs al sou 'n kerkorde so 'n gesagstruktuur beskryf, sal lidmate en kerkrade self besluit of hulle so 'n instansie se gesag wil erken. Om in die toekoms iets te sê te hê, vir lidmate of gemeentes sal afhang van die vraag of daar 'n verhouding van betekenis bestaan, wat dit vir die ondergeskikte die moeite werd maak om die reëls na te kom.

Ammerman & Dudley (2002:3) stel dit glashelder:"Congregations simply cannot count on stable communities, stable people, or denominational loyalties to keep their flocks in place."

Koffeman (2014:67) praat van intrinsieke gesag wat bewustelik uitgeoefen en ervaar word, en deur die ontvangers positief aanvaar word.

Especially in the church, people do not easily accept the formal authority argument as such. Christians will not easily obey church order regulations for the simple reason that this is the rule. Rightness, justice is an indispensable characteristic of church law. Therefore, also in church polity the question continues to be vital how the formal authority of the rules is related to their contents. Intrinsic authority connects formal authority with justice (Koffeman 2014:68).

Goudreau (2003) haal Habermas aan om aan te dui dat die gesag van reëls slegs geformuleer word en gevolelik afgedwing kan word binne bestaande en gekontrakteerde verhoudings:

Habermas (1970) made a point of mulling over the nature of deviations from exacting procedure. By "interaction," on the other hand, I understand communicative action, symbolic interaction. It is governed by binding consensual norms, which define reciprocal expectations about behavior and which must be understood and recognized by at least two acting subjects. Social norms are enforced through sanctions. Their meaning is objectified in ordinary language communication. While the validity of technical rules and strategies depends on that of empirically true or analytically correct propositions, the validity of social norms is grounded only in the intersubjectivity of the mutual understanding of intentions and secured by the general recognition of obligations. Violation of a rule has a different consequence according to type. Incompetent behavior, which violates valid technical rules or strategies, is condemned per set of failure through lack of success; the "punishment" is built, so to speak, into its rebuff by reality. Deviant behavior, which violates consensual norms, provokes sanctions that are connected with the rules only externally, that is by convention. Learned rules of

rational-purposive action supply us with skills, internalized norms with personality structures. Skills put us in a position to solve problems; motivations allow us to follow norms. (Goudreau 2003:92)

#### 4.8 Geregtigheid

Foucault het reeds die belangrikheid van gespreksvoering as 'n kernelement van geregtigheid uitgelig. (Dreyfus & Rabinow 1982:85) Die vraag wat bepalend is vir die ervaring van betekenis en integriteit sal wees of die individu of groep die ervaring het dat daar eg na hulle geluister is. Ook dié kenmerk sal egter nie gereglementeer kan word nie. Die aard van die verhoudinge tussen die betrokkenes, sal dit bepaal!

Derrida se opmerkings oor geregtigheid is van belang en word aangehaal:

'n Reël waarborg nie geregtigheid nie:

Law is not justice. Law is the element of calculation, and it is just that there be law, but justice is incalculable, it demands that one calculates with the incalculable; and aporetic experiences are the experiences, as improbable as they are necessary, of justice, that is to say of moments in which the decision between just and unjust is never insured by a rule (Derrida, 2002:244).

Om met absolute sekerheid te kan verklaar dat geregtigheid geskied het, is onmoontlik. Ootmoed pas by elke vorm van soeke na geregtigheid.

If I were content to apply a just rule, without a spirit of justice and without in some way and each time inventing the rule and the example, I might be sheltered from criticism, under the protection of law, my action conforming to objective law, but I would not be just. I would act, Kant would say, in conformity with duty but not through duty or out of respect for the law [loi]. Is it ever possible to say that an action is not only legal, but just? A person is not only within his rights [dans son droit] but within justice? That such a person is just, a decision is just? Is it ever possible to say, "I know that I am just"? I would want to show that such confidence is essentially impossible, other than in the figure of good conscience and mystification (Derrida 2002:245).

In situasies waar deelnemers nie dieselfde idioom, taal en taalvaardigheid deel nie skuil die kiem van onreg.

On the one hand, for fundamental reasons, it seems to us just to rendre la justice, as one says in French, in a given idiom, in a language in which all the "subjects" concerned are supposed competent, that is to say, capable of understanding and interpreting; . . . . . However slight or subtle the difference of competence in the

mastery of the idiom would be here, the violence of an injustice has begun when all members [partinaires] of a community do not share through and through, the same idiom(Derrida2002:246).

Die spesifieke konteks van die ander individu, groep en standpunt bepaal geregtigheid. Die deeglike, eerlike luister na die ander en 'n durende ondersoek van my eie konsep van geregtigheid is baie belangrik.

One must [il faut] be just with justice, and the first justice to be done is to hear it, to try to understand where it comes from, what it wants from us, knowing that it does so through singular idioms. . . . . One must know that this justice always addresses itself to singularity, to the singularity of the other, despite or even because it pretends to universality. Consequently, never to yield on this point, constantly to maintain a questioning of the origin, grounds and limits of our conceptual, theoretical or normative apparatus surrounding justice - this is, from the point of view of a rigorous deconstruction, anything but a neutralization of the interest of justice, an insensitivity toward injustice. On the contrary, it hyperbolically raises the stakes in the demand for justice, the sensitivity to a kind of essential disproportion that must inscribe excess and inadequation in itself (Derrida 2002:248).

Elke situasie vra dat geregtigheid opnuut gesoek, ontwerp en bedien word. Reëls moet in so 'n mate verontagsaam word dat dit moontlik word om die reël op 'n nuwe manier te kan gebruik in diens van geregtigheid.

This new freshness, the initiality of this inaugural judgment can very well - better yet, must [do it] very well - conform to a preexisting law [lois], but the reinstituting, inventive and freely deciding interpretation of the responsible judge requires that his "justice" not consists only in conformity, in the conservative and reproductive activity of judgment. In short, for a decision to be just and responsible, it must [il faut], in its proper moment, if there is one, be both regulated and without regulation, it must preserve the law [loi] and also destroy or suspend it enough to have [pour devoir] to reinvent it in each case, rejustify it, reinvent it at least in the reaffirmation and the new and free confirmation of its principle. Each case is other, each decision is different and requires an absolutely unique interpretation, which no existing, coded rule can or ought to guarantee absolutely (Derrida 2002:251).

Beslissings en besluite wat nie telkens opnuut weer deur die proses van eerlike onvermoë, dit is die erkenning van hulle eie onvermoë en gebreke gegaan het nie, kan nie geregtigheid bedien nie.

The haunting of the undecidable. . . . . this is the experience of that which, though foreign and heterogeneous to the order of the calculable and the rule, must [doit] nonetheless . . . . . deliver itself over to the impossible decision while taking account of law and rules. A decision that would not go through the test and ordeal of the undecidable would not be a free decision; . . . . (Derrida 2002:252.)

Tog vra geregtigheid vinnige optrede. Uitsel is gelyk aan onreg.

Yet justice, however unpresentable it remains, does not wait. It is that which must not wait. To be direct, simple and brief, let us say this: a just decision is always required immediately, right away, as quickly as possible. It cannot provide itself with the infinite information and the unlimited knowledge of conditions, rules, or hypothetical imperatives that could justify it(Derrida 2002:255).

Die erkenning dat in alle beslissings die moontlikheid verskuil lê dat geregtigheid miskien nie bedien is nie, moet behoue bly.

"Perhaps" - one must [il faut] always say perhaps for justice. There is an avenir for justice and there is no justice except to the degree that some event is possible which, as event, exceeds calculation, rules, programs, anticipations and so forth (Derrida 2002:257).

#### 4.9 Vorming van identiteit

In hoofstuk 2, punt 1.2.6 is dié kenmerk beskryf. Die identiteit van gemeentes word nie meer gevorm deur die handeling van sinodes nie. Elke gemeente vorm haar eie identiteit onafhanklik van die groter geheel. Die omvang hiervan is sodanig dat daar 'n toenemende mate van kompetisie tussen gemeentes om bronne kan ontstaan. Bauman (1987:141) wys daarop dat gemeentes hulle eie tradisies ontwikkel. Elkeen soek ook na haar eie waarhede en antwoorde op die gebrokenheid waarmee hulle gekonfronteer word. Dit beteken nie dat daar nie by ander geleer word nie. Dit gebeur egter op elkeen se eie voorwaardes en ritme.

Die wyse waarop kultuurverandering en identiteitsvorming plaasvind word deur Hunter (2010:32) beskryf, en dui op die belangrike rol wat die formulering van kerkordelike bepalings, met al die simbole hierin verweef, kan speel in die proses. Hunter bevestig Stark&Bainbridge se mening dat kultuur die versameling "verklarings" is wat in 'n bepaalde gemeenskap leef – *exchanged by humans*. (Stark & Bainbridge 1996:327)

Proposition four: Culture is a resource and, as such, a form of power. To think of culture institutionally and organizationally allows one to think of symbols as a resource. Symbols take the form of ideas, information, news, wisdom, indeed, knowledge of all kinds, and these in turn are expressed in pronouncements, speeches, edicts, tracts, essays, books, film, art, law, and the like (Hunter 2010:35).

Proposition six: Culture is generated within networks (Not by the "great man") (Hunter 2010:37.)

Proposition nine: Change is typically initiated by elites who are outside of the centermost positions of prestige. . . . Center and periphery are relative rather than fixed concepts. . . Prestige is not dichotomous, in the sense that either one has it or one doesn't, but is rather a range with infinite gradations (Hunter 2010:42).

So verwys Hunter (2010:43) na Vilfredo Pareto wat in die elites onderskei tussen die 'leeus' wat die status quo verdedig en in stand hou, en die 'jakkalse' wat eksperimenteer en innoveer. Dieselfde onderskeid vind ons ook in die MBTI – persoonlikheidsanalise se onderskeiding tussen die SJ en NT groepe.

. . . .Cultures are profoundly resistant to intentional change - period. They are certainly resistant to the mere exertion of will by ordinary individuals or by well-organized movement of individuals. The idea suggested by James Dobson, that 'in one generation, you change the whole culture' is nothing short of ludicrous. . . . .The most profound changes in culture can be seen first as they penetrate into the linguistic and mythic fabric of a social order. In doing so, it then penetrates the hierarchy of rewards and privileges and deprivations and punishments that organize social life. It also reorganizes the structures of consciousness and character, reordering the organization of impulse and inhibition. . . . Cultural change of this depth can only be seen and described in retrospect, after the transformation has been incorporated into a new configuration of moral controls (Hunter 2010:45).

Uit hierdie reeks aanhalings, wat as dele van 'n optelsom op mekaar gestapel is, is dit duidelik dat die taal en werkswyses wat deur kerkordelike bepalings geskep word, inderdaad bydra tot kultuurverandering of stagnasie. In dié verband rig Koffeman (2014:75) 'n belangrike waarskuwing. Wetgewing se rol word altyd deur die konteks bepaal. Dit is belangrik om te onderskei tussen die aanwending van wette as 'n beleidsinstrument wat daarop gerig is om mense se gedrag en denke te manipuleer, of as 'n instrument wat ooreengekome waardes in 'n gemeenskap reglementeer, met die doel om lede se regte en verpligte te bepaal. 'n Wetgewer wat wetgewing wil gebruik om sosiale verandering te realiseer, sal maklik die effek van wette oorskot. 'n Toename in die kompleksiteit van wette, gaan gepaard met die toename in lede wat die wette probeer systap.

Die waarnemings van Leonard Sweet (2001:12-13) illustreer die uitdaging wat die soeke na identiteit behels. Ons leef in 'n wêreld waar kinders, oral, dieselfde pyn kan veroorsaak as regerings en generaals in die verlede. In ons wêreld het kinders nie meer

gesagsfigure nodig om toegang tot inligting te kry nie; intendeel, kinders is in talle situasies (soos elektronika) die gesagsfigure.

#### 4.10 Godsbeeld

Stark & Bainbridge se godsdienssteorie lig 'n belangrike faktor uit met betrekking tot die voortbestaan van godsdiestige organisasies. Die teorie wat hulle op die tafel sit kan nie met bepalings en reglemente bestuur word nie. Dit is juis die punt. Moenie probleme wat 'n totaal ander aard en oorsprong het, met reëls probeer oplos nie. Stark & Bainbridge teoretiseer soos volg:

P36 The explanations of a religion are a cultural system(1987:64).

P37 A culture is created by a society and consists of whatever explanations are accepted by the members of the society (1987:65).

P40 Humans retain that culture which appears more rewarding (1987:67).

P42 As a society grows and endures, it will come to have a progressively more complex culture (1987:68).

P43 The more complex the culture, the less of it that can be mastered by any given individual (1987:69).

P45 The more complex the culture, the greater the degree of cultural specialization. Def.33 Cultural specialization refers to the tendency of individuals to master parts of their culture and to engage in exchanges with others who have mastered different parts (1987:70).

P46 Given some degree of cultural specialization, the larger societies become, the greater their degree of differentiation. Def.34 Differentiation refers to cultural specialization at the level of groups rather than at the level of individuals (1987:71).

P49 A cultural specialty dedicated to providing general compensators based on supernatural assumptions tends to evolve into a cultural system, thus becoming a religion (1987:74).

P313 Belief in a single good god of infinite scope renders unnecessary the exchange of rewards to obtain religious compensators (1987:287).

P314 Belief in a single good god of infinite scope severely reduces the ability of religious organizations and specialists to get others to give them rewards in exchange for compensators (1987:287).

P315 It is impossible to sustain powerful religious organizations based on belief in a single good god of infinite scope (1987:287).

Bogenoemde beteken dat, gegee die ontwikkeling van die kerk se godsbegrip, die kerk by 'n punt gekom het, waar lidmate toenemend uit egte persoonlike geloofsoortuiging sal deelneem aan die geloofsgemeenskap. Die navorser stem nie noodwendig met Stark & Bainbridge saam in die klem wat hulle op monoteïsme plaas nie. Maar wat wel

verreken moet word, is die feit dat die postmoderne mens al minder van 'n godheid en gevoglik van 'n geloofsgemeenskap verwag. Waar lidmate ter wille van byvoordele, *compensators*, deel van 'n geloofsgemeenskap was, sal hulle motivering tot deelname daal. Reëls en sanksies sal die proses verhaas.

At a time when postmoderns have discovered the future as a mainspring of merit and values, projecting into the future implications of choice made in the present and correcting actions accordingly, the church has lost that future feeling. It draws directions and guidance absolutely and unreservedly from the past (Sweet 2001:25).

### **Opgesom:**

Die konsepte wat verreken moet word in die formulering van 'n kerkorde is betekenis, integriteit, relatiwiteit, diversiteit, nie-liniariteit, vinnige kommunikasie, geregtigheid, identiteitsvorming, en die verwagtinge wat aan geloofsgemeenskappe gestel word.

In die lig van die voorafgaande is die vraag wat die volgende hoofstuk probeer beantwoord die vraag na die kenmerke waaraan 'n kerkorde geken moet word ten einde betekenisvolle waarde tot die geloofsgemeenskap se funksionering te kan bydra.

## HOOFTUK 5: KENMERKE VIR ‘N KERKORDE VAN BETEKENIS

Weereens is dit belangrik om daarop te let dat die kenmerke in die hoofstuk genoem nie in ‘n prioriteitsvolgorde gelys word nie. Al die kenmerke sal relatief tot die konteks van funksionering in wisselende mate in ag geneem moet word.

Die hoofstuk wil ook nie die vier nota ecclesia van Nicea misken nie. Die kenmerke hierna gelys sou elkeen sy plek in een van die eienskappe in die Belydenis van Nicea geformuleer, kon vind. Van Wyk haal Moltman in die verband aan:

Although the creed limits itself to these four marks of the church, this has never been seen in history as a restriction, but always as a pointer to the essentials . . . It must be noted that they were formulated and laid down for the first time at the great imperial synods of the early church . . . to make this historical observation is not to deny the truth of these statements about the church. But it gives us liberty to move other marks of the true church into the foreground in a changed world situation, and to link these with the traditional ones (Van Wyk 2013:18).

Koffeman (2009:164-165) gebruik dieselfde beredenering as hy vier ander kwaliteitskenmerke van die una sancta aandui.

Not applying the Nicene attributes directly to the visible church, but rather ‘translating’ them into quality markers is, in my view, a necessary consequence of Dombois’ view . . . that the time of transcendental church polity is over. Church polity can no longer be presumed to simply justify structures and procedures that have developed in history, as if the church of Jesus Christ coincides with any particular church (Koffeman 2014:134).

Koffeman (2014:135) gaan dan verder om aan te dui dat dieselfde benadering te vind is in ekklesiologiese navorsing van die 20ste eeu, onder Katolieke en Protestante. Hy verwys dan in besonder na Karl Barth en Hans Kung. Vir beide is die Niceaanse kenmerke belangrik, maar die kenmerke word nie spesifiek gebruik as vertrekpunt vir hulle ekklesiologiese navorsing nie. Hulle behou huis die spanning tussen die sigbare en onsigbare kerk.

Koffeman (2014:132 – 133) vertaal die Niceaanse merkers in vier kwaliteitsmerkers:

Inklusiwiteit wat alles te doen het met die kerk se missie.

Outentisiteit wat verwys na die kerk se oorsprong.

Konsiliariteit wat verwys na al die onderlinge verhoudings binne die kerk.

Integriteit wat verwys na die kerk se grense en beperkinge.

Koffeman (2014:139) verwys ook na die Reformatoriese notae ecclesiae, suiwer Woordbediening, suiwer sakramentsbediening (soos deur die Augsberg Belydenis geformuleer) en die uitoefening van kerklike tug. Maar ook dié drie is na sy mening nie institusionele merkers nie, maar karaktereienskappe.

Guder (1998:222) onderskei drie beginsels:

Die Heilige Skrif funksioneer gesagvol in alle strukture.

Die kerk se katolisiteit vereis die ruimte vir kulturele diversiteit in alle strukture.

Die plaaslike geloofsgemeenskap is die kern van missionaliteit.

If Christ is the Lord of the church, then the church's submission to Christ's rule will guide its structural formation. If the church is the sign, foretaste, instrument, and agent of God's inbreaking kingdom, then the organizational structure of the community will incarnate that vocation (Guder 1998:228).

Volgens Guder (1998:234) is die primêre organisatoriese uitdaging vir die kerk om weë te vind om die lewe van spesifieke geloofsgemeenskappe so te struktureer dat hulle getroue getuies in hulle gemeenskappe sal wees. Hier is die onderskeidende kenmerke waarna Patrick Keifert verwys weer van belang: 'n bewussyn van die rede en noodsak vir verandering of dan 'n bewussyn van hoe laat dit al is, 'n duidelike roepingsbewussyn en doelbewuste geloofsonderskeidende dissiplines.(Keifert:2016)

Miskien het die gesamentlike kommissie wat met die vereniging van die NGSK en NGKA tot die VGK 'n konsepkerkorde moes opstel, met hulle ses uitgangspunte 'n goeie aanduiding gegee van hoe 'n kerkorde daar moet uitsien.

1. Net breë beginsels moet beskryf word, in duidelike nie-tegniese taal.
2. Die plaaslike gemeente is die vertrekpunt.
3. Die funksionering van die amp van gelowige is belangrik.

4. Die breë kerkverband in die vorm van sinodes en Algemene Sinode is belangrik.
5. Gemeentes moet vryheid geniet om hulself te organiseer.
6. Reëls met betrekking tot die ampte moet die minimum voorskrifte bevat en ruimte laat vir ontwikkeling(Kritzinger 2014:3).

Dit beteken dat na die navorser se mening die volgende kenmerke so 'n 'vertaling' is wat in verskillende situasies op verskillende maniere gestalte kan vind.

### 5.1 Ruimte vir eksperimentering

Die relatiewe, pluraliteitsaard en nie-liniêre werklikhede van ons wêreld maak enige kerkorde wat nie ruimte laat vir eksperimentering nie, van minder betekenis. Dit is net nie meer moontlik vir sinodale vergaderings om antwoorde en werkswyses absoluut vir gemeentes te formuleer nie. Gemeentes sal die vryheid moet hê om na gelang van hulle eie kontekstuele eise en uitdagings werkswyses te vind wat vir hulle die belewenis gee van betekenisvolle roepingsvervulling. Dit gaan sinloos wees om gemeentes op te roep om hulle roeping in missionale gerigtheid te onderskei, en dan die realisering daarvan met kerkordelike bepalings aan bande te lê. Gemeentes sal toenemend wil ervaar dat hulle self betekenis of waarde toevoeg tot hulle konteks, en tot die lewens van lidmate.

Having lost faith in salvation coming from 'on high' as we know it (that is, from parliaments and governmental offices) and looking for alternative ways to get the right things done, people are taking to the streets in a voyage of discovery and/or experimentation. They transform city squares into open-air laboratories, where tools of political action aimed at matching the enormity of the challenge are designed or stumbled on, put to the test, and perhaps even pass a baptism of fire . . . (and it) seems to deliver, if only for time being, what elsewhere was sought in vain . . (Bauman & Donskis 2013:62).

As kerkreg dus sou poog om kerklike ingenieurswese toe te pas, en so op 'n voorskriftelike wyse gemeentes en gemeente-identiteit volgens 'n vooropgestelde model wil vorm, sou kerkreg 'n fout maak. Kerkreg sou die storie agter die reëls kon vertel sonder om een model suiwerder te ag as 'n ander. Vanuit die narratiewe proses sal gemeentes self die waardes van betekenis, wat in dié bepaalde stadium geldig is binne hulle konteks, distilleer en deel maak van hulle eie verhale en identiteit. Kerkreg sal rekening moet hou met die onseker en eksperimentele karakter van ekklesiologie in 'n

postmoderne konteks. Weer verwysn die navorser na Patrick Keifert se navorsing wat die elemente aandui wat gemeentes wat suksesvol transformeer met mekaar deel, in dié geval die skep van veilige ruimtes vir verandering. (Keifert:2016)

Kerkreg behoort 'n proseskarakter te dra. Jiri Priban (2007:9) verwys na Bauman se werk Society under Siege, en beklemtoon dat geregtigheid 'n taak is wat altyd in die onbekende toekoms wag, een wat altyd aangespreek en gehanteer sal moet word.

In die zin is het voortdurend in verandering. Door middel van het kerkrecht geeft een geloofsgemeenschap - gerepresenteerd door haar kerklike leiding - jiridisch en institutioneel gestalte aan de kerk. Daarin ligt een element van actuele gehoorsaamheid, als een kerk probeert verstaan wat in een specifieke tijd en context van haar wordt gevraagd (Koffeman 2009:35).

Die proseskarakter van kerkreg behoort nie net ruimte te laat vir eksperimentering nie, maar ook vir verandering. Dit was tog nog altyd 'n wesenskenmerk van die reformasie.

Het word gethematiseerd in het motto: eclesia reformata semper reformanda, . . . . Maar ook de kerken van de Reformatie zijn niet ontkomen aan het gevaar de eenmaal gevonden kerklijke gestalten te legitimeren en te verabsoluteren en zich daarmee in zekere mate buite de beweging van de Geest te stellen (Koffeman 2009:35-36).

Dit laat byvoorbeeld 'n ernstige vraag oor die Ned.Geref.Kerk se bepaling dat sekere kerkordelike wysigings slegs met tweederdemeerderhede, tegelyk, op alle vlakke van regering, kan geskied. Sulke bepalings maak veranderinge prakties onmoontlik. Hou ook in gedagte dat geloofsidentiteit plaaslik gevorm word. Dit beteken ook dat die verskillende vlakke van regering kan verskil in die formulering van dit wat vir die bepaalde vergadering van belang is met betrekking tot haar identiteit. As daar net een voorskrif is wat almal bind, word die een se identiteit 'n ander se juk.

Koffeman (2014:165) gebruik ontwikkelinge in die PKN om aan te dui hoe daar ruimte vir eksperimentering gelaat kan word. So word daar vir gemeentes met 'n eie taal ruimte gelaat vir assosiatiewe lidmaatskap, halfpad tussen afskeiding en volle integrasie. 'n Ooreenkoms wat die onderskeie regte en verpligtinge van die Algemene Sinode en van die gemeente beskryf word opgestel. Die ooreenkoms kan ook opgeskort word. Daar is ook die moontlikheid van 'buitengewone' gemeentes, in dié geval, 'n Pakistani-gemeente. So 'n gemeente het nie regsmoontlikhede om die kerk te verlaat nie.

Koffeman(2009:36) haal die Franse ekumeniese studiegroep, de Groupe de Dombes, Pour la Conversion des Eglises, aan, wat betoog dat die identiteit van 'n kerk nie te vind is in haar onveranderlikheid nie, maar huis in haar roeping en vermoë om te verander, om haarself te bekeer. Dit plaas onmiddellik die vraag op die tafel of die bepalinge leerbaarheid fasiliteer. Koffeman verwoord dit so:

Niet minder dan die kerk als geheel is elke gemeente een hermeneutische gemeenschap, geroepen om het apostolische getuigenis te doordenken in relatie tot steeds nieuwe uitdagingen. Dat kunnen uitdagingen voor het denken zijn, waarop een belijdende respons wordt gevraagd. Het kunnen ook uitdagingen voor het handelen zijn (Koffeman 2009:223).

Lidmate en kerkrade vra toenemend of daar enige sin daarin is om iets te leer as dit nie toegepas kan word nie? Natuurlik kan leerbaarheid moeilik gereglementeer word. Die belemmeringe met betrekking tot leerbaarheid kan egter verwyder word.

'n Kerkorde se funksie is nie om dit wat was in stand te hou nie. 'n Kerkorde se funksie is om 'n instrument te wees wat -

'n oog het voor de dynamiek van een veranderende samenleving en speelt daarin een eigen kritische en creatieve rol. Het is dus een veelal onmisbaar element in een veranderingstrategie. Via het kerkrecht wordt aan noodzakelijk geachte veranderingen een juridisch 'vloerje' gegeven . . . . Deze wordt, juist wanneer de dynamiek van een samenleving-in-verandering wordt onderkend, in belangrijke mate gemotiveerd vanuit de noodzaak mensen tot hun recht te laten komen in veranderingsprocessen . . . Dat betekent ook dat macht een rol gaat spelen, met een eigen dynamiek. Bevoegdheden, rechten, en plichten gaan verschuiven. Op elke moment moeten alle betrokkenen voldoende procedurele mogelijkheden hebben om hun eigen ervaringen, belangen en visie te laten meeewegen in het veranderingsproces. Ook als van veranderingsproses niet direct sprake is, blijkt geldend recht soms onrecht te veroorzaken, Juist omdat dat zo is, dient recht voortdurend te worden geevalueerd en ontwikkeld (Koffeman 2009:25).

Ook Philippopoulos-Mihalopoulos rig 'n tydige waarskuwing: kerkordes dra nie antwoorde in sigself nie! "This totalising view (law is everywhere) has as a consequence some anticipated self-misdescriptions: first, that law is a reliable panacea for society's conflicts; and second, that law's monopoly on normativity allows and calls for blanket-applicability." (Priban 2007:85)

## 5.2 Komplementêre karakter

In die ekklesiologie is daar oor baie eeue veel gemaak van die liggaamsmodel van die kerk. Die grondslag hiervoor was nog altyd ten regte die Skrif self. Die aard van onderlinge verhoudinge is deur Skrif en belydenis verstaan as van die kerkelemente van 'n kerk se getuienis en identiteit. Ook postmoderne sosioloë (soos Bauman, Stark en Bainbridge) beklemtoon die belang van verhoudinge in sisteme en netwerke.

Pablo S.Ghetti verwoord dit so: "An inescapable law of sociability, embodied and concealed in all manifestations of the juridical law, is required and invoked." (Priban 2007:61)

Verhoudinge veronderstel 'n netwerk waarin elke lidmaat en gemeente haar plek van waarde vind. Nie een het al die vaardighede, bronne of antwoorde nie. Lidmate, gemeentes, ringe, sinodes en denominasies is op mekaar aangewese. Elkeen se rol is egter spesifieker. 'n Klomp tongue is 'n geraas. Elkeen het 'n ander plek. As kerkordelike bepalings dan vir almal dieselfde plek en rol gee, gaan ons op mekaar se tone trap. Die klem van 'n kerkorde sal dus veel eerder moet wees om ruimtes vir verskil te skep as om voorskrifte vir ooreenstemming te formuleer. In die verskille lê die komplementêre vermoëns van lidmate, gemeentes, ens. Die navorser meen dat eenheid per definisie die vashou is van dit wat verskillend en anders is. Koffeman(2009: 235) meen dat Kung dit duidelik beredeneer dat eenheid nie verscheidenheid mag uitsluit of onderdruk nie. Uniformiteit kan net so 'n groot bedreiging wees."Zo staat de kerk steeds weer in de spanning van het zoeken naar een gezonde balans tussen eenheid en verscheidenheid, zonder terecht te komen in uniformiteit of vormeloosheid." (Koffeman 2009:233)

Van Wyk verwys na Taylor (1994:38) wat praat van *politics of recognition* om gelykwaardigheid te beskryf en *politics of difference* om die belangrikheid van die unieke individualiteit van elkeen te beskryf. Sy haal aan:

(What) we are asked to recognise is the unique identity of this individual or group, their distinctiveness from everyone else. The idea is that it is precisely this distinctiveness that has been ignored, glossed over, assimilated to a majority identity. And this assimilation is the cardinal sin against the ideal of authenticity (Van Wyk 2013:148)

Van Wyk gaan verder en beklemtoon die waardigheid van elkeen, wat volgens Bittner en Ostermann meen dat 'n individu se dignitas te doen het met die "particularities of the social setting in which he or she is born and develops". Sy verwys ook na Taylor wat meen dat die aantasting van die dignitas van 'n persoon te doen het met dienierkenning of miskenning van sy of haar uitsonderlikheid, en wat so skade berokken en 'n vorm van onderdrukking is, die "imprisoning of someone in a false, reduced mode of being". Van Wyk haal dan vir Wolf aan: "(What) we are asked to recognise is the unique identity of the individual or group, their distinctiveness from everyone else. The idea is that it is precisely this distinctiveness that has been ignored, glossed over, assimilated to a majority identity. And this assimilation is the cardinal sin against the ideal of authenticity"(Van Wyk 2013:148).

Foucault se formulering is helder:

I insist on this difference as something essential: a whole morality is at stake, the morality that concerns the search for the truth and the relation to the other. In the serious play of questions and answers, in the work of reciprocal elucidation, the rights of each person are in some sense immanent in the discussion. They depend only on the dialogue situation. The person asking the questions is merely exercising the right that has been given him: to remain unconvinced, to perceive a contradiction, to require more information to emphasize different postulates, to point out faulty reasoning, and so on. As for the person answering the questions, he too exercises a right that does not go beyond the discussion itself; by the logic of his own discourse, he is tied to what he has said earlier, and by the acceptance of dialogue he is tied to the questioning of the other. . . . . The polemicist, on the other hand, . . . . . on principle, possesses rights authorizing him to wage war and making that struggle a just undertaking; the person he confronts is not a partner in the search for the truth but an adversary . . . . . whose very existence constitutes a threat. . . . . The polemicist relies on a legitimacy that his adversary is by definition denied. . . . . . polemics sets itself the task of determining the intangible point of dogma, the fundamental and necessary principle that the adversary has neglected, ignored, or transgressed; and it denounces this negligence as a moral failing; at the root of the error, it finds passion, desire, interest, a whole series of weaknesses and inadmissible attachments that establish it as culpable (Rabinow & Rose 1994:18-19).

Bogenoemde sal deeglik verreken moet word in enige verenigingsproses.

Foucault se konsep van 'n heterotopie behoort as model vir 'n kerkorde te dien. Wolf formuleer dit soos volg: "The church is not a monocentric-bipolar community, however articulated, but rather fundamentally a polycentric community." (Van Wyk 2013:147)

Soos bogenoemde ernstig verreken moet word in die formulering van verhoudinge op gemeentelike en denominasionele vlak, is dit net so belangrik op ekumeniese vlak.

Koffeman haal Dombois aan om aan te toon dat kerkreg in wese ekumenies van aard moet wees - omdat die kerk in wese ekumenies is. (2009:27)

Hy meen dat 'n tweede rede die feit is dat die Heilige Gees nog altyd ekumenies werksaam was in die geskiedenis. (2009:28)

Na die navorser se mening is 'n kerkorde wat die ekumeniese karakter van die kerk saboteur, nie wat dit veronderstel is om te wees nie. 'n Kerkorde moet ten diepste die eenheid dien. Dit laat 'n ernstige vraag ontstaan oor die huidige formuleringe van die kerkorde met betrekking tot belydenisskrifte en die frustrasie wat dit veroorsaak in ekumeniese gesprekke. Die wyse waarop die kerkorde tans gebruik word om verskillende agendas te bevorder in die eenheidsprosesse in die Ned.Geref.Kerkfamilie is moeilik te rym met 'n ekumeniese karakter.

Kerkreg behoort nie die bestaan van 'n bepaalde denominasie te legitimeer nie. Dit moet die denominasie help om deel van die heilsgeskiedenis te wees. Die geskiedenis van die Heilige Gees se pad met individue, gemeenskappe en strukture behoort haar gang te vind. "Juist in de verbinding van deze twee bewegingen, van het proces van rechtsvorming en het proces van groeiende zichtbare eenheid, ligt de wortel van oecumenisch kerkrecht" (Koffeman 2009:36)

Enige kerkorde behoort 'n karakter van openheid te dra wat die Gees se gang met die kerk diensbaar is. Van Wyk verwys na Moltman en sê: "'n Kerk wat 'n voet op die ekumeniese pad geplaas het, kan nie langer in die kerk se kerkleer net die kerk se eie belydenis teenoor ander konfessies probeer regverdig(nie)"(Van Wyk 2013:186).

"De tijd voor een legitimierende ecclesiologie is voorgoed voorbij." (Koffeman 2009:29)

### 5.3 Om te luister

Derrida beredeneer die verband tussen verantwoord en verantwoordelikheid. (Response and responsibility) Daar kan geen verantwoordelikheid wees sonder dat teenoor die ander verantwoording gedoen word nie.

Religion in the singular? Response: Religion is the response. Is it not there, perhaps, that we must seek the beginning of a response? Assuming, that is, that one knows what responding means, and also responsibility. Assuming, that is, that one knows it - and believes in it. No response, indeed, without a principle of responsibility: one must respond to the other, before the other and for oneself. And no responsibility without a given word, a sworn faith *<foi juree>*, without a pledge, without an oath, without some sacrament or *ius iurandum* (Derrida 2002:64).

Ellul sou hierby aansluit en 'n punt daarvan maak dat om die laaste woord te hê huis in stryd is met die dialektiese metode van sy eie oortuigings wat altyd nog 'n woord, nog 'n uitdaging, nog 'n ten spyte van, sou ruimte gee (Neville 2008:172).

I had the greatest difficulty in understanding Barth's steps in thinking, always posing opposites and then going beyond them and synthesizing them in a new development – all of this not as an intellectual game, but because one was situated precisely at the existential level, where life itself unfolded (Neville 2008:173).

Volgens Ellul voorkom die egte luister na teenoorgestelde standpunte en stemme, met dieselfde intensiteit as met die luister na ooreenstemmende stemme, solipsisme. Dit skep ook die moontlikheid van nuwe dimensies van verstaan om te ontwikkel. "Ellul writes, 'listeners reconsider their own positions in the light of what they hear. They thus reach a new stage.'" (Neville 2008:174)

Dat die luister-proses moeisaam en dikwels verwarrend is, is so. Tog mag ons nooit ophou luister na mekaar, na mekaar se stories, op soek na die onderliggende diskouers wat verskuil lê nie. As kerkorde-bepalings die luisterproses verkort om vining klaar te maak is daar gedwaal. Die vertalingsproses waarna Bauman verwys veronderstel 'n tydsame bemoeienis met die verhaal. Om te kan luister vra volgens Derrida na die oortuiging, belydenis, geloof, in my eie hart dat die individu voor my, inderdaad iets vir my te sê het (Kearney 1999:130). Dit is die afwesigheid van vooroordeel, die respek vir die mens en sy/haar waarde. Barth maak die stelling: "By proclaiming divine justification it will be rendering the best possible assistance to the establishment and maintenance of human justice and law (Kooi 2014:198)". Dan voeg Derrida daarby die eis om te lees.

(Kearney 1999:130). Dit behels die intense invra na wat gekommunikeer is, 'n egte soeke na die werklike inhoud, 'n vermoeiende, herhalende soeke, omdat die hoorder baie maklik hoor wat pas. Luister vra dus 'n proses van intensiewe onderskeiding. In 'n populêre tydskrif, Taalgenoot van die lente van 2015, verwoord die redakteur dit so:

Ek dink ons kan mekaar net vind as ons werklik na mekaar luister: e nook bereid is om te luister in omstandighede waar ander dit dalk nie doen nie. Luister na my. Hoor wat ek vir jou probeer sê. Probeer om vir 'n oomblik verby jou eie vooroordele te beweeg; uit die silo's van klas en ras en taal en geslag te breek. Luister na my noodkreet en sien my: nie as die vyand nie. Nie as iemand wat die bekende wil verguis en afbreek nie. Maar as 'n mens wat probeer om 'n plek te vind wat, volgens my, nie nou bestaan nie. Dalk verstaan jy nie dadelik nie. Ek verstaan jou ook nie altyd nie. Maar as ons net vir 'n ruk kan stilbly, en luister . . . (Torr 2015:7)

Richard Kearney verwys na Derrida:

Derrida's own response to this postmodern dilemma would seem to be twofold - believe and read! In spite of our inability to know for sure 'who speaks' behind the many voices and visages that float before us, now present now absent, now here now elsewhere, Derrida tells us that we must continue to trust and have faith. 'Je ne sais pas, il faut croire,' as the refrain of Memoirs of the Blind goes. But if our belief is blind, and each moment of faithful decision terrifying, we can always be helped by the vigilant practice of meticulous, rabbinical reading. We must never abandon our responsibility to read between the lines.

In order to overcome hallucination we have to listen to and closely read the other. Reading, in the broad sense which I attribute to this word, is an ethical and political responsibility. In attempting to overcome hallucinations we must decipher and interpret the other by reading. We cannot be sure that we are not hallucinating by saying simply 'I see'. 'I see' is, after all, just what the hallucinating person says. No, in order to check that you are not hallucinating you have to read in a certain way.

In what way, we might ask? 'I have no rule for that,' Derrida humbly concedes. 'Who can decide what counts as the end of hallucination? It is difficult. I too have difficulties with my own work.'

But in spite of these avowed difficulties, Derrida has done more than most other living philosophers - theist or atheist - to make us sensitive to the three calls of God: donne, pardonne, abondonne. The problem is that these calls are, for deconstruction, always made in the dark where the need to discern seems so impossible (Kearney 1999:130).

Om aangehoor te word is die kernvoorraarde vir geregtigheid! In dié verband maak Derrida 'n belangrike onderskeiding: Net die verontregte kan geregtigheid ontvang. In die proses van die beregtiging van geregtigheid kry die een in die magsposisie sy/haar sin, alleen die verontregte kan geregtigheid as die herstel van onreg ontvang.

The notion of justice as a-venir refers structurally to the vulnerable, to the victim, not the producer of the victim. It would never be the case that the 'other' one to come would be Charles Manson, or some plunderer or rapist. The very notion of the to-come refers to the one who is not being heard, who is silenced, victimized by the existing structures. It will always be the case that someone is being injured by the present order, so that the worst injustice would be to say that present order represents perfect justice (Kearney 1999:131)

Hierby belig Derrida die sistemiese verontregting van slagoffers aan die hand van tradisie en struktuur. Hy pleit vir die noodsaak van die erkenning en belydenis van die tradisie en struktuur se blindheid vir die onreg wat dit genereer:

We are always situated within concrete historical traditions and structures. The point of a distinction like that between justice and law, or the messianic and the concrete messianisms, is to prevent the existing traditions, which are all we have, from closing in upon themselves, from becoming monoliths. There is no such a thing as the one tradition, which is always rife with conflicts, silenced voices, and the prestige of the 'tradition' is implicated in the dead bodies it produced in order to establish itself. Still, all we have is traditions, languages, cultures, social and institutional structures, our legacies, and we must both mourn everything that has been erased in those traditions and pray for the justice that these traditions promise. Deconstruction seeks to inhabit the tension between mourning and the promise, between recognizing that this is the only world I have and appreciating its finitude, keeping it open to what it cannot foresee. I can only inhabit my tradition justly if I appreciate that it is blind and that it tends structurally to close itself off from the other (Kearney 1999:131).

Ghetti (2007:65) beskryf die 'waste', 'redundant people' en 'colateral casualties' wat in die proses agtergelaat word. Die vraag waarmee skrywers en gebruikers van kerkordes gelaat word, is of die proses geregtigheid bedien het en of dit slagoffers agtergelaat het.

#### 5.4 Die balans tussen gesag en waarheid

Gesag kan nie sonder waarheid nie! Grazyna Skapska haal Vaclav Havel, The Power of the Powerless aan:

The singular, explosive, incalculable political power of living within the truth resides in the fact that living openly within the truth has an ally, invisible to be sure, but omnipresent: this hidden sphere of authentic existence. It is from this sphere that life lived openly in the truth grows; it is to this sphere that it speaks and in it that it finds understanding. This is where the potential for communication exists. . . . Living within the truth is humanity's revolt against an enforced position, is . . . An attempt to regain control over one's own sense of responsibility (Priban 2007:115).

Koffeman wys op die moontlikheid dat in dié verhouding gesag - huis die een ten koste van die ander verabsouteer kan word. Veral as gesag – so is *dit geskryf* - verabsouteer word, bly die vraag of dit reg/goed/regverdig is, in die slag. "Voor de innerlijke aanvaarding van een uitspraak kan het van groot belang zijn als daaruit duidelijk is dat de vraag na de juistheid in elk geval is gehoord" (Koffeman 2009:86).

Dit is omgekeerd ook waar. As my eie definisie van waarheid verabsouteer word kan dit my by die punt bring waar gesag nie meer erken word nie. Dit is die uitdaging van ons tyd! My oortuigings kan alle aansprake van enige vorm van gesag negeer. Die uitdaging lê in die vind van 'n balans tussen positivistiese gesagsverabsolutering (legaliteit) en natuurrechtlike juistheidsverabsolutering (legitimiteit) (Koffeman 2009:87)

Die opmerkings oor die belangrikheid van luister en die verwerwing van gesag in die vorige hoofstuk is verder bepalend vir die vind van die balans.

Die Bybelse verstaan van die begrippe reg en geregtigheid is belangrik: die klem val op die herstel van wat verkeerd is, met die klem op die plaasvervangende en helende karakter van die proses. Dit is huis die kenmerk waarna postmoderne mense soek. 'n Kerkorde wat daarin kan slaag om die herstelproses te faciliteer sal van veel meer betekenis wees. So sal 'n kerkorde getrou wees aan Barth se tipering van kerkreg as lewend, liturgies, dienend en eksemplaries. (Koffeman 2009:286) Hierby sluit Van de Beek (1989:59) aan as hy daarop wys dat 'n positivistiese opvatting van reëls onvermydelik lei tot 'n willekeurige toepassing daarvan. Om dié rede bepleit hy die belangrikheid van hermeneutiek in die beoefening van kerkreg, die verrekening van die konteks van die opstellers en die konteks van hulle wat nou aan die reël onderworpe is. In dié verband dui Van de Beek (1989:65) drie moontlike metodes aan: die analise van die situasie (is die reël van toepassing), die beginsel van analogie (watter vergelykende situasies geld) en die algemene gevoel van billikheid en reg.

Soms kan de wetgeving achterblijven bij de ontwikkelingen van de maatschappelijke bezinning en leidt juist strikte toepassing tot onrecht. Hier bereikt de teleologische hermeneutiek haar hoogtepunt. Terwille van het recht moet men het omgekeerde doen van wat de wet gebiedt. (Van de Beek 1989:67)

Koffeman (2009:330-331) wys verder daarop dat die kerk die staat en maatskappy makliker aan menseregte hou as haarself en verwys na Torfs se artikel: Liefde en Recht gaan hand aan hand in Tijdschrift voor Theologie 36 (1996:279-288).

Het raakvlak bij uitstek waarop theologie en recht in onze dagen mekaar ontmoeten, zijn de menserechten. Zij dienen te fungeren als motor van het kerkrechtelijke system, als constitutionele kern, als zowel juridisch als etisch minimum waaraan andere normen in de kerk niet mogen voorbijgaan, ook als er een oorsprong in natuurrecht of goddelijk recht aan wordt toegedicht. Indien ze haaks staan op de mensenrechten, moet men maar eers goed onderzoeken of hun rankende ersetitels niet beter zouden worden afgenummerd (Koffeman 2009:330-331).

Koffeman (2009: 332) vra dan: Maak die kerkorde voorsiening vir 'n "eerlike" proses? Gee die kerkorde vir lidmate die moontlikheid om in hulle eie reg optimaal tot hulle reg te kom? Word daar eerlik geluister?

Algra formuleer volgens Koffeman (2009:334) sewe kriteria vir 'n eerlike regproses:

- \*Toegang tot die regter,
- \*Openbare hantering van die saak,
- \*Onafhanklikheid van die regter, skeiding van magte, benoemingstermyne,
- \*Onpartydigheid van die regter, moontlikheid van vooroordeel en persoonlike belang,
- \*Gelykheid van middele,
- \*Afhandeling binne beperkte tyd en
- \*Motivering van uitspraak.

Opgesom in ander woorde: Is elkeen billik aangehoor? Baie maklik kan kerkordelike voorskrifte maginstrumente word. Dan voldoen 'n kerkordelike proses nie aan een van bovenoemde vereistes nie.

Michel Foucault beredeneer duidelik die oorgang van pastorale mag wat aanvanklik religieus van aard was, en te doen gehad het met die lewensversorging van gelowiges, wat dit van geestelike leiers gevra het, na pastorale mag wat deur die staat bedryf word en waarin die detail van individue se lewens georden word (Dreyfuss & Rabinow, 1982:228-226). Die omgee bly in die slag en word vervang deur geweld.

Foucault (Rabinow & Rose 1994:209) verwys na 'n Franse regsaak waarin die persoon beskuldig is van ontvoering en moord. Hy het net sy skuld erken, maar glad nie verder

daarop uitgebrei nie. Geen verklaring, verduideliking of motivering is gegee nie. Syregsverteenwoordiger se argument oor die plek van die doodstraf in die geval was: "Can one condemn to death a person one does not know?"

Koffeman (2009:88) onderskei drie vorme van magsuitoefening:

- \*Manipulasie - wanneer mag uitgeoefen word sonder dat die ontvanger dit bewustelik ervaar of innerlik erken.
- \*Gesag - wanneer mag bewustelik uitgeoefen word, bewustelik ervaar word en innerlik erken word.
- \*Geweld - wanneer mag bewustelik uitgevoer, bewustelik ervaar word maar nie innerlik erken word nie.

Die protes wat dikwels in die harte van kerkraadslede leef oor kerkordelike bepalings is 'n aanduiding daarvan dat die kerkorde, teen haar bedoeling in, as geweld funksioneer. In dié verband is Van Wyk se aanhaling van Tannen veelseggend:"The warlike atmosphere . . . that makes us approach public dialogue . . . urges us to approach the world - and the people in it - in an adversarial frame of mind. It rests on the assumption that opposition is the best way to get anything done . . . that opposition leads to truth"(Van Wyk 2013:137).

Hoe dikwels beleef lidmate nie kerklike vergaderings as konflik-sones nie!

## 5.5 Aanbiddingskarakter

Met verwysing na die belangrikheid van betekenis in 'n postmoderne wêreld is die vraag na die aanbiddingskarakter van 'n kerkorde belangrik. Waar die reëls geformuleer en toegepas word is dit immers die gemeenskap van gelowiges in aksie.

Koffeman (2009:102) meen dat die rede vir die liturgiese verrekening van kerkreg is die feit dat die kerk in haar wese "de gemeenschap van de mensen die het met dat Woord - wagen - en in die zin de congregatio fidelium is".

Koffeman (2009:105) verwys na Barth om vanuit die feit dat die kerk die "aardse, historische bestaanswijsze van de opgestane Heer is, en daarom primair een

gebeurtenis", te argumenteer dat alles dan sekondêr tot dié waarheid is en dat die kerkreg die waarheid moet verreken. Waarheid is in dié sin nie feitelike korrektheid nie, maar die mens-helende teenwoordigheid van die Here. Omdat kerk nie sou kerk wees sonder die gemeente in erediens nie - sonder die erediens as die plek en die liturgie as die wyse waarop die gemeente weekliks gebeur nie - kan daar nie kerkreg buite die liturgie om wees nie. (Barth 1964, bl.789. Die Kirchliche Dogmatik IV/2) Die beoefening van kerkreg behoort altyd 'n liturgiese handeling te wees.

Koffeman (2014:72-73) plaas die debat in perspektief. Dit beteken nie dat lidmate en kerkrade net maar kan aanspraak maak op die 'leiding van die Heilige Gees' en dan willekeurig kan handel nie. Kerklike vergaderings sal steeds in eenheid en bewustelik onder leiding van die Heilige Gees moet vra wat gehoorsaamheid behels. Die antwoord op die vraag het noodwendig kerkordelike implikasies. Vier vereistes word volgens Barth aan kerkreëls gestel: (1)diensbaar, (2)liturgies, (3)lewend, (4)voorbeeldig.

Deel van die aanbiddingskarakter van 'n kerkorde, sal ook te doen hê met die vraag na die erkenning van die gesag van die Woord van God , al dan nie. In dié verband skryf Slenczka (2004) oor die risiko's wat die soeke na 'n *Magnus consensus* kan inhou. Die gevvaar bestaan wel dat die soeke na die breedste vorm van konsensus, ten einde die eenheid van die geloofsgemeenskap te beskerm, besluite tot gevolg kan hê wat die belydenisinhoud van die kerk onder druk plaas. Dit is sy argument dat die klem so geplaas word op die proses van besluitneming, dat die uitgangspunt nie meer 'n konsensusis, gebaseer op die Woord en belydenisskrifte nie, maar een gebaseer op die interpretasie van genoemde tekste. Die navorser meen egter dat so 'n uitval wel moontlik sou wees, maar slegs as die proses inderdaad net konsensus in die oog het. Die studie in sy geheel gaan egter uit van 'n oortuiging dat 'n eerlike soeke na die wil van God, aan die hand van die Woord en belydenisskrifte, dus met 'n aanbiddingskarakter, nie te vinnig by besluite eindig nie, maar eerder erns maak met geloofsonderskeidende prosesse waarin die geloofsoortuigings van almal verreken word, tot op 'n punt dat die bepaalde geloofscentiteit eg een kan bely wat hulle belydenis inderdaad is. So 'n proses kan jare neem.

Die vraag is dus: praat die kerkorde en die liturgie dieselfde taal?

Hans Dombois vat, volgens Koffeman (2009:108-110), die argument verder. Dombois praat van die "ordinatie" van elke gelowige in die doop waar elke gelowige sy/haar plek kry in die gemeente van die Here. Dit gee dan aan elkeen ook "jurisdictie" - die verantwoordelikheid van elkeen met bevoegdheid, regte en pligte. Die dialogiese wisselwerking tussen liturgie en kerkreg is een van die elemente wat 'n kerkorde sal bewaar van magsaanwending en geweld. Koffeman verwoord dié waarheid so: Goeie kerkreg"gaat om de wijze waarop een kerk zich tot in haar recht laat leiden door de boodschap waaraan zij haar bestaan en haar legitimiteit alleen te danken kan hebben."(Koffeman 2009:163).

Kerkreg is goed as sy met haar dialoog tussen amp en gemeente die dialoog van God met die wêreld fasiliteer. Kerkreg is goed as dit vergaderings help om die dialoog tussen God en wêreld te fasiliteer. 'n Kerkorde moet die ruimte skep vir lidmaat en gemeente om met egte handelinge aan die gemeente se gehoorsaamheid aan God gestalte te gee. Koffeman argumenteer op spoor van Bosch (1991:519) dat "Die kerk bestaat by de gratie van haar zending, niet omgekeerd. Zij is dus primair gericht op dienstbaarheid aan Gods zending en niet bijvoorbeeld het redden van zielen (soteriologisch) of het stichten van gemeenten (ecclesiologisch)"(Koffeman 2009:186).

Mission is missio Dei, which seeks to subsume into itself the missiones ecclesiae, the missionary programs of the church. It is not the church which undertakes missions, it is the missio Dei which constitutes the church. ( . . . ) The missio Dei purifies the church. It sets it under the cross - the only place where it is safe. ( . . . ) It, mission, is the good news of God's love, incarnated in the witness of a community, for the sake of the world (Bosch 1991:519).

Koffeman (2009:196) gaan verder en sê dat die Missio van Missio Dei veronderstel 'n wederkerigheid waarin die wêreld vir die kerk iets te sê het, en altyd sal hê met betrekking tot haar gehoorsaamheid aan en uitlewing van haar roeping. Die vraag is dan of kerkordebepalings dit vir kerklike vergaderings moontlik maak om, nie net na die Woord te luister nie, maar ook na die wêreld. Die manier waarop 'n kerkorde die kerk help om die gesprek tussen gebrokenheid en heiligkeit te fasiliteer, bepaal die integriteit van die kerkorde.

Alleen zo kan zij ook in de sameleving moreel gezag verwerven (Koffeman 2009:259).

Een integere kerk, dat is een kerk die en de traditie inzake geloof en leven en de mensen volstrekt serieus neemt, omdat zij ten diepste zichzelf serieus neemt: als

een kerk die - in alle besef van haar eigen tekortkomingen - toch ook durft te geloven in haar eie heiligeheid (Koffeman2009:260).

Koffeman haal NMC Faith and Order Commission, The Nature and Mission of the Church. A Stage on the way to a Common Statement, Faith and Order Paper 198. WRK Geneve 2005 aan:

Niettemin heeft in de loop van de geschiedenis van de kerk de zonde keer opkeer haar getuigenis misvormd en is zij ingegaan tegen het ware wezen en de ware roeping van de kerk. Daarom is er in de kerk keer op keer God steeds weer nieuwe aanbod van vergewing geweest, samen met de oproep tot berouw, vernieuwing en hervorming. Antwoorden op deze oproep betekent een voller zichtbare belichaming van de heiligeheid die tot haar wezen behoort(Koffeman 2009:262).

Weer moet gemeld word dat dié integriteit moeilik te reglementeer is. In dié verband verwys Koffeman (2009:263) na Barth (1960 Die Kirchliche Dogmatik IV/1 Zurich 2de druk bl.765-783) en meld dat die heiligeheid van die kerk, en daarmee ook die integriteit van 'n kerkorde, 'n saak van geloof is - ons glo die kerk is heilig. Juis daarom is die sigbare kerk semper reformanda. Sy kan dwaal. Haar heiligeheid lê nie in die ampte nie, dit kan lei tot donatisme en sakramentalisme. Haar heiligeheid lê nie in die lede nie, dit kan lei tot moralisme. Dit lê nie in die mate waarin sy daarin slaag om suiwer kerk te wees nie. Dit lê in haar roeping!

'n Kerkorde wat aan die heiligeheid of integriteit van die kerk aandag wil gee, sal ernstig aandag moet gee aan die aard van die kerklike tug, die aard van die bieg en die aard van visitasie. As die heiligeheid of integriteit van die kerk gedien wil word sal goed gekyk moet word na die magte van visitatore en die moontlikheid van magsmisbruik. Die kerk sal haarself moet vergewis van die verskil tussen inspeksie en pastorale opbou en tussen inmenging en begeleiding. Koffeman (2009; 282) meen tereg dat pastorale sorg en geloofs- en morele vorming belangriker is as die handhawing van die kerklike tug. Natuurlik kan die tug, en dit is prinsipiël die bedoeling, tot welwese van die lidmaat en gemeente wees. Dit is egter nie die ervaring van dié wat getug word nie.

Small (2012:46 – 49) wys op die moontlikheid dat demokratiese prosesse en taal juis die aanbiddingskarakter in gedrang bring. Dit is sy mening dat Skrif en tradisie, wanneer uitsprake oor geregtigheid gemaak word, meer te sê het oor verhoudinge as oor regte, meer oor beloftes as oor wetgewing, meer oor gemeenskap as oor onderlinge stryd. Dit is sy mening dat kerklike vergaderings weer hulle rol as instellings wat

geloofsonderskeidend oor geloofsbelidensse en geloofslewe besin moet opneem, eerder as die rol van wetmakers wat die lewe reduseer tot skerp kontraste. Hy verwys na die kort verwysing in Stanley Hauerwas se werk *Hannah's Child*. Die leraar van die gemeente wou dat die gemeente die nagmaal weekliks gebruik. Die kerkraad was ondersteunend, waarop Hauerwas voorgestel het dat hulle tot stemming oorgaan. Hauerwas was verbaas toe die leraar die proses stop, met die weiering om daaroor te laat stem. Die leraar se argument: die nagmaal het alles met die eenheid van die geloofsgemeenskap te doen. 'n Besluit by wyse van blote meerderheid sal dié wat anders daaroor sou kon dink, ignoreer, en so sou die eenheid verraai word. Elkeen wat nie saamstem nie, moet eers aangehoor word. Small se slotsom is dat die alternatief vir meerderheidsbesluite nie in 'n vorm van konsensus-prosesse te vind is nie, of in vergrote meerderhede nie, dit dra steeds die karakter van wetgewing. Voortgaande studie, gesprekke en gebed is nodig totdat die gemeente in geheel 'n besluit ondersteun.

## 5.6 Geografiese grense

Uit die vorige hoofstukke is dit duidelik dat die grense wat die aard van verhoudinge in 'n postmoderne wêreld bepaal bitter min met geografiese grense te doen het. Dat dit vir die duur van die moderne era anders was, word deur Stark & Bainbridge soos volg beskryf:

P34 To the extent that a social network is closed, its members will tend to occupy and hold a particular, bounded area of land.

Our second derivation showed that a society tends to be localized in space, and so far in human history, space has meant land. . . . . one of the most effective conditions that keep two societies from merging into one has always been geographical distance or barriers between them. (Stark & Bainbridge 1987:60-63)

Die vermoë om maklik te reis, die ontstaan van virtuele gemeenskappe en die kommunikasie moontlikhede van nuwe tegnologie het die beperkinge wat geografie op die vorming en instandhouding van verhoudinge geplaas het, gerelateer. Elektronika het die konsep "ruimte" losgemaak van geografiese beperkinge. "Ruimte" word toenemend gedefinieer in terme van "connectivity" - E-kerk is 'n voorbeeld. Die verkryging van "rewards" en "compensators" word nie meer deur geografiese grense of afstande beperk nie. "Exchange-partners" kan elektronies verkry word. (Stark & Bainbridge se terminologie)

Dudley & Ammerman, beskryf die relativering van geografiese grense soos volg: "Congregations increasingly occupy a niche that is identified more by programming and membership than by denomination or location." (Dudley & Ammerman, 2002: 5)

Koffeman maak die stelling: "wie het territoriale principe loslaat, maakt van die gemeente al snel een club, in het beste geval een vriendekring waarvan men kiest op basis van persoonlike voorkeur" (Koffeman 2009:119). Die navorser is van mening dat dit nie noodwendig waar is nie. As Koffeman (2009:134) meen dat ekklesia oor die gehalte van geloofsgemeenskap gaan en geografiese grense oorspan, sal die navorser dit beaam. Sy waarskuwing dat die risiko bestaan dat die gelowige hom/haar wil onttrek aan die konkrete kwesbare en dubbelsinnige werklikheid van die plaaslike kerk, om hom/haarself uitsluitend te verbind aan 'n gedroomde wêreldwye ekumeniese kerk, kan egter nie verontagsaam word nie. (Koffeman 2009:52).

Hierteen waarsku Van den Broeke passievol. Van den Broeke is van mening dat al word daar nie in die *nota ecclesia* melding gemaak van geografiese grense nie, dit nie beteken dat dit nie belangrik is nie (Van den Broeke 2013:54). Die *notae ecclesia*, en veral die katolisiteit van die kerk, is vir Van den Broeke die belangrikste grond vir die behoud van geografiese grense. (Van den Broeke 2013:56). Van den Broeke argumenteer tereg dat die verskeidenheid, diversiteit van gemeentes wat vanuit die diversiteit mekaar tot diens behoort te wees, en mekaar behoort te verdra, in die slag kan bly as gemeentes wat eenders is as ring so konstitueer. (Van den Broeke 2013:57) Die feit dat Van den Broeke (2013:59) tog ook voorbeeld van nie-geografiese ringe, soos die Walloonse Classis, positief beoordeel, bevestig die navorser se gevolg trekking dat geografiese grense nie as absolute norm kan geld nie. Dit is die navorser se mening dat gemeentes toegelaat behoort te word om aan meer as een ring te behoort, waar die belang van die *notae ecclesia* en die bedieningsbehoeftes van gemeentes aangespreek kan word. Die verskil in bedieningsbehoeftes tussen klein plattelandse gemeentes en groot stedelike mega-gemeentes is tog ooglopend. Dit is selfs moontlik dat enkele klein gemeentes in 'n stedelike ring totaal en al oorheers kan word deur een of twee mega-gemeentes. Die vraag na die motiewe om te kies vir of teen die geografiese struktuur, of 'n vervorming daarvan, bly van die allergrootste belang. (Van den Broeke 2013:67)

Bauman bevestig die moontlikheid van risiko's in 'n nie-geografiese struktuur:

Liquid power effectively avoids territorial confinement with its illusion of social order and stability. The techniques of liquid power are: escape, slippage, elision and avoidance, the effective rejection of any territorial confinement with its cumbersome corollaries of order-building, order-maintenance and the responsibility for the consequences of it all as well as the necessity to bear their costs (Priban 2007:5).

Die antwoord op dié risiko sal gevind word in die betekenisgehalte van die verhoudinge op plaaslike vlak.

## 5.7 Katolisiteit en konteks - inkulturasie

Koffeman haal Hurle (1989:293) oor katolisiteit en sending aan en konkludeer:

Als gestalte van de catholica is de kerk dus wentelijk missionair; dat bepaalt regelik haar universele gerichtheid en haar contextualiteit. Sterker nog, ook elke vormgewing van haar inclusiviteit in een uiniversele gerichtheid wordt contextueel bepaald. Contextualiteit en inclusiviteit sluit elkaar niet uit, maar juist in. ( . . . ) De kerk is altijd geroepen ( . . . ) haar historische en contextuele bepaaldheid te onderkennen en te overstijgen . . . (Koffeman 2009:188).

Koffeman verwys ook na Schreiter (1997 - The New Catholocity. Theology between the Global and the Local, Faith and Culture Series. New York) en konkludeer:

Dat betekent enerzijds dat kerken om diep theologische redenen positiever moeten staan tegenover de noodzaak van een echte inculturatie van het Evangelie in ander culturen dan de westerse. Het vereist tegelijk een hernieuwe aandacht voor de ervaringen van conflict, dubbelzinnigheid die samenhangen met de globalisering: ongelijke verdeling van macht, toegename migratie en dergelijke. Dat vraagt om een daarmee corresponderende inzet voor gerechtigheid en barmhartigheid. Zo wordt de zamehang van een missionaire en een diaconale agenda des te sterker (Koffeman 2009:190).

Volgens Koffeman (2009:198) beteken dit om diensbaar te wees vir nuwe kulture soos hulle ontwikkel. (ook multikulture soos in RSA en Europa), met 'n kerkorde wat dit moontlik maak. Hiermee help die Belydenis van Belhar, Art 3 (Koffeman 2009:199). In die inkulturasieproses raak onderlinge samewerking tussen verskillende kerke, wat dalk 'n voorkeurposisie in seker situasies het, onmisbaar. (Koffeman 2009:200). Vir die inkulturasieproses sal kerkordes ruimte moet skep vir eksperimentering en samewerking. Voorbeeld is die ontwikkeling van kursusse vir prediking vir ouderlinge in die Oos-Kaap. So 'n ontwikkeling sou kon beteken dat 'n addisionele amp naas dié van leraar en standaard ouderling kan ontstaan wat sal vra na bepalings wat

voortdurend geëvalueer en aangepas word. Die PKN het dit in hulle PKO ingeskryf. Koffeman (2009:204) beskryf die noodsaak aan uitsonderings - veral op grond van finansiële vermoëns en opleiding in Nederland - asof hy in Suid-Afrika is.

In die proses van inkulturasie sal belydenisskrifte ook verskillende waardes vir verskillende gemeentes aanneem. Koffeman meld dat waar belydenisskrifte vir bepaalde gemeentes besondere waarde het, die PKO die ruimte laat vir die erkenning en belydenis van die "besondere verbintenis" sonder dat die apostolisiteit en verbintenis aan die meerdere vergaderings daarmee in gedrang kom. "Dit gaan nie oor 'n keuse moontlikheid nie maar oor die beskrywing van 'n empiriese waarheid wat erken en gerespekteer word"(Koffeman 2009:220). Gemeentes kan dus aan belydenisskrifte uit eie verhaal besondere waarde heg, sonder om die verbintenis met gemeentes uit 'n ander verhaal op te gee, of selfs net te duld - mits gemeentes met mekaar in gesprek bly ten einde by die onderliggende waarhede uit te kom en daarin in eenheid toe te neem.

Belydenisskrifte kan hoogstens my eie "relatiewe" oortuigings verwoord. In my gesprek met die "ander" (Bauman se term) deel ek my oortuigings, vanuit my eie tradisie, as 'n oefening in "interpretasie" (weer Bauman) om die gesprek met die "ander" te faciliteer. 'n Belydenisskrif is die raamwerk waardeur die "ander" my kan verstaan, na my kan luister. So ontstaan 'n "relasie" waarin wedersydse repek en legitimiteit gestalte kry.

Small (2009:244,248) waarsku dat selfgenoegsaamheid in die verrekening van diversiteit, wel katolisiteit in gedrang kan bring. Wanneer diversiteit verhef word tot 'n selfstandige genoegsame bestaansvorm, word die afhanklikheid van mekaar en die nodigheid om aan mekaar verbonde en diensbaar te wees prysgegee. Bosch (1987:12) het reeds in 1987 daarop gewys dat die kerk in haar ontwikkeling beweeg het van 'n uitsluitlik belydenisgedreve denominasionele karakter na 'n ekumeniese karakter.

## 5.8 Oor strukture en mag

Strukture en institute impliseer mag. "In instituten is macht een centrale categorie . . . en bevoegdheid is niets anders dan legale macht." (Koffeman 2009:62) Alle verhoudinge veronderstel 'n bepaalde vorm en aard van mag. Selfs die keuse om nie

reëls te hê nie is 'n reël waarvolgens verhoudinge gekontrakteer word en funksioneer. Daar is ook altyd 'n beroep op een of ander vorm van hoër gesag: vergadering, amp, Skrif, openbaring.

Vier vorme van kerklike gesagstrukture is deur die jare beskryf:

- Episkopaals,
- Konsistoriaal (was in Duitsland),
- Kongregasionalisme en
- Presbiteriaal-sinodaal.

**Episkopaals:** Die biskop dra die finale gesag in die streek. Medebiskoppe bevestig die gesag en dra so die gesag oor. Dit skep 'n rangorde van gesag en verantwoordelikheid oor ander. Die biskop is die kern om wie alles draai. (Koffeman 2009:66) Nauta (1989:152) meen dat die feit dat hierdie gesagstrukturhaar beroep op die kanonieke reg, die kernkenteken is.

**Konsistoriaal:** Die vorm was ten nouste verbind aan die landheer wat verantwoordelik was vir die geloof binne 'n geografiese area, en wat by wyse van "konsistorium" bestaande uit amptenare en geestelikes besluite geneem het. Die christelike gemenebes is die anker en uitgangspunt (Koffeman 2009:68). Nauta (1989:154) wys daarop dat die afwysing van enige persoon of amp wat aanspraak sou maak op die plaasbekleding van Christus sentraal staan. Christus word geag as direkte hoof van die kerk, sonder tussenganger.

**Kongregasionalisme:** In die gesagsvorm val 'n absolute klem op die regte van die plaaslike gemeente. Gemeentes is vry. Die anker is in die funksionering van 'n ledevergadering met finale gesag (Koffeman 2009:70). Deddens (1989:107) dui sewe kenmerke aan:

1. Geen superstrukture,
2. Relatief klein gemeentes,
3. Die ampte is herder, leraar, ouderling en diaken,
4. Geen tydsbeperking op enige van die ampte,
5. Lidmate verwoord Christus se roeping van ampsdraers en tug vind in die teenwoordigheid van lidmate plaas,

6. Ampsdraers verwoord die wil van God en nie dié van lidmate nie,

7. Eenheid is 'n gemeentelike saak.

Die gebrek wat die model in haarself dra is die skynbare onnodigheid en afwesigheid van verhoudinge van betekenis tussen gemeentes. 'n Ekumeniese ekklesiologie ontbreek.

**Presbiteriaal-sinodaal:** Die verantwoordelikheid en mag in dié gesagsvorm lê by die kerklike vergaderinge, nl. Kerkraad, Ring (Klassis), Streeksinode(Partikulier) en Algemene Sinode (Generale) (Koffeman 2009:71). Die vergaderings is die vergadering van ampte met die klem op die soeke na geestelike leiding. Die kern is die "collegiale ambsuitoefening" (Koffeman2009:72).

Die verhoudinge tussen die verskillende "ampte-like" vergaderinge in die presbiteriaal-sinodale model was nog altyd problematies. Dit wissel tussen kongregasionalisme en hiërargie. Die dualiteit met betrekking tot die Ned.Geref.Kerk is in hoofstuk 1 vermeld. Die gesagsvorm gaan terug na die Sinode van Emden 1571. "Daar vinden we reeds de grondlijnen van het systeem in een wankel evenwicht." (Koffeman 2009:74) Dit is belangrik om te onthou dat strukture binne 'n bepaalde konteks ontstaan het om 'n bepaalde behoeftte aan te spreek. So het ringe in die sestiede eeu gestalte gekry as 'n vorm van kerkverband tussen gemeentes wat naby genoeg aan mekaar geleë was, en mekaar se konteks gedeel en verstaan het, vanweë die bedieningsnood van gemeentes. (Celliers 2011:2) Onderlinge sorg as funksie van die ring het in die volgende dekades verder ontwikkel.(Celliers 2011:5) Wat egter vir die navorser van verdere belang is, is die feit dat die struktuur gegroei het uit verhoudinge van betekenis, in dië geval, nood en onderlinge sorg. Strukture groei nie uit kerkordelike gesagsposisies nie. Die afwesigheid van die besef dat gemeentes mekaar nodig het, is die probleem wat aangespreek moet word. (Celliers 2011:15) "Die ring se optrede in vergaderings en wat daaruit voortvloeи mag nie gekenmerk word deur 'n saaklike en juridiese karakter nie, maar moet pastoraal van aard wees. (Celliers 2011:16)" "Raad en advies hoef nie voorskriftelik te wees nie. Respek vir die geestelike volwassenheid van Kerkrade en die volledige kerkwees van gemeentes is die wagwoord (Celliers 2011:18)".

Koffeman (2009:74-77) beskryf die geskiedenis van en aanloop tot die heersende kerkordes. Die belangrike vraag is: Wanneer word daar deur een oor die ander geheers? Koffeman antwoord: "Wie niet werkelijk luistert en toch besluit, kan zich immers schuldig maken aan heersen (Koffeman 2009:77). Natuurlik kan die wat kies om eiesinnig te wees, altyd die ander beskuldig van heerskappy.

Koffeman (2009:80) haal McGrath aan wat meen dat die ortodokse en kongregasionalistiese modelle toekomsmoontlikhede inhoud. Dat die tendens wat tans in Suid-Afrika waarneembaar is, hierop dui is so. Gemeentes eis toenemend hulle reg op om hulle eie bepalings te formuleer, onder leiding van charismatiese figure volgens die model van biskoppe ageer.

Koffeman (2009:123) verwys na Dingemans wat van 'n "ronde-tafel-kerk" praat met 'n netwerk struktuur.

Ik heb in feite een kerkorganisasie voor ogen die als lokale gemeente een tamelijk groot gebied kan omvatten, . . . Waarin plaatselijke groepen participeren en die bij elkaar gehouden worden deur een zogenaamde netwerkstructuur. Dat wil zeggen dat alle groepen min of meer ontonoorn zijn en hun eigen bestuursvorm kunnen kiezen, maar dat de groepen overkoepeld worden door een regiobestuur dat zijn machtiging . . . en bevoegdheden volledig ontleent aan het mandaat van de kleine groepen (Koffeman 2009:123).

Koffeman gee Dingemans gelyk met drie voorwaardes:

- Dat de territoriale beginsel as hoogstens 'n hulpyln om pastorale redes behoue behoort te bly.
- Dat sodanige "mentaliteitsgemeentes" nie die breër kerkverband verwaarloos nie, maar juis omhels. (2009:124)
- Dat lidmaatskap nie geweier mag word nie (Belydenis van Belhar Art.2) (2009:124)

Koffeman (2009:126-127) lig die verskil uit tussen lidmaatskap van 'n organisasie of vereniging en lidmaatskap as ledemaat van die liggaam, soos ingelyf deur die doop uit.

Uiteindelik moet men allereerste zeggen: niet ons belijden creert die gemeente, maar het Woord schept die gemeente en haar belijden. De gemeente is voor alles creatura Verbi. Vanuit de dialoog van ambt en gemeente is het belijden - als vorm van receptie in de zin van Dombois - welliswaar essentieel, maar het is principieel secundair ten opzichte van wat Dombois traditie noem.

Juist de prioriteit van de verkondiging moet ertoed leiden dat wij enigzins soepel omgaan met die grenzen (lidmaatschap) van de kerk (Koffeman 2009:126-127).

Die subsidiariteitsbeginsel bly 'n werkbare beginsel waarmee botsende belang optimaal bestuur kan word. Tog is die beginsel ook nooit 'n absolute waarborg vir sinvolle en vredevolle funksionering nie.

Konsensus is 'n ideale instrument, moeisaam en die moeite werd, tog is dit ook nie absoluut haalbaar nie. Koffeman (2014:168) wys daarop dat eenvormigheid eerder probleme skep as oplossings bied. Die balans tussen vryheid en verantwoordelikheid is ter sprake. Gesamentlike besluitneming en wedersydse verantwoordelikheid is twee elemente van 'n sinodale werkswyse wat veral ekumeniese aandag kry (Koffeman 2014:206). Soms sal vereenvoudigde en breë ordereëls meer van pas wees, in ander situasies meer genuanseerde formulerings. Die minderheid kan natuurlik ook deur hulle verset oor ander heers. "Rektifikasie" word dan 'n protesinstrument. In die Ned.Geref.Kerk is die verlammende effek van appelle duidelik ná die besluite van die 2015 Algemene Sinode met betrekking tot selfdegeslag verhoudinge en die toestemming aan 'n streeksinode om die belydenis van Belhar in hulle eie kerorde op te neem. Die uitvoering van die besluite is gestuit sonder duidelikheid oor hoe die impasse kerordelik opgelos kan word. So word dit 'n proses wat in dié geval vir minstens twee jaar sal stilstaan, as siviele regsgedinge nie die prosesse verder vertraag nie.

Die klem op en 'n gevestigde tradisie van geloofsonderskeiding, dit wat 'n amptelike vergadering veronderstel is om te wees, bly die sleutel. Niemandt (2014:22) bevestig die belangrikheid van die tradisie en verwys na die verandering wat die 2013 Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk aan haar kerkorde aangebring het, in dié geval, Art.9, waar die taak van geloofsonderskeiding spesifiek in die kerkorde ingevoeg is as deel van die pligte van die leraar, en Art.16 as deel van die taak van die ouderling.

"Die etiese konsekwensies van die ekklesia as 'n heterotopiese spieël impliseer 'n kerkreg waar daar nie met binêre denke tussen 'n konstitusionele hof en 'n hooggereghof of tussen 'n hoër hof en laer hof, soos in die strafreg, onderskei word nie. In die kerkreg geld Jesus se woorde in Mat.5:21 (Van Wyk 2013:245)

In dié geval bevestig Koffeman (2014:208–210) dat die presbiteriaal-sinodale regeringsvorm se sterk punt huis die balans tussen gesamentlike besluitneming en wedersydse verantwoordelikheid is. Die vorm impliseer deelname en verslag. Dit laat

ook ruimte vir 'n graad van vryheid en diversiteit. Hy verwys egter ook na Joseph Small se waarskuwing teen die gevaar van 'demokratiese gevangeneskap', soos op bl.101 beskryf. (Dit wat die Ned.Geref.Kerk tans beleef met betrekking tot die Art.1- "stemming"). Uit bogenoemde blyk dit ook duidelik dat ons bestaande kerkorde modelle nie meer elkeen op hulle eie van betekenis is nie, en dat na alternatiewe, wat elemente van al die modelle verreken gesoek moet word.

## 5.9 Ampte

In die meeste kerkordes handel 'n groot persentasie van die bepalings oor die ampte. Daarom is enkele waarnemings belangrik. Ampte bly deel van die kerk in 'n postmoderne wêreld. Ampte sal altyd deel was van die *rewards en specialists* waarna Stark & Bainbridge(1996) verwys.

Koffeman meen dat die gesprek oor amp en gemeente selfs bepalend is vir die struktuur van die kerkreg: "De dialoog van ambt en gemeente is bepalend voor de structuur van de liturgie en daarmee ook voor de structuur van het kerkrecht. Alles draait om deze dialoog, . . . . Het ambt verliest zonder de gemeente zijn zin, en de gemeente verliest zonder het ambt haar orientasie" (Koffeman 2009:115).

Indien die wyse waarop die gemeente om Woord en sakramente saamkom nie "geregeld" is nie - is daar geen "duur" nie. "Alleen al om de vrijheid van de verkondiging van het Woord zoveel mogelijk veilig te stellen, is een vorm van gestructureerd ambt vereist" (Koffeman 2009:137).

Honecker (Kirchenrecht II 1989:743 in Theologische Realenzyklopadije 18) - soos aangehaal deur Koffeman (2009:140) meen ook dat die vraag na die ampte die kernvraag van die kerkreg is. "Dit vraag na die geestelike legitimiteit van verkondiging en sacramentsbediening. Met welk geestelijke recht spreekt iemand van de kansel in de naam van de Heer, of doopt iemand . . ." (Koffeman 2009:126-127).

Wat in 'n postmoderne wêreld van belang is, is die feit dat bestaande modelle nie noodwendig meer funksioneel is nie, nie organisatories of in die skepping van betekenis nie. Koffeman (2009:138) meen dat die episkopaalse model die amp verhef ten koste

van die gemeente, die kongregationalisme die gemeente verhef ten koste van die amp en dat die sinodaal-prebiteriale model probeer middelgrond soek.

Koffeman (2009:254) verwys na die Lima-verslag wat aanbeveel dat alle kerke ter wille van die universele missie van die kerk hulle sal hou by die drie ampte: biskop, ouderling en diaken. Hy wys ook daarop dat vrae met betrekking tot die inhoud, aard en getal ampte van die sake is, wat ekumeniese eenheidsdebatte frustreer. (Koffeman 2009:137) Die meeste kerke sal met die oud-kerklike basisstruktur vrede kon maak.

Koffeman (2009:256) wys ook hoe met kerkorde bepalings 'n ontwikkelingspad geloop kan word tot en met die gebruik van ander kerke se ampte. Dit word kernbelangrik in die Oos-Kaap omdat byvoorbeeld die bekostigbaarheid van die opleiding en instandhouding van die tradisionele leraarsamp vir gemeentes ekonomies onhaalbaar word. Daarby is die drie ampte soos ons dit ken ook nie net so direk afleibaar uit die Skrif nie.

Ook kan je de vele aanduidingen van binne de gemeenten te onderscheiden functies, zoals we die vinden in de brieven van Paulus, niet zo maar systematiseren tot een eenduidige ambtenleer met bijvoorbeeld drie ambten. Kennelijk speelden historische achtergrond, culturele context en feitelijke situasie een grote rol bij de organisatie van het gemeenteleven (Koffeman 2009:14).

Kritzinger (2014:7-8) wys daarop dat strukture en ampte na vore kom uit die verskillende diensterreine en gawes wat binne 'n gemeente funksioneer. Addisionele en ander ampte as ouderlinge en diakens kan tot stand kom. So is dit ook in die konsep kerkorde van die te stigte VGK geformuleer. Op die stigtingsvergadering is die moontlikheid egter weer ingeperk tot die twee ampte, die van ouderling en diaken.

Koffeman(2009:142) sal gelyk gegee moet word dat dit nie so duidelik is hoe die legitimiteit van die ampte in kerkorde bepalings geformuleer moet word nie. Die legaliteit kan na die letter uitgevoer word, maar waarborg nie die legitimiteit - die geestelike begronding van ampsbediening nie. Hier is Dombois se onderskeidings en definisie van "epikletiese" kerkreg van toepassing. Die vraag is of 'n nuwe ekumeniese kerkreg, wat gekleur is deur postmoderniteit, dit durf waag om elemente met betrekking tot die ampte, uit die verskillende tradisies, op mekaar te laat inwerk. Die navorsers se mening is dat dit in elk geval sal gebeur, omdat gemeentes, met die toegang wat hulle het tot ander tradisies, dit self sal doen.

Wanneer Koffeman (2009:143) die kernvrae met betrekking tot die ampte formuleer, is dit duidelik dat verhoudinge en betekenis onderliggend aan die vrae is. Wat maak amp, amp? Waar lê die onderskeiding tussen besondere amp en amp van die gelowige? Kom die amp van Bo - transendentaal, of van onder - uit die gemeente? Is die amp sakramenteel of funksioneel? Wat is die gesag? Wat is die verhouding tussen amp en leiding? Is die amp Christus verteenwoordigend?

Koffeman verwys na die Lima-verslag wat die volgende onderskeidings maak: charisma - gawes van die Gees, dienst - roeping van die gemeente en amp - waar die individu met die charisma en roeping georden word. Hierop beklemtoon hy die belangrikheid daarvan dat roeping uitloop op ordening met handoplegging. Die simboliese handelinge word deel van die oordrag van die identiteit en tradisie van die gemeente. Elke gemeente sal verskillende waardes aan die handelinge heg, gebaseer op die verhoudinge van betekenis wat deel van haar verhaal is.,

Koffeman (2009:151) bepleit die behoud van die spanning sakramenteel-funksioneel. Wanneer ampte net 'n sakramentele karakter dra word die amp beperk tot net die bediening van sakramente en die bemiddeling van die heil soos in die eng RKK-tradisie. Die Lima-verslag verbreed egter die definisie van 'n sakramentele karakter van die amp na die heilshandeling van God in die geskiedenis, soos dit ook getalte kry in die optrede van mense. So kan Protestante ook oor die amp as sakramenteel dink. As die amp gewoon gesien word as die funksionaris van die gemeente word die amp se karakter uit en uit deur die gemeente se keuse bepaal. Die spanning christologies-pneumatologies en sakramenteel-funksioneel moet behou word. Dit bly die grond en karakter van die amp.

Oor die amp as verteenwoordiger van Christus maak Koffeman (2009:152-153) die volgende opmerkings. Hy onderskei tussen plaasvervanging en plaasbekleding en meen dat die volmag van Christus nie oorgeneem word nie, maar dat die amp alleen funksioneer in 'n voortdurende en lewende verwysing na Christus in die krag van die Heilige Gees. Hy meen dat die onderskeid van Lima tussen *ministry* en *ordained ministry* kan help met die onderskeiding waar die verteenwoordiging van Christus

gestalte kry in die ordening om huis dit (verteenwoordiger van Christus) te wees. Nie dat ander ampte nie elemente hiervan het nie, maar dit is nie primêr nie.

Rakende amp en gesag moet ernstig rekening gehou word daarmee dat gesag nie meer vanselfsprekend deel is van die amp nie.

In die hedendaagse westerse cultuur krijgt men te maken met opvattingen die breed leven, waarin sprake is van een onmiskenbare erosie van het traditionele gezagsbegrip. De koppeling van ambt en gezag past daarom niet zonder meer binnen hedendaagse denkkaders. Altijd weer zal gewezen worden op de noodzaak zich te legitimeren en te verantwoorden. Is het mogelijk het gezag van kerkelijke ambtsdragers zodanig te herijken dat zij ook nu metgezag kunnen spreken in kerk en wereld? Dat kan alleen, als in de ontwikkeling van een eigentijds gezagsbegrip centralen waarden in de (post)moderne levenservaring - mondigheid, vrijheid en verantwoordelijkheid van het gemeentelid - principieel worden erkend en gerespecteerd. Dat vereist in elk geval een transparante ambtvisie, ambtsbeleving en ambtsuitoefening. Daarnaast is authenticiteit en integriteit van de ambtsuitoefening essentieel voor de erkenning van het gezag van het ambt (Koffeman 2009:155).

Koffeman (2009:140) vra of die feit dat die besondere ampte meermale die vryheid van gelowiges in hulle verhouding met God belemmer het, nie eerder die weerspieëeling van 'n ouoritêre kultuur was nie. Die navorser sal antwoord: natuurlik, eie aan moderniteit. Die uitdaging is om maniere te vind sodat die ampsleer 'n teenkultuur in postmoderne tye kan word.

Ook is dit nie meer vanselfsprekend dat ampte leiding sal neem in die organisatoriese gestaltes van die kerk nie. (Vergaderings en bedieninge) Koffeman (2009:156-157) maak 'n sterk saak daarvoor uit dat die verantwoordelikheid om leiding te neem nie uitsluitlik by die ampte lê nie. Hy meen dat die ampte in wisselende grade van deelname deel van (ampte)like vergaderings kan wees, selfs net adviserend, wat nie noodwendig gesag aftakel nie, maar di took kan opbou. As die geordende amp byvoorbeeld minder stemreg en meer adviserende gesag het, sal die vrees vir hiérargie in die ampte grootliks oorkom kan word, en sal ons selfs "biskoppe", wat leiding gee in Woord en sakrament, in 'n gereformeerde kerk kan hê.

Die apostolisiteit van die kerk, haar verbintenis aan en oordrag van die tradisie en belydenis, vra na 'n duidelike ampstaak. Die instandhouding en inkleding van die ampte speel 'n belangrike rol. Ons het hier te doen met die rol van die ou vrouens wat deur

modernisme afgetakel is. Soos 'n aflosspan moet iemand die stokkie ontvang en aangee sodat almal wat dit sien meegeneem kan word in die opwinding.

**Opgesom:**

'n Kerkorde wat van betekenis is, sal die volgende kenmerke in wisselende grade vertoon:

Ruimte vir eksperimentering.

Komplementêre karakter.

Ruimte en tyd vir egte luister.

'n Gesag wat deur waarheid gedra word.

'n Aanbiddingskarakter.

Minimum geografiese aanduidings.

'n Ruimte vir diversiteit.

Diensbare strukture.

'n Ruimer ampsbeskouing.

## HOOFTUK 6: DIE 2014 KERKORDE VAN DIE NED.GEREF.KERK SOOS GEPUBLISEER DEUR DIE NED.GEREF. KERK SINODE VAN OOS-KAAPLAND

Die navorser het die Kerkorde, hierna genoem KO, sonder die reglemente en voetnotas in tabel-formaat aangehaal. Die KO soos deur die Sinode van die Oos-Kaap geformuleer, is gebruik, omdat die KO soos deur die Algemene Sinode uitgegee, deur streeksinodes gevul word met reglemente, bepalings en besluite. Die KO soos uitgegee deur die Algemene Sinode funksioneer nie op haar eie, los van die reglemente, bepalings en besluite van 'n streeksinode nie. Die inleiding soos hier onder aangehaal illustreer dié gegewe. Tipies aan moderniteit, word dit nodig geag om al hoe meer voorskrifte aan bestaande reëls toe te voeg, soos aangedui in hoofstukke 3 en 4.

Teenoor die tersaaklike artikel van die KO is dan in 'n tweede kolom opmerkings neergepen, waar die navorser meen die KO anders geformuleer behoort te word, ten einde van meer betekenis te wees vir postmoderne gebruikers.

Die navorser het ook die Kerkorde van die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) vergelykend gebruik. Die PKN het tot stand gekom vanuit 'n verenigingsproses tussen verskillende Gereformeerde en Lutherse kerke. Die wyse waarop kerkordelik voorsiening gemaak word vir die bestaan van verskillende tradisies, binne die een nuwe kerk, is 'n illustrasie van 'n kerkorde wat in 'n postmoderne tyd van betekenis is. In die teologiese beoordeling van die kerkorde wys Wallet (2013:1-3) daarop dat die PKN 'n gestalte van die een heilige, apostoliese en katolieke kerk is. In terme van postmoderniteit is dit 'n sober aanname wat nie wil aanspraak maak op die volheid van "*Die Kerk*" nie. Oor belydenisskrifte wys Wallet (2013: 1-6) daarop dat die belydenisskrifte wat bely word, bely word as geskrifte wat in hulle konteks van oorsprong geformuleer is, en so deel van die verhaal van die kerk en haar identiteit is. Die belydenisskrifte funksioneer egter nie as 'n keurslyf wat die asemhaal en lewe uit die kerk wurg nie. Die belydenisskrifte is "verwoord in verschillende perioden van de geschiedenis . . . . het hun eigen verhaal, traditievormend – bepalend voor de weg de kerk heeft afgelegd. . . . in gemeenschap met . . ." (Wallet 2013:1-7). Die kerk staan in die tradisie soos deur die belydenisskrifte verwoord, maar leef in haar eie tyd. Elke geslag staan voor die keuse tussen kontinuïteit en diskontinuïteit. "Op de lijn tussen de achterliggende tradisies en de toekomst van het Koninkrijk van God belijdt de kerk

telkens opnieuw" (Wallet 2013: 1-12). Daarom het die PKN resente belydenisskrifte en verklarings bygevoeg en daarvan ruimte geskep vir diversiteit. "Gedragen door het voorgeslacht geven we door aan het nageslacht. We bewegen ons in die weg van het belijden: zoekend, vragend, horend. Want we weten hoe stuurloos we kunnen worden. (Wallet 2013: 1-15)". Van den Heuvel (2013:3-1) verwoord dit soos volg: "De uitdrukking heefte tegelyk iets beweegliks; het belijden is geen geslote waarheid uit vroeger tiden, maar een weg om voort te gaan in tijd." So wys Van den Heuvel (2013:3-5) daarop dat belydenisskrifte juis veilige ruimtes vir gemeentes skep, waarbinne hulle met oortuiging hulle roeping kan uitleef. Van den Heuvel (2013:3-9,10) lê klem daarop dat 'n belydenisskrif 'n teks van 'n bepaalde tyd is, vanuit 'n bepaalde konteks. Daarom meen hy ook met verwysing na Muis J. dat daar 'n verskil is tussen die belydenis van die kerk en die belydenis van die voorgeslag.

Wanneer Wallet (2013:1-16) die belangrikheid van die wering van dwaalleer beredeneer, is sy beredenering geldig. Die navorsers sal daarby wil argumenteer dat die beroep op belydenisskrifte vir die doel van die wering van dwaalleer, slegs kan geskied nadat die kerk in haar konteks tot die oortuiging gekom het dat die belydenisskrif steeds geldig is, ná 'n proses van geloofsonderskeiding. Dwaling moet inderdaad geweer word, omdat dit geldende waarhede en verhoudinge van betekenis bedreig, nie omdat 'n belydenisskrif dit so formuleer nie.

Dat die PKN se kerkorde ook daarvoor kies om die kerklike regssproses deur onafhanklike selfstandige liggame, genoem "colleges", los van ringe en sinodes, deur spesiaal aangewese personeel te laat hanteer, pas ook by 'n postmoderne konteks waar veel groter klem op egte luister as op die onmisbare element van geregtigheid gelê word.

Wanneer Van den Heuvel (2013:2-4,5,6) die kerklike struktuur verduidelik, is dit duidelik dat die PKN bewustelik ruimte maak vir diversiteit. Dit geld diversiteit in identiteit, verhale, konteks, behoeftes en roeping. So is dit moontlik vir verskillende gemeentes uit verskillende tradisies om binne dieselfde kerk met verskillende identiteite en belydenisskrifte te funksioneer – natuurlik sonder om hulself te isoleer! (Van den Heuvel 2013:3-2) So is dit ook moontlik (Van den Heuvel 2013: 4-3,10) vir lidmate om met dubbele lidmaatskap te funksioneer – om as lidmaat van 'n nie-lutherse gemeente ook lidmaat van 'n lutherse gemeente te kan wees en selfs na die lutherse sinode

afgevaardig te kan word. Die verskillende gemeentes uit die verskillende tradisies in dieselfde geografiese area, kan ook verenig, maar net as hulle self so sou besluit (Van den Hevel 2013:4-12). Kronenburg (2003:159) meen dat in die PKN kerkorde ‘n mengsel van presbiteriale, konfessionele, kongregasionele en episkopaalse denke onderskei kan word. Dit is ‘n kenmerk van ‘n kerkorde wat poog om postmoderniteit te verreken.

Daar is wel elemente van die kerkorde van die PKN wat na die navorser se mening nog steeds sterk kenmerke van moderniteit dra. Dit is ook Kronenburg (2003:163-164) se mening, met verwysing na onder ander Dekker en Heitink, dat die PKN se kerkorde nie postmoderniteit in alle opsigte verreken nie. Wallet (2013:1-1) wys daarop dat die geheel die dele voorafgaan, dat die kerk en haar roeping die gemeentes en hulle lewe voorafgaan. Die navorser het reeds aangetoon dat die dele (gemeentes) die geheel (kerkverband) voorafgaan. Uit die roeping en lewe van gemeentes ontstaan verhoudinge van betekenis met ander gemeentes – die kerkverband. Wallet (2013:1-2) is reg as hy groot klem lê op die eenheid van die kerk. Die navorser sal wil byvoeg: mits verstaan word dat die eenheid uit die betekenis van die verhoudinge groei. Die eenheid gaan die kerkorde vooraf, nie omgekeerd nie.

## 6.1 Inleiding

Die Kerkorde	Kommentaar
<p>Die Sinode sou kon volstaan met die Kerkorde as die riglyn vir hoe in die Kerk gehandel moet word. Uit die praktyk blyk dit egter te vaag te wees vir talle konkrete situasies wat in die gemeentes, ringe en by die Sinode ontstaan. Daarom word daar bepalinge en reglemente opgestel sodat die beginsels van die Kerkorde meer praktiese waarde verkry.</p> <p>Die gevær by die Bepalinge en Reglemente is tweeledig. Aan die een kant kan dit wetties word.</p>	<p>Die beredenering in die inleiding klink aanvanklik akkomoderend. Tog slaag die KO nie daarin om die probleem, in die inleiding geformuleer, aan te spreek nie. Die reglemente en bepalings kompliseer die gebruik van die KO, eerder as om dit te vergemaklik.</p> <p>Die kern van die probleem lê</p>

<p>Dan raak dit so ingewikkeld en riskant dat die meeste leraars en kerkrade wegskram van die gebruik daarvan. Aan die ander kant kan dit so algemeen bly dat dit nie in praktiese situasies grondvat nie.</p>	<p>daarin, dat die opstellers die moontlikheid dat die KO “gesag kan inboet” ten alle koste wil voorkom. Die opstellers erken hiermee dat daar ‘n legitimiteits-probleem met betrekking tot die KO kan wees. Die saak is in hoofstuk 3 punt 2 (verhoudinge van betekenis), punt 4 (ouoriteit, mag, gesag en wette) en in hoofstuk 4, punt 4.7, beredeneer. “Gesag” setel nie in die dokument nie, maar in die gebruiker se erkenning daarvan.</p>
<p>Indien die Bepalinge en Reglemente egter weer vir elke praktiese situasie voorsiening probeer maak, is daar ‘n hele aantal voorskrifte wat nie in ‘n bepaalde gemeente van toepassing is nie.</p> <p>Dan moet die kerkrad besluit watter bepalinge vir hom geld en watter kan hy ignoreer. Die gevolg hiervan is dat die Bepalinge en Reglemente dan relatief raak en sy gesag inboet.</p>	
<p>Die formaat waarin hierdie weergawe gegiet is, is ‘n poging om by die gevare en probleme verby te kom. Elke kategorie het ‘n eie funksie en moet daarvolgens aangewend word. So kan die Bepalinge nie fungeer sonder die Artikels van die Kerkorde nie en probeer dit nie in die plek daarvan kom nie. Die twee moet saam gelees word. Ter verduideliking geld dan die volgende:</p>	<p>Relatiwiteit word ook in die inleiding veronderstel as iets wat eintlik onvanpas is. Die belangrikheid van relatiwiteit is deur die navorser in hoofstukke 3 en 4 aangedui. Dit is die navorser se mening dat die erkenning van die belangrikheid van relatiwiteit deel van die antwoord op die skynbare “gesagsprobleem” is.</p>
<p><b>Die Artikels</b> is die Kerkorde van die Algemene Sinode en stel die beginsels waarvolgens die orde in die NG Kerk gehandhaaf word. Die Algemene Sinode het ook by sommige artikels omskrywende besluite geneem wat dieselfde gesag dra as die bepalinge. Hierdie besluite is met ‘n “b” in die nommers aangedui.</p>	<p>Die “verduideliking” in die inleiding gegee, bevestig dat die KO reeds op dievlak van spesialiste funksioneer en moeilik deur lidmate gelees en</p>
<p><b>Die Bepalinge</b> is die Sinode se uitwerk van die Kerkorde sodat dit uitgevoer kan word in die</p>	

<p>sinodale gebied. Elke lidmaat en kerkvergadering is gebind aan die Kerkorde (Artikels) en Bepalinge.</p>	<p>gebruik kan word. Dit pas duidelik in by die vier elemente van “meerderwaardige mag van kennis”, waarteen Bauman waarsku, en in hoofstuk 3 aangetoon is.</p>
<p><b>Die Aantekeninge</b> is 'n praktiese weg waarlangs uitvoering aan die Artikel en Bepalings gegee kan word, maar is nie die enigste moontlikheid nie. Die aantekeninge kan dus gebruik word as <b>'n handleiding by die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente</b> sonder dat dit die bindende gesag van eersgenoemde het. Die aantekeninge gee dan ook die ruimte om soms 'n verduideliking of kommentaar by die artikel en bepaling te voeg.</p>	<p>Die beredenering negeer ook die eis van diversiteit wat vra dat bv. gemeentes hulle eie praktiese implikasies sou uitwerk.</p>
<p><b>Die Reglemente is Bepalinge</b> wat rondom 'n onderwerp, funksie of amp saamgevoeg is om dit makliker te vind. Reglemente het dieselfde bindingsgesag as die Bepalinge. Verwysings na Reglemente van die Algemene Sinode word met AS voor die reglementnommer aangedui, andersins verwys dit na reglemente van die Sinode van Oos-Kaapland.</p>	

## DIE KERKORDE EN AANVULLENDE BEPALING

### 6.2 Hoofstuk 1: Die belydenis, aard en orde van die Kerk

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 1</b>  Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelijdenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.	Artikel 1 is 'n duidelike formulering van die identiteit van die kerk, inderdaad die belangrikste artikel naas artikel 2. In hoofstukke 3 en 4 is die belang van identiteit as bousteen van die eenheid van die kerk, bo dié van wette, duidelik beredeneer. Hierdie formulering dra by tot die skep en instandhouding van verhoudinge van betekenis na binne, ekumenies en na die wêreld.
<b>Bepaling 1</b>  <b>Algemene belydenisse</b> wat deur die Kerk erken word, is die historiese geloofsbelijdenisse van die Christelike Kerk:  1.1 die Apostoliese Geloofsbelijdenis  1.2 die Geloofsbelijdenis van Nicea  1.3 die Geloofsbelijdenis van Athanasius.	
<b>Voorgestelde nuwe Artikel 1</b>  1.1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.  1.2 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in	Die formulering van die voorgestelde Artikel 1 is 'n verbetering. Die formulering dra steeds duidelike identiteitsmerkers en laat ruimte vir groei, verandering, 'n gesonde

<p>1.2.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelofte, die Geloofsbelofte van Nicea en die Geloofsbelofte van Athanasius; en</p>	<p>mate van gewetensvryheid en die akkommodasie van diversiteit. (Soos in hoofstukke 4 en 5 beredeneer).</p>
<p>1.2.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelofte, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.</p>	<p>Die probleem ontstaan by die formulering van die voorgestelde nuwe Artikel 1 en die voorskrifte van Artikel 44 en gepaardgaande reglemente. So word Artikel 1 'n poging om die diversiteit te reglementeer, eerder as om bloot met die formulering van dit wat die kerk se identiteit is, plek vir diversiteit te gee.</p>
<p>1.3 Die Belyofte van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, amptsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, amptsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.</p>	<p>'n Verdere probleem is dat die artikel haarself uitlaat oor al die vorme van kerkwees en so voorskriftelik word. Dit is ook die rede waarom die KO enige verandering aan Artikel 1, uitermate streng verskans, terwyl elke vorm van kerkwees, gemeente, ring, sinode, algemene sinode, ens., eintlik elkeen vir haarself 'n Artikel 1 behoort te formuleer, wat van die ander se formulering sou kon verskil. Die ooreenkomsste en verskille sal dan die aard van die onderlinge verhoudinge bepaal.</p>
<p>1.4 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.</p> <p>(Die nuwe Artikel 1 word van krag, nadat al die sinodes afsonderlik met 'n tweederdemeerdeerderheid én twee derdes van alle Kerkrade elk met 'n tweederdemeerdeerderheid ten gunste daarvan besluit het (vergelyk Artikel 44.1 van die Kerkorde) en nadat die Algemene Sinode dit daarna met 'n tweederdemeerdeerderheidstem goedgekeur het (vergelyk Artikel 44.3 van die Kerkorde).</p>	

	<p>As elke entiteit in die kerk haar eie identiteit verwoord, neem hulle ook verantwoordelikheid daarvoor. (Let op die woordspel – “verwoord en verantwoordelikheid”) So word die konsep van “vertalers” soos Bauman dit gebruik, (hoofstuk 3) en van diversiteit erken, en gee dit eg uitdrukking aan die verskeidenheid in die eenheid.</p> <p>Hier is die beredenering met betrekking tot belydenisskrifte as uitdrukking van geloofsidentiteit onder punt 3.8, bl.66, die belang van verskillende KO's vir die verskillende entiteite in die kerk, bl.83 en die belang van die komplementêre karakter van 'n KO, punt 5.2, bl.85 ter sake.</p> <p>Vir die Algemene Sinode sou 'n formulering soos volg kon lui: Vir die sinode is die volgende Belydenisskrifte geldige formuleringe van die geloof van die kerk deur die eeue. (Lys). Hierdie belydenisse gee uitdrukking aan ons identiteit en verwoord ons roeping in die wêreld.</p>
--	--

	<p>Gemeentes wat hulself hiermee assosieer kan deel van die sinode word.</p> <p>Die formulering van die PKN se Artikel I, punte 4,5,9 en 10 is in dié geval rigtinggewend. In die formulering word wegbeweeg van 'n bindende voorskriftelikheid met die gebruik van die term "belydenisskrif". Die formulering getuig eerder van 'n poging van die kerk om haar geloofsidentiteit inklusief te bely. (KO PKN Art.I, 2013,3)</p>
<b>Artikel 2</b>	<p>Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus.</p> <p>Die navorser meen dat Artikel 2 eerder die eerste artikel behoort te wees. Die kerk se roeping gaan immers haar identiteit vooraf. Die kerkorde van die PKN doen dit ook so (KO PKN Art.I 2013,3).</p> <p>Onder punt 5.5, bl.92 word duidelik aangedui dat gesag deur roeping gedra word en nie deur reëls nie. Die belangrikheid van 'n aanbiddingskarakter vir 'n KO is aangedui.</p>

Artikel 3	
<p>3.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van haar taak en roeping ooreenkomsdig die Heilige Skrif en die Belydenis.</p>	<p>Wat Artikel 3 betref sou 3.1 en 3.2 geskrap kon word. Elke entiteit in die kerk behoort haar eie reëls te formuleer. Hier verwys die navorsers na 4.4 bl.72 en 5.5 bl.82 waar die ruimte vir diversiteit en eksperimentering beredeneer is.</p>
<p>3.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkinge van die Kerk na buite.</p>	<p>Wat 3.3 betref help dit nie veel as die artikel, so geformuleer, nie deur die siviele reg erken word nie. Dit is die ideale formulering en verwoord die reg van elke entiteit in die kerk om haar eie reëls te formuleer en toe te pas.</p>
<p>3.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël haar eie interne orde op grond van haar onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van haar reg tot vryheid van godsdienst.</p>	<p>In stryd met dié artikel het die kerk veral op die terrein van arbeidsverhoudinge die reg om 'n eie interne orde te volg, prysgegee. Die geskiedenis soos aangedui onder punt 1.4, bl.16 dui die historiese verloop aan.</p>

	gevoeg kon word.
--	------------------

## 6.3 Hoofstuk 2: Die ampte van die Kerk

### 2.1 Algemene Bepalinge

Die Kerkorde	Kommentaar
<p><b>Artikel 4</b></p> <p>4.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit ondermeer deur gebruik te maak van:</p> <p>4.1.1 die dienswerk van die drie besondere ampte in die kerk, te wete:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dié van bedienaar van die Woord,</li> <li>• dié van ouderling,</li> <li>• dié van diaken,</li> </ul> <p>om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld; én</p> <p>4.1.2 die dienswerk van al die gelowiges.</p> <p>4.2 Die drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.</p>	<p>Hier is die beginsels wat in die konsep KO van die toe te stigte VGKSA vervat is, van waarde. Kritzinger (2014:3-5) duï oortuigend aan dat die drie ampte, soos in die huidige KO vervat, nie meer genoegsaam is vir die sinvolle funksionering van 'n gemeente in postmoderne kontekste nie. 'n "Ministries-based Church Counsel" is voorgestel, maar uiteindelik weer deur die drie ampte ingebind. Die nood van die konteks, en die gawes gegee in antwoord op die nood, bepaal die aard, werkswyse en duur van die ampte. Weer is relativiteit ter sprake. Soos hier geformuleer is die drie ampte niks anders nie as "tuiniers" wat 'n</p>

	<p>kunsmatige “tuin” in stand moet hou nie. Die metafoor van Bauman soos beskryf in hoofstuk 3 is hier ter sprake.</p> <p>Diversiteit word nie geakkommodeer nie.</p>
<b>Artikel 5</b>	<p>Niemand mag in die kerk van Christus in een van die besondere ampte dien sonder dat die persoon</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• op wettige wyse beroep (of verkies) is,</li> <li>• die nodige approbasie verkry het, en</li> <li>• bevestig is nie.</li> </ul> <p>Artikel 5 is in tipies modernistiese taal geformuleer. ‘n Beter formulering sou dalk wees: “Nadat die gemeente aan die hand van geloofsonderskeidende prosesse tot die oortuiging gekom het, van watter ampte vir die bepaalde situasie nodig en gegee is, word lidmate wat in die loop van die proses geïdentifiseer is, as geroopenes en gestuurdes van die Here erken en in hulle ampte bevestig.”</p>

## 2.2 Die bedienaars van die Woord

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 6</b> <p>6.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:</p>	‘n Beter formulering sou wees:

<p>6.1.1 geskiktheid vir die amp;</p> <p>6.1.2 deeglike theologiese opleiding; en</p> <p>6.1.3 ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.</p>	<p>Die ondertekening van 'n legitimasieverklaring waarin die Belydenisgrondslag van die kerk vervat is. So 'n formulering veronderstel reeds die moontlikheid dat verskillende belydenisskrifte van tyd tot tyd ter sprake sou kon wees.</p>
<p>6.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied op aanbeveling van die Algemene Steunspan Teologiese Opleiding.</p>	<p>Artikel 6.2 illustreer duidelik hoe onmoontlik die instandhouding van verskillende "akkers" in die tuin geword het. Die verskillende terme dui juis daarop dat die leraarsamp op verskillende maniere gestalte en uitdrukking kan vind in verskillende gemeentes en kontekste.</p>
<p>1 Vergelyk Artikel 10 van die Kerkorde.</p> <p>2 "Bedienaar van die Woord" verwys na "leraar", "evangeliedienaar" en "predikant" en het die begrippe ooreenstemmende betekenis. Waar in hierdie Kerkordeboek na die manlike verwys word, sluit dit ook die vroulike in en omgekeerd, tensy spesiek anders vermeld.</p>	<p>Dat die kerk dit ook nodig gevind het om 'n Reglement vir Opleiding en Legitimasié, 'n A-Z Handleiding, 'n Tugreglement en Reglemente vir Kuratoria en Predikantesake te formuleer, dui op 'n onhanteerbare kompleksiteit.</p>
<p>3 Vergelyk die Kerkorde Artikel 55.</p>	
<p>4 Vergelyk die Reglement vir die Opleiding en Legitimasié van Bedienaaars van die Woord, 4.1.1.</p>	
<p>5 Vergelyk die Reglement vir die Opleiding en Legitimasié van Bedienaaars van die Woord, 4.1.2.</p>	

	<p>Predikantesake te formuleer, dui op 'n onhanteerbare kompleksiteit.</p>
6.3 Die Algemene Kuratorium word saamgestel deur die Algemene Sinode volgens die Reglement vir die Algemene Steunspan Teologiese Opleiding.	Die vraag is of dit in 'n postmoderne wêreld sinvol is om steeds met so 'n reglement te werk wat in die fynste besonderhede geformuleer is. Teologiese fakulteite raak in toenemende mate onafhanklike besigheids- en akademiese entiteite. Sou die ASTO nie bloot fakulteite op grond van hulle identiteit en uitsette konakkrediteer as opleidingsinstellings nie? Vir 'n fakulteit om die kerk as kliënt te bekom, sou hystrukture kon skep waarin die inhoud van kurrikula en ander belangrike sake gekontrakteer kon word.
6.4 Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by 'n plaaslike kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.	
6.4.1 Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienenaars word deur 'n plaaslike kuratorium behartig.	
6.4.2 Die plaaslike kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die Kuratorium deur ('n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.	Met betrekking tot teologiese opleiding is die KO van die PKN vir ons 'n voorbeeld. Op 'n kort, bondige wyse word die saak in Art.XV aangespreek en geformuleer. (KO PKN Art.XV 2013, 10)
6.4.3 Die NG Kerkdosenteraad is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.	
6.4.4 Een lid van die NG Kerkdosenteraad het met adviserende stem sitting in die plaaslike kuratorium.	

<p>6.5 Die kuratorium benoem 'n proponentskommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes en wat nie noodwendig lede van die kuratorium hoe te wees nie. Die proponentskommissie het as opdragte:</p> <p>6.5.1 Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul teologiese studies.</p> <p>6.5.2 Die afneem van colloquium doctum.</p>	<p>Die PKN het wel toegegee aan die modernistiese versoeking om die funksionering van die ampte te oorreglementeer in die opstel van Ordinantie 3 (KO PKN Ord.3 2013, 28-44) en Ordinantie 13. (KO PKN Ord.13 2013, 105-112)</p>
<p><b>Artikel 7</b></p> <p>Die verlening van bevoegdheid om as bedienaar van die Woord beroep te word, óf die beëindiging daarvan, geskied deur die Algemene Steunspan Predikantesake namens die Algemene Sinode.</p>	<p>Die ruimte vir diversiteit, eksperimentering en vrae met betrekking tot. legitimiteit kan hier na gevra word.</p>
<p><b>Artikel 8</b></p> <p>8.1 'n Bedienaar van die Woord word vir diens aan 'n gemeente beroep deur die kerkraad van die gemeente, met approbasie deur die gemeente en goedkeuring deur die ring.</p> <p>8.2 'n Bedienaar van die Woord word vir diens aan die kerkverband deur 'n kerkvergadering of sy gevollmachtigde benoem, met approbasie deur die kerkverband en goedkeuring deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.</p> <p>8.3 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord vir diens aan 'n gemeente geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die ring of sy</p>	<p>Die dubbele approbasie en goedkeuring kan óf dui op die moontlike onmondigheid van die beroepende vergadering óf 'n doodgewone modernistiese legalisme.</p>

<p>gevolmagtigde.</p> <p>8.4 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord vir diens aan die kerkverband geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die betrokke sinodale regs-/kerkordekommissie.</p> <p>8.5 Die bevestiging van 'n proponent geskied met handoplegging.</p> <p>(Vergelyk Reglement vir die Beroep, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Bedienaar van die Woord en Beleid, Funksionele Besluite en Riglyne)</p> <p>8.6 'n Bedienaar van die Woord wat 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem het of 'n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, ontvang 'n akte van demissie van die kerkvergadering in wie se diens hy gestaan het.</p> <p>8.7 'n Bedienaar van die Woord wat emeriteer, ontvang 'n akte van emeritaat.</p>	<p>In 'n voetnota word na die reglement verwys. Dit is nog 'n aanduiding van oormatige reglementering. Hier moet onthou word dat in die inleiding dieselfde gesag aan reglemente verleen word as aan artikels en bepalings.</p>
<p><b>Artikel 9</b></p> <p>9.1 Die amp van die bedienaar van die Woord fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes.</p> <p>9.2 Die bedienaar van die Woord is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.</p> <p>9.3 Die bedienaar van die Woord funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.</p> <p>9.4 In die gemeente aanvaar die bedienaar van die</p>	<p>Artikel 9.1 en 9.4 is dupliserend. Artikel 9.1 kon verval het, of 9.4 kon veel eerder aan gemeentes oorgelaat word om in prosesse van geloofsonderskeiding te formuleer.</p>

<p>Woord verantwoordelikheid vir onderskeiding, die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en dissipelskap. Die bedienaar van die Woord is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• eredienste,</li> <li>• die opbou van die gemeente,</li> <li>• onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,</li> <li>• die gemeente se dienswerk in die wêreld,</li> <li>• leiding en organisering van die gemeente,</li> <li>• uitoefening van Christelike liefde en tug,</li> <li>• pastorale versorging,</li> <li>• kerkplanting,</li> <li>• die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede.</li> </ul> <p>Die kerkraad onderskei en bepaal, saam met die bedienaar van die Woord, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, inlyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.</p> <p>9.5 Die bedienaar van die Woord neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.</p> <p>9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die bedienaar van die Woord diensbaar is in die kerk en in die wêreld.</p> <p><b>Bepaling 9</b></p>	
--	--

<b>Aampspligte van die bedienaar van die Woord</b>	
<b>9.1</b> Naas die omskrywing in Artikel 9 dien gelet te word op die verkondiging van die Woord op Christelike feesdae by die bevestiging van huwelike en die lei van begrafnisse.	Bepaling 9 is 'n verdere duplisering. Hier wil die KO, in die metafoor van Bauman, die diepte waarvolgens die akkers omgespit moet word, en die kontoere reglementeer. Dit is hier waar die konteks van die gemeente, die gawes van lidmate en leraar, en die wisselwerking tussen konteks en gawes, die aard en ritme van gemeenteaktiwiteite sal bepaal. Die ruimte vir eksperimentering word verklein, die ruimte vir diversiteit word beperk en die komplementêre kenmerk kom nie tot sy reg nie. Hierdie bepaling en aantekening is onnodig.
(Aantekening: Daarby kom ook:	
a) die sistematiese prediking aan die hand van die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelijdenis, Dordtse Leerreëls en die lydensgeskiedenis van Christus;	
b) die hou van voorbereidings- en dankseggingsdienste mbt die nagmaal;	
c) die prediking oor die betekenis van die doop en die herdenking van die Kerkhervorming;	
d) die verantwoordelikheid vir die kategeseskool afneem van belydenisaflegging en jeugbediening; en	
e) die bevestiging van kerkraadslede.	
f) In die geval van langdurige of buitengewone afwesigheid uit die gemeente sorg die leraar dat sy/haar dienswerk tot bevrediging van die kerkraad waargeneem word. Die kerkraad gee kennis hiervan aan die voorsitter van die ring.	
g) Is die verlof vanweë siekte van die leraar, sorg die kerkraad vir die behoorlike vervulling van sy dienswerk.	
Die ring kan hierin help.)	

<p><b>Artikel 10</b></p> <p>'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (vergelyk Artikel 9 van die Kerkorde) onder lidmate van 'n ander gemeente verrig sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.</p> <p><b>Besluit by Artikel 10 (2002):</b></p> <p>10b1 Die behartiging van herderlike sorg by ingeskreve lidmate van 'n gemeente wat in 'n ander gemeente se grense woon, mag wel geskied in ooreenstemming met die besluit van die sinode dat lidmate ook buite 'n gemeente se geografiese grense mag woon (sien BFBR 27.17-27.20).</p>	<p>Artikel 10 kom uit 'n modernistiese wêreld waar aan elke werker sy eie akker toegeken is. Vanuit sy identiteit as leraar behoort hy uit die beginsel van liefde die verhoudinge waarin lidmate staan te respekteer. Selfs al sou leraars hier onverantwoordelik handel, sal juis die sabotasie van verhoudinge van betekenis in sy eie gesig ontploff. Die natuurlike soeke na verhoudinge van betekenis sal die belang van lidmate en gemeentes balanseer. Die "uitsondering" wat in die besluit geformuleer is, bevestig die beredenering. Die belemmering van geografiese grense is ook onderliggend.</p>
<p><b>Artikel 11</b></p> <p>11.1 'n Bedienaar van die Woord kan die kerklike bediening slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Die persoon hou op om bedienaar van die Woord te wees indien diens in die gemeente/kerkverband verlaat word om 'n ander</p>	

<p>betrekking te aanvaar. Die persoon kan egter vooraf van die Algemene Steunspan Predikantesake verlof ontvang om proponentsbevoegdheid te behou.</p>	
<p>11.2 Sodanige behoud van bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat aanvaar word, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.</p>	
<p>11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van bevoegdheid alleen verleen word indien die Algemene Steunspan Predikantesake, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame bona fide redes is om 'n ander betrekking te aanvaar.</p>	<p>Hier is die vraag of dit regtig belangrik is, om nog reglemente en besluite aan die artikel toe te voeg. Dit kan alleen nodig geag word as 'n kerklike vergadering van oortuiging is dat haar manier van doen die enigste manier van doen sou wees.</p>
<p><b>Besluit by Artikel 11</b></p> <p>Sien Reglement AS11, AS13, en AS14.</p>	<p>Die voetnota by Artikel 11 dui weer eens op die oormaat van voorskrif, wat verantwoordelike</p>

<p><b>Voetnota:</b> Bona fide redes is wanneer 'n bedienaar van die Woord bedank uit die werkkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tugoptrede. Redes kan inhoud dat die bedienaar van die Woord vir die huidige nie die weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.</p> <p>Met die toekenning van proponentsbevoegdheid kan die volgende ook oorweeg word, naamlik: "Dra die ander betrekking 'n geestelike karakter wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word"?</p> <p>Vergelyk die A tot Z-beleid vervat in die Kerkordeboek of geplaas op die webblad van die NG Kerk <a href="http://www.ngkerk.org.za">www.ngkerk.org.za</a>.</p>	<p>Die voetnota by Artikel 11 dui weer eens op die oormaat van voorskrif, wat verantwoordelike vergaderinge en individue hulle verantwoordelikheid in die oorweging van situasies en die besluitneming ten opsigte daarvan ontnem.</p>
<p><b>Artikel 12</b></p> <p>12.1 Die bedienaar van die Woord word vir die uitvoering van die amp of bediening deur 'n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) in diens gestel.</p> <p>12.2 Die bedienaar van die Woord is, as geroepene van die Here deur sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig.</p> <p>12.3 Die kerkvergadering gee aan die bedienaar van die Woord die respek en ondersteuning wat 'n geroepene van die Here en sy kerk in staat kan stel om die amp en bediening effektief uit te voer.</p>	<p>Artikel 12.1 tot 12.4 is 'n duplisering van Artikel 8.</p>

<p>12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering in wie se diens die bedienaar van die Woord staan.</p>	
<p>12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vergelyk Artikel 7 van die Kerkorde) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as bedienaar van die Woord dien.</p>	
<p>12.6 Die bedienaar van die Woord se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van bevoegdheid ingevolge die Reglement vir die Bevoegdheid van Bedienaars van die Woord, Proponente en Emeriti.</p>	<p>Artikel 12.6 en 12.7 kan by Artikel 8 gevoeg word. Daarby is die formulering van "gevalle van diensbeëindiging" voorskriftelik. Dit sluit die moontlikheid van ander gevallen uit, of uitgevoer na die letter van die artikel, kan dit die luister-proses kortknip. Die eis om gehoor te word, beide van 'n kerklike vergadering en van 'n bedienaar van die Woord kom in gedrang. Die vraag na die verhouding van betekenis, of die verbreking daarvan, word dalk veronderstel, maar die lys van gevallen oorskadu dit. Dalk is die enigste vraag in dié verband, bloot die vraag na die aard van die verhouding wat ter sprake is.</p>
<p>12.7 Die betrokke kerkvergadering kan die dienste van 'n bedienaar van die Woord in die volgende gevallen beëindig:</p>	
<p>12.7.1 op grond van wangedrag;</p>	
<p>12.7.2 op grond van gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering;</p>	
<p>12.7.3 op grond van die gemeente of kerkverband se bedienings- en bedryfsvereistes.</p>	

<b>Besluite by Artikel 12</b>  Sien Reglement AS17.	Weereens is verdere besluite en reglemente 'n modernistiese voorskrif aan kerklike vergaderings wat skynbaar volgens die oortuiging van die opstellers nie oor die kennis of vermoë beskik om in eie ruimte regverdig en met liefde te handel nie.
<b>Artikel 13</b>	
Die gemeente of kerkverband in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, sien om na die persoon se geestelike, emosionele en fisieke behoeftes, is medeverantwoordelik vir die bedieningsontwikkeling en is verantwoordelik vir die lewensoronderhoud soos ooreengekom.	
<b>Bepaling 13</b>	
<b>Die lewensoronderhoud van leraars</b>	Die oormatige reglementering is duidelik. Geregtigheid, soos beredeneer onder punte 4.8, 5.3 en 5.4 kan nie gereglementeer word nie. Uitsonderings wat deur die algemene beginsel van geregtigheid hanteer kan word, word onnodig beskryf, vermoedelik omdat sonder liefde en geregtigheid in sulke gevalle gehandel is. Verder getuig die voorskrifte van 'n uitgangspunt dat kerkrade
<b>13.1 Die verantwoordelikheid van die beroepende gemeente begin vanaf die datum van die leraar se demissie uit sy/haar vorige werkkring, maar by proponente vanaf die datum van bevestiging.</b>  (Aantekening:Dit geld ook indien hy/sy voor sy/haar bevestiging medies ongeskik bevind sou word of sterf.)	
<b>13.2 Elke beroepende vergadering onderhandel met die leraar 'n lewensoronderhoud aan die hand van die totale koste van indiensneming (soos jaarliks aanbeveel deur die Algemene Steunspan</b>	

<p>vir Fondse en Bates) en sluit onder andere die volgende in:</p>	
<p>(Aantekening:Die pakket kan na behoefte binne die raamwerk van en onderworpe aan tersaaklike wetgewing en sinodale besluite gestruktureer word).</p>	
<p><b>13.2.1</b> 'n Lewensonderhoud volgens die traktementekaal van die Algemene Sinode of haar Steunspan. 'n Leraar se eerste diensjaar strek vanaf sy/haar bevestiging tot aan die einde van die boekjaar in die volgende kalenderjaar.</p>	<p>onmondig of selfs inherent boos is, en met opset selfsugtig sal handel tot nadeel van die leraar. Die artikel sou bloot kon vermeld dat kerkrade of kerklike vergaderings verantwoordelikheid neem vir billike materiële versorging van haar werknemers en die voorsiening van die middele wat nodig is vir die uitvoering van hulle verpligte.</p>
<p><b>13.2.2</b> 'n Motor- of vervoertoelaag minstens volgens Oos-Kaapse sinodale besluit;</p>	
<p><b>13.2.3</b> 'n vry woning waarby water, krag en huishoudelike brandstof ingesluit is, of die toekenning van 'n woningstoelae wat hiermee gelykstaan;</p>	
<p><b>13.2.4</b> 'n Telefoon vir amptelike gebruik;</p>	
<p><b>13.2.5</b> Die instandhouding van 'n aandeel in die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika deur die kerkraad ten behoeve van die leraar; en</p>	
<p><b>13.2.6</b> Die betaling van 50% van die premie van 'n mediese fonds. (Aantekening:Die Sinode verwag dat alle predikante in die sinodale gebied aan 'n mediese fonds behoort.)</p>	
<p><b>13.3 Vervoerkoste</b></p>	
<p><b>13.3.1</b> Die gemeente wat beroep het, sorg vir die</p>	

<p>vervoer van die beroepene se goedere en betaal die reiskoste vir hom/haar en sy/haar gesin volgens sinodale skaal.</p> <p><b>13.4 Verlof van predikante</b></p> <p>Sien <b>Reglement AS16</b> – Reglement vir die verlof van Bedienaars van die Woord.</p>	
<p><b>Artikel 14</b></p> <p>14.1 'n Bedienaar van die Woord emeriteer op die ouderdom soos deur die Algemene Sinode bepaal.</p> <p>14.2 'n Bedienaar van die Woord wat weens verswakte gesondheid, ouderdom of andersins uit die diens tree en daarvoor kwalificeer, ontvang die voordele volgens die bepalinge van die betrokke pensioenfonds. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwee/wewenaar en wese van die bedienaar van die Woord.</p> <p>14.3 'n Emeritus kan, met goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak beroep word.</p> <p>14.4 'n Emeritus wat weens verswakte gesondheid geëmeriteer het, moet eers weer beroepbaar gestel word deur die Algemene Bevoegdheidsraad.</p> <p><b>Bepaling 14</b></p> <p><b>Emeritering, bedanking of afsterwe van 'n bedienaar van die Woord</b></p>	

<b>14.1 Die verlening van demissie by emeritering</b>	
(Sien ook Reglement AS12.12)	Die hele bepaling 14 getuig van oormatige burokratiese reglementering. Dit wat bloot by wyse van die beginsel van geregtigheid, teen die agtergrond van die plaaslike omstandighede, onderhandel en afgehandel kan word, word 'n mynveld van voorskrifte.
<b>14.1.1</b> By emeritering word demissie deur beide die kerkraad en die ring verleen na skriftelike aansoek by beide en die afkondiging daarvan op twee opeenvolgende Sondae in die gemeente.  (Aantekening: Die aansoek behoort minstens drie maande voor die beoogde emeritering by die ringskriba/pensioenkantoor ingehandig te word.  Dieselfde prosedure geld vir 'n leraar wat uit die gemeente bedank nadat hy/sy by die Algemene Bevoegdheidsraad verlof tot die behoud van sy/haar bevoegdheid verkry het.  In geval van beswaar kan die ringskommissie voorlopig demissie weier en verslag doen aan die eersvolgende vergadering van die ring wat na bevinding van sake sal handel.)	
<b>14.1.2</b> Die ringskommissie win inligting in by die saakgelastigde van die NG Kerk in Suid-Afrika oor die pensioenposisie van die aftredende leraar en doen daaroor 'n verklaring aan hom/haar by die uitreiking van die Akte van Demissie.  (Aantekening: Indien nodig gee die ringskommissie aan die konsulent kennis van die verlening van demissie.)	
<b>14.1.3</b> Nadat die ringskommissie ingestem het, word demissie deur die kerkraad verleen in 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering van die	

<p>kerkraad.</p> <p><b>14.1.4</b> Die Akte van Demissie (Vorm 11 of Vorm 12) onderteken deur die ringskommissie word deur die kerkraad aan die aftredende leraar oorhandig.          (Aantekening: Dit geskied verkielslik by die laaste erediens waar hy/sy optree as leraar van die gemeente.)</p> <p><b>14.1.5</b> Die ringskriba gee onverwyld kennis van die emeritering, bedanking of afsterwe van 'n leraar aan die Direkteur Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland en die Algemene Bevoegdheidsraad. Wanneer 'n leraar uit die bediening bedank en sy/haar bevoegdheid as predikant verloor, gee die skriba ook kennis aan die aktuarius van die Sinode van Oos- Kaapland.          (Aantekening: Die Direkteur Sinode benodig die inligting om die betrokke staatsdepartement dienooreenkomsdig te verwittig tov sy/haar posisie as huweliksbevestiger.          Indien 'n emeritus sy/haar aanstelling as huweliksbevestiger wil behou, moet sy/haar aansoek en nuwe adres die kennisgewing vergesel.          Die Algemene Bevoegdheidsraad benodig die inligting en 'n afskrif van die Akte van Demissie tov die emeritus se pensioen.          Die aktuarius benodig die inligting om die Akte van Legitimasié in te vorder en die verlies van bevoegdheid by die Algemene Bevoegdheidsraad</p>	
---	--

te finaliseer.)	
<b>14.1.6 Hertoelating van emeriti</b>	
<b>14.1.6.1</b> Die ring wat aan hom/haar demissie verleen het, oorweeg sy/haar aansoek waarby 'n getuigskrif van die gemeente waarin hy/sy woon en 'n mediese sertifikaat van geskiktheid ingesluit is.	
<b>14.1.6.2</b> Indien die aansoek slaag, stel die ringskriba die aktuarius daarvan in kennis sodat hy/sy die leraar in die Kerkbode weer beroepbaar kan stel.	
<b>14.2 Afsterwe van 'n bedienaar van die Woord</b>	
<b>14.2.1</b> Die kerkraad gee dadelik kennis aan die konsulent indien daar nie 'n medeleraar is nie.	
<b>14.2.2</b> Sy/haar eggenoot en/of afhanklike kinders ontvang vir ses maande na sy/haar dood sy/haar gewone traktement. Hulle het ook vir drie maande na sy/haar dood vrye en onbelemmerde inwoning van die pastorie.	
(Aantekening: Indien hy/sy 'n eie huis bewoon en toelae ontvang, ontvang die eggenoot en/of afhanklike kinders sodanige toelae vir drie maande na sy/haar dood.)	
<b>14.3 Predikante Pensioenfonds</b>	
Elke kerkraad wat 'n leraar beroep of sinodale kommissies wat leraars benoem, is verplig om voorsiening te maak vir pensioenvoorregte volgens	

die reglement van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika.	
--	--

## 2.3 Ouderlinge en diakens

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 15</b>	
<p>15.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging hulle instemming met die Belydenis van die Kerk.</p> <p>15.2 Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouerlinge en diakens te wees. Die dienstyd van ouerlinge en diakens word deur die kerkraad gereël.</p>	<p>Is dit die enigste ampte? Onder punt 5.9, bl.100 is die sinvolheid van meer ampte beredeneer. Daarom behoort hier bloot na ampte verwys te word, met dien verstande dat die aard en aantal ampte deur gemeentes op grond van gawes en plaaslike omstandighede, geloofsonderskeidend bepaal kan word.</p> <p>Is daar 'n verskil tussen leraars en die ander ampte dat so 'n tydsbeperking nie op leraars van toepassing sou wees nie? Hierdie formulering is in stryd met die KO se eie formulering in Art.4 wat bepaal dat daar geen onderskeid is nie.</p>

<b>Bepaling 15</b>	
<b>Die verkiesing van kerkraadslede</b>	Hierdie (Bepaling 15 en al die aantekeninge) is sake vir gemeentes om self hulle eie procedures te bepaal. Dit kan ook van gemeente tot gemeente verskil. Met visitasie kan hoogstens na die heilsame uitwerking van gemeentelike werkswyses gevra word. Die aantekening by 15.1 is in stryd met 15.1 in beginsel. Die belangrikheid van gawes en konteks is immers deeglik beredeneer onder punt 5.9, bl.100.
<b>15.1 Tot ouerlinge en diakens word verkies die toegewydste en kundigste lidmate van die gemeente.</b>  (Aantekening: Daar word gepoog om dit so af te wissel dat die meeste lidmate moontlik die geleentheid het om as kerkraadslede te dien.)	
<b>15.2 Kerkraadslede word verkies</b> deur 'n gekonstitueerde kerkraadsvergadering behalwe wanneer die stigtingsvergadering van 'n afgestigte gemeente die kerkraadslede verkies.  (Aantekening: Die byeenroeping en afkondiging van 'n gewone en buitengewone kerkraadsvergadering word behandel in Bepaling 27.2.1 en die verkiesing van kerkraadslede in 'n nuwe gemeente in Reglement AS23.1.1.7.)	
<b>15.3 Die prosedure</b>	
<b>15.3.1</b> Elke stemming geskied met geslotte stembriewe.	Die procedures in 15.3 is dikwels nie konteks-vriendelik nie. Die aantal en omvang van die voorskrifte maak dit ook vir kerkrade moeilik. Dit gebeur
<b>15.3.2</b> Eers word 'n groslys gevorm deurdat elke stemgeregtigde nie meer name op een stembrief	

<p>plaas as die getal persone wat gekies moet word nie.</p>	
<p>(Aantekening: Indien die kerkraad van 'n kommissie van pre-advies gebruik maak, verhinder dit nie lede om name op die groslys te plaas nie.)</p>	
<p><b>15.3.3</b> Hierdie groslys word gesuiwer volgens Bepaling 15.1. Daarna kan die voorstitter nie-propagandistiese inligting in verband met die genomineerdes verstrek.</p>	<p>dikwels dat kerkrade se samestelling tegnies onwettig verklaar kan word omdat 'n enkele procedurele voorskrif nie nagekom is nie. Let ook daarop dat daar vir haas elke bepaling ook nog 'n aantekening is.</p>
<p>(Aantekening: Die mededeling van inligting moet positief, saaklik, beheers en tot feite beperk wees.)</p>	
<p><b>15.3.4</b> Uit hierdie groslys word vir die vereiste aantal ouderlinge of diakens gestem.</p>	
<p>(Aantekening: Indien daar nie genoeg name op die groslys is om 'n keuse tussen persone te maak nie, word die keuse uitgeoefen deur vir elke naam "Ja" of "Nee" te stem.</p>	
<p>Slegs met die verlof van die vergadering mag 'n lid buite stemming bly (vgl Reglement 1.8.3). Dan word die volstrekte meerderheid bepaal deur die getal stemme wat uitgebring is.)</p>	
<p><b>15.3.5</b> Word die volstrekte meerderheid nie by hierdie stemming verkry nie, vind daar 'n nuwe stemming plaas uit die name op die groslys wat die meeste stemme verkry het en saam 'n volstrekte meerderheid van stemme op hulle verenig het.</p>	
<p><b>15.3.6</b> Kry twee of meer name 'n gelyke aantal stemme sodat meer name verkry is as wat vereis</p>	

<p>word, word die benodigde aantal name deur herstemming gevind. As die stemme staak, beslis die lot na aanroeping van die Naam van die Here.</p> <p>(Aantekening: By die verkiesing van kerksraadslede vir nuut afgestigte gemeentes word gehandel volgens Reglement AS23.)</p> <p><b>15.4</b> Kennisgewing van die verkiesing geskied skriftelik en sonder versuim aan die verkosenes.</p> <p>(Aantekening: Daar moet op gelet word dat die verkiesing nie geldig is voordat die goedkeuring van die gemeente verkry is nie. Gemeentes volg gewoonlik een van twee procedures:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>a) Die kennisgewing meld dat die verkiesing onderworpe is aan die goedkeuring van die gemeente; of</li><li>b) 'n Aanvanklike mondelinge kennisgewing word na die tweede afkondiging opgevolg met die amptelike skriftelike kennisgewing.)</li></ul> <p><b>15.5</b> Die verkosenes reageer binne agt dae na die tweede afkondiging skriftelik op die verkiesing en indien die reaksie negatief is, met 'n duidelike opgawe van redes.</p> <p>(Aantekening: Die kerksraad oordeel oor elke bedanking. Indien die redes vir bedanking grondig is, aanvaar hy dit en kies weer iemand om die vakture aan te vul. Indien die redes nie grondig is nie, tree die kerksraad pastoraal of broederlik vermanend op.)</p>	
--	--

<p><b>15.6</b> Skriftelike beswaar kan by die voorsitter van die kerkraad gemaak word teen een of meer van die verkosenes deur enige ongesensureerde lidmaat voor of op die dag van die tweede afkondiging.</p> <p>(Aantekening: By ontvangs van die beswaar belê die voorsitter so spoedig moontlik 'n kerkraadsvergadering of verwys die beswaar na die kerkraad se gevollmachtigde kommissie om die beswaar te oorweeg.</p> <p>Bevind die kerkraad of sy gevollmachtigde die beswaar ongegrond, vind die bevestiging plaas (tensy die beswaarde hom/haar op die ring beroep).</p> <p>Bevind die kerkraad die beswaar gegronde, verval die verkiesing van die betrokke persoon en word so gou moontlik 'n ander in sy/ haar plek gekies.</p> <p>Is die besware van so 'n aard, word verder gehandel volgens die voorskrifte van die tug.)</p>	
<p><b>15.7</b> Die bevestiging vind slegs plaas indien die lidmaatskap van die verkosene in die register ingeskryf is.</p> <p>(Aantekening: Die bevestiging geskied so gou moontlik op versoek van die kerkraad deur iemand wat kragtens Reglement AS11.2 die bevoegdheid daartoe het.</p> <p>Dienende kerkraadslede bly in diens totdat hulle opvolgers bevestig is tensy die kerkraad 'n</p>	

<p>bedanking onvoorwaardelik aanvaar.</p> <p>Herkose kerkraadslede word weer bevestig vir die nuwe termyn.)</p> <p><b>15.8</b> Die dienstermyn van 'n kerkraadslid is twee opeenvolgende jare tensy anders besluit deur die kerkraad.</p> <p>(Aantekening: Indien 'n diaken tot ouderling (of andersom) verkies word voordat sy/haar termyn verstryk het en hy/sy dit aanvaar, word hy/sy vir 'n nuwe termyn bevestig.)</p> <p>Die termyn van 'n plaasvervanger word deur die kerkraad bepaal. Elke verkosene word vir sy/haar eie termyn bevestig.)</p> <p><b>15.9</b> Om die balans te behou tussen die getal kerkraadslede wat aftree en die getal wat na die volgende jaar aanbly, kan kerkrade met toestemming van die ring 'n aantal lede vir 'n termyn van een jaar verkies.</p> <p><b>15.10</b> Alle vakutures word so spoedig moontlik gevul.</p>	
<p><b>Artikel 16</b></p> <p>16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, versorging, bestuur en toesig, en omvat:</p> <p>16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;</p> <p>16.1.2 die regering van die gemeente;</p>	<p>Soos reeds beredeneer is die aard, benaming en opdrag van ampte sake vir gemeentes om te onderskei en te formuleer.</p>

<p>16.1.3 die doen van huisbesoek;</p> <p>16.1.4 die uitoefening van oopsig en tug;</p> <p>16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;</p> <p>16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;</p> <p>16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;</p> <p>16.1.8 die lei van eredienste waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning gegee het;</p> <p>16.1.9 dissipelskap; en</p> <p>16.1.10 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 16.1.</p> <p><b>16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van Artikel 16.1.1 tot 16.1.10 van die Kerkorde die bedienings-verantwoordelikheid van elke ouerling.</b></p>	<p><b>Bepaling 16</b></p> <p><b>16.1 Die lei van eredienste deur ouerlinge:</b></p> <p><b>16.1.1</b> Ongesensureerde belydende lidmate wat oor die gawe en vermoë beskik om die Woord tydens 'n openbare erediens te bedien en die liturgie te lei, doen aansoek by die kerkraad om die Sinode van Oos-Kaapland se opleidingsprogram te deurloop.</p> <p><b>16.1.2</b> Die kerkraad vergewis homself van die gesiktheid van die aansoeker rondom leersuiwerheid, lewenswandel, gawes en ander</p> <p>Hierdie bepaling is 'n voorbeeld van die ontwikkeling en noodaaklikheid van die ontwikkeling van ander ampten na gelang van die konteks van 'n gemeente. Hier word dit as 'n uitsondering hanteer, terwyl in 5.9 aangedui is dat dit nie meer uitsonderings is nie. Ook in dié geval word 'n oormaat</p>
---	---

<p>vermoëns.</p> <p><b>16.1.3</b> Goedgekeurde aansoeke word deur die kerkraad aan die ring/ringskommissie deurgestuur.</p> <p><b>16.1.4</b> Die ring vergewis hom van die behoefte aan hierdie bediening binne die ringsgebied, asook hoe die bediening ook in wyere kerklike verband aangewend kan word. Hierdie bediening vervang nie die leraarsamp nie, en ringe wend hierdie ouderlinge aan waar ringsleraars vanweë omstandighede nie op 'n gereelde grondslag beskikbaar is om eredienste te lei nie.</p> <p><b>16.1.5</b> Ná goedkeuring deur die ring/ringskommissie skryf die kerkraad die aansoeker in vir opleiding en toerusting deur die Sinode. Kerkrade/ringe behoort in te staan vir die aansoeker se koste rondom die opleiding.</p> <p><b>16.1.6</b> Ná die suksesvolle voltooiing van die opleiding word die lidmaat as ouderling van die gemeente verkies en bevestig met opdrag Hulpbediening van die Woord. Alle bepalinge vir kerkraadslede geld ook hier.</p> <p><b>16.1.7</b> Die ring/ringskommissie wys 'n leraarmentor uit sy geledere vir elke sodanige ouderling aan. Hierdie mentor begelei die ouderling deurlopend in terme van Woord- en leersuiwerheid met die oog op die prediking, asook die lei van die liturgie. Die mentor doen jaarliks skriftelik verslag aan die ring ten opsigte van die geskiktheid van die ouderling.</p> <p><b>16.1.8</b> Die ouderling word aangewend soos en waar die bedieningsnood dit vereis. By elke</p>	<p>voorskrifte geformuleer, terwyl die wesentlike vraag eintlik is of die gemeente so 'n amp benodig en die individu erken as die individu wat deur die Heilige Gees toegerus is vir die uitvoering van sy/haar ampspligte.</p>
---	---

<p>erediens wat hy/sy lei, tree hy/sy op onder die toesig van die betrokke plaaslike kerkraad. Hierdie kerkra(a)d(e) doen ook jaarliks verslag aan die ring ten opsigte van die behoefté aan die bediening, sowel as die geskiktheid van die ouderling.</p> <p><b>16.1.9</b> Ná verstryking van die termyn oorweeg die kerkraad andermaal die noodsaak/behoefté aan die bediening, asook die geskiktheid van die persoon, en handel dienooreenkomsdig.</p> <p><b>16.1.10</b> Van opgeleide lidmate word verwag om opknappingskursusse en verdere toerusting wat aangebied word, by te woon.</p> <p><b>16.1.11</b> Ouderlinge wat nie opgelei is nie, mag slegs 'n leesdiens waarneem binne die ouderling se gemeentegrense.</p>	
<p><b>Artikel 17</b></p> <p>17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat:</p> <p>17.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;</p> <p>17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;</p> <p>17.1.3 die insameling en besteding van middele wat vir die diakonale werk nodig is;</p>	<p>Die noodsaaklikheid daarvan dat gemeentes self ampsinkleding bepaal is reeds beredeneer.</p>

<p>17.1.4 die organisering en leiding van die barmhartigheidsbediening van die gemeente;</p> <p>17.1.5 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 17.1.</p> <p>17.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van Artikel 17.1.1 tot 17.1.5 van die Kerkorde die bedienings-verantwoordelikheid van elke diaken.</p> <p>(Aantekening: Vgl Artikel 9.4 vir die verantwoordelikheid van die diaken ten opsigte van die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente en die opsig en tug oor die gemeente.)</p>	
--	--

## 6.4 Hoofstuk 3: Die vergaderinge van die Kerk

### 3.1 Algemene bepalinge

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 18</b> <p>Daar is vier kerkvergaderinge: kerkraad, ring, sinode en Algemene Sinode.</p>	<p>Die KO van die PKN verwys bloot na die verskillende vergaderinge. Die verwysing se inhoud is ook baie spesifiek – die verhouding van die vergaderinge tot die gemeente. In 'n afsonderlike Ordinantie 4, word die verskillende vergaderinge, hulle samestelling en werkswyse beskryf. Selfs die Ordinantie 4 het minder voorskrifte as die KO van die Ned.Geref.Kerk sonder die reglemente. (KO PKN Ord.4 2013, 45-62). Die</p>

	PKN se ordereëls beslaan 17 bladsye. Die NGK se ordereëls beslaan 26 bladsye. (Met al die reglemente ter sprake beslaan dit 140 bladsye.)	
<b>Artikel 19</b>	Die opsig oor, die regering van en die tug en/of discipline in die Kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.	
<b>Artikel 20</b>	<p>20.1 Die vergaderinge het, elkeen na sy eie aard en funksie, 'n kerklike gesag deur Christus aan hulle toevertrou.</p> <p>20.2 Die gesag van die ring, na aanleiding van sy aard en funksie, oor die kerkraad is dieselfde as dié van die sinode en die Algemene Sinode, na aanleiding van elkeen se eie aard en funksie, oor die kerkverband.</p>	
<b>Artikel 21</b>	Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.	
<b>Artikel 22</b>	<p>22.1 In meerdere vergaderinge word alleen die sake behandel wat daar huis hoort of daarheen verwys is deur mindere vergaderinge en wat nie in mindere vergaderinge afgehandel kon word nie.</p> <p>22.2 'n Meerdere vergadering het die bevoegdheid</p>	Hierdie KO-artikel het in belangrikheid toegeneem. Die beginsel van subsidiariteit is uiters belangrik en is onder punt 5.8, bl. 97 beredeneer. In die konsep wat in die volgende

<p>om 'n saak wat 'n mindere vergadering moes afhandel onder die volgende omstandighede te hanteer:</p> <p>22.2.1 Waar 'n mindere vergadering nie bestaan nie; en</p> <p>22.2.2 In die geval van onvermoë of wanbestuur by die mindere vergadering.</p>	<p>hoofstuk geformuleer word, word aan elke entiteit en vergadering ruimte gegee om haar eie KO te formuleer.</p>
<p><b>Artikel 23</b></p> <p>23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevoldmagtigdes is bindend, maar daaroor kan in appèl na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevoldmagtigde gegaan word.</p> <p>23.2 Lidmate, ampsdraers en bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband van die Nederduitse Gereformeerde Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.</p>	
<p><b>Besluite by Artikel 23</b></p> <p>Sien Reglement AS18, AS19 en BFBR 31.</p> <p>13 Vergelyk Artikel 4 en 21 van die Kerkorde.</p> <p>14 Vergelyk die Reglement vir Appèl of Beswaar, 1.1.2, 1.3 en 2 tot 6.</p>	<p>Om aan al die reglemente en besluite uitvoering te gee is 'n mynveld. Dit is nie moeilik vir regsgelerdes om 'n artikel of besluit te vind wat nie na die letter daarvan nagekom is nie. Om bloot by die beginsels van geregtigheid te hou en alle partye deeglik aan te hoor is al wat nodig is, en is eie aan die kerk se identiteit en werkswyse.</p>
<p><b>Artikel 24</b></p>	

Die handelinge van elke vergadering word daaglik s met Skriflesing en gebed begin en met danksegging beëindig.	Kan die liturgie van 'n geloofs-onderskeidende proses voorgeskryf word?
<b>Artikel 25</b>  Elke vergadering het 'n voorsitter wat verantwoordelik is vir die leiding en ordelike verloop van die vergadering, en 'n skriba wat die handelinge van die vergadering opteken.	

### 3.2 Besondere bepalinge

#### 3.2.1 Die kerkraad

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 26</b>  26.1 Elke gemeente het 'n kerkraad aan wie die opsig oor, die regering van en die tug en/of discipline in die gemeente toevertrou is.  26.2 Die kerkraad bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens.	Elke kerkraad behoort haar eie reëls te bepaal, wat van ander Kerkrade s'n verskil en nie in 'n algemene kerkorde opgeneem word nie.  Weereens word ander moontlike ampte uitgesluit. Die bestuurswyse van 'n gemeente behoort na die aard van haar konteks en in oorleg met die ring bepaal te word. 'n Beter formulering: Die kerkraad bestaan uit al die bedienaars van die Woord, en lidmate tot

<b>Bepaling 26</b>	die kerkraad verkies.
<b>26.1 Wykskerkrade</b> mag bepaalde funksies namens die kerkraad behartig solank dit nie bots met die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente of besluite van die Algemene Sinode of Sinode van Oos-Kaapland nie.	Dit is vir Kerkrade om oor te besluit en behoort nie 'n voorskrif van die KO te wees nie. Die belangrikheid van diversiteit, konteks en die ruimte vir eksperimentering is in hoofstuk 5 beredeneer.
(Aantekening: 'n Wykskerkraad bestaan gewoonlik uit die wyke wat deur een van die leraars bedien word en kan op besluit van die kerkraad afsonderlik vergader.  Die wykskerkraad het die bevoegdheid van 'n kommissie van die kerkraad en vervang nie die kerkraad nie. Wykskerkraadslede woon dus ook die kerkraadsvergadering by.)	Weereens is dit nie 'n saak vir die KO van 'n sinode nie. Die subsidiariteitsbeginsel word oortree. Ook word die funksionering van ander bedieninge uitgesluit.
<b>26.2 Elke NG Gemeente bestaan uit:</b>	
<b>26.2.1</b> die belydende lidmate wat binne die bepaalde grense, soos deur die ring vasgestel, woonagtig is en wie se lidmaatskap deur die kerkraad in ooreenstemming met die kerklike bepalinge daaromtrent erken en aangeteken is;	Die verwysing na geografiese grense is modernisties. Daar behoort bloot verwys te word na lidmate wat hulleself by wyse van lidmaatskap as deel van die gemeente reken.  Die PKN het 'n Ordinantie 2 wat alle sake met betrekking tot lidmaatskap en die samestelling van gemeentes reël. (KO PKN Ord.2 2013, 15-27) Dit is opmerklik dat daar spesifiek ruimte gelaat word vir verskillende soorte gemeentes.

	<p>Lidmaatskap word egter ook in die PKN se geval na die mening van die navorser oorgereglementeer. In 'n postmoderne wêreld sal lidmate met leer en lewe (verhoudinge) hulle lidmaatskap konstitueer.</p>
(Aantekening: Dit is moontlik dat lidmate om bona fide redes tot 'n ander gemeente wil behoort as die gemeente in wie se grense hulle woon.	Hierdie aantekening is in geheel onnodig. Dit is 'n oormatige reglementering. Die saak is reeds vroeër beredeneer.
Die volgende dien as riglyn vir die ordelike hantering van lidmaatskap oor gemeentegrense heen:	
a) 'n Lidmaat wat verkies om by 'n ander gemeente in te skakel, vra skriftelik verlof daartoe by die kerkraad van die gemeente waar hy/sy woon.	
b) Indien die kerkraad tevrede is met die bona fides van die versoek, gee hy skriftelik verlof aan die lidmaat om by 'n ander gemeente aansoek te doen om daar lidmaat te word.	
c) Die lidmaat doen met voorlegging van die skriftelike verlof van sy/haar gemeente aansoek om lidmaatskap by die ander gemeente.	
d) Die ander gemeente oorweeg die aansoek en vergewis hom van die lidmaat se motivering en bereidheid om volledig by die gemeente in te skakel en sy/haar verantwoordelikhede as lidmaat	

<p>na te kom, asook sy/haar bereidheid om hom/haar aan die opsig en tug van die gemeente te onderwerp. Die gemeente is nie verplig om so 'n aansoek te aanvaar nie.</p>	
<p>e) Indien laasgenoemde kerkraad besluit om die lidmaat wel te aanvaar, stel hy die oorspronklike gemeente skriftelik daarvan in kennis dat hy die aansoek aanvaar het en dat hy, by ontvangs van die lidmaat se attestaat/bewys van lidmaatskap volle verantwoordelikheid van die lidmaat se versorging sal aanvaar.</p>	
<p>Gemeentes en kerkrade weerhou hulle daarvan om lidmate binne ander gemeentes se grense te werf (AS 1994).</p>	
<p>Vergelyk ook BFBR 27.)</p>	
<p><b>26.2.2</b> die dooplidmate binne die gemeentegrense;  (Aantekening: Dooplidmate wie se ouers lidmate van die gemeente is en ander dooplidmate wie se domisilie in die gemeente is tel tot die gemeente (sien Bepaling 50.4.1 Aantekening 1 en 2).)</p>	
<p><b>26.2.3</b> die nog ongedoopte kinders van belydende lidmate wat kragtens die verbond van God in betrekking tot die gemeente staan.</p>	
<p><b>26.3 Lidmaatskap van die gemeente verval wanneer:</b></p>	
<p><b>26.3.1</b> iemand van die gemeente afgesny word deur middel van die tug;</p>	
<p>(Aantekening: Indien die kerkraad oordeel dat</p>	

<p>iemand hom/haar deur woord en daad duidelik van die Kerk afskei, moet die saak eers ondersoek word.)</p>	
<p><b>26.3.2</b> iemand die betrekking met die Kerk skriftelik opsê;</p>	
<p><b>26.3.3</b> iemand in teenwoordigheid van twee kerkraadslede mondeling bevestig dat hy/sy die verband met die Kerk verbreek het en dit deur die kerkraad bekragtig is.</p>	
<p><b>26.4</b> Die kerkraad verklaar die lidmaatskap van sodanige persone formeel as vervalle, doen 'n afkondiging daaroor by die erediens en laat dit in die lidmateregister aanteken.</p>	
<p><b>26.5</b> Lidmaatskap van 'n lidmaat wat vertrek het, verval in daardie gemeente sodra hy/sy uit die gemeente verhuis en word hy/sy lidmaat van die gemeente waar hy/sy hom/haar gevestig het.</p>	<p>(Aantekening: Vgl Reglement AS22 vir die oordrag van lidmaatskap en erkenning van ander kerke.)</p>
<p><b>26.5.1</b> Totdat sy/haar bewys van lidmaatskap ingehandig en aanvaar is, geniet hy/sy geen lidmaatsregte in die nuwe gemeente nie. Die kerkraad is egter kragtens die kerkverband geroep om amptelike sorg aan hom/haar te bestee.</p>	<p>Artikel 26.5 is 'n klassieke voorbeeld van die objektivering van lidmate, op 'n tipies modernistiese wyse.</p>
<p><b>26.5.2</b> Indien 'n lidmaat versuim om binne ses maande sy/haar attestaat of bewys van lidmaatskap in te handig, het die kerkraad die reg om sy/haar bewys van lidmaatskap aan te vra.</p>	<p>Artikels 26.6 en 26.7 is</p>

<p><b>26.6</b> Die attestaat (Vorm 3) word op sy/haar aanvraag uitgereik aan 'n belydende lidmaat deur die kerkraad of 'n kommissie van die kerkraad</p> <p>(Aantekening: Sodanige attestaat moet binne drie maande na uitreiking ingelewer word anders verloor dit sy geldigheid (AS 1974).binne ses maande na sy/haar vertrek uit die gemeente.</p>	<p>voorbeeld van voorskrifte wat nie bydra tot verhoudinge van betekenis nie en vreemd is aan postmoderne kommunikasie-middele.</p>
<p>'n Duplikaat van die attestaat moet as duplikaat gemerk word.</p> <p>Die aandag van lidmate moet van tyd tot tyd by wyse van aankondiging op die tydsgeldigheid van 'n attestaat gevestig word, asook op die feit dat 'n lidmaat geen lidmaatsregte kan uitoefen alvorens sy of haar attestaat ingedien is nie (AS 1974).</p>	
<p><b>26.6.1</b> Reisattestate (Vorm 4) kan op aansoek van lidmate wat nie onder tug staan nie en in die buiteland op reis gaan aan hulle uitgereik word.</p>	
<p><b>26.7</b> 'n Bewys van lidmaatskap (Vorm 5) word uitgereik wanneer die lidmaat langer as ses maande uit die gemeente vertrek het of waar besware bestaan teen die uitreiking van 'n attestaat.</p> <p>(Aantekening: 'n Duplikaat moet duidelik so gemerk word.</p>	
<p>Dit is wenslik dat bewyse van lidmaatskap direk aan kerkrade gestuur word en nie aan persone afgegee word nie.</p> <p>'n Bewys van lidmaatskap wat ouer is as ses</p>	<p>Hierdie voorskrif het geen</p>

<p>maande na uitreiking, of wat langer as ses maande na die vertrek van die persoon uit die gemeente uitgereik word, behoort nie aanvaar te word sonder 'n behoorlike ondersoek deur die kerkraad nie (AS 1974).)</p>	<p>legitimiteit nie. Dit word eenvoudig geïgnoreer.</p>
<p><b>26.7.1</b> Indien 'n vertrekende lidmaat onder tug is of 'n tugsak teen hom/haar ondersoek word, word 'n attestaat nie uitgereik nie maar 'n bewys van lidmaatskap met 'n begeleidende brief aan die kerkraad oor die omstandighede.</p>	
<p>(Aantekening: Indien iemand hom/haar nie aan die kerklike tug onderwerp nie onder die voorwendsel dat sy/haar lidmaatskap nog nie by die gemeente is nie, vra die kerkraad dit aan vanaf die gemeente waar dit ingehandig is en gaan na ontvangs daarvan voort met die tughandeling.)</p>	
<p><b>26.7.2</b> Indien 'n lidmaat hom/haar van die gemeente afskei ten einde tug te ontduiķ, ondersoek die kerkraad die saak en indien hy/sy skuldig is, word dit aan die gemeente bekend gemaak dat hy/sy hom/ haar skuldig gemaak het en die kerk verlaat het. Dit word ook so in die lidmateregister aangeteken.</p>	<p>Dié voorskriftelikhed dra nie by tot die ontwikkeling van verhoudinge van betekenis nie.</p>
<p><b>26.7.3</b> In geval van kerkverlating word slegs 'n verklaring insake lidmaatskap (Vorm 7) aan die betrokke gegee, en afkondiging daarvan geskied by 'n erediens (AS 1974).</p>	
<p><b>26.7.4</b> In geval van astigting gee die betrokke kerkraad(e) 'n saamgestelde attestaat/lidmaatsertificaat so spoedig moontlik aan</p>	

<p>die nuwe gemeente.</p> <p>(Aantekening: Dit is 'n volledige lys van al die lidmate wat tot nog toe aan die gemeente behoort het en nou binne die grense van die nuwe gemeente is.)</p>	
<p><b>Artikel 27</b></p> <p>27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gedesentraliseerde kerkrade duidelik omskreve bevoegdhede gee wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.</p> <p>27.2 Vir die behartiging van die besondere werksaamhede aan die onderskeie ampte verbonde, mag die ouderlinge en diakens gereeld afsonderlik vergader.</p>	<p>Hierdie artikel is onnodig. Die saak is reeds by Artikel 26 beredeneer. Elke gemeente formuleer haar eie reëls.</p>
<p><b>Bepaling 27</b></p> <p><b>Vergadering en werksaamhede vir die kerkraad</b></p> <p><b>27.1 Samestelling</b></p>	
<p><b>27.1.1</b> Die kerkraad word saamgestel uit minstens een leraar, drie ouderlinge en drie diakens. Waar meer leraars in 'n gemeente is, moet daar minstens twee maal soveel ouderlinge as leraars wees.</p> <p>(Aantekening: Die kerkraad kan sy getal uitbrei deur die toevoeging van ouderlinge en/of diakens.</p> <p>Die kerkraad kan bevoegde lidmate nooi om adviserend sitting op vergaderings te neem tydens die behandeling van sake, met uitsondering van sake rakende tug of geskil.)</p>	<p>Die voorskrif is eie aan moderniteit. Kerkrade kan, gegee gemeentes se konteks en diversiteit, totaal anders saamgestel word en steeds legitimiteit geniet.</p>

<p><b>27.1.2</b> By ontstentenis van die kerkraad tree die ring/ringskommissie in sy plek op.</p>	
<p><b>27.2 Vergadering</b></p>	
<p><b>27.2.1</b> Gewone vergaderinge van die kerkraad geskied na afkondiging by die erediens op twee opeenvolgende Sondae of na 'n skriftelike kennisgewing van minstens tien dae voor die tyd aan al die lede.</p>	<p>Die diskrepansie tussen Art.27.2.1, die aantekening by die artikel en Art.27.2.3 is ooglopend. Art.27.2.1 is voorskriftelik, terwyl die aantekening en Art.27.2.3 kerkrade se vermoë en reg om hulle eie procedures te bepaal, erken.</p>
<p>(Aantekening: Indien die kerkraad nog buitengewone vergaderings wil gebruik, moet hy sy eie bepalings opstel tov die voorwaardes tot die hou van, die metode vankennisgewing en die omvang van die sakelys vir 'n buitengewone vergadering. Alle lede moet kennis van die vergadering ontvang.)</p>	
<p><b>27.2.2</b> 'n Kworum vir kerkradsvergaderings is die volstrekte meerderheid van die getal diensdoenende kerkradslede.</p>	
<p><b>27.2.3</b> Huishoudelike bepalinge vir sy vergaderinge, werksaamhede, kommissies en amptenare word deur die kerkraad self opgestel mits dit nie in stryd is met die Woord van God, die Kerkorde en sinodale besluite nie.</p>	
<p><b>27.3</b> Tot die taak van die kerkraad behoort:</p>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die leiding van die gemeente in die diens van die Here;</li> </ul>	
<p>(Aantekening: Van die pligte van die kerkraad wat hier genoem word, word elders vollediger omskryf:</p>	<p>Die oormatige reglementering wat uit die aantekening by</p>

<p>a) diakonie – Artikel 17;</p> <p>b) versorging van die leraar – Bepaling 13;</p> <p>c) beheer oor eiendom en fondse – Reglement 2, 6 en AS20; en</p> <p>d) insameling en versending – Reglement 2 en 6 (vgl ook Vorm A.).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die reëling van die openbare godsdiensoefeninge en in sonderheid die nagmaal en die doop;</li> <li>• die toesig oor die belydenis en wandel van die lidmate en die handhawing van kerklike orde en tug;</li> <li>• die toesig oor die onderwys in die gemeente;</li> <li>• die bevordering van getuieniswerk, ook vir die hou van bidure vir die uitbreiding van die koninkryk van God;</li> <li>• die behartiging van barmhartigheidsdiens deur middel van die diakonie;</li> <li>• die reëling van die kerklike bevestiging van huwelike;</li> <li>• die versorging van die leraar;</li> <li>• die beheer oor die eiendomme en fondse van die gemeente;</li> <li>• die hou van 'n volledige beskrywing van die fondse en goedere onder sy beheer;</li> <li>• die insameling en versending van sinodale</li> </ul>	<p>Artikel 27.3 blyk, is duidelik.</p>
---	--

<p>dankoffers en kollektes en verpligte bydraes;</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die hou van notules van sy vergaderings en die bewaring van korrespondensie;</li> <li>• die bewaring van gemeentelike argiewe;</li> </ul> <p>(Aantekening: Veranderinge in kerklike registers word gedoen volgens Reglement 10, met Vorms 8 en 9 en die voorlegging van die nodige bewysstukke.</p> <p>Waardevolle stukke van kerkrade en gemeentes moet by die betrokke argiewe ingelewer word, omdat dit gebeur het dat waardevolle dokumente en ander kerklike stukke as gevolg van nalatigheid en ondoeltreffende bewaringsmetodes verlore gegaan het (AS 1970) (vgl Reglement 9.).)</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• en die voorlegging aan die gemeente van die herderlike brief van die ring na aanleiding van die persoonlike kerkvisitasie.</li> </ul> <p><b>27.4</b> Die sensusdatum vir gemeentestatistiek is die laaste dag van die finansiële jaar, naamlik die laaste dag van Februarie (AS 1974).</p> <p><b>27.5 Kerkraad en ring</b></p> <p><b>27.5.1</b> Aan elke gewone vergadering van die ring voorsien die kerkraad 'n geloofsbrief vir sy afgevaardigdes (Vorm 13), afskrifte van die doop- en lidmateregister van die betrokke kerkjaar en behoorlik voltooide Vorm A en B.</p> <p>(Aantekening: Die afskrifte staan in die sinodejaar</p>	
---	--

<p>oor na die volgende jaar.)</p> <p><b>27.5.2</b> Die kerkraad keur die geloofsbrief en al die vorms goed waarna dit deur die voorsitter en skriba onderteken word, behalwe die afskrifte van die registers wat deur 'n kommissie van die kerkraad goedgekeur en onderteken kan word.</p> <p><b>27.5.3</b> Vorm A en B word jaarliks voor 31 Mei versend soos aangedui op die vorms.</p> <p><b>27.6</b> Teenoor die Sinode het die kerkraad die verantwoordelikheid om maandeliks die sinodale dankoffers te versend; om sinodale kollektes op te neem en dit kwartaalliks teenoor die Direkteur Sinode te verantwoord; om die geloofsbrief vir sy afgevaardigdes te voorsien en die verpligte bydrae per afgevaardigde te versend.</p> <p>(Aantekening: Die geloofsbrief is vervat in Vorm 13. Die kerkraad stuur beskrywingspunte en versoekskrifte na die Sinode)</p> <p><b>27.7</b> Die kerkraad stel die amptenare aan wat die gemeente nodig het (sien Reglement 2).</p> <p>(Aantekening: Lidmate van die gemeente behoort voorkeur te kry by hierdie aanstellings.)</p>	<p>en omvang, na gelang van die konteks en diversiteit. 'n KO wat 'n ekumeniese karakter dra, (hoofstukke 4 en 5) sal hoogstens vermeld dat sodanige verhoudinge kan ontstaan en in stand gehou word. Die navorser sou van kongregasionalisme beskuldig kon word. Die saak is in punt 5.8 beredeneer. Verbandsverhoudinge wat in die toekoms gaan stand hou, gaan nie voorgeskryf word nie, maar gaan gegrond wees op egte verhoudinge.</p>
<p><b>Artikel 28</b></p> <p><b>28.1</b> Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar. In buitengewone omstandighede en met die goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader.</p>	<p>Die artikel behoort in 'n kerkraad se eie orde opgeneem te word, en soos reeds aangedui, nie in 'n</p>

<p>28.2 Die kerkraad kies jaarliks 'n voorsitter uit die bedienaar(s) van die Woord en ouderlinge.</p>	<p>algemene KO nie.</p>
<p>28.3 Buitengewone vergaderings van die kerkraad word deur die voorsitter byeengeroep na oorlegpleging met die bedienaar(s) van die Woord, indien die voorsitter nie 'n bedienaar van die Woord van die gemeente is nie.</p>	<p>Artikel 28.4 behoort tussen kerkrade en ringe gekontrakteer te word, as uitvloeisel van 'n gedeelde identiteit en 'n verhouding van betekenis.</p>
<p>28.4 Indien die plaaslike bedienaar(s) van die Woord nie by 'n gewone of buitengewone kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie óf indien die pos van bedienaar van die Woord vakant is, woon die konsulent of 'n ander bedienaar van die Woord (dienend óf geëmeriteer), deur die ring of sy gevoldmagtigde daartoe aangewys, die vergadering adviserend namens die ring by, met verslag aan die ring. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.</p>	<p>Bepaling 28 behoort ook die gevolg te wees van 'n onderlinge kontraktuele ooreenkoms tussen gemeentes en die ring. So 'n ooreenkoms kan 'n voorwaarde, van die kant van die ring of sinode, wees vir 'n gemeente se lidmaatskap.</p>
<p><b>Bepaling 28</b></p> <p><b>28.1</b> Die konsulent word deur die ring aangewys en tree op versoek van die kerkraad op. Die ringskommissie vul tussentydse vakatures.</p>	
<p><b>28.2</b> Dit is die plig van die konsulent om in samewerking met die kerkraad sorg te dra vir die voortgang van die eredienste en die herderlike sorg in die vakante gemeente.</p>	
<p>(Aantekening: Die konsulent het nie stemreg op kerkraadsvergaderings nie, maar vervul in alle ander opsigte die rol van die plaaslike leraar.</p>	
<p>Kerkraadsvergaderings vind byvoorbeeld nie plaas</p>	

<p>sonder sy/haar medewete nie. Indien hy/sy nie teenwoordig kan wees nie, tree 'n ander ringslaraar, deur hom/haar of die ringskommissie versoek, op.)</p> <p><b>28.3</b> Hy/sy lewer verslag van sy/haar konsulentswerk aan die ring.</p> <p><b>28.4</b> Die konsulent se reis- en verblyfkoste, soos deur die ring besluit asook noodsaaklike administratiewe kostes, word deur die kerkraad van die vakante gemeente vergoed.</p> <p>(Aantekening: Die kerkraad besluit in oorleg met die ring op 'n honorarium vir die konsulent.)</p>	
---	--

### 3.2.2 Die Ring

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 29</b> <p>As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot ringe. Hierdie groepering van gemeentes word van tyd tot tyd deur die sinode gedoen. Die ring vergader een maal per jaar of soos deur die betrokke sinode bepaal.</p>	<p>Die sinode sou die samestelling van ringe kon fasiliteer. Uiteindelik behoort ringe saamgestel te word deur gemeentes wat tot die bepaalde ring wil behoort, op grond van bepaalde bedieningsfaktore. Ringe behoort nie in beginsel geografies saamgestel te word nie. Die PKN erken die</p>

	<p>moontlikheid in beginsel deur die toestemming aan Evangelies-Lutherse gemeentes om hulle eie ringe en Sinode te vorm. (KO PKN Art.III en VI 2013, 4-6)</p>
<p><b>Bepaling 29</b></p> <p><b>29.1</b> Die (her)indeling van ringe geskied deur die Sinode waarna die ringe onmiddellik konstitueer. (Aantekening: Vir hierdie geleentheid is die gemeente se afgevaardigdes na die Sinode ook sy afgevaardigdes na die ring.)</p> <p><b>29.2</b> Gemeentes wat tussen die vergaderinge van die Sinode afstig, behoort aan die ring waarby die moedergemeente gegroepeer is, of, wanneer meer as een ring betrokke is, soos Reglement AS23 bepaal.</p>	<p>Bepaling 29 is onnodig. Die deelname van gemeentes aan ringe behoort voortdurend na gelang van veranderende belang en kontekste gefasiliteer te word. Gemeentes sou ook na die mening van die navorser aan meer as een ring kan behoort sou hulle so verkies.</p>
<p><b>Artikel 30</b></p> <p><b>30.1</b> Die ring word saamgestel uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die pos vir bedienaar van die Woord vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word.</p> <p><b>30.2</b> As 'n gemeente meer as een pos vir bedienaar van die Woord het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die</p>	<p>Ook in die geval van ringe meer die navorser dat ringe hulle eie kerkordes behoort op te stel, wat net op die bepaalde ring van toepassing is, en van dié van ander ringe kan verskil. Haar werkswyse sal bepaal word deur die voorkeure van die deelnemende afgevaardigdes.</p>

<p>sinode daartoe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir bedienaar van die Woord vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.</p>	
<p>30.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekundus vir 'n bedienaar van die Woord optree.</p>	
<p>30.4 Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriefe voorsien wees.</p>	
<p><b>Bepaling 30</b></p>	
<p><b>30.1</b> Die ring word saamgestel deurdat die kerkraad vir elke predikant wat hy afvaardig ook 'n ouderling/diaken afvaardig.</p> <p>(Aantekening: Die afgevaardigde bly afgevaardig totdat 'n volgende afvaardiging aangewys word – al is hy/sy nie meer kerkraadslid nie – tensy hy/sy die gemeente verlaat.)</p>	<p>Die verwysing na net die drie ampte as moontlike afgevaardigdes na 'n ringsitting is nie houbaar nie, in die lig van die feit dat ander ampte in gemeentes sou kon funksioneer.</p>
<p><b>30.2</b> Kennisgewing van 'n ringsvergadering geskied deur die ringskriba aan die betrokke kerkrade soos deur die ring bepaal.</p> <p>(Aantekening: Sommige ringe onderskei tussen 'n gewone vergadering waarvoor twee maande kennisgewing vereis word en buitengewone vergaderinge waarvoor veertien dae kennis vereis word. Sommige ringe besluit van vergadering tot vergadering vooruit op die plek en datum van die volgende vergadering.</p>	
<p>Ringe besluit self oor prosedure van kennisgewing,</p>	

<p>tyd en plek van vergaderings.</p> <p>Reglemente 1 en 3 gee 'n duidelike uiteensetting van hoe by meerder kerkvergaderings gehandel word.)</p> <p><b>30.3</b> Ringsvergaderings vind jaarliks plaas voor 31 Oktober.</p> <p>(Aantekening: Die ring besluit of hy in die sinodejaar vergader. Die ring besluit oor 'n vergaderdatum.)</p> <p><b>30.4</b> Die geloofsbriefe (Vorm 13) moet voor die tyd in die hande van die skriba van die ring wees.</p> <p><b>30.5</b> Die voorsitter van die vorige ringsvergadering of die voorsitter van die ringskommissie open die vergadering en handel volgens Reglement 1.3.</p> <p><b>30.6</b> Die skriba/kassier word deur die ringsvergadering vir 'n termyn van drie jaar gekies. Hy/sy handel volgens Reglement 3 en 6 en ontvang elke jaar 'n honorarium soos deur die ring bepaal.</p> <p>(Aantekening: Indien die skriba (vir 'n tyd lank) nie met sy/haar werk kan voortgaan nie, kry die voorsitter die boeke by hom/haar en wys een van die lede van die ringskommissie aan om met die werk voort te gaan.)</p>	
<p><b>Artikel 31</b></p> <p>Tot die werksaamhede van die ring hoort:</p>	<p>Die werksaamhede van die ring behoort deur die ring self</p>

<p>31.1 kerkvisitasie;</p> <p>31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;</p> <p>31.3 advies en hulp aan kerkrade;</p> <p>31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëeling van gemeentelike grense;</p> <p>31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;</p> <p>31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;</p> <p>31.7 die opsig, tug en/of dissipline oor alle ouderlinge, diakens en bedienaars van die Woord, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkrad oor sy ampsdraers uit te sluit (vergelyk Artikel 62.2 van die Kerkorde);</p> <p>31.8 die aanwys van konsulente;</p> <p>31.9 die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade (vergelyk Artikel 48.3.5 van die Kerkorde).</p>	<p>bepaal te word. Sinodes en gemeentes sou bepaalde versoeke met betrekking tot funksies tot ringe kon rig. Tog bly die besluit en die kontraktering en reglementering daarvan die ring se eie verantwoordelikheid.</p>
<p><b>Bepaling 31</b></p> <p><b>31.1</b> Kerkvisitasie geskied aan die hand van die</p>	

<p>riglyne wat deur die Sinode goedgekeur is .</p> <p><b>31.2</b> Opsig en tug sluit in die handhawing van goeie orde en kerklike dissipline volgens die kerklike bepalinge.</p> <p>(Aantekening: Die ring se funksies van opsig, advies en hulp sluit meer in as net tughandelinge. Die ring kan ook in pastorieë, en in die verhouding tussen pastorieë, kerkrade en gemeentes pastorale leiding gee. Vergelyk die Reglement vir Vermeerdering, Kombinering, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes. Die ring kan dit doen deur middel van die visitatore en/of die ringskommissie.)</p> <p><b>31.3</b> Hulpverlening aan gemeentes word allereers deur die ring hanteer. Die ring gee aandag aan gemeentes wie se selfstandigheid en voortbestaan as gevolg van ontvolking of ander faktore bedreig word en bied advies en leiding aan die betrokke kerkrade.</p> <p><b>31.4</b> Grenswysiginge tussen gemeentes geskied deur die ring op aansoek van of met goedkeuring van die betrokke kerkrade.</p> <p>(Aantekening: Met aansoeke om die afstigting van nuwe gemeentes word volgens Reglement AS23 gehandel.)</p> <p><b>31.5</b> Die ring is verantwoordelik vir die aanwysing van 'n konsulent vir elke gemeente; die aanwysing van verteenwoordigers op sinodale kommissies wat so saamgestel word; en onderneem enige werksaamheid wat binne sy vermoë is en tot die</p>	<p>Bepaling 31 kan in geheel geskrap word, met dien verstande, dat die gemeentes wat hulleself aan mekaar verbind het, die aard en inhoud van die ring se opdragte met mekaar kontrakteer.</p> <p>Grense is die produk van moderniteit.</p>
--	---

<p>bevordering van die koninkryk van God binne die ringsgebied kan dien.</p>	
<p><b>31.6</b> Die ring is verantwoordelik vir die goedkeuring en aanwending van ouderlinge wat opgelei is om die Woord tydens eredienste te bedien. Die ring wys leraarsmentors vir sodanige ouerlinge aan, en ontvang jaarliks verslag van mentors sowel as kerkrade betrokke (Vgl Bepaling 16.1).</p>	
<p><b>31.7</b> Die ring besluit jaarliks vir watter ringsprojekte om befondsing vir die volgende finansiële jaar by die Sinodale Kommissie aansoek gedoen sal word.</p>	
<p><b>31.8</b> Die ring kan na goeddunke kommissies aanwys om die werk wat gemeentes doen te bevorder deur motivering, koördinering en toerusting of op versoek van gemeentes sekere projekte te koördineer.</p>	
<p><b>31.8.1</b> Die ring kies 'n ringskommissie bestaande uit die skriba en twee lede (met drie sekundi) om  (Aantekening: Die leraarverteenwoordiger wat op die Sinodale Kommissie dien, dien ampshalwe ook op die ringskommissie indien nie tot die ringskommissie verkies nie.)</p>	
<p><b>31.8.1.1</b> die opdragte van die ring uit te voer;</p>	
<p><b>31.8.1.2</b> spoedeisende sake te hanteer;</p>	
<p><b>31.8.1.3</b> aandag te gee aan sake rakende die beroeping van leraars en langdurige vakatures;</p>	
<p><b>31.8.1.4</b> aandag te gee aan tugsake (Hoofstuk 5);</p>	

<p><b>31.8.1.5</b> hanteer die stigting/ontbinding van gemeentes (Reglement AS23);</p> <p><b>31.8.1.6</b> keur aansoeke om verandering in registers goed;</p> <p><b>31.8.1.7</b> belê die vergaderinge van die ring (Bepaling 30);</p> <p><b>31.8.1.8</b> vul vakatures in die kommissies van die ring aan;</p> <p><b>31.8.1.9</b> vul vakatures in die Sinodale Kommissie wat ringsgewys saamgestel word met die nodige kennisgewing aan die skriba van die Sinode; en</p> <p><b>31.8.1.10</b> doen skriftelik verslag aan die ring van al sy werksaamhede.</p> <p><b>31.8.2</b> Die ring kan ook 'n Kommissie vir Administrasie benoem waarvan die skriba ampshalwe lid is om:</p> <p><b>31.8.2.1</b> ondersoek in te stel na die totale koste van indiensneming van leraars (Bepaling 13);</p> <p><b>31.8.2.2</b> Vorm A en B na te gaan en aan die ring verslag te doen;</p> <p><b>31.8.2.3</b> aanbevelings aan die ring te doen oor toestemming tot die oprigting van noodsaaklike geboue vir die eerste keer;</p> <p>(Aantekening: In die geval van nuutgestigte gemeentes, word die aansoek oorweeg op grond van 'n gesertifiseerde uittreksel uit die boeke van die moedergemeente(s) wat die inkomste uit die</p>	
---	--

<p>wyke wat afgestig het, oor die voorafgaande drie jaar aantoon en verder van 'n projeksie van die verwagte finansiële groei van die gemeente oor die volgende vyf jaar.)</p>	
<p><b>31.8.2.4</b> aanbevelings aan die ring te doen oor aansoeke van gemeentes vir die aangaan van skuld wat 12,5% of meer van die vorige boekjaar se inkomste beloop;</p>	
<p><b>31.8.2.5</b> die jaarlikse ouditering van die ringsfonds en verslag daaroor by die ring en by die Sinodale Kommissie (voor of op 30 September) te behartig;</p>	
<p><b>31.8.2.6</b> die state vir sinodale dankoffers te ontvang en aan die ring voor te lê; en</p>	
<p><b>31.8.2.7</b> kerkrade en kassiers aan te spoor om verpligtinge maandeliks aan die Direkteur Sinode te verantwoord.</p>	
<p><b>31.8.3</b> Die ring benoem by elke gewone vergadering 'n Argiefkommissie (Kommissie vir Afskrifte) om:</p>	
<p><b>31.8.3.1</b> die afskrifte van die dooplidmate en lidmateregisters, soos deur die kerkrade opgestuur, na te gaan; en</p>	
<p><b>31.8.3.2</b> seker te maak dat notuleboeke en registers van die plaaslike gemeentes behoorlik gehou word en saam met ander stukke van geskiedkundige waarde behoorlik versorg en bewaar word.</p>	
<p><b>31.9</b> Die koste van kommissies deur die ring</p>	

benoem, word eers vir goedkeuring aan die ringskommissie voorgelê en daarna deur die ringskassier uit die ringsfonds uitbetaal.	
<p><b>31.10</b> Die ampsdraers en kommissies van die ring bly in funksie totdat die ring by 'n volgende gewone vergadering ander opdragte toeken.</p>	

### 3.2.3 Die Sinode

Die Kerkorde	Kommentaar
<p><b>Artikel 32</b></p> <p>Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Moderamen gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke sinode(s)/sinodale kommissie(s).</p>	<p>Die vraag is of geografiese faktore die enigste is wat in die geval van die samestelling van sinodes behoort te geld. Sou ander bedieningsfaktore, soos die grootte van gemeentes nie dalk ook verreken kon word nie?</p> <p>KO Art.III-5 van die PKN veronderstel die bestaan van sinodes wat o.g.v. ander belangte gekonstitueer is. (KO PKN Art.III-5 2013,4) Art.VI-3 van die PKN se KO formuleer so 'n gekonstitueerde sinode. (KO PKN Art.VI-3 2013, 6)</p>
<p><b>Artikel 33</b></p> <p>33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere, waaroor elke sinode self besluit,</p>	

<p>saamgestel:</p> <p>33.1.1 uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die pos vir bedienaar van die Woord vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word; óf</p> <p>33.1.2 as 'n gemeente meer as een pos vir bedienaar van die Woord het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daar toe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir bedienaar van die Woord vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig; óf</p> <p>33.1.3 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge/diakens uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.</p> <p>33.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.</p> <p>33.3 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ouderling/diaken mag as sekundus vir 'n bedienaar van die Woord optree.</p> <p>33.4 Afgevaardigdes moet van geloofsbriefe</p>	<p>'n Keuse word wel aan sinodes gegee, maar dit is 'n beperkte keuse. Sinodes behoort hulle samestelling met die samestellende gemeentes te onderhandel en te kontrakteer. So 'n proses bedien verhoudinge van betekenis en ondersteun egte luister.</p>
---	---

<p>voorsien wees.</p> <p><b>Bepaling 33</b></p> <p><b>33.1</b> Die Sinode word saamgestel uit ten minste een leraar en 'n gelyke getal kerkraadslede as afgevaardigdes per gemeente.</p> <p><b>33.2</b> 'n Afgevaardigde bly afgevaardigde van die gemeente, al dien hy/sy nie meer op die kerkraad nie totdat 'n nuwe afvaardiging aangewys word, tensy hy/sy die gemeente verlaat.</p>	
<p><b>Artikel 34</b></p> <p>Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sover moontlik in die jaar na die gewone vergadering van die Algemene Sinode.</p> <p><b>Bepaling 34</b></p> <p><b>34.1 Vergadering</b></p> <p><b>34.1.1</b> Die skriba van die Sinode roep die Sinode drie maande voor die tyd op deur 'n kennisgewing in die Kerkbode.</p> <p><b>Aantekening</b></p> <p>1 Die Direkteur Sinode tree as skriba van die Sinode, Sinodale Kommissie en sy dagbestuur op en handel volgens Artikel 25 en Reglement 5 en die aktuarius volgens Reglement 8.</p> <p><b>34.1.2</b> 'n Biddag op die Sondag, vier weke voor die samekoms van die Sinode word met die oog op die vergadering in die verskillende gemeentes gehou.</p>	<p>Dit is 'n oorskryding van die KO se taak om die liturgie vir 'n sinodale vergadering voor te skryf.</p>

<p><b>34.2</b> 'n Buitengewone vergadering van die Sinode, byeengeroep met 'n maand skriftelike kennisgewing deur die skriba aan al die kerkrade, vind plaas op 'n plek en datum soos deur die Sinodale Kommissie gereël.</p> <p>(Aantekening: Die kerkraad kan met sy afvaardiging na die vorige sinodevergadering volstaan of 'n nuwe afvaardiging aanwys. 'n Nuwe afvaardiging vereis die inhandiging van 'n nuwe geloofsbrief. Die procedures vir die vergadering word uitgespel in Reglement 1.)</p>	
<p><b>34.3</b> Die voorsitter van die Sinodale Kommissie neem die leiding by die konstituering en opening van die Sinode totdat die moderator verkies is. Terwyl die verkiesing van die moderator plaasvind, gaan die voorsitter van die Sinodale Kommissie voort met die behandeling van die agenda. Onder leiding van die moderator word 'n assessor, aktuarius en 'n addisionele lid gekies wat saam met die moderator en die skriba (Direkteur Sinode) die moderatuur vorm. Al die lede van die moderatuur word uit 'n groslyk verkies. Die presensielys van die vergadering mag nie as groslyk dien nie.</p>	
<p><b>34.3.1</b> Die lede van die moderatuur mag nie vir meer as twee opeenvolgende gewone vergaderinge van die Sinode in dieselfde amp gekies word nie.</p> <p><b>34.3.2</b> Die lede van die moderatuur dien na afloop van die vergadering op die Sinodale Kommissie en sy dagbestuur.</p>	

<p><b>34.3.3</b> Wanneer daar 'n hulpskriba(s) nodig is, word dié deur die Kommissie van Orde aangewys.</p>	
<p><b>Artikel 35</b></p> <p>Tot die taak en bevoegdhede van die sinode behoort:</p> <p>35.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie met die Kerkorde in stryd is nie;</p> <p>35.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes in sy gebied, met inagneming van Artikel 22 en daarom ook Artikel 26, 31 en 43 van die Kerkorde. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;</p> <p>35.3 die opleiding van bedienaars van die Woord soos deur Artikel 6 van die Kerkorde bepaal;</p> <p>35.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;</p> <p>35.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;</p> <p>35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode.</p> <p><b>Bepaling 35</b></p> <p><b>35.1</b> Die Sinode dra sorg vir die handhawing van die belydenis van die Kerk, die Kerkorde, die</p>	<p>Die reglement van orde en Bepaling 35 is in 'n groot mate</p>

<p>liturgiese formuliere en die orde van die erediens.</p> <p><b>35.2</b> Die besluite van die Sinode is beslissend met betrekking tot sake wat deur mindere vergaderinge behandel en in geval van beroep voor hom gebring is.</p> <p><b>35.3</b> 'n Versoekskrif mag deur enige ongesensureerde lidmaat by die meerdere vergadering ingedien word, dog sonder om dit vooraf te publiseer of dit onder lede van die vergadering te versprei.</p> <p><b>35.4</b> Beskrywingspunte aan die sinodevergadering word gestuur deur die Sinodale Kommissie, ringe, kerkrade en kommissies van die Sinode.</p> <p><b>35.4.1</b> Beskrywingspunte moet drie maande voor die vergadering in die hande van die skriba wees.</p> <p><b>35.4.2</b> Redaksionele wysiginge aan ingestuurde beskrywingspunte is beperk tot styl en taal.</p> <p><b>35.4.3</b> Vir veranderinge in die Bepalinge en Reglemente moet beskrywingspunte, voorstelle en amendemente in die vorm wees waarin dit in die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente opgeneem kan word.</p> <p><b>35.4.4</b> Beskrywingspunte moet netjies getik of op rekenaaruitdruk na die skriba van die Sinode gestuur word en van 'n opskrif voorsien wees.</p> <p>(Aantekening: Beskrywingspunte wat bedekte klagtes behels, is nie ontvanklik nie.)</p> <p><b>35.5</b> Die verslae van sinodale kommissies en</p>	<p>oorvleuelend. Na die mening van die navorser behoort elke kerklike vergadering haar eie reglement van orde op te stel, waarin procedures soos in bepaling 35 vermeld, vir die bepaalde vergadering geformuleer word, en wat net vir die bepaalde vergadering geld.</p>
---	---

<p>amptenare moet die skriba van die Sinode minstens drie maande voor die sitting bereik.</p> <p>(Aantekening: Die elektroniese formaat van die verslae word deur die skriba van die Sinode bepaal.)</p> <p><b>35.6</b> Die skriba van die Sinode gee aan die Kommissie van Orde insae in die stukke waарoor die kommissie die Sinode moet adviseer en laat die sakelys druk sodat dit minstens 'n maand voor die sitting aan die afgevaardigdes besorg kan word.</p> <p><b>35.7</b> Die volgende tydelike kommissies word voor die sinodesitting deur die Kommissie van Orde uit die afgevaardigdes benoem:</p> <p><b>35.7.1</b> Tydelike Regskommissie bestaande uit vier leraars en vier kerkraadslede.</p> <p>(Aantekening: Die kommissie se taak is om:</p> <ul style="list-style-type: none"><li>a) klagskrifte, appèlsake, beskrywingspunte metregsaspekte en ander sake wat na hom verwys word grondig te oorweeg;</li><li>b) klaers, beklaagdes en getuies aan te hoor (die reg van die Sinode om dieselfde te doen, word nie daardeur aangetas nie); en</li><li>c) 'n verslag vir die Sinode op te stel waarin die kommissie se bevindings, die gronde daarvoor en 'n uitspraak aanbeveel word.)</li></ul> <p><b>35.7.2</b> Tydelike Fondsekommissie bestaande uit een leraar en een ouderling/diaken uit elke ring.</p>	
--	--

(Aantekening: Die taak van die kommissie is om:  a) die boeke, verslae en kasgelde van die verskillende fondse onder beheer van die Direkteur Sinode te ondersoek, die ouditering daarvan te kontroleer en verslag aan die vergadering te doen;  b) voorstelle met finansiële implikasie, wat na hom verwys is, te oorweeg en die Sinode daaroor te adviseer;  c) alle voorstelle met finansiële implikasies word eers na die kommissie verwys voordat die Sinode daaroor besluit; en  d) aan lede van die vergadering op aanvraag, met opgaaf van redes, insae te gee in die rekeninge van die verskillende fondse.)	
<b>35.7.3</b> Kommissie vir Reiskoste bestaande uit twee leraars en twee ouderlinge/diakens.  (Aantekening: Die taak van die kommissie is om die reiskoste en daggelde van die afgevaardigdes te bereken.)	
<b>35.7.4</b> Kommissie vir Skakeling met die Media word saamgestel deur die Kommissie van Orde na goeddunke.  (Aantekening: Die kommissie versorg berigte en skakel met die breë media.)	
<b>35.7.5</b> Kommissie vir Algemene Sake word saamgestel deur die Kommissie van Orde na goeddunke.	

<p>(Aantekening: Die kommissie oorweeg sake van algemene belang wat na hom verwys word en doen daaroor aanbevelings aan die Sinode.</p>	
<p><b>35.7.6</b> Ander tydelike kommissies kan deur die Kommissie van Orde benoem word in die lig van ingekome beskrywingspunte.</p>	
<p><b>35.8 Kommissies van die Sinode</b></p>	
<p><b>35.8.1</b> Die Sinodale Kommissie bestaande uit die moderatuur van die Sinode en 'n leraar en 'n ouderling/diaken uit elke ring.</p>	
<p>(Aantekening: Deskundige lede kan wanneer nodig bygeroep word. Behalwe vir die moderator en assessor word 'n sekundus vir elke lid aangewys. Die afgevaardigdes uit elke ring benoem tydens die Sinode die lede en sekundi op die Sinodale Kommissie. Vakatures uit die ring op die Sinodale Kommissie word deur die ring/ringskommissie aangevul.)</p>	
<p><b>35.8.1.1</b> Die Sinodale Kommissie vergader ten minste jaarliks en word deur die skriba byeengeroep.</p>	
<p>(Aantekening: Die skriba van die Sinode is ook skriba van die Sinodale Kommissie. Normaalweg stuur hy/sy 'n agenda van die vergadering ten minste 14 dae voor die vergadering aan die lede daarvan. Die Sinodale Kommissie konstitueer na afloop van elke gewone vergadering van die Sinode.)</p>	
<p><b>35.8.1.2</b> 'n Meerderheid van die lede moet</p>	

<p>teenwoordig wees vir die kommissie om te konstitueer of enige sake te behandel.</p>	
<p><b>35.8.1.3</b> Die Sinodale Kommissie het die bevoegdheid om in die uitvoering van sy pligte inligting te vra van kerklike instansies, en indien nodig, persone op te roep.</p>	
<p><b>35.8.1.4</b> Die werksaamhede van die Sinodale Kommissie is om:</p>	
<p><b>35.8.1.4.1</b> uitvoering te gee aan alles wat die Sinode aan hom toevertrou;</p>	
<p><b>35.8.1.4.2</b> te let op die nakoming en toepassing van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente;</p>	
<p><b>35.8.1.4.3</b> spoedeisende sake wat tot die bevoegdheid van die Sinode behoort, te behandel;</p>	
<p><b>35.8.1.4.4</b> te beslis in sake van kerklike tug en appèl voor hom gebring;</p>	
<p><b>35.8.1.4.5</b> die administrasie van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die Sinode te behartig (vgl Reglement 5, 6 en AS20) waarvoor hy</p>	
<p><b>35.8.1.4.5.1</b> kundige persone koöpteer wat hom ten minste oor die volgende finansiële en administratiewe sake adviseer:</p>	
<ul style="list-style-type: none"> <li>• belegging van sinodale fondse;</li> <li>• die bestuur van ander sinodale bates en laste;</li> <li>• ouditering van die Sinode se boeke;</li> </ul>	

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die Sinode se finansiële jaarstate;</li> <li>• die Sinode se jaarlikse begroting;</li> <li>• die toewysing van fondse met betrekking tot die jaarlikse ringsprojekte;</li> <li>• die bestuur van projekte; en</li> <li>• toepaslike reglemente, trusts en bemakings en ander noodsaaklike aangeleenthede.</li> </ul> <p><b>35.8.1.4.5.2</b> die Direkteur Sinode aanstel om te handel volgens Reglement 4;</p> <p><b>35.8.1.4.5.3</b> die administratiewe personeel vir die sinodale kantoor aanstel;</p> <p><b>35.8.1.4.6</b> die naam, plek en bedieningstydperk in Oos-Kaapland van elke leraar wat in die sinodale gebied te sterwe kom vir die sakelys van die volgende sinodevergadering te versorg;</p> <p><b>35.8.1.4.7</b> vaktures aan te vul in kommissies wat deur die Sinode benoem is;</p> <p><b>35.8.1.4.8</b> die indeling van ringe te behartig;</p> <p><b>35.8.1.4.9</b> buitengewone sinodale vergaderinge byeen te roep wanneer sake van groot gewig dit vereis;</p> <p><b>35.8.1.4.10</b> inligting rakende die NG Kerk in Oos-Kaapland te voorsien;</p> <p><b>35.8.1.4.11</b> die statistiek van die Kerk te verkry en te bestudeer;</p>	
---	--

<p><b>35.8.1.4.12</b> met die media te skakel;</p> <p><b>35.8.1.4.13</b> om Bybelverspreiding te bevorder;</p> <p><b>35.8.1.4.14</b> op aanvraag ringe te help te kom wanneer gemeentes te lomp word of wanneer gemeentes se voortbestaan in gedrang kom;</p> <p>(Aantekening: Dit is soms vir 'n kerkraad moeilik om tot die finale besluit te kom tot afstigting of ontbinding van die gemeente. Die ring kan met motivering die hulp van die Sinodale Kommissie inroep om die kerkraad te oorreed. Die besluit kan egter nie op die kerkraad afgedwing word nie.)</p> <p><b>35.8.1.4.15</b> in sake te handel wat die familie van NG Kerke raak; en</p> <p><b>35.8.1.4.16</b> verslag te doen van al sy vergaderings en werksaamhede aan die Sinode.</p> <p><b>35.8.1.4.17</b> Die Sinodale Kommissie bestuur die Sinode se skakeling met ekumeniese liggame.</p> <p><b>35.8.1.5</b> Die Dagbestuur van die Sinodale Kommissie bestaan uit die moderatuur van die Sinode en vier lede deur die Sinodale Kommissie aangewys waarvan een 'n finansiekundige lid van die Sinodale Fondsekommisie is.</p> <p>(Aantekening: Die Sinodale Kommissie wys sekundi aan vir die vier addisionele lede en die Regskommissie vir die aktuarius. Indien daar nie 'n hulpskriba gekies is nie, wys die Sinodale Kommissie 'n sekundus vir die skriba aan. Indien die moderator of assessor vervang moet word,</p>	
--	--

<p>doen die Sinodale Kommissie dit uit sy eie lede.)</p> <p><b>35.8.1.6</b> Die dagbestuur handel in alle spoedeisende sake;</p> <p><b>35.8.1.6.1</b> voer alle opdragte uit wat deur die Sinodale Kommissie na hom verwys word;</p> <p><b>35.8.1.6.2</b> bepaal wanneer vergaderinge van die Sinodale Kommissie gehou word;</p> <p><b>35.8.1.6.3</b> eis, ingeval die skriba of aktuarius om enige rede verhinder word om sy/haar pligte na te kom, al die stukke op en oorhandig dit aan 'n diensdoenende leraar om waar te neem; en</p> <p><b>35.8.1.6.4</b> doen verslag van sy werksaamhede aan die Sinodale Kommissie.</p> <p><b>35.8.1.7</b> Die dagbestuur fungeer ook as Kommissie van Orde om die sinodale vergadering vooraf te beplan en te reël.</p> <p>(Aantekening: Dit behels die datum, program, tydrooster, broederlike onderhoude, verblyf en verversings van afgevaardigdes, ens.)</p> <p><b>35.8.1.8</b> Sittingsreg op die Sinodale Kommissie word nie geraak wanneer 'n kerkraadslid sy/haar kerkraadtermyn uitgedien het nie, maar indien iemand wat op die Sinodale Kommissie dien wat op ringsbasis saamgestel is, die ringsgebied verlaat, verloor hy/sy sittingsreg op die betrokke kommissie.</p> <p><b>35.8.2</b> Die Sinodale Regskommissie, bestaande uit sewe lede (met sekundi), waarvan ten minste een</p>	
---	--

<p>'n regsgleerde is en waarvan die aktuarius lid is, word deur elke sinodevergadering benoem om:</p> <p>(Aantekening: Sien ook Reglement 7.)</p> <p><b>35.8.2.1</b> elke nuwe uitgawe van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente as korrek te onderteken;</p> <p><b>35.8.2.2</b> uitsluitsel te gee oor onduidelikhede in die publikasie van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente;</p> <p><b>35.8.2.3</b> op aanvraag kerklike vergaderinge met kerkordelike advies te dien;</p> <p><b>35.8.2.4</b> alle beskrywingspunte rakende die Bepalinge en Reglemente na te gaan en die Sinode daaroor te adviseer; en</p> <p><b>35.8.2.5</b> namens en op koste van die Sinoderegsadvies in te win.</p> <p><b>35.8.3</b> Die Sinodale Kommissie vir Diensverhoudinge</p> <p><b>35.8.3.1</b> Samestelling en ampstermy van lede</p> <p><b>35.8.3.1.1</b> Die kommissie bestaan uit die ondervoorsitter van die Sinodale Kommissie en 'n lid van die Sinodale Regskommissie, en</p> <p><b>35.8.3.1.2</b> lede kan by die kommissie op ad hoc-basis gekoöpteer word.</p> <p><b>35.8.3.2</b> Funksies en bevoegdhede</p> <p><b>35.8.3.2.1</b> Die kommissie tree namens die Sinodale Kommissie, die werkewer, op teenoor</p>	
--	--

<p>sinodale werknemers.</p> <p><b>35.8.3.2.2</b> Hanteer alle werknemer-werkgeweraangeleenthede met verslag aan die Sinodale Kommissie.</p> <p><b>35.9 Sinodale verteenwoordigers</b> (met sekundi) word by elke gewone vergadering van die Sinode benoem.</p> <p>(Aantekening: Die verteenwoordigers van die Sinode by die verskillende instansies doen gereeld verslag aan die betrokke kommissie op wie se voorstel hulle benoem is.)</p> <p><b>35.10</b> Die Sinode stel sy afvaardiging na die Algemene Sinode saam in ooreenstemming met Artikel 38.</p> <p>(Aantekening: Die Sinodale Kommissie vul vakatures aan wat ontstaan.)</p>	
<p><b>Artikel 36</b></p> <p>Die samestellende kerke of sinodes behou volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ensovoorts, wat hulle voor toetreding tot die algemene sinodale verband gehad het of daarna verwerf, behalwe die wat volgens die Kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word.</p>	
<p><b>Artikel 37</b></p> <p>Dit staan die samestellende kerke vry om met</p>	<p>Dié artikel gee uitdrukking aan</p>

<p>behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die algemene sinodale verband te tree wanneer hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.</p>	<p>die beginsel dat verband alleen gegrond word op geloofsderskeiding en verhoudinge van betekenis wat daaraan uiting gee.</p>
---	--

### 3.2.4 Die Algemene Sinode

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 38</b>	
<p>38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 200 afgevaardigdes wat saamgestel word uit 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge/diakens van die sinodes.</p> <p>38.1.1 Die eerste 100 afgevaardigdes word uit 10 persone per sinode saamgestel.</p> <p>38.1.2 Die oorblywende 100 word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.</p> <p>38.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.</p> <p>38.3 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.</p>	<p>Die Algemene Sinode behoort ook, in onderhandeling met deelnemende sinodes haar eie KO op te stel wat net geld vir die funksionering van die Algemene Sinode. Dit is dus 'n KO sonder bepalings vir sinodes, kerkrade of ringe, of byvoorbeeld die ampte wat in gemeentes funksioneer.</p>
<b>Artikel 39</b>	
Die Moderatuur van die Algemene Sinode,	

<p>bestaande uit 'n moderator, 'n assessor en 'n aktuarius, lei die Sinode (vergelyk Artikel 25 van die Kerkorde). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem. Die Moderatuur word tydens die sinodesitting deur die moderators/voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.</p>	
<p><b>Artikel 40</b></p> <p>40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word die Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.</p> <p>40.2 Lede van die Moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.</p> <p>40.3 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word die Algemene Sinodale Moderamen saamgestel.</p> <p>Vergelyk die Reglement vir die Algemene Sinodale Moderamen.</p>	
<p><b>Artikel 41</b></p> <p>Die afgevaardigde bedienaar van die Woord met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.</p>	
<p><b>Artikel 42</b></p> <p>42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as</p>	

vier jaar uitmekaar vergader nie.	
42.2 Die Algemene Sinodale Moderamen roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien dit nodig geag word, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.	
<b>Artikel 43</b>	
43.1 Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:	Art.43 hou haar deeglik by die beginsel van susidiariteit. Wat die vasstelling van Belydenisskrifte betref meen die navorser dat dit alleen vir die identiteitsvorming van die Algemene Sinode kan geld, en dat deelnemende sinodes,
43.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die Kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis, Kerkorde, roeping en beleid;	ringe en gemeentes hulle eie vasstelling van Belydenisskrifte moet formuleer, wat van dié van die Algemene Sinode mag verskil. Indien sodanige formuleringe in stryd sou wees met dié van die Algemene Sinode sou die verhouding tussen die Algemene Sinode en haar sinodes noodwendig onder druk kom. So sou veranderinge aangebring kon word wat net die bepaalde vergadering raak, en nie ingeperk hoef te word deur ander vergaderinge en gemeentes nie.
43.1.2 dit wat die Kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak;	
43.1.3 dit wat die Kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak (vergelyk Artikel 67.4 van die Kerkorde);	
43.1.4 die viering van die Kerk se onderlinge verbondenheid;	
43.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;	
43.1.6 die vasstelling van die Belydenisskifte ooreenkomsdig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruik, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;	
43.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;	
43.1.8 die administrasie van vaste eiendom en	

<p>fondse van die Algemene Sinode;</p> <p>43.1.9 die beheer oor algemene kerklike media;</p> <p>43.1.10 die hantering van appëlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word.</p>	
<p><b>Artikel 44</b></p> <p>44.1 Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerdeerdheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerdeerdheid ten gunste daarvan besluit het.</p> <p>44.2 Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerdeerdheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerdeerdheidstem ten gunste daarvan besluit.</p> <p>44.3 Die Algemene Sinode mag, met uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde, die Kerkorde wysig of aanvul met 'n tweederdemeerdeerdheidstem.</p> <p>44.4 Sake in verband met leertug, leergeskille of geskille tussen sinodes en mindere vergaderinge kan by wyse van appèl voor die Algemene Sinode dien. In gevalle van leertug en leergeskille word 'n tweederdemeerdeerdeidsbesluit vir die bekragtiging van die uitspraak van die Algemene Sinode vereis (vergelyk Artikel 65.2 van die Kerkorde).</p> <p>44.5 Indien 'n tweederdemeerdeerdheid nie verkry word nie, mag enige van die partye 'n verdere</p>	<p>Artikel 44 is administratief baie moeilik uitvoerbaar, veral as in gedagte gehou word, dat geografiese grense al hoe minder funksioneel gaan word. Daarby misreken die artikel die aanspraak wat 'n vining veranderende wêreld en nuwe insigte onder leiding van die Heilige Gees op die formulering van belydenisskrifte kan maak.</p> <p>Die artikel word ook, na die mening van die navorsers, gekenmerk deur demokratiese eienskappe, en getuig nie van die teokrasie, waarvan Artikel 2 getuig nie.</p> <p>Die kenmerke is ook waar te neem in die KO van die PKN. In Art.VI-5,6 word die plig om lidmate in wesentlike sake te ken vasgelê. (KO PKN Art.VI-5,6 2013,6) Tog vermy die PKN die probleem wanneer sy</p>

beroep op die afsonderlike sinodes doen. Die gesamentlike volstrekte meerderheid van stemme van die afsonderlike sinodes is dan beslissend.	in Art.XVIII die procedures vir kerkordewysigings formuleer. Die onderliggende beginsel in dié geval is “tyd vir raadpleging” of “tyd vir geloofsonderskeiding”. (KO PKN Art.XVIII 2013,11)
<b>Artikel 45</b>  Die Algemene Sinode mag artikels van die Kerkorde, met die uitsondering van Artikel 44.1 en 44.2 van die Kerkorde, met 'n tweederdemmeerderheidstem óf opskort óf daarvan vrystelling verleen.	
<b>Artikel 46</b>  Die Algemene Sinode organiseer sy werksaamhede na behoefté.	
<b>Artikel 47</b>  Die Algemene Sinode mag reglemente opstel met die oog op die uitvoering van Artikel 46 van die Kerkorde.	

## 6.5 Hoofstuk 4: Die arbeid van die Kerk

### 4.1 Die openbare erediens

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 48</b>  48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die	Wat die openbare erediens betref sal elke kerklike vergadering se KO die bepaalde vergadering se verantwoordelikhede en

<p>bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.</p>	<p>werkswyse moet verwoord. Die rol en funksie van elke vergadering sal noodwendig verskil. Sou gemeentes na eie keuse hulle eredienste onaanvaarbaar inklee volgens die oordeel van die ring of sinode, sou so 'n gemeente se lidmaatskap van die vergaderings en haar identiteit as Ned.Geref.Kerk in gedrang kon kom. Dit bly egter die kerkraad se keuse en verantwoordelikheid. Alleen verhoudinge van betekenis tussen die verskillende kerklike vergaderinge sal sinvolle eredienste in die toekoms kan fasiliteer.</p>
<p>48.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.</p>	
<p>48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:</p>	
<p>48.3.1 die bedienaar van die Woord van die plaaslike gemeente, of in die persoon se afwesigheid;</p>	
<p>48.3.2 die konsulent;</p>	
<p>48.3.3 'n ander bevoegde bedienaar van die Woord van gereformeerde belydenis wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is;</p>	
<p>48.3.4 'n student van 'n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (vergelyk Artikel 6.2 van die Kerkorde) wat, óf in ooreenstemming met die vereistes van die betrokke kuratorium en met toestemming van die kerkraad, deel van die praktiese opleiding in die gemeente ontvang, óf na voltooiing van die praktiese werk deur 'n kerkraad uitgenooi is;</p>	<p>So sou die Algemene Sinode se taak, navorsing, ontwikkeling en opleiding kon behels. Streeksinodes en ringe sou die toerusting aan gemeentes kon deurgee en fasiliteringsfunksies in gemeentes kon uitoefen. Kerkrade sal die erdienste in stand moet hou, en verantwoordelikheid moet neem vir die toesig oor die inhoud van liturgie en prediking.</p>
<p>48.3.5 'n ouderling wat preekvergunning van die kerkraad en die ring ontvang het (vergelyk Artikel 4, 10 en 16.1.8 van die Kerkorde).</p>	
<p>48.4 Prediking:</p>	

<p>48.4.1 met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die Belydenisskrifte laat geskied; en</p> <p>48.4.2 die inhoud van die prediking moet steeds 'n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees.</p> <p>48.5 Die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelofte en Dordtse Leerreëls moet deurentyd sistematies in die prediking aan die orde gestel word.</p> <p><b>Bepaling 48</b></p> <p><b>48.1</b> Christelike feesdae, Adventstyd, Lydenstyd en Pinkster moet gebruik word om die heilsfeite in die verkondiging van die Woord in die erediens te herdenk.</p> <p>23 Onder 'n bevoegde bedienaar van die Woord wat erediens kan lei, word verstaan 'n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of 'n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer 'n kerkraad aan 'n persoon wat nie sodanig bevoeg geag word nie 'n uitnodiging rig om 'n erediens te lei, word daar strydig met die Kerkorde gehandel (Handelinge Algemene Sinode 1998, bl 409, 1.19.2.2). Vergelyk die Reglement vir die Verhouding tot ander Kerke en Groepe.</p>	
--	--

## 4.2 Die sakramente

Die Kerkorde	Kommentaar
--------------	------------

<p><b>Artikel 49</b></p> <p><b>49.1 Die Doop</b></p> <p>Die heilige doop word deur 'n bedienaar van die Woord bedien met gebruikmaking van water en 'n goedgekeurde liturgiese formulier. Dit word, behalwe by hoë uitsondering, in die amptelike openbare samekoms van die gemeente bedien.</p> <p><b>Besluite by Artikel 49.1</b></p> <p>49.1b1 Wanneer geeneen van die ouers geregtig is om op die doopvrae te antwoord nie, kan die kerkraad in oorleg met die ouers 'n doopgetuie(s) vind wat genoegsame waarborg kan bied vir 'n Christelike opvoeding van die dopeling.</p> <p>49.1b2 Die kerkraad moet toesien dat die doop van verbondskinders so gou as moontlik aangevra en bedien word.</p> <p>49.1b3 By die doop van 'n kind ouer as sewe jaar en voor belydenisaflegging:</p> <p>49.1b3.1 moet die kerkraad daarvan oortuig wees dat die ouers/doopgetuies se gesindheid en meelewing tans reg is, en die kind wat gedoop moet word, moet in staat wees om, na gelang van die kind se bevatlikheid, 'n eenvoudige belydenis van instemming met die Christelike waarheid af te lê, tesame met 'n getuienis aangaande liefde tot en geloof in Jesus Christus.</p> <p>49.1b3.2 Die eenvoudige belydenis word deur die kind slegs by die dooponderhoud afgelê.</p>	<p>Die navorser meen dat al die administratiewe voorskrifte nie nodig is nie. As die doop as 'n genadehandeling uit die hand van God, in ooreenstemming met die Formuliere van Eenheid bedien word, dan behoort die monumentale karakter van die handeling, waarborg genoeg en draer van die identiteit wat gedrag bepaal, te wees. Die aard en belangrikheid van identiteitsvorming is onder punt 4.9, bl.76 beredeneer.</p>
--	---

<p>49.1b3.3 Tydens die dooponderhoud word die kind voorberei op die vrae en antwoord slegs met 'n "ja". Die vrae lui soos volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>· Glo jy dat die Bybel die Woord van God is?</li> <li>· Glo jy dat God, die Vader, die Skepper van hemel en aarde is?</li> <li>· Glo jy dat die Here Jesus Christus vir jou sondes gesterf het en dat Hy uit die dood opgestaan het, en het jy Hom lief?</li> <li>· Glo jy dat die Heilige Gees in jou woon en jou lewe nuut maak?</li> </ul>	
<p>49.1b4 Persone sestien jaar en ouer wat nie gedoopt is nie kan gedoopt word na openbare belydenis van geloof.</p> <p>49.1b5 Die doop van iemand uit 'n ander kerkverband word erken as dit geskied het in die Naam van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees; met water bedien is; en deur 'n persoon met bevoegdheid in die betrokke kerkverband bedien is.</p>	
<p>(Aantekening: Doopouers se attestate of lidmaatskap moet in die gemeenteregistersingeskryf wees voordat hulle kan laat doop. Indien een van die ouers nie by Besluit 49.1b1 in terme van kerklidmaatskap ingesluit is nie, kan hy/sy na die dooponderhoud by die doop bystaan sonder dat die vrae aan hom/haar gestel word of hy/sy daarop reageer. Doopgetuies is nie 'n vereiste nie, maar ongesensureerde lidmate van</p>	

<p>die NG Kerk of 'n erkende Protestantse Kerk mag as doopgetuies bystaan.)</p>	
<p><b>Bepaling 49</b></p>	
<p><b>Reëlings in verband met die doop</b></p>	
<p><b>49.1.1</b> Ouers wat die doop vir hulle kinders begeer moet vooraf persoonlik by die leraar aanmeld.</p>	
<p>(Aantekening: Elke kerkraad tref self die ordereëlings in hierdie verband. Verkieslik voor die leraar en een of meer ouderlinge met hulle 'n gesprek oor die betekenis en die erns van die doop. Dit word verwag dat die geboortesertifikaat/ identiteitsdokument van die dopeling getoon word.)</p>	<p>Of al die besonderhede met betrekking tot die doop so in 'n KO verwoord moet word is onseker. So word die doop 'n administratiewe pligpleging, en die belydeniskarakter bly in die slag. So ook die aanspraak van die doop op ouer en dopeling. Die doop sal tot sy reg kom waar daar in gemeentes verhoudinge van geloofsbetekenis is.</p>
<p><b>49.1.2</b> Besware teen die doop van 'n dopeling van die kant van die leraar of ouderling moet aan die doopouers meegedeel word, so spoedig moontlik aan die kerkraad voorgelê word en na besluit van die kerkraad gehandel word.</p>	
<p>(Aantekening: Besware teen die doop raak die oortreding van die sewende gebod en administratiewe aangeleenthede rondom lidmaatskap Meelewing en erediensbywoning moet los van die doop bearbei word.)</p>	<p>Die KO van die PKN Art.VII getuig van 'n eenvoudiger formulering wat 'n karakter van belydenis dra. (KO PKN Art.VII 2013,7) Die PKN kies wel om 'n addisionele Ordinantie 6 tot haar KO toe te voeg met betrekking tot die doop. Alhoewel die ordinantie kort is, is dit steeds in 'n groot mate dupliserend (KO PKN Ord.6</p>
<p><b>49.1.3</b> Skriftelike verlof, nadat die dooponderhoud gevoer is, deur die leraar, konsulent of kerkraad is 'n vereiste om in 'n ander gemeente te laat doop.</p>	
<p><b>49.1.4</b> 'n Doopseel word tydens die doopgeleentheid aan die doopouers oorhandig.</p>	

	2013, 66-67).
<p><b>49.2 Die Nagmaal</b></p> <p>49.2.1 Die heilige nagmaal word minstens vier maal per jaar in elke gemeente gevier.</p> <p>49.2.2 Tot die heilige nagmaal word toegelaat:</p> <p>49.2.2.1 belydende lidmate van die gemeente;</p> <p>49.2.2.2 dooplidmate van die gemeente wat deur die kerkraad toegelaat is tot die heilige nagmaal;</p> <p>49.2.2.3 besoekers uit ander Nederduitse Gereformeerde gemeentes;</p> <p>49.2.2.4 besoekers uit ander kerke.</p> <p>(Aantekening: Die volgende algemene riglyne word deur die kerkraad gehandhaaf in die bediening van die nagmaal buite die erediens:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>a) Die kerkraad evaluateer die meriete van elke aansoek.</li> <li>b) Die Woord moet bedien word.</li> <li>c) Die ware betekenis van die nagmaal word verduidelik sodat bygeloof uitgeskakel kan word hetsy deur die formulier of andersins.</li> <li>d) Minstens een ampsdraer, verkieslik die wyksouderling, woon die nagmaalbediening by. Waar moontlik word gereël dat ander medegelowiges dit ook bywoon sodat die gemeenskapskarakter van die nagmaal bewaar</li> </ul>	'n Saak wat hier ter sprake is, is die ekumeniese gebruik van die nagmaal. Die riglyne in die KO maak ekumene moeilik. Die riglyne sal nie "bygelowe" met die gebruik van nagmaal voorkom nie. Die kerk het nie beheer oor die wyse waarop lidmate die nagmaal gebruik nie, wel oor die manier waarop die nagmaal bedien word. Die bediening word dan op sigself 'n getuenis teenoor die "bygelowe".

<p>kan bly (AS 1994).</p> <p>Besoekers uit ander gemeentes mag die nagmaal gebruik na vooraf aanmelding by en verlof van die leraar of 'n ouderling of op uitnodiging namens die kerkraad vanaf die kansel (AS 1986).</p> <p>Interkommunie met kerke met 'n gereformeerde belydenis is geoorloof mits dit langs die weg van onderlinge oorlegpleging deur kerkrade plaasvind.</p> <p>Waar dit gaan oor nie-gereformeerde, maar tog erkende Protestantse kerke en die onderskeie nagmaalopvatting dus onderling verskil, kan interkommunie slegs by wyse van uitsondering onder besondere omstandighede veroorloof word. In die geval van nie-erkende kerke kan daar nie sprake wees van interkommunie nie (AS 1974).</p> <p>Voorbereiding en danksegging kan beklemtoon word deur aparte dienste, maar kan ook as komponente van die aksiediens hanteer word.</p> <p>Meer gereelde gebruik van die nagmaal as die gewone word sterk onderskryf.</p> <p>Die lees van die hele formulier is noodsaaklik vir die bediening van die nagmaal (AS 1990).</p> <p>Waar die nagmaal meer dikwels as die gebruikelike vyf keer per jaar gevier word, mag by wyse van afwisseling, slegs een van die instellingsberigte (Mt, Mk, Lk, 1 Kor) plus die selfondersoek (1 Kor 11:27-32) gelees word (AS 1990).</p>	<p>Op hierdie punt meen die navorser dat die KO haar grense oorskry. Die KO probeer om op 'n modernistiese wyse voorskriftelik te wees en veronderstel die onvermoë van voorgangers om leergetrou, tog kreatief, met die formuliere om te gaan.</p> <p>Die KO van die PKN se Ordinantie 7 dra 'n veel ruimer karakter. (KO PKN Ord.7 2013,68)</p>
---	---

#### 4.3 Die Jeugbediening

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 50</b>	
<p>50.1 Die jeug as wesenlike deel van die gemeente is die verantwoordelikheid van die Kerk en hierdie verantwoordelikheid is onvervreembaar en onoordraagbaar.</p>	<p>Of alle bedieninge in 'n KO beskryf en georden moet word is 'n vraag. So 'n werkswyse veronderstel onmondige leiers en een manier van doen in alle omstandighede. Die samestelling van gemeentes, en die konteks waarbinne hulle getuig, sal die tersaaklike verskeidenheid van bedieninge van tyd tot tyd uitlig. Dit is sake wat tydens toerustingsgeleenthede, rings- en sinodale vergaderings aandag behoort te kry. In sulke gesamentlike geloofsunderskeidende prosesse sal leiding vir die tersaaklike bedieninge uitkristalliseer.</p>
<p>50.2 Die bediening aan die jeug as verbondsjeug is 'n geïntegreerde deel van die omvattende gemeentelike bediening waarin God deur sy Woord tot die jeug kom deur verkondiging, onderrig, toerusting, herderlike sorg en dienswerk. Hierdie gemeentelike bediening geskied onder die leiding van die ampte aan en deur die jeug.</p>	
<p>50.3 Die kinders van die gemeente, asook alle buitekerklikes wat belydende lidmate van die gemeente wil word, moet onderrig word in die Woord van God en die leer van die Kerk. Hierdie onderrig geskied met die oog op belydenisaflegging waardeur hulle deel in die volle regte en verantwoordelikhede van belydende lidmate.</p>	<p>Dit is ook nie so dat die bedieninge in die KO geformuleer die enigste bedieninge is waartoe die kerk geroep is nie.</p>
<b>Bepaling 50</b>	
<b>Uitvoering van Jeugbediening</b>	
<p><b>50.1</b> Jeugkommissies word in kerkraads- en ringsverband vir die besinning oor, die beplanning van en uitvoering van 'n eietydse en dinamiese</p>	

jeugbediening benoem. Hierdie jeugkommissies bestuur die totale jeugbediening in sy omgewing met inagneming van Skrifbeginsels, die Belydenisskrifte, die Kerkverband se riglyne, die unieke eise van plaaslike omstandighede en die unieke eise van die tyd.

**50.2** Jeugkommissies mag versoek tot advies en begeleiding tov jeugbediening aan die Sinodale Kommissie rig, wat dit op sy beurt weer, indien dit nodig geag word, kan verwys na 'n spesialis op die terrein waарoor advies of begeleiding gevra word.

**50.2.1** Die spesialis mag ander kundige persone nader om hom/haar te help met die proses van advisering of begeleiding. Die spesialis moet aan die Sinodale Kommissie 'n tydsraamwerk, 'n konsepbegroting en die name van sy hulpkragte voorlê.

**50.2.2** Nadat die Sinodale Kommissie, of sy gevollmachtigde, hierdie voorlegging goedgekeur het, word amptelik opdrag gegee aan die spesialis om voort te gaan met die projek.

Na afhandeling van die projek word terugvoer gegee aan die Sinodale Kommissie wat die resultaat aan al die gemeentes van die kerkverband deurgee.

**50.3** Die Sinodale Kommissie gee binne die sinodale gebied deurlopend aandag aan die effektiewe bediening aan die jeug as verbondsjeug en die toerusting van jeugleiers deur:

**50.3.1** kundige persone by bepaalde projekte te

betrek en	
<p><b>50.3.2</b> kundige persone te benoem om te skakel met die Algemene Jeugkommissie.</p>	
<p><b>50.4</b> Kategese is die taak van elke gemeente in aansluiting by die verbondsonderrig van die ouers.</p>	
<p>(Aantekening: Dooplidmate word van die vroegs moontlike ouerdom onderrig met die oog op uiteindelike belydenisaflegging.)</p>	
<p><b>50.4.1</b> Die plaaslike gemeente gebruik vir kategetiese onderrig die amptelik goedgekeurde leermateriaal van die kerkverband.</p>	<p>Dit is een van die voorskrifte wat deur gemeentes geïgnoreer word.</p>
<p>(Aantekening: Vir statistiese doeleindes word dooplidmate wat in koshuise inwoon en net sekere naweke huis toe gaan, gereken as dooplidmate van die gemeente in wie se grense die koshuis val.</p>	
<p>Dooplidmate wat in koshuise inwoon en elke naweek huis toe gaan, word gereken as dooplidmate van die gemeente waarvan hulle ouers lidmate is.)</p>	
<p><b>50.5</b> Die ondersoek van toelating tot belydenisaflegging behels die getuenis oor die doop, 'n persoonlike onderhoud met die leraar en die ondersoek deur die kerkraad.</p>	
<p>(Aantekening: 'n Inskrywing in die register van dooplidmate van die gemeente of dan 'n doopseel vanaf 'n ander gemeente, deur die katkisant ingehandig, dien as bevestiging dat hy/sy gedoop is. Ongedoopte katkisante word gedoop by die</p>	

<p>geleentheid wanneer hulle belydenis van geloof aflê. Katkisante wat nie bewys van hulle doop kan lewer nie, word gedoop met gebruikmaking van die formulier vir die bediening van die doop aan volwassenes by die belydenis van geloof. Hulle lê nie meer belydenis van geloof af nie. Die formulier vir die openbare belydenis van geloof en die bediening van die doop aan volwassenes (1990) kan gebruik word wanneer sommige van die katkisante nie gedoop is nie.)</p> <p><b>50.5.1</b> Die kerkraad sien toe dat toelating tot belydenisaflegging nie outomaties geskied nie.</p> <p><b>50.5.2</b> Katkisante uit ander gemeentes kan slegs met skriftelike verlof van hulle leraar/kerkraad tot die ondersoek of die aflegging van belydenis toegelaat word.</p> <p><b>50.6</b> Alle persone wat nog nie in die kerkverband ingesluit is nie, maar wel tot die kerkverband wil toetree, word deur middel van kategetiese onderrig in die Woord van God en die leer van die kerkverband onderrig.</p>	
--	--

#### 4.4 Die Herderlike sorg

Die Kerkorde	Kommentaar
<p><b>Artikel 51</b></p> <p>51.1 Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet herderlike sorg verleen aan alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word.</p>	<p>Dieselde beredenering as in die geval van Artikel 50 geld hier.</p>

<p>Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.</p> <p>51.2 Die Christelike huwelik as 'n instelling van God moet heilig gehou word en kerkrade moet hieroor die nodige herderlike toesig hou.</p> <p>51.3 Kerkrade sien toe dat afgestorwe lede van die gemeente op 'n Christelike wyse begrawe/veras word.</p>	
--	--

#### 4.5 Gemeentebediening

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 52</b>	
52.1 Die Kerk rig haar deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.	Dieselfde beredenering as in die geval van die vorige twee artikels (50 en 51) geld hier.
52.2 Die Kerk rig haar deur intensiewe gespesialiseerde gemeentebediening tot kerkvervreemdes wat formeel nog lidmate is ten einde hulle daadwerklik te bereik en hulle tot gemeenskap met Christus te bring.	
52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.	
<b>Bepaling 52</b>	
<b>52.1 Die diensterreine van gemeentebediening</b>	Die talle bepalinge en aantekeninge is nog 'n

<p>Die diensterrein van gemeentebediening behels in die besonder die vier bedienings van die gemeente, naamlik leitourgia, kerugma, koinonia en diakonia.</p> <p><b>52.1.1</b> Die bediening van leitourgia het te make met al die aanbiddingsaktiwiteite van die gemeente. Deur die liturgiese handelinge verskyn die gemeente voor die aangesig van God om tot Hom te bid en haar volle wese op Hom te rig.</p> <p><b>52.1.2</b> Die kerugmatiese bediening het te make met al die aktiwiteite van die gemeente wat verband hou met die verkondiging van die boodskap van die Bybel. Dit sluit in die verkondiging aan die lidmate van die gemeente, die kerkvervremdes en alle mense wat nog nie die Boodskap gehoor het nie.</p> <p><b>52.1.3</b> Die koinoniale bediening het te make met al die aktiwiteite van die gemeente wat uitvoering gee aan die opdrag van Jesus Christus dat ons mekaar moet liefhê en na mekaar moet omsien. As liefdesgemeenskap leef die gemeente die liefde van Jesus Christus sodanig uit, dat mense daardeur tot die Evangelie aangetrek sal word.</p> <p><b>52.1.4</b> Die diakonale bediening het te make met al die aktiwiteite van die gemeente wat verband hou met dienslewering aan mense binne en buite die gemeente. Verder rig die gemeente haarself op die handhawing van reg en geregtigheid in die samelewing.</p> <p><b>52.2 Die uitvoering van gemeentebediening</b></p>	<p>bevestiging van die oormatige drang na reglementering wat uit 'n modernistiese tydvak kom.</p>
---	---

<p><b>52.2.1</b> Die kerkraad kan 'n kommissie of taakspan of verteenwoordigers vir gemeentebediening benoem.</p> <p>(Aantekening: Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers neem verantwoordelikheid vir effektiewe bediening op die vier terreine van gemeentebediening. Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers identifiseer die gemeente se besondere behoeftes en stel aksies in werking om die bediening te bevorder. Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers raadpleeg die ring indien daar behoeftes is wat nie op plaaslike vlak hanteer kan word nie.)</p> <p><b>52.2.2</b> Die ring kan 'n kommissie, of taakspanne, of subkommissies, of verteenwoordigers vir gemeentebediening benoem, om aan opdragte van die gemeentes uitvoering te gee.</p> <p>(Aantekening: Tydens ringsvergaderings doen gemeentes verslag oor hulle liturgiese, kerugmatiese, koinoniale en diakonale bedieninge. Tydens ringsvergaderings voer die ring bespreking oor die suksesse en probleem-areas wat deur die gemeentes aangemeld word en besin oor die mees effektiewe maniere waarop die vier bedieninge in die betrokke gemeentes uitgevoer kan word, na gelang van die plaaslike omstandighede. Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers voer opdragte uit wat deur die gemeentes aan die ring gegee word. Die opdragte hou verband met die bevordering van die vier bedieninge op die</p>	
--	--

terrein van gemeentebediening.	
Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers bevorder die onderlinge samewerking van die gemeentes op die terrein van gemeentebediening.	
Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers motiveer gemeentes om onderling verantwoordelikheid vir mekaar te neem en deel hulle kundigheid, gawes en bronne met mekaar ter bevordering van die vier bedieninge in die ring en gemeentes afsonderlik.	
Die ring pak gesamentlike projekte aan waar gemeentes dit nie afsonderlik kan behartig nie en stel taakspanne of verteenwoordigers aan om hieraan uitvoering te gee.	
Die ring raadpleeg die Sinodale Kommissie indien die gesamentlike projekte nie deur die ring alleen behartig kan word nie. Die Sinodale Kommissie se hulp aan ringe geskied in die vorm van kundigheid en finansiële hulp.	
Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers dien as wedersydse skakel tussen die Sinodale Kommissie en die gemeentes op die terrein van gemeentebediening.	
Die kommissie, taakspan of verteenwoordigers doen navorsing oor die eiesoortige omstandighede van gemeentebediening in die ringsverband en gee hulle behoeftes en suksesse aan die Sinodale Kommissie se deskundige lid vir gemeentebediening deur.)	

<b>52.2.4 Bediening aan vrouelidmate</b>	
<p><b>52.2.4.1</b>Hierdie bediening is gerig op die eie aard en belang van die vrouelidmate en het onder ander die volgende terreine in gedagte:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vroue word aangemoedig om aktief werksaam te wees tot opbou van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God.</li> <li>• Vroue word ondersteun in die rol wat hulle in die samelewing moet speel.</li> <li>• Bediening aan die predikant se vrou.</li> <li>• Behartig die belang van die Christenvrou, waar die behoefte mag ontstaan.</li> </ul>	Die uitsondering van spesifieke of spesialisbedieninge in 'n KO is oormatige reglementering. Sulke bedieninge is vir gemeentes, ringe en sinodes om in prosesse van geloofsonderskeiding, op grond van diversiteit en gawes in 'n bepaalde konteks, bepaal te word.
<b>52.2.4.2</b> Die ring kan 'n verteenwoordiger vir die bediening aan vrouelidmate aanwys.	

## 4.6 Gestuurheid (Missio Dei)

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 53</b> <p>53.1 Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.</p> <p>53.2 Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom 'n gemeente. Deur dié gemeente:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• laat God sy Woord verkondig,</li> <li>• bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle</li> </ul>	Hierdie artikel is 'n belangrike baken in die geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk. Om gestuurheid te redigeer tot een van die bedieninge is 'n onbedoelde kerkordelike fout. Die artikel se wese en inhoud hoort by Artikel 2, wat eintlik die eerste artikel behoort te wees. Gestuurheid kleur al

<p>nasies tot stand,</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,</li> <li>• laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking bring, en</li> <li>• word sy geregtigheid en versoening verkondig.</li> </ul> <p>Só laat Hy sy koninkryk kom.</p>	<p>die bedieninge. Dit is die essensie van die kerk se bestaan.</p>
<p>53.3 Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is.</p> <p>53.4 Elke gemeente is 'n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente.</p>	
<p><b>Bepaling 53</b></p> <p><b>Uitvoering van die getuienisstaak</b></p> <p><b>53.1</b> Die kerkraad kan 'n getuieniskommissie benoem.</p> <p>(Aantekening: Die getuieniskommissie</p> <p>a) kweek by lidmate belangstelling in en wek 'n sendingroeping op na binne en buite;</p> <p>b) bevorder en beplan hierdie aksie in die gemeente;</p> <p>c) neem deel aan sending met ander kerke van die familie van NG Kerke, ander erkende kerke en goedgekeurde organisasies;</p> <p>d) raak betrokke by wêreldsending;</p>	<p>Om in dié geval enigsins voorskriftelik te wees, weerhou gemeentes, kerkrade en ringe daarvan om indringend na die praktiese implikasies en omvang van hulle roeping te soek. Hierdie voorskrifte veronderstel dat ander klaar vir ons geluister het.</p>

<p>e) verleen regstreekse hulp aan hulpbehoewende gemeentes van ander kerke binne die familie van NG Kerke;</p> <p>f) bou goeie verhoudinge met ander kerke;</p> <p>g) beplan die terugwin van afgedwaaldes en buitekerklikes;</p> <p>h) gee aandag aan die bearbeiding van buitekerklike andertaliges waarby Jode ingesluit is.)</p> <p><b>53.2</b> Die ring kan uit sy geledere 'n getuienis kommissie benoem.</p> <p>(Aantekening: Die ringsgetuienis kommissie</p> <p>a) adviseer gemeentes in getuienisbeplanning;</p> <p>b) hanteer behoeftes en probleme tov sending binne die grense van die ring;</p> <p>c) hanteer gemeentelike verslae tov sending en doen verslag aan die ring; en</p> <p>d) vestig die aandag van die ring op die getuieniswerksaamhede van gemeentes in die ringsgebied.)</p> <p><b>53.3</b> Die Sinodale Kommissie gee binne die sinodale gebied deurlopend aandag aan effektiewe bediening tov sending.</p>	
---	--

## 4.7 Diens van barmhartigheid

Die Kerkorde	Kommentaar
<p><b>Artikel 54</b></p> <p>54.1 Die Kerk moet met priesterlike bewoënheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef.</p> <p>54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband barmhartigheidsbediening.</p> <p><b>Bepaling 54</b></p> <p><b>Uitvoering van die diens van barmhartigheid</b></p> <p>(Aantekening: Die wese van die diens van barmhartigheid is die vestiging en uitbreiding van die Koninkryk van God. Die doel van die diens van barmhartigheid is dat die kerk, gedring deur die liefde van God, die omvattende verlossing in Jesus Christus deur barmhartige lewens aan mekaar en die wêreld bedien, sodat mense tuiskom in die versorgende gemeente wat die genade van God vier.)</p> <p><b>54.1</b> Die kerkraad kan 'n kommissie vir diens van barmhartigheid benoem.</p> <p>(Aantekening: Die werksaamhede van die kommissie kan die volgende behels:</p> <p>a) om genoegsame middele te versamel met die oog op dielewering van doeltreffende barmhartigheidsdiens, sowel binne as buite die</p>	Dieselde beredenering as by Artikels 50 – 52 geld ook in die geval.

<p>gemeente;</p> <p>b) om die gawes wat tot beskikking van die diens van barmhartigheid gestel is, met verantwoording aan die gemeente te beheer; en</p> <p>c) om met blymoedigheid, oprog, versigtig en oplettend barmhartigheidsdiens te lewer aan almal wat versorging nodig het.)</p> <p><b>54.2</b> Die ring kan 'n ringskommissie vir diens van barmhartigheid benoem.</p> <p>(Aantekening: Die werksaamhede van die ringskommissie vir die diens van barmhartigheid is die volgende:</p> <p>a) Hy bevorder belangstelling in die diens van barmhartigheid, behartig die belange van die diens van barmhartigheid in die algemeen en neem die nodige stappe om fondse vir die werk te vind; en</p> <p>b) hy doen aan die ring verslag met aanbevelings oor al sy werksaamhede en vestig die aandag op sake in verband met die diens van barmhartigheid in die algemeen.)</p> <p><b>54.3</b> Die Sinodale Kommissie gee deurlopende aandag aan die Diens van Barmhartigheid op breër- en interkerklike verband.</p>	
--	--

## 4.8 Die Dienswerk van die gelowiges

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 55</b> <p>55.1 Die roeping van die Kerk in sy gestuurdeheid na die wêreld (Missio Dei) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.</p> <p>55.2 Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daaglikse lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.</p> <p>55.3 Met die oog hierop behoort die Kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.</p> <p>55.4 Die Kerk skep geleenthede waar gelowiges betrek word by die uitbou van die Kerk en die uitbreiding van God se Koninkryk.</p> <p>55.5 Dit staan gelowiges ook vry om ter wille van hulle dienswerk in die wêreld self aksies te begin en netwerke of vennootskappe te vorm om die Koninkryk te bevorder.</p> <p>55.6 Die Kerk gee met gesonde oordeel haar seën en samewerking aan hierdie aksies, netwerke of vennootskappe wat ook in diens staan van die Missio Dei.</p>	Hierdie diensterrein is ook een van dié wat al die ander diensterreine oorspan. Sou die amp van gelowige, gestalte kan kry in meer as net die ouderling- en diaken-ampte, sou die artikel nie geformuleer gewees het nie. As gemeentes toegelaat gaan word om kreatief met die gawes van lidmate, die roeping van die gemeente en die nood van haar konteks om te gaan, sal lidmate hulle plek in die funksionering van 'n verskeidenheid ampte vind.

## 4.9 Leer en aktuele sake

Die Kerkorde	Kommentaar
--------------	------------

<p><b>Artikel 56</b></p> <p>Die Kerk beywer haar vir Skrifgefundeerde beskouinge ten opsigte van aktuele, leerstellige en etiese aangeleenthede en die bevordering van 'n sedelik gesonde openbare lewe.</p> <p><b>Bepaling 56</b></p> <p><b>56.1</b> Die kerkraad kan 'n Kommissie vir Leer en Aktuele Sake benoem.</p> <p><b>56.2</b> Die ring kan 'n Kommissie vir Leer en Aktuele Sake benoem.</p> <p><b>56.3</b> Die Sinodale Kommissie gee deurlopend aandag aan aktuele, leerstellige en etiese aangeleenthede en die bevordering van 'n sedelik gesonde openbare lewe deur kundige persone met die oog op bepaalde navorsings- en ander projekte te betrek.</p> <p>(Aantekening: Die kommissie</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>a) adviseer kerkrade en ringe in verband met alle sake rakende die leer en leerstellig- etiese kwessies van aktuele belang in die lewe en getuienis van die Kerk in hierdie wêreld;</li> <li>b) bestudeer die Protestantse erfenis en kweek deur woord en geskrif by ampsdraers en lidmate 'n groter liefde en gehegtheid aan die Protestantse erfenis en gereformeerde waarhede soos uitgedruk in die belydenisskrifte van die Kerk;</li> <li>c) bestry sekularisasie in die samelewing deur die getuienis aangaande die evangelie van Jesus</li> </ul>	<p>Dieselde beredenering as in die vorige artikels, Art.50-52 en 54 geld hier.</p>
--	--

Christus op alle terreine van die samelewing te laat hoor; en  d) beklemtoon die sosiale roeping van die Kerk.)	
---	--

#### 4.10 Rentmeesterskap

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 57</b>  Elke kerkvergadering maak die nodige voorsiening vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die Kerk en doen jaarliks verslag van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.	Dieselfde beredenering geld hier as wat ten opsigte van artikels 50-52, 54, en 56 gebruik is  .
<b>Bepaling 57</b>  <b>57.1</b> Die kerkraad kan 'n kommissie vir administrasie benoem waarvan die skriba/kassier verkieslik ampshalwe lid en skriba is.  (Aantekening: Die kommissie vir administrasie en die eiendomskommissie (vir die versorging van die gemeentelike eiendomme) kan een of twee kommissies wees.  Die werksaamhede van die kommissie behels	a) die nagaan van die gemeentelike finansiële toestand met die oog op verslag en leiding aan die kerkraad;  b) leiding gee aan die kerkraad in verband met die

<p>jaarlikse begroting;</p> <p>c) die uitvoering van opdragte van die kerkraad in verband met insameling, versorging en aanwending van gemeentelike fondse; en</p> <p>d) verslaggewing aan elke gewone kerkraadsvergadering.</p> <p>Die beheer van kerklike goedere en fondse word omskryf in Reglement 6 en AS20.)</p> <p><b>57.2 Die ringskommissie vir administrasie</b></p> <p>(Aantekening: Bepaling 31.8.2 beskryf die samestelling en werksaamhede van die kommissie.)</p> <p><b>57.3 Die kerkkantoor onder leiding van die Direkteur Sinode, is onder beheer van die Sinodale Kommissie en is verantwoordelik vir die administrasie van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die Sinode (Reglement 4, 5 en 6).</b></p> <p>(Aantekening: Die koste verbonde aan kerklike vergaderinge word gereël volgens Reglement 6. Hierdie Artikel moet saam gelees word met die Reglement vir die Reëling van Eiendomme, Goedere en Fondse.)</p> <p><b>57.4 Pensioenfonds</b></p> <p>57.4.1 Die NG Kerk in Oos-Kaapland is deelhebber van die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika wat onder beheer is van 'n Raad van Trustees waarop die Sinode twee verteenwoordigers met sekundi het, wat op</p>	
--	--

<p>aanbeveling van die Sinodale Kommissie soos volg verkies word:</p> <p>(Aantekening: Die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland kan skriftelik aanbevelings tot die fonds doen.)</p> <p><b>57.4.1.1</b> een as verteenwoordiger vir die werknemers deur die lede uit eie geledere; en</p> <p><b>57.4.1.2</b> een as verteenwoordiger vir die werkewer deur die Sinode.</p> <p><b>57.4.1.3</b> In die reses, indien nodig, wys die Sinodale Kommissie verteenwoordigers aan.</p> <p><b>57.4.2</b> Elke kerkraad is verplig om 'n jaarlikse bydrae te maak vir elke leraar in die gemeente soos bepaal in die Reglement vir die Predikante Pensioenfonds van die NG Kerk in Suid-Afrika.</p> <p><b>57.4.3</b> Elke leraar is verplig om volgens die reglement van die fonds aan die hand van 'n vasgestelde basis by te dra tot die fonds.</p> <p>(Aantekening: Leraars in sinodale diens maak ook hierdie bydrae, terwyl die kommissie in wie se diens hulle is, verantwoordelik is vir die bydrae wat die kerkraad andersins maak.)</p> <p><b>57.5 Argief</b></p> <p><b>57.5.1</b> Die NG Kerk in Oos-Kaapland is deelhebber aan die argief van die NG Kerk in Suid-Afrika wat onder beheer van die argivaris en onder toesig van die Argiefkommissie van die NG Kerk in Suid-Afrika</p>	
--	--

is.	
<b>57.5.2</b> Die NG Kerk in Oos-Kaapland het een verteenwoordiger met 'n sekundus in die Sinodale Argiefkommissie van die NG Kerk in Suid-Afrika wat deur die Sinodale Kommissie benoem word.	

#### 4.11 Diensverhoudinge

Artikel 58	
Werknemers, anders as bedienaars van die Woord in diens van 'n gemeente of die kerkverband, se diensverhouding word per diensooreenkoms gereël.	Die probleem in dié geval (Artikel 58) is dat die diensooreenkoms 'n arbeidsregtelike karakter dra. Die ooreenkoms voorkom ook nie uitbuiting na weerskante toe nie. Sou die geestelike karakter van die ooreenkoms herstel kon word, sou die kerk beter gedien word.

#### 6.6 Hoofstuk 5: Kerklike oopsig, tug en dissipline

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 59</b> <p><b>Doel en voorskrifte</b></p> <p>59.1 Kerklike oopsig word gehou en kerklike tug en dissipline uitgeoefen</p> <p>59.1.1 tot eer van God;</p>	

<p>59.1.2 tot heil van die Kerk;</p> <p>59.1.3 tot behoud van die sondaar;</p> <p>59.2 volgens voorskrifte van</p> <p>59.2.1 die Woord van God;</p> <p>59.2.2 die Belydenisskrifte;</p> <p>59.2.3 die Kerkorde en ander bepalings van die Kerk;</p> <p>59.2.4 die diensooreenkoms.</p>	
<p><b>Artikel 60</b></p> <p><b>Kerklike oopsig en tug</b></p> <p>60.1 Die kerklike oopsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap. Opsi en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen.</p> <p>60.2 Die amptelike uitoefening van die tug deur kerkvergaderinge of hulle gevoldagdigdes vervang nie die roeping van die gelowiges tot onderlinge vermaning nie, maar vul dit aan.</p> <p>60.3 Amptelike kerklike oopsig en tug is pastoraal-kerkregtelik van aard en moet uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas word.</p> <p>60.4 Die kerklike oopsig gaan oor die hele lewenswandel (leer en lewe) van al die lidmate (doop en belydend) van die gemeente, ampsdraers</p>	<p>Na die navorsing se mening is Artikel 60 – 66 die deel van die KO met die meeste haakplekke. Die KO se formulering is genoegsaam, en voldoen aan die vereistes soos in die vorige hoofstukke (hoofstukke 4 en 5) beredeneer. Dit is wanneer die verskillende reglemente (minstens ses is ter sprake) hiermee saam gelees word dat oorreglementering en selfs teenstrydighede in interpretasie en implementering na vore kom, wat weer na die voorskrif en interpretasie van spesialiste vra. In dié geval het die navorsing die verwysings na reglemente en ander artikels ondersteep om 'n aanduiding</p>

<p>ingesluit.</p> <p>(Aantekening: <u>Sien Reglement AS18.</u></p>	<p>te gee van die omvang van die kruisverwysings. Die toepassing van kerklike oopsig en tug, wat tot heil van lidmaat en gemeente moes wees, het 'n mynveld van regsmenings geword. Na die mening van die navorser behoort met die formulering van die KO-artikels volstaan te word, en so veel as moontlik reglemente geskrap te word. Alleen so sal die kerk weer haar reg kan opeis om haar eie sake op 'n geestelike wyse, eie aan haar eie identiteit, te kan hanteer.</p>
<p><b>Artikel 61</b></p> <p><b>Tugwaardige sondes</b></p> <p>61.1 Sondes wat tot tug lei, is sondes wat indruis teen die Woord van God en die Belydenis van die Kerk.</p> <p>61.2 Sondes wat openbare aanstoot gee of wat na aanleiding van die voorskrifte van Matteus 18:15 - 17 onder die aandag van die Kerk kom, stel die oortreder(s) bloot aan 'n amptelike tugondersoek.</p> <p>61.3 Wangedrag deur werknemers van die kerk in terme van diensverhoudinge kan ook tugwaardige sondes wees.</p> <p>(Aantekening: <u>Vergelyk die Reglement vir Tug en Discipline.</u></p>	<p>Die KO van die PKN is in dié verband verhelderend. Art.XII is kort en bondig geformuleer met die klem op onderlinge versorging, verhoudinge van betekenis. (KO PKN Art.XII 2013,9) Ordinantie 10 (KO PKN Ord.10 2013, 74-84) is egter reeds weer 'n dokument met veel meer voorskrifte. Die meeste "voorskrifte" in beide die kerkordes kan goedskiks weggelaat word, mits die kerk sou leer om regtig na almal te luister, en verhoudinge van betekenis in stand te hou. Die talle "voorskrifte" getuig van die</p>
<p><b>Artikel 62</b></p> <p><b>Lidmate, ampsdraers, gelegitimeerde en werknemers</b></p>	
<p>62.1 Alle doop- en belydende lidmate van die gemeente val onder die oopsig en tug van die kerkraad.</p> <p>62.2 Alle ouderlinge, diakens, bedienaars van die Woord, emeriti en proponente staan onder die oopsig en tug van die ring, sonder om die oopsig van</p>	

<p>die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (<u>vergelyk Artikel 31.7 van die Kerkorde</u>).</p>	<p>gebrek aan verhoudinge van betekenis.</p>
<p>62.3 Lidmate van die Kerk, wat as werknemers in diens van 'n gemeente of die kerkverband is, kan weens wangedrag getug word.</p>	
<p><b>Artikel 63</b></p>	
<p><b>Kerklike dissipline</b></p>	
<p>63.1 Werknemers in diens van 'n gemeente of die kerkverband, kan in terme van hulle diensverhouding kerklik gedissiplineer word.</p>	
<p>63.2 Kerklike dissiplinêre optrede is die gevolg van oortredings by die werkplek en het met die terme van die diensooreenkoms te doen.</p>	
<p>63.3 Werknemers in diens van die kerkverband, staan onder die kerklike dissipline van die werkewer.</p>	
<p>63.4 Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente in diens van 'n gemeente staan onder die kerklike dissipline van die ring.</p>	
<p><b>Artikel 64</b></p>	
<p><b>Tug- en dissiplinêre maatreëls</b></p>	
<p>64.1 Die onderstaande tug- en/of dissiplinêre maatreëls kan deur ondersoekliggame toegepas word.</p>	
<p><b>64.2 Dooplidmate</b></p>	
<p>64.2.1 'n bestrafing in 'n privaatgesprek of ter</p>	

<p>vergadering van die ondersoekliggaam;</p> <p>64.2.2 sensuur wat bestaan uit onthouding van die nagmaal en/of weerhouding van die aflegging van belydenis van geloof;</p> <p>64.2.3 afsnyding van die gemeente deur die gebruik van die betrokke formulier.</p> <p><b>64.3 Belydende lidmate</b></p> <p>64.3.1 'n bestaffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;</p> <p>64.3.2 sensuur wat bestaan uit die onthouding van die sakramente en die opskorting van ander lidmaatregte;</p> <p>64.3.3 afsnyding van die gemeente, nadat sensuur en voortgesette herderlike sorg nie tot berou geleei het nie, en deur die gebruik van die betrokke formulier.</p> <p><b>64.4 Ouderlinge en diakens</b></p> <p>64.4.1 'n bestaffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam;</p> <p>64.4.2 skorsing met of sonder onthouding van die sakramente en met of sonder opskorting van lidmaatregte totdat daar bewys van grondige berou is;</p> <p>64.4.3 afsetting uit die diens met opskorting van lidmaatregte en onthouding van die sakramente</p> <p><b>64.5 Bedienaars van die Woord, emeriti en</b></p>	
---	--

<p><b>proponente/werknemers met verslag aan die Algemene Steunspan Predikantesake in die geval van gelegitimeerde</b></p> <p>64.5.1 'n bestrafing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam, of 'n skriftelike waarskuwing deur die werkewer;</p> <p>64.5.2 skorsing vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls:</p> <p>64.5.2.1 opskorting van lidmaatregte;</p> <p>64.5.2.2 onthouding van die sakramente;</p> <p>64.5.2.3 gedeeltelike of volle weerhouding van lewensoronderhoud en toelaes deur die werkewer.</p> <p>64.5.3 Indien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie skorsing verleng word.</p> <p>64.5.4 Ontslag uit diens van die gemeente of uit diens van die kerkverband met een of meer van die volgende maatreëls:</p> <p>64.5.4.1 opskorting van lidmaatregte vir 'n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;</p> <p>64.5.4.2 onthouding van die sakramente vir 'n vasgestelde tydperk en/of totdat daar berou is;</p> <p>64.5.4.3 kennisgewing aan die Algemene Steunspan Predikantesake dat die betrokke persoon se legitimasie vir 'n vasgestelde tydperk opgeskort word;</p>	
---	--

<p>64.5.4.4 kennisgewing aan die Algemene Steunspan Predikantesake dat die betrokke persoon se legitimasie met onmiddellike effek beëindig word, wat die nietigverklaring van die Akte van Legitimasié beteken.</p>	
<p><b>Artikel 65</b></p>	
<p>65.1 <u>Ooreenkomstiq Artikel 23 van die Kerkorde kan daar teen die bevindinge en tug en/of dissiplinêre maatreëls van ondersoekliggame geappelleer word.</u></p>	
<p>65.2 Oor leerstellige sake (<u>vergelyk Artikel 44.4 van die Kerkorde</u>) en oor die beëindiging van bevoegdheid (<u>vergelyk Artikel 7 van die Kerkorde</u>) kan tot by die Algemene Sinode geappelleer word.</p>	
<p>65.3 Oor ander sake wat met die tug en/of discipline verband hou, kan daar nie verder as die sinode geappelleer word nie.</p>	
<p><b>Artikel 66</b></p>	
<p><b>Opheffing van tug- en/of dissiplinêre maatreëls</b></p>	
<p>66.1 Tugmaatreëls het berou en inkeer ten doel en word, met inagneming <u>van Artikel 59.1 van die Kerkorde</u>, opgehef in die geval van:</p>	
<p><b>66.2 Lidmate</b></p>	
<p>66.2.1 Wanneer 'n belydende lidmaat berou betoon nadat die persoon onder sensuur geplaas is, hef 'n ondersoekliggaam of kerkraad wat oortuig is van die egtheid van berou, die sensuur op.</p>	

<p>66.2.2 Wanneer belydenis van geloof weerhou is, laat die kerkraad die dooplidmaat toe tot belydenisaflegging wanneer die ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou.</p>	
<p><b>32 Vergelyk die Reglement vir Appèl of Beswaar.</b></p>	
<p>66.2.3 Wanneer 'n lidmaat wat van die gemeente afgesny is, berou betoon en verlang om weer in die gemeente opgeneem te word, neem die kerkraad, indien oortuig van die egtheid van berou, die persoon weer in die gemeente op met die gebruik van die betrokke formulier.</p>	
<p>66.2.4 By dooplidmate kan hierdie stap gepaard gaan met belydenisaflegging.</p>	
<p><b>66.3 Ouderlinge en diakens</b></p>	
<p>66.3.1 As die ring of sy gevollmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, kan die skorsing opgehef word.</p>	
<p>66.3.2 Ouderlinge en diakens wat afgesit is, kan dan weer verkies word tot die kerkraad.</p>	
<p><b>66.4 Bedienaars van die Woord, emeriti en proponente</b></p>	
<p>66.4.1 As die ring of sy gevollmagtigde kommissie as ondersoekliggaam/kerkverband as werkgewer oortuig is van die egtheid van berou, word die sensuur en skorsing as tug en/of dissiplinêre maatreël opgehef met verslag aan die Algemene Steunspan Predikantesake.</p>	
<p>66.4.2 In geval van ontslag van 'n werknemer</p>	

<p><u>volgens Artikel 64.5.4 van die Kerkorde</u>, moet die ring die opskorting van lidmaatregte en die onthouding van die sakramente ophef voor die Algemene Steunspan Predikantesake die legitimasie kan herstel.</p> <p>66.4.3 Herstel in diens van die gemeente/kerkverband kan alleen geskied na suksesvolle appèl en indien die appèlliggaam so beslis.</p> <p>66.4.4 'n Gelegitimeerde wie se legitimasie deur tug- en/of dissiplinêre optrede beëindig is, kan slegs na colloquium doctum by 'n proponentskommissie en na aanbeveling van 'n kuratorium deur die Algemene Steunspan Predikantesake opnuut gelegitimeer word.</p> <p>66.4.5 In die geval van beëindiging van legitimasie deur tug- en/of dissiplinêre handeling as gevolg van ergerlike sondes/wangedrag soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meineed, diefstal of na beëindiging van legitimasie as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasie alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke kerkvergaderinge ontvang is, deur die Algemene Sinodale Moderamen op aanbeveling van die Algemene Steunspan Predikantesake, verleen word.</p>	
---	--

## 6.7 Hoofstuk 6: Betrekkinge van die Kerk na buite

### 6.1 Kerk en staat

Die Kerkorde	Kommentaar
<p><b>Artikel 67</b></p> <p>67.1 In die lig van Romeine 13 erken die Kerk die staat as 'n dienaar van God tot ons beswil. Dit is God wat aan die staat die opdrag gegee het om die reg te handhaaf en die kwaaddoeners te straf.</p> <p>67.2 Die Kerk erken dat die staatsowerheid wat deur sy fisiese swaardmag in beheer van 'n bepaalde staatsgebied is, deur God beskik is en as sodanig eerbiedig moet word. Die norm vir die Kerk se deelname aan die publieke regsverkeer en uitoefening van burgerlike regte is die Woord van God.</p> <p>67.3 Christus is die Hoof van die kerk. Daarom beskou die Kerk haar reg op vryheid van godsdiens, wat haar Bybels-profetiese getuienis teenoor die staatsowerheid en die wêreld waarin sy staan, insluit, as onvervreembaar. In die uitoefening hiervan maak sy aanspraak op die regsbepaalde beskerming van die owerheid.</p> <p>67.4 Die Kerk nader staatsowerhede op alle vlakke op 'n ordelike wyse. Hierdie skakeling word gedoen deur haar erkende kerkvergaderinge of die kommissies wat hulle daarvoor aanwys. Skakeling oor sake wat die Kerk in haar algemene sinodale verband raak, geskied deur die Algemene Sinode se gevollmagtigde. Skakeling sonder 'n opdrag van die Algemene Sinode geskied deur die Algemene</p>	<p>Wat Artikels 67 – 70 betref meer die navorser dat die KO hoogstens die kerk se verbintenis tot diens behoort te verwoord. Dit kan in die vorm van n missiestelling in Art 1 of 2 opgeneem word.</p> <p>As die kerk haar konteks en die <i>ander</i> (Bauman se term) ernstig wou opneem, sou KO-voorskrifte tot die minimum beperk moet word. Handelinge sal deur die konteks, nood en gegewe gawes, gerig word. Egte verhoudings wat betekenis toevoeg en diensbaar is, kan nie gereglementeer word nie. Hoofstuk 3 beredeneer dié mening.</p>

Sinodale Moderamen met verslag aan die Algemene Sinode (vergelyk Artikel 43.1.3 van die Kerkorde en die voetnota).	
--	--

## 6.2 Kerk, maatskappy en vrye vereniging

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 68</b> <p>Waar moontlik, verleen die Kerk steun aan maatskaplike, nie-kerklike organisasies wat op 'n positiewe Christelike basis georganiseer is en daarop gemik is om die Koninkryk van God te bevorder. Hierdie steun geskied vanuit 'n kerklike perspektief en op 'n kerklike wyse. Die vraag of 'n bepaalde organisasie kan aanspraak maak op die steun van die Kerk, hang af van sy grondslag en doelstellings en die uitlewing daarvan in die praktyk.</p>	

## 6.3 Kerk en onderwys

Die Kerkorde	Kommentaar
<b>Artikel 69</b> <p>69.1 Die Kerk beywer haar daarvoor dat die Woord van God en Protestants-Christelike norme en waardes rigtinggewend sal wees in onderwys- en opvoedkundige instellings en ook vir die kultuuridioom waarin die onderwys plaasvind.</p> <p>69.2 Die Kerk erken die interne bevoegdheid van onderwysinstellings om tipiese onderwysaangeleenthede (standarde,</p>	

<p>leerinhoude, ensovoorts) te finaliseer.</p> <p>69.3 Die Kerk beywer haar vir Christelike opvoeding en onderwys vir haar kinders en jongmense. Hierdie onderwys moet verantwoorde standaarde en leerinhoude insluit.</p>	
--	--

#### 6.4 Kerk en ekumeniese betrekking

Die Kerkorde	Kommentaar
<p><b>Artikel 70</b></p> <p>70.1 Die Kerk streef daarna om deur middel van haar vergaderinge op 'n verantwoorde wyse met ander Christelike kerke en kerkgemeenskappe saam te werk of te assosieer, 'n gemeenskaplike boodskap uit te dra en saam te stry vir die behoud van Christelike lewensbeginsels.</p> <p>70.2 Die Algemene Sinode bepaal die aard en graad van die samewerking met ander kerke of kerkgemeenskappe deur middel van 'n gewone meerderheidstem. Wanneer 'n kerk of kerkgemeenskap by die Algemene Sinode aansoek doen om in assosiasie met die Kerk te tree, word goedkeuring verleen wanneer met 'n tweederdemeerdeerdemstem ten gunste daarvan beslis is. Die aard en omvang van die assosiasie word deur die assosiasie-ooreenkoms gereël.</p> <p>70.3 Die graad en wyse van samewerking of assosiasie word in elke geval bepaal deur die graad van ooreenstemming ten opsigte van belydenis, kerkregering, erediens en die siening van die Christelike lewenswandel van die betrokke</p>	

kerk of kerkgemeenskap.	
70.4 Die besluit oor 'n aansoek of beëindiging van lidmaatskap van 'n ekumeniese organisasie word geneem met 'n tweederdemeerdeerdheidstem van die Algemene Sinode.	

### Opsomming:

In hierdie hoofstuk is vsommige aan die formuleringe wat 'n duidelik modernistiese karakter dra uitgelig. Die kern van die kritiek is dat die voorskrifte in die KO huis as voorskrifte funksioneer, wat 'n egte soeke na roepingsvervulling inhibeer. Die KO maak ook nie ruimte vir diversiteit nie en veronderstel nie verhoudinge van betekenis nie – intendeel.

In die volgende hoofstuk word konsepte van moontlike kerkordes geformuleer, bloot as werksdokumente vir kerklike vergaderinge wat hulle eie KO sou wou opstel.

## HOOFTUK 7: KONSEPTE VIR KERKORDES VAN BETEKENIS VIR VERSKILLEND VERGADERINGS VAN 'N KERK IN 'N POSTMODERNE KONTEKS

Met die formulering van 'n konsep- of werksdokument poog die navorser om 'n dokument te skep waarmee kerklike vergaderings kan werk, ten einde 'n eie kerkorde te formuleer, wat vir die bepaalde vergadering van betekenis sal wees. Die hoofstuk poog om gebruikers hiervan uit te nooi, selfs uit te daag, om kreatief en geloofsonderskeidend met hulle eie bestaan om te gaan. Die konsep is geensins 'n antwoord op al die vrae nie. Dit is bedoel om 'n idee te gee van wat deur die verskillende entiteite in die kerk, in hulle onderlinge ooreenkomste, tot die inhoud van 'n kerkorde toegevoeg kan word. Dit is die navorser se mening dat die konsepte die maksimum inhoud aandui, en dat nie verdere artikels hierby gevoeg behoort te word nie. Die konsepte kan eerder verder verkort word.

Waarom enigsins reëls? Alle verhoudinge word gevorm en in stand gehou op grond van onderling ooreengekome reëls. Dikwels is die reëls nie formeel geformuleer en onderteken nie, maar hulle bestaan. Dit sal dus nodig wees vir alle entiteite in die kerk, veral omdat hulle broos in die verhoudinge intree, om wel met mekaar oor dit wat hulle as noodsaaklik sou ag, met mekaar in ooreenkoms te gaan.

In hoofstukke 4 en 5 is duidelik aangetoon dat kerkordes wat van betekenis wil wees onder meer gekenmerk moet word deur ekumeniese en missionale eienskappe. Dit beteken dat sodanige KO's per definisie oop moet wees vir die ontwikkeling van verhoudinge in al die gestaltes van kerkwees. Dié konsepte veronderstel groei en ruimte vir diversiteit. Uniformiteit is beperkend. Vloeibaarheid in verhoudinge word veronderstel.

Dit is die navorser se gevolgtrekking dat kerkverband die evolusionêre gevolg van die ontwikkeling van verhoudinge sal wees. Verband sal nie vooraf gestructureer kan word nie. Vir sommige sal dit na kongregasionalisme lyk. Die navorser meen egter dat hierdie vloeibaarheid die gom sal wees wat verband in stand hou. Alleen wanneer verband voorsiening maak vir verskillende grade van verbintenis, sal dit behou word. Vir postmoderne gelowiges is verhoudinge, en dus verband, een van die boustene van hulle bestaan. Verband sal egter wel nie voorskriftelik kan funksioneer nie.

Vier verskillende kerkordes, vir die vier verskillende vergaderings van die kerk word voorgestel. Kerklike verband behoort na die mening van die navorser tussen die tersaaklike vergaderings onderhandel en gekontrakteer te word. Geografiese ligging van gemeentes kan nie meer die enigste bepalende faktor in die samestelling van ringe wees nie. Gemeentes sou ook as hulle meen dat dit vir die gemeente van betekenis sou wees, tot meer as een ring kon behoort. Die formulering van 'n ring en sinode se eie identiteit en missie sal ook bepaal in watter mate gemeentes deel van so 'n ring of sinode sou wou wees.

Die navorser begin met 'n kerkorde vir 'n gemeente, omdat hy van mening is dat die gemeente die basiese bousteen van die kerk is, en ook self volwaardig kerk is. Name van gemeentes, ringe en sinodes is ter illustrasie gekies en dra geen ander betekenis nie. Die volgende alfabetletters word in die nummering van die KO's gebruik: G vir gemeentes, R vir ringe, S vir sinode en A vir algemene sinode.

### 7.1 'n Kerkorde vir 'n gemeente

Die Kerkorde van die Ned. Geref. Gemeente van Molteno	
Konsep	Opmerkings
<b>Artikel G1</b> <p>Die Ned. Geref. Gemeente van Molteno is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en die bediening van versoening en die heil van Christus te verkondig. Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die gemeente is in diens van God se missie.</p> <p>Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom 'n gemeente. Deur dié gemeente:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• laat God sy Woord verkondig,</li> <li>• bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,</li> <li>• laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,</li> <li>• laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar</li> </ul>	<p>Die opmerkings by Artikels 67-70 in hoofstuk 6 gemaak, is hier verreken.</p> <p>Die belangrikheid van identiteitsvorming en relatiwiteit (hoofstuk 4),</p>

<p>sigbaar tot uitdrukking kom, en</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• word sy geregtigheid en versoening verkondig.</li> </ul> <p>Só laat Hy sy koninkryk kom.</p> <p>Die gemeente bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat dit nie ken nie of daarvan vervaemd is.</p> <p>Hierdie gemeente is 'n gestuurde gemeente en so elke lidmaat van die gemeente, 'n gestuurde lidmaat.</p>	<p>en 'n aanbiddings-karakter (hoofstuk 5) is in ag geneem. 'n Belydenisgrondslag help 'n gemeente om haar eie identiteit teenoor ander te verantwoord. Hier moet nie in terme van verskansing gedink word nie. Die uitgangspunt is juis dat gemeentes van tyd tot tyd hulle eie identiteit sou kon herformuleer.</p>
<p><b>Artikel G2</b></p> <p>Die gemeente staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1.1 die Apostoliese Geloofsbeloof</li> <li>1.2 die Geloofsbeloof van Nicea</li> <li>1.3 die Geloofsbeloof van Athanasius</li> <li>1.4 die Beloof van Belhar</li> <li>1.5 die Heidelbergse Katechismus</li> <li>1.6 die Dordtse Leerreëls, en</li> <li>1.7 die Nederlandse Geloofsbeloof.</li> </ol> <p>Die Gemeente aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.</p>	<p>Die formulering is die eiendom van die gemeente, vir die gemeente om te koester of te verander aan die hand van geloofsonderskeidende prosesse. Sodanige geloofsonderskeidende prosesse sal baie bydra tot duidelike identiteitsvorming. Verandering kan die gemeente se verhouding tot die kerkverband raak, en</p>

	<p>behoort verreken te word. Waar gemeentes self omgaan met die inhoud van Belydenisskrifte gaan dit bydra tot identiteitsvorming, en sal die eienaarskap vir die identiteit as motivering dien vir geloofstoewyding.</p>	
<b>Artikel G3</b>	<p>G3.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die gemeente met die oog op die volbrenging van haar taak en roeping ooreenkomsdig die Heilige Skrif en die Belydenis.</p> <p>G3.2 Die gemeente reël haar eie interne orde op grond van haar onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as gemeente van Jesus Christus en ook op grond van haar reg tot vryheid van godsdiens.</p>	<p>In dié geval is die belangrikheid van diversiteit, legitimiteit en ruimte vir eksperimentering (Hoofstuk 5) verreken.</p>
<b>Artikel G4</b>	<p>G4.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit onder meer deur gebruik te maak van die dienswerk van die verskillende ampte in die gemeente, soos deur die gemeente in geloofsonderskeidende prosesse bepaal en van tyd tot tyd geformuleer.</p> <p>G4.2 Die ampte is altyd gelykwaardig, maar word in opdrag en werk van mekaar onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof,</p>	<p>Die aard, beskrywing en taak van die ampte word deur elke kerkraad aan die hand van geloofsonderskeidende prosesse bepaal. Gemeentes sou met die tradisionele ampte van leraar, ouderling en</p>

<p>Koning en Meester van sy kerk is.</p> <p>G4.3 Lidmate dien in die gemeente in een van die ampte as hulle 'n ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente is,</p> <p>G4.4 Nadat die gemeente aan die hand van geloofsonderskeidende prosesse tot die oortuiging gekom het, van watter ampte vir die bepaalde situasie nodig en gegee is, word lidmate wat in die loop van die proses geïdentifiseer is, as geroepenes en gestuurdes van die Here erken en in hulle ampte bevestig.</p>	diaken kon volstaan. Ander gemeentes sou dalk ander ampte ook 'n kerkregtelike plek wou gee. Ruimte vir eksperimentering, die komplementêre karakter, ruimte vir diversiteit, diensbaarheid en 'n ruimer ampsbeskouing is hier ter sprake. Dié kenmerke is in hoofstuk 5 beredeneer.
<p><b>Artikel G5</b></p> <p>G5.1 Tot die gemeente behoort doop en belydende lidmate wat hulle met leer en lewe identifiseer met die gemeente en haar identiteit, en wat aan die assosiasie uitdrukking gee deur doop en openbare belydenis van geloof. Die lidmaatskap word formeel aangeteken in 'n lidmaatregister.</p> <p>G5.2 Die gemeente erken die lidmaatskap van gelowiges, wat met die nodige bewyse van doop en belydenis van geloof van 'n ander erkende geloofsgemeenskap aansoek doen om lidmaatskap.</p> <p>G5.3 Lidmaatskap van die gemeente verval indien -</p> <p>G5.3.1 iemand van die gemeente afgesnyword deur middel van die tug</p> <p>G5.3.2 iemand die betrekking met die kerk skriftelik opsê, en</p> <p>G5.3.3 iemand in teenwoordigheid van twee kerkraadslede mondelingbevestig dat hy/sy die verband met die gemeente verbreek het en dit deur die kerkraad bekragtig is.</p> <p>G5.4 Die kerkraad verklaar die lidmaatskap van sodanige</p>	Kerkrade kan hier sodanige "erkende" kerke hier definieer en/of lys. Betekenisvolle verhoudinge, relatiwiteit en die verwagtinge wat aan geloofsgemeenskappe gestel word is hier ter sprake. Die konsepte is in hoofstuk 4 beredeneer. Geen geografiese grense word getrek nie. (Hoofstuk 5)

persone formeel as verval, doen 'n afkondiging daaroor by die erediens en laat dit in die lidmaatregister aanteken.	
<b>Artikel G6</b>	
<p>G6.1 Vir die toelating tot die amp van leraar of bedienaar van die Woord word vereis -</p> <p>G6.1.1 geskiktheid vir die amp</p> <p>G6.1.2 deeglike theologiese opleiding, en</p> <p>G6.1.3 ondertekening van die belydenisgrondslag van die gemeente soos in Artikel 2 geformuleer.</p> <p>G6.2 Die gemeente erken die opdrag van die Algemene Sinode om die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied te bepaal.</p> <p>G6.3 'n Bedienaar van die Woord word vir diens aan 'n gemeente beroep deur die kerkraad van die gemeente, met approbasie deur die gemeente en die ring. Die kerkraad gee aan die bedienaar van die Woord die respek en ondersteuning wat 'n geroepene van die Here en sy kerk in staat kan stel om die amp en bediening effektief uit te voer.</p> <p>G6.4 Die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord vir diens aan 'n gemeente geskied nadat goedkeuring daartoe verleen is deur die ring of sy gevoldmagtigde.</p> <p>G6.5 Die gemeente sien om na die bedienaar van die Woord se geestelike, emosionele en fisieke behoeftes, is medeverantwoordelik vir die bedieningsontwikkeling en is verantwoordelik vir die lewensoronderhoud soos ooreengekom.</p> <p>G6.6 'n Bedienaar van die Woord wat 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem het of 'n benoeming vir diens aan die kerkverband aanvaar het, ontvang 'n akte van demissie van die kerkvergadering in wie se diens hy/sy staan.</p> <p>G6.7 'n Bedienaar van die Woord wat emeriteer, ontvang 'n akte van emeritaat.</p>	<p>Die keuring van kandidate en die theologiese opleiding word met 'n sinode gekontrakteer.</p> <p>Hier is veral die komplementäre kenmerk van 'n kerkorde soos in hoofstuk 5 aangedui, ter sprake.</p>
<b>Artikel G7</b>	

<p>G7.1 Die amp van die bedienaar van die Woord fokus op die bediening van die Woord in al sy gestalte.</p> <p>G7.2 In die gemeente aanvaar die bedienaar van die Woord verantwoordelikheid vir onderskeiding, die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en dissipelskap. Die bedienaar van die Woord is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir onder meer -</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• eredienste,</li> <li>• die opbou van die gemeente,</li> <li>• onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,</li> <li>• die gemeente se dienswerk in die wêreld,</li> <li>• leiding en organisering van die gemeente,</li> <li>• uitoefening van Christelike liefde en tug,</li> <li>• pastorale versorging,</li> <li>• kerkplanting, en</li> <li>• die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede.</li> </ul> <p>Die kerkraad onderskei en bepaal, saam met die bedienaar van die Woord, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, inlyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vat dit saam in 'n diensooreenkoms.</p> <p>G7.3 Die bedienaar van die Woord neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.</p> <p>G7.4 'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte onder lidmate van ander gemeentes verrig sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.</p> <p>G7.5 'n Bedienaar van die Woord kan die kerklike bediening slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Die persoon hou op om bedienaar van die Woord te wees indien diens in die gemeente/kerkverband verlaat word om 'n ander betrekking te aanvaar.</p> <p>G7.6 Die kerkraad kan die dienste van 'n bedienaar van die</p>	<p>Die belangrikheid van geloofsonderskeiding of dan die aanbidingskarakter, die komplementêre karakter en 'n ruimer amps-beskouing, soos in hoofstuk 5 aangedui vind hier gestalte.</p>
--	--

<p>Woord in die volgende gevalle beëindig -</p> <p>G7.6.1 op grond van wangedrag,</p> <p>G7.6.2 op grond van gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering, en</p> <p>G7.6.3 op grond van die gemeente se bedienings- en bedryfsvereistes.</p>	
<p><b>Artikel G8</b></p> <p>G8.1 Die gemeente het 'n kerkraad aan wie die oopsig oor, die regering van en die tug en/of discipline in die gemeente toevertrou is.</p> <p>G8.2 Die kerkraad bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ampte wat in die gemeente funksioneer. (Die samestelling word deur die gemeente bepaal.)</p> <p>G8.3 Die kerkraad kontrakteer met die ring van Burgersdorp om op te tree as visitator van die kerkraad en gemeente, en in die geval van die ontbinding van die kerkraad as gevollmagtigde van die gemeente, totdat 'n nuwe kerkraad gekies en bevestig is.</p> <p>G8.4 Gewone vergaderinge van die kerkraad geskied ná afkondiging by die erediens op twee opeenvolgende Sondae of ná 'n skriftelike of elektroniese kennisgewing soos deur die kerkraad bepaal.</p> <p>G8.5 Buitengewone vergaderings geskied met elektroniese of telefoniese kennisgewing van tyd, plek en agenda.</p> <p>G8.6 'n Kworum vir kerkraadsvergaderings is die volstrekte meerderheid van die getal bevestigde kerkraadslede.</p> <p>G8.7 Tot die take van die kerkraad behoort -</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die leiding van die gemeente in die diens van die Here</li> <li>• die reëling van die openbare godsdiensoefeninge en insonderheid die nagmaal en die doop</li> <li>• die toesig oor die belydenis en wandel van die lidmate en die handhawing van kerklike orde en tug</li> <li>• die toesig oor die kategese in die gemeente</li> </ul>	<p>Die termyne van kerkraadslede word ook deur die kerkraad bepaal.</p> <p>'n Ruimer amps-beskouing word veronderstel.</p> <p>Vinnige kommunikasie word as vanself-sprekend geag.</p> <p>Ruimte vir diversiteit en eksperimentering word gelaat.</p>

<ul style="list-style-type: none"> <li>• die bevordering van getuieniswerk, ook vir die hou van bidure vir die uitbreiding van die koninkryk van God</li> <li>• die behartiging van barmhartigheidsdiens</li> <li>• die reëling van die kerklike bevestiging van huwelike</li> <li>• die versorging van die leraar</li> <li>• die beheer oor die eiendomme en fondse van die gemeente</li> <li>• die hou van 'n volledige beskrywing van die fondse en goedere onder sy beheer</li> <li>• die insameling en versending van sinodale dankoffers en kollektes en verpligte bydraes</li> <li>• die hou van notules van sy vergaderings en die bewaring van korrespondensie</li> <li>• die bewaring van gemeentelike argiewe, en</li> <li>• en die voorlegging aan die gemeente van die herderlike brief van die ring na aanleiding van die persoonlike kerkvisitasie.</li> </ul> <p>G8.8 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar. In buitengewone omstandighede en met die goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader.</p> <p>G8.9 Die besluite van vergaderinge of hulle gevoldmagtigdes is bindend, maar daaroor kan in appèl na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevoldmagtigde geaan word.</p> <p>G8.10 Lidmate, ampsdraers en bedienaars van die Woord mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie eers die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.</p>	
<p><b>Artikel G9</b></p> <p>G9.1 Aan elke vergadering van die ring en sinode voorsien die kerkraad 'n geloofsbrief vir sy afgevaardigdes, afskrifte van die doop- en lidmaatregister van die betrokke kerkjaar</p>	<p>Beide die ring en sinode vra na die gemeente se identiteit, belydenisgrondslag, en</p>

<p>en behoorlik voltooide verslagvorms, soos ooreengekom.</p> <p>G9.2 Die ooreenkoms met die Ring van Burgersdorp beteken ook dat die gemeente haarself as deel ag van die Oos-Kaap Sinode van die Ned.Geref. Kerk, en haar verbind tot die nakoming van die ooreengekome maatreëls.</p>	<p>liturgiese gebruikte ten einde te verseker dat die gemeente dieselfde theologiese begronding en oortuigings deel. Sodanige kontraktering beteken dat die gemeente instem tot die begeleiding van die kerkverband.</p>
<p><b>Artikel G10</b></p> <p>Tot die werksaamhede van die gemeente behoort:</p> <p>G10.1 Die openbare erediens</p> <p>G10.1.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.</p> <p>G10.1.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.</p> <p>G10.1.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:</p> <p>G10.1.3.1 die bedienaar van die Woord van die plaaslike gemeente, of in dié persoon se afwesigheid;</p> <p>G10.1.3.2 die konsulent;</p> <p>G10.1.3.3 'n ander bevoegde bedienaar van die Woord van gereformeerde belydenis wat deur die kerkraad daartoe uitgenooi is;</p> <p>G10.1.3.4 'n student van 'n theologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (vergelyk Artikel G6.2 van die Kerkorde) wat, óf in ooreenstemming met die vereistes</p>	<p>In dié artikel is die belangrikheid van verhoudinge van betekenis (hoofstuk 4) en die vereiste van 'n egte luisterproses in die verhoudinge (hoofstuk 5) verreken.</p>

<p>van die betrokke kuratorium en met toestemming van die kerkraad, deel van die praktiese opleiding in die gemeente ontvang, óf ná voltooiing van die praktiese werk deur 'n kerkraad uitgenooi is, of</p> <p>G10.1.3.5 'n ouderling wat preekvergunning van die kerkraad en die ring ontvang het.</p> <p><b>G10.2 Die bediening van die sakramente</b></p> <p>G10.2.1 Die doop: Die verbondsdoop doop word deur 'n bedienaar van die Woord bedien met gebruikmaking van water en 'n goedgekeurde liturgiese formulier. Dit word, behalwe by hoë uitsondering, in die amptelike openbare samekoms van die gemeente bedien aan ingeskreve belydende lidmate van die gemeente.</p> <p>G10.2.2 Die nagmaal:</p> <p>G10.2.2.1 Die heilige nagmaal word minstens vier maal per jaar tydens 'n erediens in die gemeente gevier.</p> <p>G10.2.2.2 Tot die heilige nagmaal word toegelaat: belydende lidmate van die gemeente; dooplidmate van die gemeente; besoekers uit ander Gereformeerde gemeentes; besoekers uit ander kerke en enige een wat eg op soek is na die genade van God in Christus.</p> <p>G10.3 Die opsig en tug. Alle sake met betrekking tot die leer en lewe van lidmate word met pastorale sensitiwiteit hanteer, met die oog op die herstel van gebrokenheid. Dit beteken dat alle partye deeglik aangehoor sal word, dat beslissings die karakter van geloofsbegeleiding sal dra en dat dit geleenthede vir heling sal open.</p>	
<p><b>G11</b></p> <p>Verandering aan die kerkorde geskied met die instemming van 'n tweederdemmeerderheid van kerkraadslede ter vergadering.</p>	<p>Die bedoeling is dat kerkrade 'n kultuur van aanbidding en geloofsanderskeiding sal</p>

	ontwikkel, en so gestalte sal gee aan die belydenis dat die kerk 'n teokrasie is.
--	---

## 7.2 'n Kerkorde vir 'n ring

Die Kerkorde van die Ring van Burgersdorp	
Konsep	Opmerkings
<b>Artikel R1.</b> <p>Die Ring van Burgersdorp is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus. Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.</p> <p>Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom gemeentes, wat verbind aan mekaar, in diens van God staan. Deur dié ring -</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• laat God sy Woord verkondig</li> <li>• bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand</li> <li>• laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer</li> <li>• laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking kom, en</li> <li>• word sy geregtigheid en versoening verkondig.</li> </ul> <p>Só laat Hy sy koninkryk kom. Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vvreemd is. Die ring is 'n gestuurde instrument van God, soos elke gemeente van die ring 'n gestuurde gemeente is.</p>	<p>Hierdie uiteensetting is wel 'n duplisering van Artikel G1. Die veronderstelling is egter dat 'n ring die artikel anders kan formuleer, as 'n identiteitsverklaring wat van dié van die gemeentes kan verskil.(Diversiteit).</p> <p>Die aanbiddings-karakter is verreken en die eis om diensbaarheid. (Hoofstuk 6)</p>
<b>Artikel R2</b> <p>Die ring staan gegrond op die Bybel as die heilige en</p>	Dié artikel is die ring se

<p>onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in:</p> <p>1.1 die Apostoliese Geloofsbelijdenis      1.2 die Geloofsbelijdenis van Nicea      1.3 die Geloofsbelijdenis van Athanasius      1.4 die Belijdenis van Belhar      1.5 die Heidelbergse Katechismus      1.6 die Dordtse Leerreëls, en      1.7 die Nederlandse Geloofsbelijdenis.</p> <p>Die ring aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belijdenisgrondslag sonder dwang geskied.</p>	<p>formulering van haar eie belijdenisgrondslag, waarvoor sy eienaarskap neem, om te koester en te verander soos deur prosesse van geloofsonderskeiding deur die Heilige Gees, begelei. Verandering sal noodwendig verhoudinge in die kerkverband raak en behoort deeglik verreken te word. Gemeentes sou hulle lidmaatskap kon opsê, of die sinode sou so 'n ring se lidmaatskap kon opskort.</p>
<p><b>Artikel R3</b></p> <p>R3.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die ring met die oog op die volbrenging van haar taak en roeping ooreenkomsdig die Heilige Skrif en die Belijdenis.</p> <p>R3.2 Die ring reël haar eie interne orde op grond van haar onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van haar reg tot vryheid van godsdiens.</p>	
<p><b>Artikel R4</b></p> <p>As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word die volgende</p>	<p>Geografiese grense is nie bepalend nie.</p>

<p>gemeentes, soos gekontrakteer, onderling gegroepeer as ring. Die samestelling van die ring kan gewysig word, nadat 'n gemeente haar deelname opgesê het, of ander gemeentes aansoek gedoen het om deelname. Die gemeentes is: (Name word hier gelys). . . . .</p>	
<p><b>Artikel R5</b></p> <p>R5.1 Die ring vergader een maal per jaar, voor 31 Oktober van elke jaar.</p> <p>R5.2 Die ringsvergadering word saamgestel uit een bedienaar van die Woord en nog een ander ampsdraer as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente wat deel is van die ring. Waar die pos vir bedienaar van die Woord vakant is, kan 'n ander ampsdraer in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word.</p> <p>R5.3 As 'n gemeente meer as een pos vir bedienaar van die Woord het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ander ampsdraer vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir bedienaar van die Woord vakant is, mag die kerkraad 'n ander ampsdraer vir die vakante pos afvaardig.</p> <p>R5.4 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ander ampsdraer mag as sekundus vir 'n bedienaar van die Woord optree.</p> <p>R5.5 Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriefe voorsien wees.</p> <p>R5.6 Kennisgewing van 'n ringsvergadering geskied deur die ringskriba aan die betrokke kerkrade soos deur die ring bepaal.</p> <p>R5.7 Die voorsitter van die vorige ringsvergadering of die voorsitter van die ringskommissie open die vergadering waarna die personeel, soos deur die ring bepaal, vir die vergadering gekies word.</p>	

<p>Tot die werksaamhede van die ring hoort -</p> <p>R6.1 kerkvisitasie (die inhoud en werkswyse word deur die ring bepaal)</p> <p>R6.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom</p> <p>R6.3 advies en hulp aan kerkrade</p> <p>R6.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade</p> <p>R6.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word</p> <p>R6.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal</p> <p>R6.7 die opsig, tug en/of dissipline oor alle ampsdraers en bedienaars van die Woord van deelnemende gemeentes, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit. Alle sake met betrekking tot die leer en lewe van ampsdraers word met pastorale sensitiwiteit hanteer, met die oog op die herstel van gebrokenheid. Dit beteken dat alle partye deeglik aangehoor sal word en beslissings die karakter van geloofsbegeleiding sal dra en geleenthede vir heling sal open.</p> <p>R6.8 die aanwys van konsulente</p> <p>R6.9 die aanwysing van verteenwoordigers op sinodale kommissies wat so saamgestel word, en</p> <p>R6.10 die onderneming van enige werksaamheid wat binne sy vermoë is en tot die bevordering van die koninkryk van God binne die ringsgebied dien.</p> <p>R6.11 Die ring is verantwoordelik vir die goedkeuring, opleiding en aanwending van ouderlinge wat opgelei is om die Woord tydens eredienste te bedien. Die ring wys leraarsmentors vir sodanige ouderlinge aan, en ontvang jaarliks verslag van mentors sowel as van die betrokke</p>	<p>Hierdie take word per ooreenkoms met die onderskeie gemeentes gekontrakteer wanneer gemeentes hulle lidmaatskap van die ring opneem. Dit kan dus totaal anders daar uitsien, nadat 'n ring eg na mekaar geluister het en 'n pad van diensbaarheid loop. Die belangrikheid van relativiteit, verhoudinge van betekenis, ruimte vir eksperimentering en diversiteit en 'n oop ampsbeskouing is verreken.</p> <p>Die soeke na roeping as dryfveer vir handelinge is ook verreken.</p>
--	---

<p>kerkrade.</p> <p>R6.12 Die ring besluit jaarliks op die ringsprojekte waarvoor om befondsing vir die volgende finansiële jaar by die Sinodale Kommissie aansoek te doen.</p>	
<p><b>Artikel R7</b></p> <p>Die ring verkies jaarliks 'n ringskommissie met sekundi, saamgestel soos die ring besluit, om as gevoldmagtigde van die ring te handel gedurende die reses. Die opdrag van die ringskommissie is onder meer -</p> <p>R7.1 om die opdragte van die ring uit te voer</p> <p>R7.2 spoedeisende sake te hanteer</p> <p>R7.3 aandag te gee aan sake rakende die beroeping van leraars en langdurige vakatures</p> <p>R7.4 aandag te gee aan tugsake</p> <p>R7.5 die stigting/ontbinding van gemeentes te hanteer</p> <p>R7.6 aansoeke om verandering in registers goed te keur</p> <p>R7.7 vergaderinge van die ring te belê</p> <p>R7.8 vakatures in die kommissies van die ring aan te vul</p> <p>R7.9 vakatures in die sinodale kommissie wat ringsgewys saamgestel word, te vul, met die nodige kennisgewing aan die skriba van die sinode</p> <p>R7.10 skriftelik verslag te doen aan die ring van al sy werksaamhede, en</p> <p>R7.11 die jaarlikse ouditering van die ringsfonds te hanteer en verslag daaroor te doen by die ring en by die sinodale kommissie.</p>	
<p><b>Artikel R8</b></p> <p>Veranderinge aan die artikels geskied met die instemming van twee derdes van afgevaardigdes ter vergadering.</p>	<p>Die klem val op die eis om 'n aanbiddings-karakter van 'n kerkorde wat uidrukking gee aan die belydenis dat die kerk 'n teokrasie is.</p>

### 7.3 ‘n Kerkorde vir ‘n sinode

Die Kerkorde van die Oos-Kaap Sinode van die Ned.Gerf.Kerk	
Konsep	Opmerkings
<b>Artikel S1.</b> <p>Die Oos-Kaap Sinode van die Ned.Geref.Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die Kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus. Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van God se missie.</p> <p>Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom gemeentes, tot mekaar verbind as liggaam van Christus. Deur dié sinode:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• laat God sy Woord verkondig,</li> <li>• bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand,</li> <li>• laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer,</li> <li>• laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking kom, en</li> <li>• word sy geregtigheid en versoening verkondig.</li> </ul> <p>Só laat Hy sy koninkryk kom. Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is. Elke gemeente in die verband, en almal saam, is ’n gestuurde instrument van God.</p>	<p>Soos by G1 en R1 vermeld sou die sinode se formulering van Artikel 1 kon verskil, omdat, gegee die verskille in konteks en gawes (diversiteit), en die verskille in geloofsonderskeiding (aanbidding), ‘n sinodale vergadering tot ‘n ander formulering kan kom. Dit bly egter die sinode se kerkorde en identiteit. Gegee die feit dat die sinode uit afgevaardigdes van haar gemeentes bestaan, sal daar ook in ‘n andersgeformuleerde Artikel 1 tekens van ‘n verhouding van betekenis wees.</p>
<b>Artikel S2</b> <p>Die sinode staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan</p>	<p>Die formulering van die belydenisgrondslag is die eiendom van die</p>

<p>uitgedruk in Belydenisskrifte. Vir die sinode is die volgende Belydenisskrifte geldige formuleringe van die geloof van die kerk deur die eeue. Hierdie belydenisse gee uitdrukking aan ons identiteit en verwoord ons roeping in die wêreld. Gemeentes wat hulleself hiermee assosieer kan deel van die sinode word. Die belydenisse is -</p> <p>1.1 die Apostoliese Geloofsbelofte      1.2 die Geloofsbelofte van Nicea      1.3 die Geloofsbelofte van Athanasius      1.4 die Belydenis van Belhar      1.5 die Heidelbergse Kategismus      1.6 die Dordtse Leerreëls, en      1.7 die Nederlandse Geloofsbelofte.</p> <p>Die sinode aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.</p>	<p>sinode, vir haar om te koester en te verander soos sy tot oortuiging kom aan die hand van geloofs-onderskeidende prosesse, onder leiding van die Heilige Gees. Veranderinge sal kerkverband raak, en behoort deeglik verreken te word. Gemeentes sou hulle lidmaatskap kon opsê, of 'n algemene sinode sou 'n sinode se lidmaatskap kon opskort. Die winspunt in die skeiding van die verskillende kerkordes is dat dit juis ruimte skep vir diversiteit, en die moontlikhede om mekaar vas te hou binne kerkverband, sonder om te beleef dat 'n eie identiteit bedreig word.</p>
<p><b>Artikel S3</b></p> <p>S3.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor</p>	

<p>14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die sinode met die oog op die volbrenging van haar taak en roeping ooreenkomsdig die Heilige Skrif en die Belydenis.</p> <p>S3.2 Die sinode reël haar eie interne orde op grond van haar onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van haar reg tot vryheid van godsdienst.</p>	
<p><b>Artikel S4</b></p> <p>As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word die volgende gemeentes, soos gekontrakteer, onderling gegroepeer as sinode. Die samestelling van die sinode kan gewysig word, nadat 'n gemeente haar deelname opgesê het, of ander gemeentes aansoek gedoen het om deelname.</p>	<p>Deelname geskied op grond van die ontstaan en bestaan van verhoudinge van betekenis.</p>
<p><b>Artikel 5</b></p> <p>S5.1 Die sinodale vergadering word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat hulle tot die sinodale verband gekontrakteer het.</p> <p>S5.2 'n Gemeente se afvaardiging bestaan uit een bedienaar van die Woord en een ander ampsdraer. Waar die pos vir bedienaar van die Woord vakant is, kan 'n ander ampsdraer in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word;</p> <p>S5.3 As 'n gemeente meer as een pos vir bedienaar van die Woord het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ander ampsdraer vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig. Waar in sodanige gemeente 'n pos vir bedienaar van die Woord vakant is, mag die kerkraad 'n ander ampsdraer vir die vakante pos afvaardig.</p> <p>S5.4 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese</p>	<p>Hier is geen geografiese voorskrif nie. 'n Oop ampsbeskouing word behou.</p>

<p>Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.</p> <p>S5.5 Vir elke afgevaardigde word 'n sekundus aangewys. 'n Ander ampsdraer mag as sekundus vir 'n bedienaar van die Woord optree.</p> <p>S5.6 Afgevaardigdes moet van geloofsbriefe voorsien wees.</p>	
<p><b>Artikel S6</b></p> <p>Die sinode vergader ten minste elke vier jaar, sover moontlik in die jaar ná die gewone vergadering van die Algemene Sinode.</p> <p>S6.1 Die skriba van die sinode roep die sinode drie maande voor die tyd op met 'n elektroniese kennisgewing aan elke gemeente.</p> <p>S6.2 'n Buitengewone vergadering van die sinode, kan byeengeroep word met 'n maand elektroniese kennisgewing deur die skriba aan al die gemeentes van die plek en datum en agenda soos deur die sinodale kommissie gereël. Die kerkraad kan met sy afvaardiging na die vorige sinodevergadering volstaan of 'n nuwe afvaardiging aanwys. 'n Nuwe afvaardiging vereis die indiening van 'n nuwe geloofsbrief.</p> <p>S6.3 Die voorsitter van die sinodale kommissie neem die leiding by die konstituering en opening van die sinode totdat die moderator verkies is. Terwyl die verkiesing van die moderator plaasvind, gaan die voorsitter van die sinodale kommissie voort met die behandeling van die agenda. Onder leiding van die moderator word 'n assessor, aktuarius en 'n addisionele lid gekies wat saam met die moderator en die skriba (Direkteur Sinode) die moderatuur vorm. Al die lede van die moderatuur (behalwe die skriba) word uit 'n groslyk verkies. Die presensielys van die vergadering mag nie as groslyk dien nie.</p> <p>S6.4 Die lede van die moderatuur mag nie vir meer as twee</p>	

<p>opeenvolgende gewone vergaderinge van die sinode in dieselfde amp gekies word nie.</p> <p>S6.5 Die lede van die moderatuur dien na afloop van die vergadering in die sinodale kommissie en sy dagbestuur.</p> <p>S6.6 Indien daar 'n hulpskriba(s) nodig is, word dié deur die kommissie van orde aangewys.</p>	
<p><b>Artikel S7</b></p> <p>Tot die taak en bevoegdhede van die sinode behoort:</p> <p>S7.1 die opstel en wysiging van bepalings en reglemente vir die werksaamhede aan hom toevertrou, mits dit nie in stryd is met die kerkorde nie;</p> <p>S7.2 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes. Die aard en omvang van hierdie sake word deur die sinode self bepaal;</p> <p>S7.3 die opleiding van bedienaars van die Woord;</p> <p>S7.4 die opbou van die nodige fondse met die oog op eie werksaamhede en die finansiering van die Algemene Sinode volgens 'n aanvaarde formule;</p> <p>S7.5 die behandeling van alle sake wat in eerste instansie of by wyse van appèl voor hom gebring word;</p> <p>S7.5.1 Die besluite van die sinode is beslissend met betrekking tot sake wat deur mindere vergaderinge behandel en in geval van beroep voor hom gebring is.</p> <p>S7.5.2 'n Versoekskrif mag deur enige ongesensureerde lidmaat by die meerder vergadering ingedien word, dog sonder om dit vooraf te publiseer of dit onder lede van die vergadering te versprei.</p> <p>S7.5.3 Beskrywingspunte aan die sinodevergadering word gestuur deur die sinodale kommissie, ringe, kerkrade en kommissies van die sinode. Beskrywingspunte moet drie maande voor die vergadering in die hande van die skriba wees.</p> <p>S7.5.4 Die verslae van sinodale kommissies en amptenare</p>	

<p>moet die skriba van die sinode minstens drie maande voor die sitting bereik.</p> <p>S7.5.5 Die skriba van die sinode gee aan die kommissie van orde insae in die stukke waaroer die kommissie die sinode moet adviseer en laat die sakelys druk sodat dit minstens 'n maand voor die sitting aan die afgevaardigdes besorg kan word.</p> <p>S7.6 Tydelike kommissies word aangewys met die oog op die effektiewe funksionering van die sinodale vergadering.</p> <p>S7.7 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode.</p> <p>S7.8 die handhawing van die belydenis van die kerk, die kerkorde, die liturgiese formuliere en die orde van die erediens, en</p> <p>S7.9 die benoeming van die sinodale regskommissie, bestaande uit sewe lede (met sekundi), waarvan ten minste een 'n regsgelerde is en waarvan die aktuarius lid is. Die kommissie se taak is om -</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>S7.9.1 elke nuwe uitgawe van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente as korrek te onderteken</li> <li>S7.9.2 uitsluisel te gee oor onduidelikhede in die publikasie van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente</li> <li>S7.9.3 op aanvraag kerklike vergaderinge met kerkordelike advies te dien</li> <li>S7.9.4 alle beskrywingspunte rakende die bepalinge en reglemente na te gaan en die sinode daaroor te adviseer, en</li> <li>S7.9.5 namens en op koste van die sinoderegsadvies in te win.</li> </ul>	
<p><b>Artikel S8</b></p> <p>Na afloop van elke gewone vergadering van die sinode konstitueer die sinodale kommissie, as gevoldmagtigde van die sinode, om in die reses alle sake aan haar opgedra te hanteer.</p>	

<p>S8.1 Die sinodale kommissie word saamgestel uit een bedienaar van die Woord en een ander ampsdraer uit elke ring, soos deur die ring aangewys. Die moderatuur van die sinodale vergadering vorm ook deel van die sinodale kommissie.</p> <p>S8.1.1 Tydens die konstituering kies die sinodale kommissie haar eie dagbestuur, met sekundi. Die dagbestuur van die sinodale kommissie bestaan uit die moderatuur van die sinode en vier lede deur die sinodale kommissie aangewys van wie een 'n finansiekundige lid van die sinodale fondsekommissie is.</p> <p>S8.1.2 Die dagbestuur hanteer alle spoedeisende sake</p> <p>S8.1.3 voer alle opdragte uit wat deur die sinodale kommissie na hom verwys word</p> <p>S8.1.4 bepaal wanneer vergaderinge van die sinodale kommissie gehou word</p> <p>S8.1.5 eis, ingeval die skriba of aktuaris om enige rede verhinder word om sy/haar pligte na te kom, al die stukke op en oorhandig dit aan 'n diensdoenende leraar om waar te neem</p> <p>S8.1.6 doen verslag van sy werksaamhede aan die sinodale kommissie, en</p> <p>S8.1.7 fungeer as kommissie van orde om die sinodale vergadering vooraf te beplan en te reël.</p> <p>S8.2 'n Meerderheid van die lede van die sinodale kommissie moet teenwoordig wees vir die kommissie om te konstitueer of enige sake te behandel.</p> <p>S8.3 Die sinodale kommissie het die bevoegdheid om in die uitvoering van sy pligte inligting te vra van kerklike instansies, en indien nodig, persone op te roep.</p> <p>S8.4 Die sinodale kommissie vergader minstens een maal per jaar.</p> <p>S8.5 Die werksaamhedevan die sinodale kommissie is om -</p> <p>S8.5.1 uitvoering te gee aan alles wat die sinode aan hom</p>	
--	--

<p>toevertrou</p> <p>S8.5.2 te let op die nakoming en toepassing van die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente</p> <p>S8.5.3 spoedeisende sake wat tot die bevoegdheid van die sinode behoort, te hanteer</p> <p>S8.5.4 te beslis in sake van kerklike tug en appèl voor hom gebring. Appelsake word met pastorale sensitiwiteit hanteer, met die oog op die herstel van gebrokenheid. Dit beteken dat alle partye deeglik aangehoor sal word en beslissings die karakter van geloofsbegeleiding sal dra en geleenthede vir heling sal open.</p> <p>S8.5.5 die administrasie van die fondse, finansies, goedere en eiendomme van die sinode te behartig waarvoor hy kundige persone koöpteer wat hom ten minste oor die volgende finansiële en administratiewe sake adviseer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• belegging van sinodale fondse</li> <li>• die bestuur van ander sinodale bates en laste</li> <li>• ouditering van die sinode se boeke</li> <li>• die sinode se finansiële jaarstate</li> <li>• die sinode se jaarlikse begroting</li> <li>• die toewysing van fondse met betrekking tot die jaarlikse ringsprojekte</li> <li>• die bestuur van projekte, en</li> <li>• toepaslike reglemente, trusts en bemakings en ander noodsaklike aangeleenthede.</li> </ul> <p>S8.5.6 die Direkteur Sinode aan te stel</p> <p>S8.5.7 die administratiewe personeel vir die sinodale kantoor aan te stel</p> <p>S8.5.8 die naam, plek en bedieningstydperk in Oos-Kaapland van elke leraar wat in die sinodale gebied te sterwe kom vir die sakelys van die volgende sinodevergadering te versorg</p> <p>S8.5.9 vakutures aan te vul in kommissies wat deur die sinode benoem is</p>	
---	--

<p>S8.5.10 die indeling van ringe te faciliteer</p> <p>S8.5.11 buitengewone sinodale vergaderinge byeen te roep wanneer sake van groot gewig dit vereis</p> <p>S8.5.12 inligting rakende die NG Kerk in die Oos-Kaap te voorsien en met die media te skakel</p> <p>S8.5.13 die statistiek van die kerk te verkry en te bestudeer</p> <p>S8.5.14 op aanvraag ringe te hulp te kom as gemeentes te lomp word of wanneer gemeentes se voortbestaan in gedrang kom</p> <p>S8.5.15 in sake te handel wat die familie van NG Kerke raak, en alle ander ekumeniese verhoudinge, en</p> <p>S8.5.16 verslag te doen aan die sinode van al sy vergaderings en werksaamhede.</p>	
<p><b>Artikel S9</b></p> <p>Veranderinge aan die artikels geskied met die instemming van twee derdes van afgevaardigdes ter vergadering.</p>	<p>Die bedoeling is om 'n demokratiese karakter te vervang met 'n aanbiddingskarakter wat gestalte gee aan die belydenis dat die kerk 'n teokrasie is.</p>

#### 7.4 'n Kerkorde vir 'n Algemene Sinode

Die Kerkorde van die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk	
Konsep	Opmerkings
<p><b>Artikel A1.</b></p> <p>Die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk is deur God Drie-enig geroep om deel te neem aan die missie van God in die wêreld. Die kerk word deur die Heilige Gees opgebou om God se eer te dien en verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus. Die missie van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees is om lewe en volheid aan die wêreld te gee, en die kerk is in diens van</p>	<p>Dieselfde beredenering as by S1 geld in dié geval.</p>

<p>God se missie.</p> <p>Deur die Woord en Gees vergader God vir Hom gemeentes wat verbind is aan mekaar, ook op algemene sinodale vlak. Die Algemene Sinode is geroep om gemeentes te help om hulle roeping uit te leef. Deur dié gemeentes -</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• laat God sy Woord verkondig</li> <li>• bring Hy die gemeenskap van heiliges uit alle nasies tot stand</li> <li>• laat Hy diens aan die wêreld in nood lewer</li> <li>• laat Hy sy opdrag om die skepping en lewe te bewaar sigbaar tot uitdrukking kom, en</li> <li>• word sy geregtigheid en versoening verkondig.</li> </ul> <p>Só laat Hy sy koninkryk kom. Die gestuurde kerk bedien die evangelie in al sy dimensies aan mense wat die evangelie nie ken nie of daarvan vervreemd is. Ook hierdie sinode is saam met die streeksinodes, ringe en gemeentes 'n gestuurde instrument van God.</p>	
<p><b>Artikel A2</b></p> <p>Die sinode staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in:</p> <p>1.1 die Apostoliese Geloofsbelijdenis      1.2 die Geloofsbelijdenis van Nicea      1.3 die Geloofsbelijdenis van Athanasius      1.4 die Belijdenis van Belhar      1.5 die Heidelbergse Kategismus      1.6 die Dordtse Leerreëls, en      1.7 die Nederlandse Geloofsbelijdenis.</p> <p>Die sinode aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belijdenisgrondslag sonder dwang geskied.</p>	<p>Die formulering van die belijdenisgrondslag is die eiendom van die Algemene Sinode, om te koester of te verander, soos sy tot oortuiging kom aan die hand van geloofsonderskeidende prosesse onder leiding van die Heilige Gees. Veranderinge mag die verhoudinge in die kerkverband in gedrang bring. Sodanige implikasies</p>

	<p>moet natuurlik verreken word. Sinodes sal die reg hê om hulle lidmaatskap van die Algemene Sinode op te sê. Die Algemene Sinode behou egter haar reg om haar eie geloofsgrondslag te formuleer.</p> <p>Waar verskille in belydenisgrondslag ontstaan, is dit die taak van die verskillende vergaderings om eg na mekaar te luister, vertalers, in Bauman se terminologie, te wees. So kan die belydenisgrondslag van die kerk verdiep word.</p>
<b>Artikel A3</b>	<p>A3.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Algemene Sinode met die oog op die volbrenging van haar taak en roeping ooreenkomsdig die Heilige Skrif en die Belydenis.</p> <p>A3.2 Die Algemene Sinode reël haar eie interne orde op grond van haar onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as kerk van Jesus Christus en ook op grond van haar reg tot vryheid van godsdienst.</p>

<p><b>Artikel A4</b></p> <p>As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word die volgende sinodes, soos gekontrakteer, geag as samestellende lede van die Algemene Sinode. Die samestelling van die Algemene Sinode kan gewysig word, nadat 'n sinode haar deelname opgesê het, of ander sinodes aansoek gedoen het om deelname.</p> <p>A4.1 Die samestellende kerke of sinodes behou volle seggenskap oor hul eiendomme, finansies, werksaamhede, ensovoorts, wat hulle voor toetreding tot die Algemene Sinodale verband gehad het of daarna verwerf, behalwe dié wat volgens die Kerkorde aan die Algemene Sinode oorgedra is of sal word, of deur die Algemene Sinode in trust gehou word.</p> <p>A4.2 Dit staan die samestellende kerke vry om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ensovoorts, uit die Algemene Sinodale verband te tree indien hulle so 'n stap voor God in die lig van sy Woord kan regverdig.</p>	<p>Net verhoudinge van betekenis sal dié verband in stand hou.</p>
<p><b>Artikel A5</b></p> <p>A5.1 Die algemene sinodale vergadering bestaan uit 'n maksimum van 200 afgevaardigdes wat saamgestel word uit 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ander ampsdraers van die sinodes.</p> <p>A5.1.1 Die eerste 100 afgevaardigdes word uit 10 persone per sinode saamgestel.</p> <p>A5.1.2 Die oorblywende 100 word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.</p> <p>A5.2 Die theologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die theologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.</p> <p>A5.3 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.</p>	

<b>Artikel A6</b>  Die moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor en 'n aktuarius, lei die sinode. Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem. Die moderatuur word tydens die sinodesitting deur die moderators/voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.	
<b>Artikel A7</b>  A7.1 Ter aanvang van die algemene sinode word die moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.  A7.2 Lede van die moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.  A7.3 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word die Algemene Sinodale Moderamen saamgestel (soos wat die Algemene Sinode self besluit).	
<b>Artikel A8</b>  Die afgevaardigde bedienaar van die Woord met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.	
<b>Artikel A9</b>  A9.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.  A9.2 Die Algemene Sinodale Moderamen roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien dit nodig geag word, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.	
<b>Artikel A10</b>  A10.1 Tot die taak van die Algemene Sinode hoort -  A10.1.1 dit wat uitdrukking gee aan die kerk se gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, Belydenis,	

<p>Kerkorde, roeping en beleid</p> <p>A10.1.2 dit wat die kerk se nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak</p> <p>A10.1.3 dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak, onder meer die verhoudinge met staatsinstellings</p> <p>A10.1.4 die viering van die kerk se onderlinge verbondenheid</p> <p>A10.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) vir amptelike gebruik</p> <p>A10.1.6 die vasstelling van die Belydenisskrifte wat uitdrukking gee aan die identiteit van die Algemene Sinode, advies met betrekking tot liturgiese formuliere en gebruik, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste</p> <p>A10.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord</p> <p>A10.1.8 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode</p> <p>A10.1.9 die beheer oor algemene kerklike media</p> <p>A10.1.10 die hantering van appèlsake wat voor die Algemene Sinode gebring word. Appèlsake word met pastorale sensitiwiteit hanteer, met die oog op die herstel van gebrokenheid. Dit beteken dat alle partye deeglik aangehoor sal word en beslissings die karakter van geloofsbegeleiding sal dra en geleenthede vir heling sal open, en</p> <p>A10.1.11 navorsing met betrekking tot, ontwikkeling van inhoud vir, en die fasilitering van bedieningsbehoeftes van gemeentes.</p>	
<p><b>Artikel A11</b></p> <p>Die Algemene Sinode mag artikels van haar eie kerkorde, met 'n tweederdemeerdeidstem óf opskort óf verander.</p>	<p>Dieselde beredenering as by S9 geld hier. Die klem val op</p>

	geloofsonderskeiding en teokrasie.
<b>Artikel A12</b>  Die Algemene Sinode organiseer haar werksaamhede na behoefté.	
<b>Artikel A13</b>  Die Algemene Sinode mag reglemente opstel met die oog op die uitvoering van haar besluite.	

## HOOFTUK 8 SAMEVATTING

### 8.1 Hipotese

Dit was die navorser se hipotese dat Kerkordes ingrypend vereenvoudig kan word om só hulle betekenis vir geloofsgemeenskappe te verhoog. Voorskrifte en vereistes kan tot die minimum beperk word. Kerkordes behoort hoogstens merkers aan te dui, wat dit vir verhoudings moontlik maak om van waarde te wees, en in waarde te kan toeneem. In so 'n kerkorde sou daar formulerings kon wees wat die identiteit van 'n bepaalde entiteit in die kerk aandui. Op grond van die geformuleerde identiteit tree die verskillende entiteite dan met mekaar in verband. Die omvang en diepte van die verband word bepaal deur die onderling-ooreengekome bepalings.

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat kerkreg 'n eie, kritiese en kreatiewe rol kan speel, 'n onmisbare rol, in veranderingstrategieë. Kerkreg hoef nie 'n remskoen te wees nie. Deur ruimte vir verandering te skep word kerkreg een van die instrumente wat gemeentes en kerke tot hulle reg laat kom. Kerkreg kan die implikasies van verandering voorsien en in haar prosesreëls daarvoor voorsiening maak. Die gevaar is dat ons instink ons laat laer trek en ons die kerkorde dan gebruik om skanse te bou om ons ewig teen die aanslae te beskerm. Martin Buber het al sterk gewaarsku teen die ontwikkeling van, vestiging van, sentralifisering en kodifisering van denominasies wat in belang van godsdienst onderneem word, as synde lewensgevaarlik vir die hart van godsdienst. (Niemandt: 2007, 41)

Die Kerkorde sal moet ruimte skep vir prototipes. Die koesterung van effektiewe prototipes is waarskynlik die kosbaarste vaardigheid wat enige organisasie kan hoop om te hê volgens Michael Schrage (Niemandt: 2007, 51).

### 8.2 Postmoderniteit

In hoofstuk 2 is met die definisies en kenmerke van postmoderniteit gehandel. Dit is belangrik om die ontwikkelingsgang vanuit moderniteit te erken. Postmoderniteit staan nie teenoor moderniteit nie, maar is die gevolg daarvan. Daar is gepoog om die tersaaklike filosofiese lyne aan te dui en enkele verhelderinge van die definisies wat gebruik word te gee. Daar is gepoog om die konteks waarbinne 'n Kerkorde van

betekenis moet wees te beskryf. Hier het veral die filosowe, Ellul, Derrida en Foucault ter sprake gekom.

In 'n postmoderne wêreld het nuwe moontlikhede na vore gekom. Al het die mislukkings van moderniteit tot ontnugtering en wanhoop aanleiding gegee, was dit juis vanuit dié ontnugtering en wanhoop dat daar 'n soeke na alternatiewe ontstaan het. Postmoderniteit het nie vasgehaak by die ontkenning van die enkele "absolute waarheid" nie. Postmoderniteit plaas die klem op die formulering van alternatiewe waarhede, wat relatief tot die konteks weer hoop en energie genereer. Die waarheid dat waarhede anders geformuleer kan word, is eie aan die nuwe konteks. Meervoudige waarhede veronderstel meervoudige moontlikhede. Pluraliteit skep nie verwarring en risiko's nie, wel uitdagings. Dit is die moontlikheid van alternatiewe, die werklikheid van pluraliteit wat 'n nuwe ervaring van rykdom teweeg bring. Vooruitgang, sukses, prestasie word gerelativeer – word onder die metaforiese verhoudings-mikroskoop geplaas en word nou gemeet aan die relasionele betekenis daarvan. Individue en klein-groepe ontdek 'n eie waarde en identiteit. Postmoderniteit spel nie degenerasie nie, dit fasiliteer herskepping. Die ontnugtering met reëls, instellings en strukture word die energie waarmee voor begin word in die soeke na betekenis.

### 8.3 Zygmunt Bauman

Omdat Zygmunt Bauman in die navorsing na vore gekom het as een van die belangrikste skrywers oor postmoderniteit is daar in hierdie studie, spesifiek aan sy werk aandag gegee. "If you are new to the hotly raging debate about modernity and postmodernity, start by reading Zygmunt Bauman. He is one of the most interesting and influential commentators on these aspects of our human condition." (Smith 1999:3)

Die metafore van 'n tuin teenoor 'n wildernisgebied en van 'n wetmaker teenoor 'n vertaler is metafore wat die navorsers oortuig het.

Postmoderniteit het volgens Bauman die mens, en daarmee ook die kerk, voor 'n keuse tussen etiek en moraliteit te staan laat kom. Bauman is baie ernstig oor die onderskeid, en wys dikwels op die onvermoë van etiese voorskrifte om mense teenoor mekaar

verantwoordelik te hou. Dit is vir hom duidelik dat reëls ter wille van reëls die mens sy menslikheid ontnem. Die individu en individuele groep se verantwoordelikheid vir elke Ander staan helder uit. Ruimte en respek vir diversiteit, vir die andersheid van die Ander, en elke Ander se konteks, daag die kerk uit. 'n Nuwe soeke na identiteit en roeping, soos gevind in verhoudinge van betekenis, is die eis van die tyd. Voorskrifte gaan nie van veel hulp wees nie. Die verstaan en vertaal van elke Ander se verhaal is nou belangrik.

#### **8.4 Belangrike postmoderne begrippe**

Die konsepte wat verreken moet word in die formulering van 'n kerkorde is die volgende:

Betekenis: Die vraag na die sinvolheid en inhoud van enige deelname.

Integriteit: Die konsekwente getrouwheid aan die verhouding ter sprake. Die eerlike luister na die Ander en die skep van omstandighede wat diensbaar en respekkvol is.

Relatiwiteit: Die belang van elke verhouding binne die sisteem.

Diversiteit: Die erkenning van 'n verskeidenheid van moontlikhede, eiesoortigheid van individue en kontekste.

Nie-liniariteit: Wat vir die een gewerk het geld nie noodwendig vir die volgende nie, of dit nou tyd, samelewingstrukture, groepe of individue is.

Vinnige kommunikasie: Die toegang tot inligting teen 'n hoë spoed, sonder die nodige akkreditasie.

Geregtigheid: Op 'n besondere manier het huis die regverdiging in Christus, soos Barth dit verstaan, deel van die filosofiese debat geword. By Ellul in besonder, en by Bauman met sy klem op moraliteit.

Identiteit: Elke individu het sy/haar eie identiteit. Elke klein groep soek na sy eie identiteit. Die geheel bepaal nie meer die onderdeel se identiteit nie.

## 8.5 ‘n Kerkorde in ‘n postmoderne tyd

‘n Kerkorde wat van betekenis sal wees sal die volgende kenmerke in wisselende grade vertoon. Die kenmerke sal ook deurlopend ondersoek en geprioritiseer moet word aan die hand van die konteks waarbinne ‘n geloofsgemeenskap haar roeping wil vervul:

Ruimte vir eksperimentering

Komplementêre karakter

Ruimte en tyd vir egte luister

‘n Aanbiddingskarakter

Die minimum geografiese aanduidings

Ruimte vir diversiteit

Diensbare structure, en

‘n Ruimer ampsbeskouing.

## 8.6 Ned.Geref.Kerk se kerkorde

Die formuleringe wat ‘n duidelike modernistiese karakter dra is uitgelig. Die omvang van die artikels en reglemente dui op ‘n oorreglementering vanuit ‘n modernistiese beskouing wat steeds alle risiko’s wil weer en die fabriek glad wil laat produseer. Die kern van die kritiek is dat die voorskrifte in die KO huis as voorskrifte funksioneer, wat ‘n egte soeke na roepingsvervulling inhieber. Die eerste vraag wat geloofscentiteit in die kerk vra is telkens of die kerkorde se voorskrifte nagekom is. Die beginsel dat uitsonderings bepalings minstens tydelik kan ophef, funksioneer nie in besluitnemingsprosesse nie. Die KO skep ook nie ruimte vir diversiteit nie. Dieselfde kerkordelike bepalings geld vir elke lidmaat, kerkraad, gemeente, ring en sinode. Daar kan hoogstens addisionele bepalings geformuleer word vir die diversiteit, mits dit nie in stryd met die bestaande is nie. Die kerkorde veronderstel verhoudinge en verband, maar fasiliteer nie verhoudinge van betekenis nie.

## 8.7 Konsepte vir moontlike kerkordes

Konsepte vir moontlike kerkordes is geformuleer. Die konsepte is bloot werksdokumente vir kerklike vergaderinge wat hulle eie KO sou wou opstel.

Dit is die navorsing se gevolgtrekking dat kerkverband die evolusionêre gevolg van die ontwikkeling van verhoudinge is. Verband sal nie meer vooraf gestruktureer kan word

nie. Vir sommige sal dit na kongregasionalisme lyk. Die verskil lê egter daarin dat dit die navorser se gevolgtrekking is, dat die soeke na verhoudinge van betekenis, huis nuwe kragtige verbande sal genereer. Gedeelde identiteit, roeping en konteks sal daartoe bydra. Die navorser meen egter dat die vloeibaarheid van *liquid modernity* die gom sal wees wat verband in stand sal hou. Alleen wanneer verband voorsiening maak vir verskillende grade van verbintenis sal verband behou word. Vir postmoderne gelowiges is verhoudinge, en dus verband, een van die boustene van hulle bestaan. Verband sal egter wel nie voorskriftelik kan funksioneer nie.

Vier verskillende kerkordes, een vir elk van die vier verskillende vergaderings van die kerk word voorgestel. Die eerste een is vir 'n gemeente omdat die navorser meen dat die gemeentes die boustene van die kerk en kerkverband is. Kerklike verband behoort na die mening van die navorser tussen die tersaaklike vergaderings onderhandel en gekontrakteer te word. Geografiese ligging van gemeentes kan nie meer die enigste bepalende faktor in die samestelling van ringe wees nie. Gemeentes sou ook as hulle meen dat dit vir die gemeente van betekenis sou wees, tot meer as een ring kon behoort. Die formulering van 'n ring en sinode se eie identiteit en missie sal ook bepaal in watter mate gemeentes deel van so 'n ring of sinode sou wou wees.

## Bibliografie

- Ammerman Nancy T. & Carl S. Dudley 2002. Congregations in Transition. San Francisco: Jossey-Bass.
- Bainbridge William Sims & Rodney Stark 1996. A Theory of Religion. New Brunswick, New Jersey: Rutgers University Press.
- Bakker W. 1989 Wat is Kerkrecht? (In Van't Spijker W. & van Drimmelen L.C. (red.) 1989. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht) Kampen: J.H.Kok-Kampen
- Barth Karl 1958. Church Dogmatics. Volume IV. The Doctrine of Reconciliation. Part 2. Translated by G.W.Bromiley & T.F.Torrance. Edinburgh: T&T Clark.
- Bauman Zygmunt 1987. Legislators and Interpreters. Cambridge: Polity Press.
- Bauman Zygmunt 1992. Intimations of Postmodernity. London: Routledge.
- Bauman Zygmunt 1995. Life in Fragments. Oxford: Blackwell Publishers.
- Bauman Zygmunt 2000. Liquid Modernity. Cambridge: Polity Press.
- Bauman Zygmunt 2001. The Individualized Society. Cambridge: Polity Press.
- Bauman Zygmunt 2007. Uncertainty and other Liquid-Modern Fears. (In Přibáň Jiří (Ed.) 2007. Liquid Society and its Law). Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.
- Bauman Zygmunt 2012. This is not a Diary. Cambridge: Polity Press.
- Bauman Zygmunt & Leonidas Donskis 2013. Moral Blindness. Cambridge: Polity Press.
- Bauman Zygmunt & Citlali Rovirosa-Madrazo 2010. Living on Borrowed Time. Cambridge: Polity Press.
- Bauman Zygmunt & Keith Tester 2001. Conversations with Zygmunt Bauman. Cambridge: Polity Press.
- Bauman Zygmunt & Benedetto Vecchi 2004 Identity. Cambridge: Polity Press.
- Beilharz Peter 2000. Zygmunt Bauman, Dialectic of Modernity. London: SAGE Publications Ltd.

Berger Peter L. (Ed.) 1999. The Desecularization of the World. Resurgent Religion and World Politics. Washington DC: The Ethics and Public Policy Center.

Berger Peter L (Ed) 2001. Peter Berger and the study of religion. New York: Routledge

Bosch D.J. 1979. Heil vir die wêreld. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel Transvaal

Bosch D.J. 1987. Vision for Mission in die International Review of Missions 1987 Vol.76 No.301 pp8-15

Bosch D.J. 1991. Transforming Mission: Paradigm Shifts in Theology of Mission. American Society of Missiology Series 16. Maryknoll, New York: Orbis Books.

Caputo John D. 2007. What would Jesus deconstruct? The good news of postmodernism for the church. Grand Rapids: Baker Academic.

Caputo John D. & Michael J. Scanlon 1999. God, the Gift and Postmodernism. Bloomington: Indiana University Press.

Christoodoulidis Emilios 2007. The Politics of Liquid Modernity: Polanyi and Bauman on Commodification and Fluidity. (In Přibáň Jiří (Ed.) 2007. Liquid Society and its Law). Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.

Celliers A. 2011. Die Ring in diens van onderlinge sorg. Acta Theologica, 2011, Vol.31 Issue 2, p1-23

Cilliers A. 2003. Skrif en kerkorde. Ongepubliseerde DTh-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Coertzen P. 1991. Gepas en Ordelik. Pretoria: RGN-Uitgewers.

Coertzen P. 2004. Decently and in Order. A Theological reflection on the order for, and order in, the church. Leuwen: Canon Law Monograph Series 4.

Coffey Ian & Eddie Gibbs 2001. Church next: quantum changes in Christian ministry. Leicester: Inter-Varsity Press

Davie Grace 2001 Europe the Exception (in Berger Peter L (Ed) 2001. Peter Berger and the study of religion. New York: Routledge)

De Groot Kees. 2006. The church in liquid modernity: A sociological and theological exploration of a liquid church In die International Journal for the study of the church, March 2006 Vol.6no.1 pp91-103

De Kerkorde van de Protestantse Kerk in Nederland .  
<http://www.protestantsekerk.nl/actief-in-de-kerk/Kerkorde/Paginas/Kerkorde-en-Ordenanties.aspx> besoek Januarie 2014

Deddens D. 1989 Het Congregationalisme (In Van't Spijker W. & van Drimmelen L.C.( red.) 1989. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht) Kampen: J.H.Kok-Kampen

Derrida J. 2002. Acts of Religion. New York: Routledge.

Die Kerkorde en Aanvullende Bepalinge en Reglemente vir gebruik in die NG Kerk in Oos-Kaapland soos onderskeidelik vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2011 en die Sinode van die NG Kerk in Oos-Kaapland in November 2012. Port Elizabeth: Kerkkantoor

Dingemans G.D.J. 1987. Een Huis om in te wonen ... Schetsen en bouwstenen voor een kerk en kerkorde van de toekomst. 's-Gravenhage: Boekencentrum.

Dingemans G.D.J. 1987 Kerkorde als Ecclesiologische Vormgeving (In Van't Spijker W. & van Drimmelen L.C.( red.) 1989. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht) Kampen: J.H.Kok-Kampen

Donskis Leonidas & Zygmunt Bauman 2013. Moral Blindness. Cambridge: Polity Press

Dudley Carl S. & Nancy T. Ammerman 2002. Congregations in Transition. San Francisco: Jossey-Bass.

.Dreyfus H.L. & P.Rabinow 1982. Michel Foucault,. Sussex: The Harvester Press Ltd.

Dreyer W.A. 2011. Praktiese Ekklesiologie en Bedieningspraktyk. Met verwysing na die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. PhD Proefschrift. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Dreyer W.A. 2012. Missional Ecclesiology as Basis for a New Church Order. A Case Study. Department Church History and Polity, University of Pretoria.

Dreyer W.A. 2014. New Context, New Church Order. Ongepubliseerde referaat gelewer by die 2014 Internasionale Kongres vir Kerkreg.

Dulles Avery 2002. Models of the Church. New York: Doubleday.

Du Toit Ben 2000. God? Geloof in 'n postmoderne tyd. Bloemfontein: CLF-Uitgewers.

Foucault Michel 2002. The order of things. New York: Routledge

Ghetti Pablo S. 2007. World and Waste, or the Law of Liquidity (in In Přibáň Jiří (Ed.) 2007. Liquid Society and its Law). Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.

Gibbs Eddie 2005. Leadership Next: Changing Leaders in a Changing Culture. Leicester: Inter-Varsity Press.

Gibbs Eddie & Ian Coffey 2001. Church Next: quantum changes in Christian ministry. Leicester: Inter-Varsity Press.

Goudreau Kim A. 2003. Habermas on Purposive-Rational Action: A Contribution to the understanding of Ellul's Technique. In Bulletin Of Science, Technology & Society. June 2003, Vol.23 No.3 pp174-179.

Guder Darrell L.(Ed.) 1998. Missional Church. A Vision for the Sending of the Church in North America. Grand Rapids: Eerdmans.

Guibentif Pierre 2007. The Liquidity and Solidity of Contemporary Social Reality: The Example of Social Incusion Policies. (In Přibáň Jiří (Ed.) 2007. Liquid Society and its Law). Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.

Heyns J.A, 1977. Die Kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Heyns J.A. & W.D Jonker 1974. Op Weg met die Teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Hunter James Davison 2010. To change the world. The irony, tragedy and possibility of Christianity in the late modern world. New York: Oxford University Press.

Jamieson Alan 2002. A Churchless Faith: Faith Journeys Beyond the Churches. London: Society for Promoting Christian Knowledge.

Jonker W.D. 1994. *Bevrydende Waarheid*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Jonker W.D & J.A. Heyns 1974. *Op Weg met die Teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Keifert Patrick 2016 Ongepubliseerde voordrag tydens 'n vergadering van die Ned'Geref.Kerk se Algemene Sinodale Taakspan vir Missionale Transformasie te Kemptonpark op 26 en 27 Januarie 2016

Kimball Dan 2003. *The Emerging Church: Vintage Christianity for New Generations*. Grand Rapids: Zondervan.

Kleynhans E.P.J. 1973. *Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. 1795-1962*. DTh-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Kleynhans E.P.J. 1991. *Drie besondere ampte nog houbaar?* In Strauss P.J.(Red.) *Byderwets en gereformeerd*. Bloemfontein: Pro Christo.

Koffeman Leo J. 2009. *Het goed recht van de kerk*. Kampen: Uitgeverij Kok-Kampen.

Koffeman Leo J. 2014. *In Order to Serve: An Ecumenical Introduction to Church Polity*. Berlin: Lit Verlag

Kritzinger J.N.J. 2014. *Must a URCSA Congregation have Elders and Deacons? An Examination of the URCSA Church Order and the Stipulations of the Northern Synod*. 'n Referaat gelewer by die Internasionale Kongres oor Kerkreg te Pretoria.

Long E.L. 2001. *Patterns of Polity: Varieties of Church Governance*. Cleveland OH: Pilgrim Press.

Muller Piet 2002. *Tomorrow is a New Ball Game: Visions of the future*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Nauta D. 1989 *Typen van structuur der Kerk*. (In Van't Spijker W. & van Drimmelen L.C. (red.) 1989. *Inleiding tot de studie van het Kerkrecht*) Kampen: J.H.Kok-Kampen

Neville David J. 2008 *Dialectic as Method in Public Theology: Recalling Jacques Ellul*. *International Journal of Public Theology*. 2008, Vol. 2 Issue 2, p163-181

Niemandt N. 2007. Nuwe Drome vir Nuwe Werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n Postmoderne Wêreld. Wellington: Lux Verbi.BM.

Philippopoulos-Mihalopoulos Andreas 2007. Fear in the Landscape. (in In Přibáň Jiří (Ed.) 2007. Liquid Society and its Law). Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.

Pienaar G. 1984. Die Regsposisie van Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. In die Skriflig, vol 18, nr.71.

Plomp J. 1989 (In Van't Spijker W. & van Drimmelen L.C.( red.) 1989. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht) Kampen: J.H.Kok-Kampen

Přibáň Jiří (Ed.) 2007. Liquid Society and its Law. Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.

Rabinow P. & H.L.Dreyfus 1982. Michel Foucault,. Sussex: The Harvester Press Ltd.

Rabinow P. & N.Rose 1994 The Essential Foucault, 1954-1984, Editions Gallimard, 2003. New York: The New Press.

Raschke Carl 2004. The Next Reformation. Why Evangelicals must embrace Postmodernity. Grand Rapids: Baker Academic.

Raschke C. 2008. Globo Christ: The great commission takes a postmodern turn. Grand Rapids: Baker Academic.

Rose N. & P. Rabinow 1994 The Essential Foucault, 1954-1984, Editions Gallimard, 2003. New York: The New Press.

Rovirosa-Madrazo Citlali & Zygmunt Bauman 2010. Living on Borrowed Time. Cambridge: Polity Press.

Rullman J.C. 1918. Dr.FL Rutge in zijn levenen werken geschetst. Rotterdam:Libertas.

Scanlon Michael J. & John D. Caputo 1999. God, the Gift and Postmodernism. Bloomington: Indiana University Press.

Skapska Gražina 2007. Facing Past Human Rights Abuse: A Way from a Liquid to a Solid Society. (In Přibáň Jiří (Ed.) 2007. Liquid Society and its Law). Hampshire: Ashgate Publishing Ltd.

Slenczka Reinhard.2004. Magnus consensus: the unity of the church in the truth and society's pluralism. *Logia*, 13 No 3 Holy Trinity 2004, p21-39.

Small Joseph D. 2009 The Travail of Faith and Order. *Pro Ecclesia*, 18 no 3 Summer 2009, p241-254.

Small Joseph D. 2012. Presbyterianism's democratic captivity: democratic proceduralism, Joseph D. Small argues, impedes theological discernment and undermines ecclesial unity. *First Things*, 221 March 2012, p45-50.

Smit C.J. 1984. *God se orde vir sy kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Smit C.J. 1987. Kerkreg en kerkorde in diens van kerkregering. Oorsig oor 'n beskouing. In die *Skriflig*, Jaargang 21, nr.82.

Smith Dennis 1999. Zygmunt Bauman, Prophet of Postmodernity. Cambridge: Polity Press.

Smith James K.A. 2006. Who's afraid of postmodernism? Taking Derrida, Lyotard and Foucault to church. Grand Rapids: Baker Academic.

Stark Rodney & William Sims Bainbridge 1996. A Theory of Religion. New Brunswick, New Jersey: Rutgers University Press.

Strauss P.J.(Red.) *Byderwets en gereformeerd*. Bloemfontein: Pro Christo.

Strauss P.J. 2010. *Kerk en Orde Vandag: Met die klem op die NG Kerk*. Bloemfontein: Sun Media.

Sweet Leonard 2001. *Carpe Manana: Is your Church Ready to Seize Tomorrow?* Grand Rapids: Zondervan.

Tester Keith & Zygmunt Bauman 2001. Conversations with Zygmunt Bauman. Cambridge: Polity Press.

Torfs R. 1996. Liefde en recht gaan hand in hand. Een denk oefening over de verhouding tussen theologie en recht. In: *Tijdschrift voor Theologie* 36(1996), 270-289.

Torfs R, 2003. *Recht op recht in de kerk*. Canon Law Monograph Series 3: Leuven

Torr Donnay, 2015 Vetjies en vooroordele. Taalgenoot Lente 2015

Van Aarde A.G. 2004. Postmoderne epistemologie en postkoloniale hermeneutiek. HTS Teologiese/theological Studies 60(3).

Van de Beek A. 1989. Hermeneutiek van het Kerkrecht (In Van't Spijker W. & van Drimmelen L.C. ( red.) 1989. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht) Kampen: J.H.Kok-Kampen

Van den Broeke Leon 2013. Non-Geographic Classes? Reformed Geography. Journal of Reformed Theology. Jan 2013, Vol.7 Issue 1, p51-68.

Van den Heuvel P. (Red.) 2013. Toelichting op de Kerkorde van de Protestantse Kerk in Nederland (Herziene uitgave). Zoetemeer: Boekencentrum.

Van der Kooi Cornelis. 2014 Justification and public justice: Barth's 'Rechtfertigung und Recht' reconsidered. Zeitschrift für Dialektische Theologie, 6 2014, p195-208.

Van der Watt P.B. 1973. Die Loedolff-saak en die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1862-1962. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Van Drimmelen L.C. & van't Spijker W. (red.) 1989. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht. Kampen: J.H.Kok – Kampen.

Van't Spijker W. & van Drimmelen L.C. (red.) 1989. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht. Kampen: J.H.Kok – Kampen.

Van Wyk T. 2013. Kerk as Heterotopiese Ruimte: 'n Trinitariese Ekklesiologiese Model vir die Derde Millennium. Ongepubliseerde PhD verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Vecchi Benedetto & Zygmunt Bauman 2004. Identity. Cambridge: Polity Press.

Venter R. 2006. Space, Trinity and city: A Theological exploration. Acta Theologica 26(1).

Vorster J.D. 1960. Die kerkorde van die NG Kerke. Ned.Geref. Teologiese Tydskrif. 1 / 4, bl.12-18.

Wallet B. 2013 (In Van den Heuvel P. (Red.) 2013. Toelichting op de Kerkorde van de Protestantse Kerk in Nederland (Herziene uitgave)). Zoetemeer: Boekencentrum.

Woodhead L.(Ed.) 2001. Peter Berger and the Study of Religion. London: Routledge.